IN PAS

met die lewende God

Ritmes en gewoontes vir roepingsgetroue gemeentes

Brief van die redakteur

Geagte lede van die ASM

Ons is opgewonde om hierdie **prototipe** van IN PAS in u hande te kan plaas. Ons hoop dat u by die lees hiervan in ons opgewondenheid sal deel. Ons sien u terugvoer as 'n belangrike deel van ons ontwerp-proses en sal graag alle terugvoer wat ons ontvang in ag neem vir die voorbereiding van die finale produk.

IN PAS is gebore as antwoord op die één vraag wat telkens deur gemeenteleiers in gesprekke oor missionale kerk gevra word: "*Ja, maar hoe doen ons dit?*"

Die projek is aangepak in opdrag van die Taakspan vir Missionale Kerkwees wat op 14 November 2017 'n Projekspan hiervoor aangewys het, naamlik Lourens Bosman, Gert Cordier, Barnard Steyn, Pieter van der Walt en Nico Simpson.

Die ontwerpproses het soos volg verloop:

- Die projekspan vergader op 15 November 2017 vir 'n eerste-rondte gesprek. Die **ontwerp-opdrag** word vasgestel: Die fokus val op 'n *innoverende herverpakking van die materiaal van die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes* (SAVGG) met die oog daarop om *leier-spanne van plaaslike gemeentes* te begelei en te bemagtig vir die *kultuurskuif vanaf instandhouding na missionale kerk-wees*.
- Die projekspan word uitgebrei met lede uit die verskillende sinodale streke vir die eerste fase van die proses en uitgenooi na 'n werkwinkel op 11 & 12 Januarie 2018 te Emseni. Nico Simpson fasiliteer die onderskeidings- en ontwerp-proses. Konsensus word bereik dat gemeentes trans-formeer wanneer **VYF lewegewende RITMES** (of "**kapasiteite**" in die taal van die SAVGG) in die leierskap en lewe van 'n plaaslike gemeente ingebou word. 'n Proses word ontwerp om die **ken-nis**, **houdinge**, **praktyke en gewoontes** wat aan die vorming van elk van hierdie ritmes in gemeen-tes ten grondslag lê, te onderskei.
- Die uitgebreide werkgroep vergader weer op 9 & 10 April 2018 te Emseni. Die ontwerpproses word verfyn en verdiep. Konsensus word bereik dat die **inoefening van eenvoudige oefeninge (of praktyke)** die vertrekpunt is vir die vorming van 'n missionale gemeentekultuur. Pieter van der Walt en Ankia du Plooy van Ekklesia se Sentrum vir Innovasie en Navorsing word aangewys om die navorsing hieroor uit te brei. Fasiliteerders en *cluster*-leiers binne die SAVGG word hierby betrek. Die **navorsingsvraag** word soos volg geformuleer: Wat is die beste wat ons uit die SAVGG proses vir kulturele verandering in gemeentes geleer het? Watter hulpmiddele, prosesse en praktyke het die beste gewerk?
- Terugvoer hieroor word verkry, die navorsingsbevinding word beskryf en aan die projekspan oorhandig. Gert Cordier (koördineerder), Lourens Bosman en Pieter van der Walt word getaak om die bevindinge te verwerk en te beskryf ten einde *'n werkbare produk vir gemeenteleiers* daar te stel. Die oogmerk is om 'n produk vir plaaslike leiers in gemeentes te skep wat **eenvoudig en gebruikersvriendelik** is en nie afhanklik is van hoëvlak fasiliteerders nie.
- Die *skryfwerk* word oor die verloop van drie werkwinkels beplan en gekoördineer, naamlik: 10-11 Desember 2018, 3-5 Julie 2019 en 29-30 Julie 2019.
- Op 30 Julie 2019 word die eerste ontwerp vir 'n *klankbord-gesprek* aan 'n diverse groep kritiese lesers voorgelê. Waardevolle terugvoer word ontvang en verwerk.
- Die drie samestellers hou 'n laaste werkwinkel op 25-26 November 2019 ten einde die skryfwerk te finaliseer. Op 12 Januarie 2020 word die voltooide dokument aan die proefleser en grafiese ontwerper oorhandig vir die finale voorbereiding van hierdie prototipe.

- Drukwerk word vanuit die Algemene Sinodale kantoor hanteer met die oog op voorlegging van die prototipe aan die ASM tydens die vergadering in Maart 2020.

Ons onderneem om na ontvangs van alle tersaaklike terugvoer vanuit die kerkverband die produk te verwerk en te finaliseer vir publikasie en vir uitrol in die breër kerkverband. Ons vertrou dat ons dan in ons doel sal slaag: om 'n deeglik nagevorste, eenvoudige en innoverende produk daar te stel ten einde die leierspanne in plaaslike gemeentes te bemagtig om verbeeldingryk en met 'n korter lysie van doen-dinge die gemeente te begelei vanuit 'n **vasgeloopte oorlewingsbestaan** tot 'n gemeente wat 'n **teken en instrument is van die koninkryk van God**.

My dank aan almal wat op watter wyse ook al bygedra het tot die ontwerp, navorsing en inhoud van IN PAS. Die invloed van die missionale beweging in Suid-Afrika (en wêreldwyd) lê so wyd en diep, dat dit uiteraard onmoontlik is om almal wat tot die ontwikkeling van die materiaal in hierdie boek bygedra het, selfs net te kan identifiseer - laat staan nog te bedank! Besondere dank aan:

- Die *Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes* en almal wat deel was van hierdie beweging. Hierdie werkboek is 'n viering van die innoverende bydraes wat op soveel vlakke deur leiers en gemeentes vanuit hierdie beweging gelewer is en in hierdie boek saamgevat word.
- Die lede van die *ontwerp- en navorsingspanne* en almal wat met hulle saamgewerk het, asook die *span kritiese lesers* wat die proses oneindig verryk en verdiep het.
- My *medeskrywers*. Die interaksie met Lourens Bosman en Pieter van der Walt het my opnuut die waarde van 'n spanbenadering laat besef. Enkele bydraes is deur ander skrywers gedoen, onder andere Tom Smith wat drie van die praktyke wat verband hou met pelgrimstogte en met die ontwerp van 'n "*rule of life*" (of Regula), gedoen het.
- Nico Simpson en Bybelmedia vir sy rigtinggewende bydrae tot die ontwerpproses.
- Die *Taakspan vir Missionale Kerk-wees* en *Ekklesia se Eenheid vir Innovasie en Transformasie* wat die projek *oorsien* het, die *navorsing* gedoen het, en die *finansiering* van die ontwerpproses, navorsing, werkwinkels, skryfwerk, grafiese ontwerp en drukwerk voorsien het.

Ek vertrou dat IN PAS 'n belangrike bydrae kan lewer om die missionale kultuur wat reeds in vele van ons gemeentes en in die kerkverband begin vorm het, verder te verbreed en te verdiep. Ons sien daarna uit om u terugvoer te ontvang en die finale produk in die hande van gemeentes en hulle leiers te kan plaas.

Seën word u toegebid op u werksaamhede.

Gert Cordier

REDAKTEUR

Maart 2020

INHOUDSOPGAWE

SKEMATIESE OORSIG 6

INLEIDING 7

HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK 15

RITME I - ONTDEK EN VIER

Gewoonte 1 Sigbaar vier ***40***

Praktyk #1: Sigbare vieringe 40

Praktyk #2: Godstories 42

Praktyk #3: Daaglikse ondersoek 43

Gewoonte 2 Ontdek God se reis met ons ***44***

Praktyk #4: Ontwikkel 'n verslag oor die gemeente se kultuur (leesverslag) 44

Praktyk #5: Ons onderskei ons patrone van gestuur-wees 47

Praktyk #6: Ons doen 'n storiemuur 50

Gewoonte 3 Ontdek medereisgenote ***54***

Praktyk #7: Stel 'n gemeentelike begeleidingspan saam 54

Praktyk #8: Vorm 'n gemeente-netwerk (*cluster*) 57

RITME II - LUISTER EN ONDERSKEI

Trinitariese teologie en geloofsonderskeiding ***62***

Gewoonte 4 Word stil en ontvang God se teenwoordigheid ***63***

Praktyk #9: Stilword 63

Praktyk #10: Hou 'n joernaal 64

Gewoonte 5 Lees die Woord luisterend ***65***

Praktyk #11: Wandel in die Woord 65

Praktyk #12: Lectio Divina 66

Gewoonte 6 Onderskei God se wil vir ons ***68***

Praktyk #13: Vra Godsvrae 68

Praktyk #14: Luister na die Gees 69

Praktyk #15: Vra Woordvrae 70

Praktyk #16: Voer 'n "Egte Gesprek" 70

Praktyk #17: Die luistersiklus 72

RITME III – WAAG EN EKSPERIMENTEER

Gewoonte 7 Betree die vreemde ***76***

Praktyk #18: Beplan die eerste treë 76

Praktyk #19: Wandel in die wêreld (Son) 78

Praktyk #20: Verwelkom die vreemdeling (gasvryheid) 81

Praktyk #21: Stap ŉ pelgrimstog 84

Praktyk #22: Die luisterplons 86

Praktyk #23: Gebruik erediensreekse 95

Gewoonte 8 Bou vennootskappe ***96***

Praktyk #24: Vestig vennootskappe 96

Praktyk #25: Vorm bruggemeenskappe 97

Gewoonte 9 Eksperimenteer ***100***

Praktyk #26: ŉ Lae-risiko eksperiment 100

Praktyk #27: Die eksperimentele plons 102

RITME IV – VERHELDER EN FOKUS

Gewoonte 10 Ons kyk in die spieël ***108***

Praktyk #28: Waar op aarde is ons? 109

Praktyk #29: Vestig luistergeleenthede 110

Praktyk #30: Ons luister: Waarvoor roep God ons - hier en nou? 111

Praktyk #31: Die *National Church Life Survey* (NCLS) 113

Gewoonte 11 Ons leer ons gemeenskap ken ***117***

Praktyk #32: Ons luister wat in die gemeenskap aangaan 117

Praktyk #33: Ons kyk met nuwe oë na data oor die gemeenskap 119

Praktyk #34: Ons leer om na patrone te soek 121

Gewoonte 12 Onderskei roeping en fokus ***122***

Praktyk #35: Vind die fokus van ons roeping 122

RITME V – IMPLEMENTEER EN INOEFEN

Gewoonte 13 Leiers wat deur voorbeeld lei ***132***

Praktyk #36: Ontwikkel roepingsgesag 132

Praktyk #37: Aktiveer missionale intelligensie 136

Praktyk #38: Ontwikkel ŉ lewensritme (Regula) 140

Gewoonte 14 Skep konkrete aksies ***143***

Praktyk #39: Gee die eerste treë 143

Praktyk #40: Belyn die gemeentelike aktiwiteite 145

Praktyk #41: Die leierspanverbintenis 155

Praktyk #42: Hanteer polariteit en konflik 165

Gewoonte 15 Begeleiding ***168***

Praktyk #43: Ontwikkel geloofsgewoontes 168

Praktyk #44: Ontwikkel vaardighede 171

Praktyk #45: Ontwikkel nuwe oefeninge 174

IN PAS MET DIE LEWENDE GOD

RITMES EN GEWOONTES VIR ROEPINGSGETROUE GEMEENTES

RITME I — ONTDEK & VIER

1 SIGBAAR VIER



Waardeer die mylpale op God se reis met ons

2 ONTDEK GOD SE REIS MET ONS



Sien hoe die Gees ons oor tyd heen gevorm het

3 ONTDEK MEDE REISGENOTE



Vorm 'n leergemeenskap wat saam op reis is

RITME II — LUISTER & ONDERSKEI

4 WORD STIL EN ONTVANG GOD SE TEENWOORDIGHEID



Kom tot stilstand en leef bewustelik in God se teenwoordigheid

5 LEES DIE WOORD LUISTEREND



Lees die Bybel saam met ander om God se stem te hoor

6 ONDERSKEI GOD SE WIL VIR ONS



Soek helderheid oor Wie God is, waarmee God besig is en hoe die Gees ons hierby wil inskakel

RITME III — WAAG & EKSPERIMENTEER

7 BETREE DIE VREEMDE



Ontmoet God in die vreemde en in die vreemdeling

8 BOU VENNOOTSKAPPE



Vat hande en luister na wat vir die gemeenskap belangrik is

9 EKSPERIMENTEER



Neem risiko's, innoveer, maak foute en leer daaruit

RITME IV — VERHELDER & FOKUS

10 ONS KYK IN DIE SPIEËL



Luister oop en sonder vooroordeel na stemme uit die gemeente

11 ONS LEER ONS GEMEENSKAP KEN



Versamel en interpreteer inligting oor die gemeenskap

12 ONDERSKEI ROEPING EN FOKUS



Dink intensioneel na oor God se spesifieke roeping vir ons

RITME V — IMPLEMENTEER & INOEFEN

13 LEIERS WAT DEUR VOORBEELD LEI



Kweek leiers wat hulle roepingsgesag as geskenk van God ontvang

14 SKEP KONKRETE AKSIES



Leef ons roeping uit in alle aspekte van die gemeentelewe

15 BEGELEI



Ontwikkel mense deur hulle doelgerig af te rig

INLEIDING

Waarom sou enigiemand dié boek wil gebruik?

As jy saam met ons kan droom oor 'n heel nuwe en verbeeldingryke manier van kerk-wees sal jy beslis hier wil lees. Wat jy hier in jou hand vashou, is plofstof wat die potensiaal het om die hele lewe en bediening van die gemeente waarvan jy deel is, oor tyd heen onherroeplik te verander!

'n Peiling wat in die *Kerkbode* gedoen is, het interessante data gelewer oor lidmate se menings ten opsigte van uitdaginge vir die toekomstige bediening van die kerk. Hierdie data toon duidelik hoe lidmate se verwagtinge van die kerk oor tyd heen verander het. Bitter min lidmate dink nog dat die beskerming van die kerk se eie kultuur en tradisies, of die bediening van 'n bepaalde taal- en kultuurgroep, 'n uitdaging vir die toekomstige bediening van die kerk behoort te wees. Selfs nie eers die ontwikkeling van 'n eietydse styl en liturgie of die bediening en versorging van eie lidmate word as die belangrikste uitdaginge gesien nie. Die meerderheid lidmate sien 'n dieper toewyding en passie vir die Here en die kerk; 'n groter betrokkenheid in die gemeenskap; en 'n duidelike gerigtheid op die roeping van die kerk, as die werklike uitdaginge vir die toekomstige bediening van die kerk.

UITDAGINGS AAN DIE TOEKOMSTIGE BEDIENING



Data soos hierdie verduidelik waarom gemeentes wat vasgeval het in 'n ou manier van kerk-wees, wêreldwyd sukkel om te oorleef. Daar is net nie meer genoeg lidmate wat nog die tyd of energie het om deel te wil wees van 'n gemeente wat na binne gerig is, net met homself besig is, en net op sy eie oorlewing fokus nie. Die meerderheid lidmate wil veel eerder deel wees van 'n kerk wat fokus op God, op sy roeping vir die kerk, en wat 'n verskil maak in hulle eie omgewing en gemeenskap. Daarom is dit so dat, terwyl sommige gemeentes sukkel om te oorleef, ander floreer. Gemeentes wat ontdek hoe om op nuwe en verbeeldingryke maniere deel te word van God se dinamiese en lewegewende beweginge in hulle eie lewens en in die wêreld rondom hulle, gryp wêreldwyd mense se verbeelding aan. Sulke gemeentes floreer omdat hulle geleer het om die musiek van God se lewende en helende teenwoordigheid in die gemeente en in ons wêreld te hoor. Hulle leer nuwe ritmes en passies aan wat hulle help om

hiermee IN PAS te kom. En hulle word elke dag verras deur wat God besig is om in hulle, deur hulle en om hulle te doen.

Gelukkig vir ons kan ons uit die ontdekkinge van hierdie gemeentes leer. Hierdie gemeentes was meestal deel van die wêreldwye missionale beweging. Die fokus van hierdie beweging was om leiers in plaaslike gemeentes op 'n verbeeldingryke wyse, én met 'n korter lysie van doen-dinge, te bemagtig om die gemeente vanuit 'n vasgeloopte oorlewingsbestaan te kan begelei om 'n voorbeeld en instrument van God se nuwe wêreld in Christus te kan wees. Vele eksperimente is oor baie jare heen in hierdie gemeentes gedoen. In die proses het hulle 'n nuwe taal begin praat. Hulle het 'n nuwe droom ontvang vir God se beloofde en voorkeurtoekoms vir hulle en vir die gemeenskap waarbinne hulle werk en lewe. Hulle het baie praktiese en eenvoudige oefeninge begin doen en só nuwe ritmes en gewoontes aangeleer wat hulle help om met God se beweginge IN PAS te kom. En oor tyd heen het hulle gesien hoe hulle eers sélf deur God verander is, en toe algaande ontdek hoedat hulle al meer deel word van God se beweginge in hulle onmiddellike omgewing.

Die oefeninge (praktyke), gewoontes en ritmes wat uit hierdie eksperimente ontdek is, word in hierdie boek op een plek saamgevat sodat ons almal daaruit kan leer en dit kan gebruik. As jy dus die gemeente waarvan jy deel is wil help om vir God raak te sien, om die ritmes en musiek van God se beweginge in en om ons te hoor, en om saam 'n verskil in ons wêreld te kan maak, sal jy graag verder wil lees. In die proses mag jy en ander leiers in die gemeente self ook bevry word van ou skuldgevoelens, en van die moegheid wat gepaard gaan met 'n gevoel van blote oorlewing.

Vir wie is dié boek geskryf?

Hierdie boek is uit en uit geskryf vir die leierspanne in plaaslike gemeentes. Dit sluit die leraar(s) in, maar ook almal in die gemeente wat op een of ander wyse invloed in die gemeente uitoefen, dit wil sê kerkraadslede, alle leiers van bedieninge en groepe, en diegene wat leiding neem met die geloofsvorming van jongmense in die gemeente.

Die fokus van die hele missionale beweging was juis om die leiers op alle vlakke van die gemeentelike lewe te bemagtig vir die geloofsonderskeidende reis na God se beloofde en voorkeurtoekoms vir die gemeente en vir die omliggende gemeenskap waarvan die gemeente deel is. Alle gemeentes wat op hierdie reis suksesvol was, kan getuig dat God reeds voordat hulle die reis begin het, aan die gemeente 'n span leiers gegee het wat oor al die gawes beskik wat nodig is om die gemeente op hierdie reis kan begelei. Die bemagtiging van hierdie leierspan om saam verantwoordelikheid te neem vir die gemeentelike reis, is van wesenlike belang vir enige gemeente wat hiervan deel wil wees.

Die verwagting is dus dat 'n span leiers in elke gemeente gevestig word om saam verantwoordelikheid te neem vir die geloofsonderskeidende reis van die gemeente. Hierdie span sal met vrug van hierdie boek gebruik kan maak.

Wat kan jy van hierdie boek verwag?

Hopelik sou jy reeds uit die titel van die boek kon agterkom dat hierdie nie die gewone soort handleiding is waarmee ons dikwels in die kerk te doene kry nie.

Wat om nié van hierdie boek te verwag nie

Dalk sal dit die beste wees om te begin by wat jy nié moet verwag nie:

- Hierdie boek is nie bedoel om die *teologie* van missionale kerk-wees te beskryf nie.

  Ons is van mening dat die teorie van missionale kerk-wees reeds baie goed beskryf is. Boonop is die meerderheid leiers binne geloofsgemeenskappe reeds hierop ingekoop. Die probleem in die

kerk is lank nie meer om missionale kerk-wees te *verstaan* nie, maar eerder die *praktyk* hiervan: *Hoe doen ons dit?*

- Hierdie boek is ook nie bedoel as 'n "*how to*" of *kitsoplossing* vir missionale kerk-wees nie.

  Die transformasie vanaf 'n *kultuur van instandhouding* na 'n *missionale* gemeentekultuur is 'n *lang en tydsame proses*. Daar is ongelukkig geen kitsoplossings hiervoor nie.

In sy boek Spoor beskryf Deon Meyer hoe sy karakter Milla besluit om as deel van die oorgang na haar nuwe lewe, danslesse te begin neem. As sy die studio vir die eerste keer binnestap en sien hoe moeiteloos en behendig 'n danspaar die tango doen, kan sy nie anders as om te staar nie. Sy word vasgevang deur die skoonheid daarvan, die vloei, die sinkronisasie, die sigbare genot. Sy word gevul met 'n skielike verlange – as sy maar só kon dans.

'n Paar dae later teken sy haar ervaring na haar eerste dansles in haar dagboek aan. "Die Tango. Slow ... Slow ... Slow ... Quick, quick. Die morsekode van dans. 'Skoolfigure', noem Arthur Murray dit, babatreë wat ek moet inoefen. Hoe ver verwyder is dit nie van die vrou wat ek verlede Donderdag sien dans het nie. Maar tog, daar is iets gerusstellend daarin: As jy dáár wil kom, moet jy híér begin. Onder. Een tree op 'n slag. Vreemd hoe dit die angs verlig, die onsekerheid."

Die soort verandering in gemeentes wat hierdie boek in gedagte het, kan vergelyk word met Milla se reis om te leer dans. Dit begin by die eerste maklike en klein treë wat ons moet gee. En dit vra die dissipline wat nodig is om nuwe passies en ritmes oor 'n lang tyd te bly inoefen. Die enigste vinnige resultaat vir diegene wat hiermee begin, is 'n onmiddellike verlaging in die vlakke van angs en spanning!

'n Predikant reflekteer oor sy eie reis na missionale kerk-wees: "Ek dink ek is baie minder nervous oor goed wat in die gemeente skeefloop. Vroeër jare het ek dit alles bed toe gevat, maar ek is regtig nie meer nervous daaroor nie. Ek het geleer: ek is 'n baie klein ratjie in die koms van die koninkryk. ...Ek maak rêrig báie foute! Dis nie dat ek daarmee vrede gemaak het dat ek foute maak nie, maar wel, dit kan nou nie anders nie. Dis nou hoe dit is. Dis hoe ek voor God is!"

Navorsing: Gert Cordier

Wat jy wél van hierdie boek kan verwag

Missionale transformasie is regtig soos om te leer dans. Wat jy dus van hierdie boek kan verwag is 'n beskrywing van die verskillende passies (ons noem dit praktyke) van missionale kerk-wees. As 'n gemeente en sy leiers oor die dissipline beskik om hierdie praktyke van 'n kant af te begin inoefen totdat hulle dit bemeester, word nuwe gewoontes gevorm en begin die hele gemeente hoe langer hoe meer *IN PAS* kom met die lewegewende ritmes van God se beweginge in hulle midde. So word 'n nuwe gemeentekultuur oor tyd heen gevorm.

Waar begin ons om met God *IN PAS* te kom?

Anders gevra: hoe vind die soort verandering in gemeentes plaas wat ons met hierdie boek in gedagte het? Wat moet die leiers (en lidmate) van 'n bepaalde gemeente doen (en aanhou doen) sodat die *gemeentekultuur* mettertyd *skuif vanaf instandhouding na gestuur-wees*?

Om aan gemeentekultuur te kan werk

In hierdie verband is dit belangrik om te weet hoe gemeentekultuur gevestig word en hoe ons oor tyd heen hieraan kan werk.

Ons werk in hierdie handleiding met die vertrekpunt dat kultuur in wese deur vier elemente opgebou en in stand gehou word:

Kennis. Onderliggend aan kultuur is 'n sekere gedeelde kennisinhoud of oortuiginge (beliefs) wat ten grondslag lê aan alles wat 'n gemeente is en doen. Hierdie kennis en oortuiginge kom veral tot uitdrukking in die taal wat in 'n gemeente gehoor word, maar reflekteer ook in die waardes en manier waarop dinge gedoen word.

Praktyke & Vaardighede. Uiteraard kom kultuur heel prakties tot uitdrukking in sekere sigbare praktyke. Hierdie praktyke bou op die vaardighede wat leiers en lidmate oor tyd heen deur die herhaling van hierdie praktyke opgebou het.

Houdinge en waardes. Die houdinge en waardes wat ten grondslag van 'n gemeente se doen en late lê, word dikwels nie verbaal gekommunikeer nie, maar word gedra en oorgedra deur die voorbeeld van leiers en lidmate van die gemeente. Saam met die onderliggende kennis en oortuiginge oefen hierdie diepgewortelde waardes 'n kragtige invloed uit op die doen en late van enige gemeente.

Oordraagbare gewoontes. Oordraagbare gewoontes word gevorm wanneer bepaalde praktyke in die lewe van 'n gemeente gevestig word en dit oor en oor herhaal word. Hierdie gewoontes lewer 'n belangrike bydrae om die heersende kultuur te vestig en aan nuwe lede in die gemeente oor te dra.

Insig in hierdie elemente waaruit kultuur opgebou word, help ons om te begryp hoe ons hieraan kan werk en kan begin om daaraan te verander. Gemeentekultuur verander wanneer:

- *Nuwe kennisinhoud* gevestig word, wat daartoe lei dat 'n nuwe taal mettertyd in die gemeente gehoor word. Missionale gemeentes getuig dikwels hoe hulle mettertyd ontdek het dat die gemeente nie net anders begin dink nie, maar ook anders begin praat.
- Leiers hierdie nuwe insigte of kennis *vertaal in terme van praktiese gedrag of praktyke* en begin om *lidmate hierin af te rig*. So word nuwe vaardighede geskep. Vir die skep van hierdie vaardighede is dit belangrik dat die leiers oor die dissipline beskik om die gemeente deurlopend in hierdie praktyke *af te rig en te bly afrig* totdat lidmate self in staat is om op hulle eie beurt *ook weer ander hierin af te rig*.
- Leiers *self die houdinge en waardes* waarop hierdie praktyke bou, *modelleer*. Dis 'n geval van: "Volg my voorbeeld soos ek die voorbeeld van Christus volg!"
- Die herhaalde inoefening van hierdie nuwe praktyke, vaardighede en houdinge mettertyd lei tot die vorming van *eenvoudige en maklik oordraagbare gewoontes* in die lewe van die gemeente wat hulleself instandhou en dupliseer. Hierdie nuwe gewoontes word die *draers van 'n nuwe gemeentekultuur* en lewer 'n belangrike bydrae daartoe dat die nuwe kennis, praktyke en houdinge na die hele gemeentelike lewe oorgedra word. So word die nuwe kultuur al dieper en breër in die lewe van die gemeente gevestig en word nuwe lede wat in die gemeente inkom, hierin opgeneem.

Om op die regte plek te begin

Natuurlik is die verskillende elemente waaruit kultuur opgebou word, ewe belangrik. Die gemeentekultuur sal slegs verander indien die gemeenteleiers oor tyd heen op al vier hierdie verskillende vlakke op die huidige kultuur inspeel en daaraan werk.

Dit is egter baie belangrik om te *weet waar om te begin* indien ons oor tyd heen 'n nuwe gemeentekultuur wil vestig.

> Ons is geneig om te dink die gemeente verander as ons vir hulle *preek* of nuwe *informasie* aan hulle gee. *Alle navorsing dui egter op 'n teenoorgestelde rigting:*

Werklike verandering in die kultuur van die gemeente kan eers plaasvind wanneer ons *begin om nuwe praktyke in die gemeente te vestig en in te oefen.* Hierdie praktyke lei oor tyd heen tot die vorming van nuwe *oordraagbare gewoontes* wat deel word van die daaglikse doen en late van die hele gemeente. So word 'n nuwe kultuur gevorm en gevestig.

Alan Hirsch sê: "We do not think ourselves into a new way of acting. We act ourselves into a new way of thinking". (The forgotten ways)

Dit beteken nie dat kennis en houdinge onbelangrik is nie. Dis net nie die regte plek om te begin nie! Vir die vestiging van nuwe praktyke en gewoontes is slegs 'n *minimum kennis* nodig. Ons gee slegs soveel informasie as wat nodig is. En houdinge word die beste oorgedra wanneer dit deur die leiers van die gemeente voorgeleef en gemodelleer word.

Dis regtig soos om te leer dans

Toe dit tyd word vir my vrou se veertigste skoolreünie, word ek heel betyds ingelig: sy beplan om by dié geleentheid te dans. My eie opsies word duidelik aan my uitgespel: ek kan leer om met haar te dans; of ek kan kyk hoe sy met haar ou skoolmaats dans!

So beland ons twee saam met 'n instrukteur op die dansvloer. Die instrukteur verduidelik die ritmes en passies in enkele sinne. "Kyk …", sê hy, "… so!" Toe sit hy die musiek aan. "Kom ons dans!" sê hy. So word ek met my lompe voete van baie jare teen wil en dank gedwing om te moet dans.

My eerste ervaring was dat ek na soveel jare van agterstand "unteachable" is. Dans was immers nog sonde toe ek jonk was. Met ons derde oefening begin my voete tot my eie verbasing die passies vind. Mettertyd begin ek die ritmes voel, dis asof die passies vanself in plek begin val sonder om daaroor te dink, en ek kan selfs waaghalsig raak en eie inisiatief begin neem…

(Uit die leerskool van my lewe.)

'n Vriend en kollega vertel dat sy vrou hom gereeld daaraan herinner dat predikante die enigste mense is wat sy ken wat dink dat as hulle iets gesê het, dit klaar gebeur het! As musiekonderwyser weet sy hoe belangrik praktiese inoefening is vir nuwe vaardighede om te kan ontwikkel.

Die skuif vanaf 'n kultuur van instandhouding na 'n missionale gemeentekultuur werk net só! Dit begin by leiers wat die eerste passies wat nodig is, identifiseer en begin om die eerste mense hierin af te rig. Lang vooraf verduidelikings is onnodig – slegs die minimum informasie wat nodig is vir die eerste probeerslag, word gegee. Dan kom die musiek, en die dans begin! Die eerste lomp treë word die begin van 'n nuwe en opwindende reis. Lomp voete word mettertyd vaardige voete. Die sigbare genot van die danspare op die dansbaan werk aansteeklik. Meer en meer pare meld aan vir die dans.

Om 'n praktiese voorbeeld te gee

Kom ons gee 'n praktiese voorbeeld om die impak van oefeninge (praktyke) en gewoontes op die vorming van gemeentekultuur te verduidelik:

Ons glo dat die lewende Drie-enige God daagliks sprekend en handelend in die lewe van ons gemeente en gemeenskap teenwoordig is. Ons wil graag 'n gemeentekultuur skep waarbinne dit deel van ons DNS is om daagliks *IN PAS* te kom met God se beweginge in ons midde. Hoe doen ons dit?

- Ons weet dat *luister en onderskei* 'n integrale deel van die *lewensritme* en roetine van ons gemeente sal moet wees as ons IN PAS wil kom met God se beweginge in ons midde. Ons kan tog slegs IN PAS met God wees as ons weet hoe om sy stem te hoor.
- Daarom sal ons graag in ons gemeente die *gewoonte* wil vestig om *saam die Bybel te lees*, sodat ons leer om saam met ander en deur ander te kan luister hoe God met ons praat.
- Ons doen dit deur *Wandel in die Woord* as 'n *praktyk* in ons gemeente te vestig. Ons kan mense maklik hierin afrig en dit vir hulle aanleer. Ons hou hiermee vol sodat soveel as moontlik gemeentelede hierdie vaardigheid bemeester en sodat hierdie oefening deel word van al ons gemeentelike samekomste en vergaderinge.

> Pat Keifert skryf: "Om in die Woord te wandel – met ander woorde om oor 'n lang tydperk en op verskeie maniere en plekke met dieselfde Skrifgedeelte besig te bly en só geloofsonderskeiding te bekom – lei daartoe dat 'n soort wonderwerk plaasvind in die hart en denke, en later in die optrede, van gemeenteleiers en dié wat hulle volg. Hulle begin hulle bestaan beskou as iets wat deel is van die lewe en werk van die lewende, Drie-enige God van die Woord."
>
> (Uit Ons is nou hier)

As ons hiermee volhou sal ons mettertyd ontdek hoedat die Gees oor tyd heen ons hele lewe as gemeente transformeer.

- Ons begin mettertyd om die *Woord op 'n heel nuwe manier te lees*. Ons lees nie met die verwagting om kennis te bekom nie, maar met 'n verwagting om saam God se stem te hoor.
- Ons word *saam deur die Woord verander*. Die Woord vorm ons soos water klip vorm – stadig maar seker! Ons laat God toe om deur sy Gees 'n nuwe identiteit vir sy gemeente te skep.
- Ons *vergaderinge begin anders funksioneer*. Ons neem nie meer ons eie besluite nie – ons onderskei God se wil vir ons en ons gemeenskap sodat ons daarmee IN PAS kan kom.

So skep ons vir die Gees ruimte om die kultuur van ons gemeente oor tyd heen te verander. Ons probeer nie om ons gemeente met allerlei metodes en tegnieke (onsuksesvol) tot transformasie te oorreed nie. Ons vestig die *praktyk* om in die Woord te wandel en skep so 'n heilige ruimte waarin ons mense innooi om die Woord saam met ander te lees, met die verwagting dat ons God se stem op 'n nuwe manier sal hoor en daardeur verander sal word. LUISTER en ONDERSKEI word mettertyd deel van die daaglikse ritme en lewe van die hele gemeente.

Vyf ritmes, vyftien gewoontes.

Uit gesprekke met leiers en lidmate van gemeentes wat oor tyd heen deel was van die beweging om 'n missionale gemeentekultuur te vorm, het ons die ritmes, gewoontes en oefeninge onderskei wat die grootste impak op gemeentekultuur gehad het. Vyf ritmes is vanuit hierdie proses onderskei.

I. Die ritme om **TE ONTDEK EN TE VIER**

II. Die ritme om **TE LUISTER EN TE ONDERSKEI**

III. Die ritme om **TE WAAG EN TE EKSPERIMENTEER**

IV. Die ritme om **TE VERHELDER EN TE FOKUS**

V. Die ritme om **TE IMPLEMENTEER EN IN TE OEFEN**

Ons oogmerk is om elkeen van hierdie vyf ritmes afsonderlik te beskryf en uit te pak. Watter *gewoontes* en *praktyke* het bygedra tot die vorming van hierdie lewensritmes in gemeentes? Ons fokus is nie om teorie te beskryf nie, maar eerder om die "best practices" te beskryf sodat ons by mekaar kan leer. Ons volg hierin die voorbeeld van die dansinstrukteur: Die klem val op die beskrywing van die *praktyke* wat ingeoefen kan word. Slegs die minimum kennis en 'n kort beskrywing van die onderliggende houding word gegee wanneer nodig.

Watter soort verandering is nodig vir 'n gemeente om met God *IN PAS* te kan kom?

Gemeentes en lidmate vind dit dikwels moeilik om te begryp wat met "missionale kerk" bedoel word. Hoe lyk 'n missionale gemeentekultuur? Hoe verskil dit van vorige modelle van kerk-wees? Ons kerk was immers nog altyd 'n kerk met 'n hart vir sending!

Die onderstaande vier sketse word dikwels binne die missionale beweging gebruik om die soort verandering wat in gemeentes nodig is, te verduidelik.



Gemeentes is tradisioneel geneig om hulleself te sien as 'n *gelowige klub of geestelike vulstasie*. Die lidmate is die passiewe ontvangers van geestelike goedere wat deur die gemeente gelewer word. Die leraar en kerkraad is die enigste persone wat gesien word as "in die bediening". Van lidmate word hoogstens verwag om eredienste by te woon, deel te neem aan die aktiwiteite van die gemeente, en om finansieel by te dra tot die bediening van die gemeente. Die gemeentekultuur is geslote: dis "ons" en "hulle". Vreemdelinge word dikwels met agterdog bejeën en nuwe lede moet gou hoor: "Hier maak ons só."



Hierdie gemeente weet dat hulle 'n roeping het teenoor die wêreld buite die gemeente. Die meerderheid lidmate is steeds passiewe ontvangers van die geestelike goedere en dienste van die gemeente, terwyl slegs enkele individue met die ondersteuning van die res deur die gemeente uitgestuur word om namens die gemeente "sendingwerk in die wêreld" te gaan doen. Ons kan na hierdie gemeentes verwys as *gemeentes met 'n sending*. Sending is 'n blote aktiwiteit van sommige mense in die gemeente, naas al die ander aktiwiteite van die gemeente.



Hierdie gemeente kan beskryf word as *'n toe-deur gemeenskap*. Die lidmate van die gemeente is 'n hegte familie wat vir mekaar omgee en met mekaar hande vat. Daar is egter baie min ruimte vir buitestaanders om in die binnekring in te kom. Alle aktiwiteite fokus op die onderlinge sorg en omgee vir mekaar met weinig belangstelling vir buitestaanders of vir die omgewing waarbinne die gemeente bestaan.



'n *Gestuurde gemeente* verstaan dat die hele gemeente "God se sendeling" na sy wêreld is. Elke lidmaat is deel van die gestuurde roeping van die gemeente en die hele lewe van die gemeente is hierop gefokus. Alles wat in die gemeente gebeur is daarop gerig om die hele gemeente en bediening vanuit die Woord vir hierdie roeping te vorm en te bemagtig.

Gestuurde (of missionale) gemeentes:

- het ontdek dat God se sendingveld nie meer net ver en in vreemde lande is nie, maar rondom ons;
- streef daarna om geloofsonderskeidende praktyke en gewoontes te vestig en so te ontdek hoe God ons stuur, sodat ons beter vennote vir mekaar in diens van God se sending kan wees (Luk 10).
- leef daarvoor om deel te wees van God se sending van versoening, herstel en verlossing in 'n wêreld wat God se genade nodig het.

Wat dus nodig is, is 'n *totale omwenteling van die lewe en kultuur van die hele gemeente*. Missionale gemeentes leer om anders te dink, anders te kyk, anders te voel en om anders te doen.

Nog 'n manier om hierna te kyk

'n Beskrywing van die verskil tussen *tegniese* en *aanpassende verandering* is nog 'n lens waardeur ons kan kyk om 'n prentjie te kry van die soort verandering wat ons in gemeentes in gedagte het, en hoe hierdie soort aanpassing verskil van die manier waarop ons verandering tradisioneel sou aanpak.

> Ons is almal goed vertroud met die bestuur van 'n proses van *tegniese verandering*. Tegniese verandering werk goed in 'n omgewing waar die probleem duidelik omskryf kan word en die oplossing vir die probleem voor die hand liggend is. Indien die klankstelsel van die kerk onklaar raak, sal 'n kundige met die regte tegniese kennis en vaardigheid die probleem vinnig kan regstel.
>
> *Aanpassende verandering* is nodig in 'n omgewing waar die probleem nie duidelik omskryf kan word nie en die oplossing nie voor die hand liggend is nie. Niemand weet regtig vir seker wat die oplossing is nie. Die kundigheid om die probleem te definieer en aan te spreek, is nog nie beskikbaar nie. Die probleem kan ten beste aangespreek word deur innovasie en eksperimentering en deur dan daaruit te leer, selfs ook uit die foute wat gemaak word. Die uitkoms kan nie vooraf bepaal word nie, maar slegs tydens die proses van innovasie en eksperimentering ontdek word.

Die vorming van 'n nuwe gemeentekultuur wat ons help om met God *IN PAS* te kom, vereis 'n proses van aanpassende verandering. Aanpassende verandering vereis byna altyd 'n groot mate van eksperimentering, en is daarom altyd chaoties, ontwrigtend en onseker. Leiers sal slegs hiermee waag indien hulle die vermoë het om gemaklik te kan voel met onsekerheid. Sulke leiers is bereid om dit te waag om op 'n onbekende reis te vertrek sonder om die uitkoms vooraf te ken, en om enduit op dié reis te kan volhou omdat hulle op God en op mekaar vertrou vir die reis en vir die uitkoms daarvan.

Uiteraard wag daar ook 'n beloning vir diegene wat dit op hierdie reis waag. Sulke leiers kan verwag om deur God verras te word, om nuwe horisonne te ontdek, en om in die proses self verander te word.

HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

Ons bedoeling met *IN PAS* is nie om 'n handleiding te voorsien wat gemeentes in volgorde vanaf punt A tot by punt Z moet gebruik nie, maar eerder om die verskillende *ritmes*, *gewoontes en praktyke* wat deur gemeentes ontdek is op hulle reis na missionale kerk-wees, *op een plek* byeen te bring en te beskryf *sodat ander gemeentes dit óók kan gebruik.*

Werk gerus kreatief en innoverend met die inhoud van hierdie boek!

In hierdie handleiding gaan dit oor kultuurverandering. Dit is 'n proses wat lank neem: jare eerder as maande.

Mense se openheid tot verandering

Die model van Everett Rogers help ons om te verstaan dat mense en groepe in die gemeente van mekaar verskil ten opsigte van hulle openheid tot verandering. In die proses van kultuurverandering kom verskillende groepe mense geleidelik en op verskillende tye aan boord, en omtrent 16% gaan nooit inkoop in enige verandering nie.





Hierdie insigte help ons baie.

Dit is belangrik dat ons by die innoveerders in die gemeente begin en hulle eerste aan boord kry in die proses. Hulle is die mense wat verandering dryf, wat nuwe praktyke sal uittoets en planne genereer. Hierdie is 'n klein groepie in die gemeente, omtrent 2,5%.

Die vroeë aanvaarders is omtrent 13.5% van die gemeente. Hulle help om nuwe praktyke te toets, hulle integreer dit in hulle lewens en is ook die mense wat invloed uitoefen op die groter groep. Hulle sal waarskynlik in 'n erediens vertel hoe die reis as gestuurdes in hulle lewens grondvat en ander inspireer.

Die insigte oor die vroeë en laat meerderheid (elke groep is omtrent 34% van die gemeente) help ons om te onthou om vas te byt en nie te dink dat, wanneer die vroeë aanvaarders die nuwe gewoontes beoefen, ons doelwit bereik is nie. Kultuurverandering gaan eintlik oor hierdie twee groepe – as hulle die nuwe gewoontes begin integreer, het die kultuur geskuif. Die vroeë meerderheid gee die momentum aan die proses.

Die insig dat omtrent 16% van die gemeente weerstand gaan bied, is ook belangrik. Hulle gaan nooit deel word van die kultuurverandering nie en mag daarom nie die pas bepaal nie. Sommige van hulle is ongelukkig baie uitgesproke en dink hulle praat namens die hele gemeente.



Begin, verbreed en verdiep

Die proses om kultuurverandering in 'n gemeente te begelei, kan met 'n spiraal voorgestel word. Dit is 'n proses waarin ons *begin*, *verdiep* en *verbreed*.

BEGIN

Die *innoveerders* en *vroeë aanvaarders* help ons om nuwe gewoontes en praktyke te ontwikkel, te toets en te begin implementeer.

VERBREED

Die vroeë aanvaarders praat daaroor en beïnvloed die *vroeë meerderheid*. So *verbreed* die gewoonte, dit word breër in die gemeentelewe oorgedra en geïntegreer. Mettertyd word meer lidmate en groepe in die gemeente deel van die proses. Die *laat meerderheid* sal eers aan boord kom wanneer hulle sien dat die kultuurverandering die nuwe status quo begin word.



VERDIEP

Terselfdertyd word die nuwe maniere van doen ook by almal wat deelneem ingeoefen – hulle word beter daarmee, dit word tweede natuur. Dit beteken die gewoontes in hulle eie lewens en in die lewe van die hele gemeente *verdiep*.

Dis soos om 'n dorp te leer dans

Dink byvoorbeeld hoe dit kan werk as iemand die idee kry om die hele dorp te leer dans. En nie sommer net 'n boeredans nie, *ballroom dancing*. Dit begin met 'n innoveerder wat 'n prentjie het van die gemeenskap wat deelneem aan 'n bal met walse, *two step*, *foxtrot*, en selfs tango.

Die vroeë aanvaarders sluit eerste aan by die danslesse en begin saam oefen. Hulle entoesiasme laat al meer mense deel word en die gewoonte om op Saterdae bymekaar te kom om ordentlik te leer dans, word breër gevestig. Terselfdertyd word die vroeë aanvaarders se vermoëns beter, en dit is belangrik om hulle aan te hou ontwikkel. Hulle oefen die nuwe moeilike danspassies aan en leer dit weer vir ander.

Geleidelik word die hele dorp se vermoë om te dans, al beter: dit word die nuwe normaal dat mense goed kan dans en 'n wye verskeidenheid van ritmes bemeester het. Amper almal (behalwe vir die 16%) is in die gewoonte om te oefen. Die repertorium word ook groter en die danse word moeiliker. Omdat daar 'n kultuur gevestig is om goed te dans en te oefen, word hierdie gewoonte ook verdiep – almal word beter.

'n Voorbeeld: Die ritme van WAAG en ONTDEK

Een van die ritmes wat ons wil vestig in die gemeente is om te *waag om oor grense te gaan* en die wêreld buite ons gewone bestaan te ontdek. Dit is die wêreld waarheen God ons stuur.

Daar is gewoonlik in elke gemeente baanbrekers wat reeds oor grense gaan, wat verhoudings het met mense van ander kulture en kerke. Hulle is die innoveerders wat die gemeente help om aan die gang te kom.

'n Volgende maklike stap is om verhoudings te begin ontwikkel tussen die leiers van julle gemeente en die leiers van ander kerke. En nie net met gelowiges van dieselfde kultuur as julle nie, maar met kerke van ander gemeenskappe, taal en kultuur.

Dan leer julle die gemeentelede om dit self te begin doen – wandel in die wêreld, tree oor ras- en kultuurgrense en leer mense ken. Die praktyk van Wandel in die Son help mense om saam te dink oor hoe om die vreemde te betree. Dit neem die gewoonte breër in die gemeentelewe in.

Die gemeente eksperimenteer dan verder met kontak en leer-ervarings oor grense, wat uiteindelik lei tot die geboorte van bruggemeenskappe.

Die beginsels is eenvoudig

- Die proses om 'n nuwe ritme in die gemeente aan te leer en te vestig, vat jare. Eintlik is dit 'n poses wat nooit ophou nie – daar is altyd nuwe geleenthede en uitdagings.
- Begin met die innoveerders en vroeë aanvaarders. Dit is die mense met nuwe idees en die leiers wat invloed het in die gemeente en wat gereed is om te eksperimenteer en nuwe dinge te doen.
- Begin met maklike en uitvoerbare gewoontes en praktyke.
- Doen dit oor en oor tot dit die nuwe normaal word.
- Dink saam oor hoe om hierdie gewoontes BREËR in die gemeentelewe in te neem. Leer dit vir meer mense en groepe aan.
- Leer, soos die tyd aanstap, ook meer uitdagende (DIEPER) gewoontes en praktyke aan.

Soos buffels op pad weiding toe

Die kerk beweeg nie na sy gestuurde roeping soos 'n afdeling soldate nie. Dit lyk eerder soos 'n trop buffels wat deur mopanie bosveld op pad is na hulle weiding.

Buffels wat klaarmaak by die drinkgat, marsjeer nie in gelid na hulle weiveld toe nie. Hier staan 'n klomp en wei, ander lê en herkou, kalfies drink aan hulle ma's, 'n klomp jongens toets mekaar se krag speel-speel. Die trop beweeg maar so geleidelik weg van die water. Party het al lankal klaar gedrink en is al 'n ent weg, ander staan nog rond om die water.

Enige leier wat 'n gemeente na sy God-gegewe roeping moet lei, moet hierdie ding goed verstaan. Die kerk se manier van beweeg is baie meer soos 'n trop buffels as soos afgerigte soldaatjies. Daar is mense wat vir baie lank onder die bome staan en praat en dink en herkou, ander is oënskynlik met hulle eie goed besig, terwyl 'n

ander groep al lankal die roeping verstaan en dit uitleef. Die werk van die leiers is om die trop op koers te kry en aan die gang te hou.

Dit is die rede waarom doelgerigte strategiese beplanning en bestuur van 'n gemeente net 'n deel van die leierskap-prentjie is. Dit is nie onbelangrik nie, maar dit neem nie genoeg in ag dat ons in die kerk altyd met vrywillige medewerkers op pad is nie. Lidmate het net soveel nodig om gevoed en versorg te word as om saam te werk aan die roeping. Boonop reageer mense op verskillende maniere op verandering.

Die innoveerders hou van vernuwing en uitdagings, hulle loop sommer ver voor die trop uit en gaan probeer nuwe weivelde uit. Diegene wat nuwe dinge gou aanvaar en die vroeë meerderheid van die gemeente kom redelik gou aan boord en werk saam om die roeping te realiseer. (Hierdie groepe maak omtrent 50% van die gemeente uit.) Dan is daar diegene (omtrent 34%) wat vernuwing later aanvaar. Hulle is nie onwillig of weerstandig nie, dit neem hulle maar net langer. En dan is daar ook die mense wat niks van verandering hou nie en vernuwing nooit gaan aanvaar nie. Hulle is omtrent 16% van die gemeente.

As ons nadink oor hoe om 'n gemeente se gesig na die wêreld te draai, is dit goed om hierdie insig te onthou. Moenie dink mense wat later aan boord kom, is sommer net dwars en moeilik nie. Moet ook nie dink die innoveerders is die norm en dat almal so moet wees nie.

Goeie leiers is geduldig. Hulle weet: 'n trop buffels beweeg stadiger, maar die trop loop saam. En te midde van al die rondmalery, hou die leiers koers. Goeie leiers weet waarheen God hulle roep.

(Lourens Bosman: Kerkbode)

Voorbeelde vir die gebruik van hierdie boek

Sonder om voorskriftelik te wees, gee ons verskillende voorbeelde van hoe ons dink gemeentes en hulle leiers hierdie boek sal wil (of kan) gebruik:

1. *Ons gemeente onderskei een praktyk (hoogstens twee)* wat ons *nóú moet inoefen* as 'n volgende tree om met God IN PAS te bly.



Die *eerste tree* vir enige leierspan wat met God IN PAS wil kom en bly, is om te onderskei: *Wié is ons?* en: *Wáár is ons nou?*

In dié proses vra ons vir onsself (onder andere) die volgende vrae: Hoe was God oor tyd heen by ons teenwoordig? Watter unieke gawes het God aan ons gegee? Wat is God reeds besig om in ons gemeente en (deur ons) in ons gemeenskap te doen? Hoe kan ons hierdie geskenke wat God reeds aan ons gegee het, *vier* en dit terselfdertyd verder *uitbou en versterk*?



Sodra ons die antwoorde op bogenoemde vrae ontdek het, kan ons 'n *tweede tree* gee en begin onderskei: *Waarheen is God met ons op pad?* Ons begin om onsself af te vra: Wat is God se beloofde en voorkeurtoekoms vir ons? Na wie toe stuur God ons? Wat is God besig om in ons gemeenskap te doen en hoe kan ons daarvan deel word? Watter oop deure en vennote in ons gemeenskap gee God vir ons hiervoor?

Die *derde tree* sal wees om te onderskei: *Hoe vertrek ons van hier af verder op God se reis met ons?* Hoe wil God ons verander sodat ons self 'n voorbeeld kan wees van sy plan met ons dorp en sy mense? Wat gaan ons saam met ons gemeenskap doen op reis na God se voorkeurtoekoms vir almal van ons?



IN PAS beskryf die praktyke wat ons kan help om die regte antwoorde op al hierdie vrae te vind. Ons leierspan kies dus uit al die verskillende praktyke wat beskryf word, dié een of twee praktyke wat ons kan help om antwoorde te vind op die vrae wat ons nóú vra en begin om die gemeente hierin af te rig.

Die sleutelbeginsel is: Minder is méér!

Gemeentes kom IN PAS met God se ritmes en beweginge wanneer die leierspan daarin slaag om een of twee praktyke te onderskei wat nóú vir ons gemeente belangrik is en die gemeente deurlopend hierin afrig totdat 'n nuwe oordraagbare gewoonte in die lewe en bediening van die hele gemeente gevestig is.

Byvoorbeeld:

Ons sien ons gemeente as missionaal, maar ons het nog nooit enige missionale ritmes, gewoontes of praktyke doelbewus aangeleer en ingeoefen nie. Ons wil graag meer hieroor weet en daarin begin groei. Ons begin dadelik om by al ons vergaderinge en byeenkomste in die *Woord te Wandel* (Praktyk #11) sodat ons die gewoonte kan vestig om *die Woord luisterend saam te lees* (Gewoonte 5). Ons leierspan besluit ook om 'n *Leesverslag* (Praktyk #4) te doen sodat ons die eie kultuur van ons gemeente kan begin ontdek.

Of:

Ons gemeente is al vir geruime tyd besig om by alle gemeentelike byeenkomste *Wandel in die Woord* (Praktyk #11) in te oefen. *LUISTER EN ONDERSKEI* (Ritme II) het deel van ons lewensritme begin word. Ons besef dat God 'n groter plan vir ons gemeente het en wil graag tot 'n groter mate begin deel word van God se beweginge in ons onmiddellike omgewing. Dit word tyd dat ons leer om oor grense te beweeg en die VREEMDE te BETREE (Gewoonte 7). As 'n e*erste tree* begin ons om saam met *Wandel in die Woord* (Praktyk #11) ook *Wandel in die Wêreld* (Praktyk #19) by vergaderinge en byeenkomste in te oefen. Sodra ons hiermee gemaklik is, sal ons dit oorweeg om die volgende en moeiliker tree te gee deur 'n eerste *Luisterplons* (Praktyk #22) te doen.

Die *veronderstelling* is dat ons gemeente reeds bewustelik daarop fokus om met God IN PAS te kom. Ons leierspan beskik oor die geloofsonderskeidende vaardighede wat nodig is om die regte praktyke en gewoontes vir ons gemeente te kan onderskei en ons hierin af te rig.

Of:

Ons gemeente is reeds op verskillende plekke en maniere in ons omliggende gemeenskap betrokke. Ons het 'n behoefte om saam ons eie en unieke gestuurde roeping te onderskei sodat ons beter kan *fokus*. Ons leierspan is tans besig om te onderskei watter een of twee praktyke by VERHELDER EN FOKUS (Ritme IV) ons hiermee sal help sodat ons daarmee kan begin.

2. Ons verbind onsself tot 'n *netwerk* van gemeentes wat saam vertrek op 'n *gestruktureerde reis*.

Die reis na missionale kerk-wees is dikwels so omvattend en veeleisend dat min gemeentes daarin slaag om dit op hulle eie deur te voer. Die heel beste resultate word bereik wanneer gemeentes

hulleself verbind om 'n netwerk te skep en saam met ander gemeentes op 'n beplande ontdekkingstog te vertrek.

Byvoorbeeld:

'n Groep *gemeentes uit verskillende tradisies* en agtergronde kom saam tot die oortuiging dat missionale kerk-wees die enigste pad vir hulle vorentoe is. Hulle ontwikkel 'n behoefte om saam met mekaar op 'n ontdekkingstog te gaan sodat hulle mekaar kan mentor en by mekaar kan leer.

Of:

Die *gemeentes binne 'n bepaalde ring* kom saam tot die ontdekking dat die demografiese veranderinge in hulle omgewing die voortbestaan van bestaande gemeentes bedreig. Die ou bekende benadering en bediening sal nie werk nie. Dringende aanpassende verandering is nodig. Daarom verbind hierdie gemeentes hulleself om saam die reis te beplan en saam te leer hoe om die uitdaginge in hulle omgewing met hoop en waagmoed tegemoet te gaan. 'n Span word aangewys om die gesamentlike reis te fasiliteer.

Vir bogenoemde gemeentes gee ons graag 'n voorstel oor hoe die praktyke, gewoontes en ritmes wat *IN PAS* beskryf, in 'n *gestruktureerde reis saam met ander* verpak kan word (termyn 3-5 jaar). Sien hiervoor die *voorstel vir 'n gestruktureerde reis saam met ander*.

3. Ons verbind onsself tot 'n *netwerk* van gemeentes wat saam vertrek op 'n semi-*gestruktureerde reis*.

Die IN PAS-materiaal skep die moontlikheid vir gemeentes om saam op reis te gaan sodat ons by mekaar kan leer, sonder dat almal noodwendig deurentyd op dieselfde tyd en plek hoef te wees. So word ruimte word geskep vir *diversiteit* en vir die gesamentlike nastreef van 'n *gemeenskaplike oogmerk*: 'n lewe en bediening IN PAS met God se beweginge in ons en deur ons.

Byvoorbeeld:

Gemeentes binne 'n bepaalde sinode of ring besluit om saam op 'n missionale ontdekkingstog te gaan ten einde mekaar aan te spoor en by mekaar te leer. Omdat elke gemeente 'n eie en unieke identiteit en konteks het, is dit belangrik om genoegsame ruimte te skep sodat elke gemeente binne die raamwerk van 'n groter leergemeenskap self die verloop van die proses in hulle eie gemeente en konteks kan bepaal.

Die verskil tussen 'n gestruktureerde en 'n semi-gestruktureerde reis kan verduidelik word met twee verskillende toergroepe. Een groep doen heeltyd alles saam – hulle is altyd op dieselfde tyd op dieselfde plek. Die ander groep toer saam en oornag in dieselfde hotelle, maar laat 'n groter vryheid aan toerlede toe – toerlede besluit self watter besienswaardighede hulle op 'n betrokke dag wil sien en verdeel in verskillende groepe!

Vir hierdie gemeentes gee ons eweneens graag 'n voorstel oor hoe die praktyke, gewoontes en ritmes van *IN PAS* binne so 'n proses verpak kan word (termyn: 3 jaar). Sien hiervoor die *Voorstel vir 'n semi-gestruktureerde reis saam met ander*.

Voorstel vir 'n *gestruktureerde reis* saam met ander (3 -5 jaar)

Die onderstaande voorstel vir 'n gesamentlike reis van geloofsonderskeiding is gebaseer op die proses wat deur Pat Keifert en die Church Innovations Institute of America (CII-NA) ontwikkel is en sedert 2004 deur Communitas en die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeente (SAVGG) vir die Suid-Afrikaanse konteks aangepas is. Die reis is gebaseer op Everett Rogers se model van ontluikende vernuwing (*Diffusion of Innovation*) en hou rekening met die feit dat mense van mekaar verskil wat betref hulle openheid tot verandering.

'n *Geloofsonderskeidende reis* verskil radikaal van prosesse vir strategiese beplanning en bestuur. Gemeentes wat vinnige resultate, strategieë of programme van die reis verwag, is 100% gewaarborg om teleurgestel te word! Ons dink nie planne uit wat ons vir God kan doen nie; ons leer om *God se beweginge* te *onderskei* en om daarmee *IN PAS* te kom.

Die *verwagte uitkoms* is dat gemeentes gedurende hierdie geloofsonderskeidende reis begelei word om die ritmes, gewoontes en praktyke in te oefen wat hulle kan help om stelselmatig IN PAS te kom met God se beloofde en voorkeurtoekoms vir die gemeente en vir hulle omliggende gemeenskap. Die leierskap van elke deelnemende gemeente word deurlopend bemagtig om hierdie reis van onderskeiding en deelname aan God se beweginge (*missio Dei*) in hulle eie plaaslike gemeente te kan begelei.

Die voorgestelde reis verloop in vyf fases en sluit tien netwerk-byeenkomste in. Elke fase het 'n eie fokus en verwagte uitkoms. Verskillende ritmes, gewoontes en oefeninge word tydens elke fase deurlopend deur gemeentes ingeoefen. Die tien byeenkomste strek oor 'n periode van drie jaar (drie netwerk-byeenkomste per jaar plus een). Dit is moontlik om die periode te verleng indien gemeentes sukkel om die pas vol te hou. Dit is egter belangrik om die proses nie te lank uit te rek nie sodat gemeentes nie belangstelling verloor en kontinuïteit verlore gaan nie.

Om deurlopend in Lukas 10:1-12 te wandel is kernbelangrik. Hierdie teks en praktyk is die vertrekpunt waarvandaan die hele reis onderneem word. Ons hou enduit en by alle byeenkomste hiermee vol.

Ons gee 'n kort oorsig oor en beskrywing van die verskillende fases van die reis en 'n voorstel vir die beplanning van elk van die nege netwerk-byeenkomste. Ons sal telkens aandui watter ritmes, gewoontes en praktyke van *IN PAS* toepaslik is.

'n Geloofsonderskeidende Reis



FASE 1: *Besluitneming en voorbereiding*.

Fase 1 behels die proses van *besluitneming* en *voorbereiding* wat nodig is om so 'n opwindende en omvattende reis saam met ander suksesvol te kan aanpak.

Stap 1 Begin om as leierspan by alle geleenthede *in Lukas 10:1-12 te wandel* (Praktyk #11).
Stap 2 Maak seker julle is vertroud met die aard van die reis. Neem die *besluit* en maak die *verbintenis*.
Stap 3 Stel die *begeleidingspan* saam om hierdie reis saam met die kerkraad in die gemeente te begelei (Praktyk #7).
Stap 4 Kies die *leier* van die *luisterspan* wat saam die *Leesverslag* (Praktyk #4) gaan doen.
Stap 5 Kies die *leier* van die span wat die *gemeenskapsanalise* (Praktyk #32) gaan doen.
Stap 6 Stel die *datum* vas van die *eerste netwerk-byeenkoms* en reël met die leraars, begeleidingspan, luisterleier en leier vir die gemeenskapsanalise om teenwoordig te wees.

FASE 2: *Ontdekking*

Fase 2 strek oor netwerk-byeenkomste 1 tot 4 en fokus op *ontdekking*.

Leierspanne in gemeentes word gedurende hierdie fase begelei om saam met die gemeente (of ten minste saam met die *innoveerders* en *vroeë aanpassers* in die gemeente) die volgende opwindende en inspirerende ontdekkinge te maak:

- Ons ontdek God as 'n *lewende God wat persoonlik en handelend in ons wêreld optree*.

  Pat Keifert wys daarop dat gemeentes dikwels op maniere dink en werk wat dit wil laat lyk asof hulle vir alle praktiese doeleindes ateïsties, of minstens sekulêr, is (*Ons is nou hier* 2007:53-55). As die *missio Dei* die vertrekpunt vir ons reis is, word hierdie aannames uitgedaag en ontdek ons God as die lewende God wat persoonlik en handelend in ons wêreld en lewe optree. God roep ons nie om iets vir Hom of namens Hom te doen nie, God roep ons om *by Hom aan te sluit* en *IN PAS te kom* met sy beweginge in ons gemeente en omliggende gemeenskap. Daarom anker ons as gestuurde gemeentes onsself in *LUISTER EN ONDERSKEI* (Ritme II) as 'n daaglikse lewensritme ten einde met die lewe en beweginge van God Drie-enig IN PAS te kan kom.

- Ons ontdek ons eie *identiteit*, *gemeentekultuur* en *gawes*.

  God het elke gemeente op 'n eie en unieke wyse gevorm en voorberei vir sy unieke en gestuurde roeping vir hierdie gemeente en gemeenskap. Daarom skep ons gedurende fase een 'n luisterspan en luisterproses vir die ontdekking van ons eie gemeentekultuur. Die resultaat van hierdie proses word aan ons gegee as 'n "leesverslag". Ons kry ook insig in die gestuurde patrone wat God reeds as geskenk aan ons gegee het en waarop ons vir die verdere verloop van ons reis kan voortbou.

  > Ons identiteit vloei voort uit Wie God is. God stel Homself aan ons bekend as 'n sturende God: die Vader stuur die Seun, en Vader en Seun stuur die Heilige Gees. Daarom kan ons nie anders as om 'n gestuurde kerk te wees nie. Ons word opgeneem in en ingesluit by God se sending in ons wêreld.

- Ons ontdek die *kultuur, nood en gawes in die omliggende gemeenskap*.

Ons uitgangspunt is dat God reeds in ons omliggende gemeenskap besig is om die nuwe wêreld te skep waarvoor Christus gesterf en opgestaan het. Daarom help ons gemeenskapsanalise-span ons om te luister en te ontdek wat die unieke kultuur, nood en uitdaginge in ons omliggende gemeenskap is. Terselfdertyd ontdek ons hoe God reeds in ons omgewing teenwoordig en aan die werk is. Die bevindinge word saamgevat in die gemeenskapsanalise.

Egte luister gaan gepaard met die aflegging van mag en die opskorting van eie vooroordele. Luisterleiers tree altyd op vanuit 'n bedelaarsposisie en 'n houding van nie-weet-nie. So stel hulle die voorbeeld en skep 'n ruimte waarbinne egte luister kan plaasvind.

Dit is kernbelangrik dat die hele gemeente deurgaans deel sal wees van die ontdekkingstog. Skep deurlopend geleenthede om ontdekkings wat gemaak is, met die gemeente te deel en te vier. Nooi hulle uit om deel te neem. Die verwagte uitkoms is dat (ten minste) die innoveerders en vroeë aanpassers aan die einde van Fase 2 reeds deel van die reis sal wees.

Fase 2 word afgesluit met 'n kerkraadsretraite waartydens die kerkraad en taakspan vyf (minstens drie) gestuurde uitdaginge vanuit die gemeenskapsanalise identifiseer. Twee gestuurde verkenningspanne word saamgestel om as deel van Fase 3 onder leiding van 'n mentor die gestuurde uitdaginge te gaan besoek, te luister en te leer.

Die volgende dokumente word gedurende Fase 2 opgestel: die L*eesverslag* (eie gemeentekultuur); 'n *gemeenskapsanalise*; en 'n *plan* om ons *prioriteit gestuurde patroon* dieper en breër in die lewe van ons gemeente te vestig. Hierdie dokumente is belangrik vir die verdere proses van geestelike onderskeiding.

Oorweeg die volgende *riglyne* vir die *eerste vier netwerk-byeenkomste* (Fase 2):

BYEENKOMS 1: ORIËNTERING

Verwagte uitkoms

Begeleidingspanne, luisterspanne en spanne vir die gemeenskapsanalise het 'n duidelike prentjie en regte verwagting van die reis wat voorlê en is voorberei vir die onmiddellike take wat hulle sal verrig. Wandel in die Woord word ingeoefen.

Verwelkoming

Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord – Lukas 10:1-12. (Praktyk #11)

Mentor & Bespreek

1. Doen 'n oorsig van die *inhoud* en *verwagte uitkoms* van die voorgestelde reis.
2. Bespreek *Everett Rogers se model van ontluikende vernuwing* en *mense se openheid tot verandering*. (Sien *Mense se openheid tot verandering*, p.15.)
3. Verkry duidelikheid oor die verskil tussen 'n proses vir *strategiese beplanning* en 'n *reis van geloofsonderskeiding*
4. Doen na afloop van punte 1 tot 3 afsonderlik die *oriëntering* en *opleiding* van die begeleidingspanne (Praktyk #7), luisterspanne (Praktyk #4) en spanne vir die gemeenskapsanalise (Praktyk #32).
5. Bepaal *datum* vir volgende netwerk-byeenkoms.

Opdragte

1. Wandel by alle byeenkomste in die gemeente in Lukas 10:1-12.

2. Die luisterspan voer die luister-onderhoude, dokumenteer die bevindinge van hulle luisterproses, stuur dit aan die Eenheid vir Innovasie en Transformasie (innovation@sun.ac.za), bespreek die bevindinge en oorhandig die finale *Leesverslag* aan die begeleidingspan ter voorbereiding vir die volgende netwerk-byeenkoms. Teken julle bevindinge aan.
3. Die span vir die gemeenskapsanalise begin met hulle luisterproses om die nood en gawes van die gemeenskap te ontdek.
4. Stel 'n plan op met die oog daarop om ten minste die *innoveerders* en *vroeë aanpassers* in die gemeente te identifiseer en by die reis te betrek.

BYEENKOMS 2: GEMEENTEKULTUUR (LEESVERSLAG).

Verwagte uitkoms

Die bevindinge van die Leesverslag (eie gemeentekultuur) word hanteer. Begeleidingspanne verkry insig in die aard van prosesse vir gesamentlike geloofsonderskeiding en is toegerus om die gestuurde patrone vir ons gemeente te identifiseer.

Verwelkoming

Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Leer

Skep geleentheid vir netwerk-gemeentes om met mekaar te deel hoe die *luisterproses* verloop het en wat hulle oor hulle eie gemeentekultuur ontdek het (Leesverslag). Skep tweeling-gemeentes vir hierdie gesprekke.

Mentor & Bespreek

1. Belig en bespreek die proses van *gesamentlike geloofsonderskeiding* in gemeentes met die oog daarop om die gestuurde roeping van die gemeente te kan onderskei.
2. Lei 'n kort bespreking oor elk van die *agt patrone* van gestuur-wees (*Treasure in Clay Jars*-Praktyk #5)
3. Bepaal die datum vir die volgende netwerk-byeenkoms.

Opdragte

1. Gaan voort om by alle gemeentelike byeenkomste *in Lukas 10:1-12 te wandel.*
2. Bestudeer die *patrone vir gestuur-wees* (*Treasure in Clay Jars*).
3. Organiseer 'n *gemeentebyeenkoms* (ten minste 10% van kerkbywoning) met die oog op die *gesamentlike onderskeiding* van *drie gestuurde patrone* wat die Gees reeds aan die gemeente gegee het. Berei voor om netwerk-gemeentes by die volgende byeenkoms hieroor in te lig.

BYEENKOMS 3: GEMEENTEKULTUUR (PATRONE VAN GESTUUR-WEES).

Verwagte uitkoms

Die onderskeiding van gestuurde patrone word afgehandel en bespreek. Begeleidingspanne begryp die impak van kontekstuele skuiwe op die gemeente en verkry insig in die aard van verandering wat nodig is.

Verwelkoming

Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Leer

Skep geleentheid vir netwerk-gemeentes om met mekaar te deel hoe die gemeentebyeenkoms verloop het en wat hulle oor hulle eie patrone van gestuur-wees ontdek het. (Hanteer die gesprek in tweeling-gemeentes of in die groter groep.)

Mentor & Bespreek

1. Belig en bespreek die skuif vanaf 'n Christendom na 'n Post-Christendom konteks en die impak hiervan op kerk-wees.
2. Belig en bespreek die verskil tussen tegniese en aanpassende verandering in die lig van die veranderde konteks waarbinne gemeentes leef en werk. (Sien *Nog 'n manier om hierna te kyk*, p.14)
3. Bepaal die datum vir die volgende netwerk-byeenkoms.

Opdragte

1. Gaan voort om by alle gemeentelike byeenkomste *in Lukas 10:1-12 te wandel.*
2. Finaliseer die gemeenskapsanalise en berei voor om netwerk-gemeentes by die volgende byeenkoms hieroor in te lig.
3. Besoek julle tweeling-vennoot om van mekaar te leer en mekaar te ondersteun.
4. *Nooi die kerkraad* na die volgende netwerk-byeenkoms.

BYEENKOMS 4: DIE OMLIGGENDE GEMEENSKAP (GEMEENSKAPSANALISE).

Verwagte uitkoms

Taakspanne en kerkrade word toegerus vir die uitstuur van verkenningspanne en die identifisering van die gestuurde uitdaginge; en word voorberei om die prioriteitspatroon in die gemeente te verdiep.

Verwelkoming

Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Mentor

Fasiliteer geleentheid vir netwerk-gemeentes om te deel wat hulle ontdek het uit die gemeenskaps-analise wat gedoen is. Hanteer hierdie gesprekke in die tweeling-gemeentes of in die groter groep.

Inset

1. Gestuurde verkenningspanne en die gestuurde verkenningspiraal.
2. Kerkraadsretraite met die oog op die onderskeiding van (drie) gestuurde uitdaginge.
3. Beplanning vir die verdieping van gestuurde patrone.
4. Bepaal datum vir volgende netwerk-byeenkoms.

Opdragte

1. Gaan voort om by alle gemeentelike byeenkomste in Lukas 10:1-12 te wandel.
2. Organiseer en hou 'n kerkraadsretraite.
3. Implementeer julle prioriteit-patroon.
4. Berei voor om by die volgende byeenkoms terugvoer te gee.
5. Nooi mentors vir die luisterplons (Praktyk #22) na die volgende vergadering.

FASE 3: *Verkenning & Eksperimentering*

Fase 3 strek oor byeenkomste 5 en 6 en fokus op v*erkenning* en e*ksperimentering*. Hierdie is waarskynlik die mees uitdagende fase op die reis na gestuur-wees. Gemeentes wat nie oor die waagmoed beskik om die risiko's wat hierdie fase vereis, te neem nie en fase 3 óf afwater óf probeer oorslaan, sal nie daarin slaag om die aanpassende veranderinge te maak wat missionale kerk-wees vereis nie.

Die *fokusgroep* wat ons hoop om gedurende fase 3 deel te maak van die reis, is die denkende, progressiewe leiers wat die proses verder kan voer en bereid is om te waag en te eksperimenteer, asook die *vroeë meerderheid* of "denkendes". Die vroeë meerderheid aanvaar verandering net voor die gemiddelde lid van die sisteem en is 'n belangrike skakel tussen die vroeë aanpassers en die laat meerderheid. Hulle is nie die leiers in verandering nie. Daarom is dit belangrik om die vroeë aanpassers reeds in fase 2 aan boord te kry. Húlle, en nie die predikante nie, is die beïnvloeders wat die reis aan die beweeg kry.

Gedurende Fase 3 vestig ons die gewoontes wat verband hou met die ritme om te WAAG en te EKSPERIMENTEER (Ritme III). Ons kweek die gewoontes om die *vreemde te betree* (Gewoonte 7), om *vennootskappe te bou* (Gewoonte 8), en om te *eksperimenteer* (Gewoonte 9). Die praktyke om te plons (Praktyke #22 en #27) en om bruggemeenskappe te vorm (Praktyk #25), is belangrike boustene in hierdie proses.

In die proses leer ons om *risiko's* te neem en om *grense oor te steek*. Ons kweek die waagmoed om te *eksperimenteer*, *mislukking te waag*, en *daaruit te leer* ("successful failures"). Die fokus val op lae risiko eksperimente met drie doelstellings: 1. Dit bring sekerheid dat dít die mense is na wie God ons stuur. 2. Eksperimentering sal geen groot skade of ontwrigting vir die gemeente meebring nie. 3. Die eksperimente gee rigting aan die veranderinge wat beide partye moet aanbring. Die vraag of die eksperiment 'n rimpeling deur die hele sisteem sal stuur en al die fasette van die gemeentelike lewe daardeur aangepas sal word, dien as kriterium.

Wanneer ons oor grense beweeg, is dit van die allergrootste belang dat ons dit sal doen met die ingesteldheid om te *luister* en met die gesindheid van 'n *dienskneg*. Ons gaan besoek die gemeenskap met die oog daarop om te *luister* en om te *leer*. Ons dink nie dat ons beter weet nie en probeer ook nie om raad te gee nie. Ons verwag om saam met die gemeenskap te ontdek wat God reeds besig is om te doen en hoe ons saam met hulle daarby kan aansluit. Ons weet ook dat God reeds aan hierdie gemeenskap die gawes gegee het wat hiervoor nodig is, en dat Hy ook vir ons deur hulle wil verander sodat ons saam 'n verskil kan maak.

Bo en behalwe die beplanning vir die plonse, word die volgende *dokumente* tydens fase 3 opgestel: Die luisterplons word afgesluit met die dokumentering van die *gawes en bronne van die gemeenskap* na wie God die gemeente stuur. 'n *Aksieplan vir gestuurdheid* ("Missional Action Plan") word na afhandeling van die eksperimentele plonse opgestel en aan die kerkraad en gemeente voorgelê vir onderskeiding en goedkeuring.

Oorweeg die volgende *riglyne* vir *netwerk-byeenkomste 5 en 6* (Fase 3):

BYEENKOMS 5: PLONS & LUISTER.

Verwagte uitkoms

> Die gestuurde uitdaginge word onderskei en afgehandel. Netwerk-gemeentes begryp dat ons nie oor die vermoë beskik om die mense na wie die Here ons stuur, te bedien nie. Daarom luister en leer ons, en ons ontdek watter gawes reeds in die gemeenskap bestaan. Mentors is opgelei en voorberei om 'n luisterplons te begelei.

Verwelkoming

> Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Mentor

Fasiliteer ŉ gesprek sodat netwerk-gemeentes kan deel hoe die kerkraadsretraite afgeloop het en watter gestuurde uitdaginge onderskei is. Laat gemeentes ook terugvoer gee oor die verdieping van hulle prioriteit-patroon.

Inset

1. Die twee-fase plons as verkenningsoefening
2. Beplanning en implementering van ŉ luisterplons (Praktyk #22)
3. Mentor-opleiding
4. Datum vir volgende netwerk-byeenkoms.

Opdragte

1. Gaan voort om by alle gemeentelike byeenkomste in Lukas 10:1-12 te wandel.
2. Gaan voort met die verdieping van die prioriteitspatroon.
3. Stel aksieplanne op vir die verkenningspanne om luisterplonse te doen en om ŉ gemeentebyeenkoms te hou.
4. Dokumenteer die gawes en bronne van die gemeenskap by wie ons plons.
5. Berei voor om netwerk-gemeentes by die volgende byeenkoms oor bogenoemde in te lig.

BYEENKOMS 6: PLONS & EKSPERIMENTEER

Verwagte uitkoms

Netwerk-gemeentes is toegerus en gereed om saam met ŉ bruggemeenskap ŉ lae risiko eksperiment uit te voer.

Verwelkoming

Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Mentor

Fasiliteer ŉ gesprek sodat netwerk-gemeentes kan deel wat hulle met die luisterplonse geleer/ontdek het; asook oor vordering met die verdieping van hulle prioriteit-patroon.

Inset

1. Die vorming van bruggemeenskappe (Praktyk #25).
2. Beplanning en uitvoering van ŉ eksperimentele plons (Praktyk #27).
3. Datum vir volgende netwerk-byeenkoms.

Opdragte

1. Gaan voort om by alle gemeentelike byeenkomste in Lukas 10:1-12 te wandel.
2. Finaliseer die luisterplonse.
3. Stel SMART-planne op (Sien p.143, 144) vir die eksperimentele spanne en eksperimenteer met lae risiko eksperimente. Dokumenteer die proses en bevindinge.
4. Hou ŉ gemeentebyeenkoms, voer gesprek oor die eksperimente en nooi uit tot deelname.
5. Berei voor om netwerk-gemeentes by die volgende byeenkoms oor bogenoemde in te lig.

FASE 4: *Visionering & Beliggaming*

Fase 4 omsluit byeenkomste 7, 8 en 9 en fokus op *visionering* en *beliggaming*. Die ontdekking, verkenning en eksperimentering van fases 3 en 4 word opgeneem in ŉ proses om die *spesifieke roeping vir óns gemeente in sy plaaslike konteks* te *onderskei* en om die bediening van ons gemeente *hiermee IN PAS te bring*. Die kerkraad neem hiervoor verantwoordelikheid en begelei die proses in samewerking met die begeleidingspan.

Gedurende fases 1 tot 3 is deurlopend gepoog om die gemeente op hoogte te hou van en in te nooi tot deelname aan die proses. Deur rekening te hou met mense se aanpasbaarheid tot verandering is die *fokusgroep* telkens verbreed. Die verwagting is dat ons aan die einde van fase 4 reeds *'n kritiese getal lidmate* (15 tot 20% van die gemeente se aktiewe of meelewende lidmate) se denke aangegryp het en hulle gewoontes verander het.

Die verwagte *uitkoms* vir fase 4 is die *onderskeiding van ons eie en unieke gestuurde roeping* as gemeente en 'n plan vir die beliggaming hiervan in ons gemeente en gemeenskap. Geen gemeente kan alles vir almal wees nie. Daarom moet ons as leiers en gemeentes leer om God se *unieke belofte en voorkeur-toekoms* vir ons spesifieke gemeente en gemeenskap te *onderskei* en daarop te *fokus*. 'n Houding van *afhanklikheid van God se leiding* deur die Heilige Gees en 'n *sensitiwiteit om God se stem te hoor* is krities gedurende hierdie fase.

'n Verheldering van fokus impliseer dat sekere dinge in die gemeente voortaan anders gedoen gaan word. Daarom word hierdie fase afgesluit met 'n gesprek met alle leiers en personeel in ons gemeente ten einde rolle uit te klaar. Elkeen se taak is vir almal deursigtig en ons kan mekaar verantwoordelik hou sodat die regte werk teen die regte tyd en met die regte kwaliteite afgehandel word.

Die volgende dokumente word gedurende fase 4 opgestel: 'n Bewoording van die gemeenteroeping; 'n langtermyn bedieningsplan om die roeping van die gemeente te beliggaam; 'n langtermyn bedieningsplan vir die voortsetting van die reis; en 'n leierspanverbintenis ("Staff Covenant").

Oorweeg die volgende *riglyne* vir *netwerk-byeenkomste 7 tot 9* (Fase 4):

BYEENKOMS 7: GESTUURDE ROEPING – NA WIE STUUR DIE HERE ONS?

Verwagte uitkoms

> Die leierspanne van netwerk-gemeentes word voorberei en is gereed vir die proses om saam met die kerkraad en gemeente te onderskei na wie die Here vir ons as gemeente stuur.

Verwelkoming

> Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Mentor

> Fasiliteer 'n gesprek sodat netwerk-gemeentes kan deel wat gebeur het tydens hulle gemeente-vergaderinge; wat hulle geleer/ontdek het uit die eksperimente wat gedoen is; en hoe hulle vorder met die implementering van hulle prioriteit-patroon.

Inset

> Fasiliteer 'n proses om gemeentes te begelei met die ontwerp van 'n SMART-plan (Sien p.143, 144) sodat die gemeente deur geloofsonderskeiding by God kan hoor na wie Hy die gemeente stuur.

Opdragte

1. Die vorming van bruggemeenskappe (Praktyk #25).
2. Wandel by alle byeenkomste in Lukas 10:1-12
3. Finaliseer die eksperimente.
4. Verkry saam met die kerkraad konsensus oor die groep/gemeenskap na wie die Here vir ons as gemeente stuur.

5. Hou 'n gemeentevergadering/gesprekke na aanleiding van jul SMART-plan (bywoning 20% van erediensgangers) om die eksperimente te bespreek. Verkry saam met die gemeente konsensus oor die groep/gemeenskap na wie die Here vir ons as gemeente stuur.
6. Berei voor om netwerk-gemeentes by die volgende byeenkoms oor bogenoemde in te lig.

BYEENKOMS 8: GESTUURDE ROEPING – ONDERSKEIDING & VERWOORDING.

Verwagte uitkoms

Netwerk-gemeentes word voorberei en is gereed vir die proses om saam met die kerkraad en gemeente die gemeenteroeping te onderskei en te verwoord.

Verwelkoming

Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Mentor

Fasiliteer 'n gesprek sodat netwerk-gemeentes hulle ervaringe kan deel met die proses om die mense *na wie die Here hulle stuur* te onderskei. Het hulle bevestiging gekry oor hulle gestuurde fokus? Hoe het die byeenkoms met die gemeente verloop?

Inset

Fasiliteer 'n proses om gemeentes te begelei met die onderskeiding en verwoording van 'n gemeenteroeping (Praktyk #35).

Opdragte

1. Wandel by alle byeenkomste in Lukas 10:1-12
2. Finaliseer die gemeenteroeping.
3. Lê die roeping aan die kerkraad voor en verkry konsensus oor die bewoording.
4. Belê 'n gemeentevergadering (bywoning 25% van erediensgangers). Bespreek en verkry konsensus oor die gemeenteroeping.
5. Berei voor om netwerk-gemeentes by die volgende byeenkoms oor bogenoemde in te lig.

BYEENKOMS 9: PERSONEELVERBINTENIS EN BEDIENINGSPLAN.

Verwagte uitkoms

Netwerk-gemeentes word toegerus om die taakomskrywing van personeel met die bedieningspraktyk van die gemeente en met die gemeenteroeping te belyn.

Verwelkoming.

Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Mentor

Versoek netwerk-gemeentes om hul drie gestuurde patrone en gemeenteroeping op 'n blaaibordvel te skryf en te vertel wat hulle geleer/ontdek het uit die proses om hulle roeping te verwoord. Netwerk-gemeentes kry ook geleentheid om te deel wat hulle uit die gemeentebyeenkoms geleer/ontdek het.

Inset

1. Die Leierspanverbintenis (Praktyk #41).
2. Belyn die gemeente se aktiwiteite om die gestuurde roeping te beliggaam (Praktyk #40).

Opdragte

1. Wandel by alle byeenkomste in Lukas 10:1-12
2. Doen 'n langtermynbeplanning saam met die kerkraad vir die beliggaming van die gemeenteroeping (Praktyke #39 en #40).
3. Evalueer saam met die kerkraad julle indrukke en ervaring van die reis. Watter van die gestuurde patrone het reeds deel geword van ons gemeentelike lewe?
4. Berei voor om netwerk-gemeentes by die volgende byeenkoms oor bogenoemde in te lig.

FASE 5: *Verbreed & Verdiep*

Die reis na gestuurde kerk-wees is nooit afgehandel nie. Die lewenslange uitdaging wat nou vir ons voorlê, is om elke keer te vra: Hoe kan ons ons eie gestuur-wees *verbreed* en *verdiep* sodat dit meer en meer deel word van die daaglikse ritme en lewe van ons gemeente. Wat kan ons doen (of moet ons aanhou om te doen) sodat die stroom van God se lewe in ons en deur ons al dieper en breër vloei en meer en meer mense binne en buite die gemeente hierdeur geraak word?

Hierdie laaste en deurlopende fase op ons reis skop af met ons tiende en laaste formele netwerk-byeenkoms. By hierdie geleentheid reflekteer ons saam oor die verloop van die reis tot hier. Terselfdertyd besin ons saam oor die pad vorentoe. Wil ons steeds met mekaar in kontak bly om saam te leer en saam te groei? Indien wel, watter soort netwerk het ons hiervoor nodig? Wat is die aard van die voortgesette verbintenis wat ons hiervoor aan mekaar wil maak?

Oorweeg die volgende *riglyne* vir *netwerk-byeenkoms 10* (Fase 5):

BYEENKOMS 10: REFLEKSIE & VOORTGESETTE VERBINTENIS.

Verwagte uitkoms

> Netwerk-gemeentes reflekteer oor die impak van die reis op ons onderskeie gemeentes en besin saam oor die pad verder vorentoe.

Verwelkoming

> Die gasheergemeente hanteer die opening, bekendstelling en logistieke reëlings.

Wandel in die Woord (Lukas 10:1-12)

Deel & Mentor

> Gee aan elke netwerk-gemeente geleentheid om terugvoer te gee oor hul langtermyn bedieningsplan. Koppel gemeentes wat dalk mag sukkel aan gemeentes wat die taak suksesvol aangepak het.

Inset

1. Terugvoer op die reis. Netwerk-gemeentes kry geleentheid om terugvoer te gee oor die reis van die afgelope drie jaar.
2. Die reis vorentoe. Fasiliteer 'n gesprek sodat gemeentes saam kan besluit oor die pad vorentoe? Is daar 'n behoefte om steeds op een of ander manier saam te reis en by mekaar te leer? Indien wel, hoe kan so 'n netwerk geskep word? (Sien Praktyk #8.4-11 vir 'n voorstel)

Voorstel vir ŉ *semi-gestruktureerde reis* saam met ander (3 jaar)

Hierdie is ŉ raamwerk vir 3 jaar wat ŉ netwerk van gemeentes kan gebruik waar almal nie op dieselfde plek is met hulle reis nie, byvoorbeeld in ŉ sinode. Alhoewel die eerste vier byeenkomste elke keer fokus op een van die ritmes, beteken dit beslis nie dat almal na drie jaar al die ritmes en gewoontes sal bemeester en benut nie. ŉ Kultuurverandering is iets wat oor jare eerder as maande plaasvind.

Die onderlinge ooreenkoms is om vir drie jaar lank twee keer per jaar bymekaar te kom en mekaar te ondersteun op die plek waar elkeen is. Die klem val daarop om by mekaar te leer.

Met elke byeenkoms volg ons breedweg die buitelyne van die Luistersiklus. Om te kan "Luister en Onderskei" lê in die wese van gestuurde mense en gemeentes. Daarom doen ons dit ook by elke byeenkoms: wat is God besig om te doen en hoe kan ons daarby aansluit?

Dit is ook noodsaaklik om by elke byeenkoms aandag te gee aan die persoonlike roeping en lewe van die predikant as gestuurde mens, nie net aan wat hy/sy doen of aan die bediening van die gemeente nie. Die eerste en deurslaggewende kenmerk van missionale leiers is dat hulle self die roeping as gestuurdes uitleef (Sien Gert Cordier se proefskrif in hierdie verband).

BYEENKOMS 1 (JAAR 1)

Kontraktering

Wat is die aard van hierdie groep (leergemeenskap)? Wat kan ons verwag en wat word van elkeen verwag? Hou die volgende in gedagte:

- Hierdie groep se bestaansrede is om ons te help met die vestiging van ‘n nuwe kultuur in ons gemeentes. Hierdie kultuur is dié van ‘n gemeente wat homself verstaan as mense wat God na die wêreld volg. Wie God is en wat die Drie-enige God doen, bepaal fundamenteel hoe ons oor onsself dink.
- Hierdie is nie ‘n vergadering nie, maar ‘n byeenkoms van reisgenote.
- Ons kom tot stilstand in die teenwoordigheid van God.
- Ons reflekteer oor God se werk in, om en deur ons. Ons praat oor die geleenthede waar God ons ontwrig en waar Hy ons bevestig, waar ons slaag en misluk.
- Ons skep veilige ruimtes waarin ons sonder vrees vir beoordeling in die spieël kan kyk en dit met mekaar kan deel. Ons kom ooreen wat vertroulik in een-tot-een gesprekke bly en wat in die groot groep gedeel kan word.
- Ons vier wat God in en deur ons doen.
- Ons luister na die Woord, na mekaar en na ander stemme. Ons is bedag daarop dat God uit sy Woord sowel as uit ander se ervarings en insigte met ons praat.
- Ons verstaan dat dit in hierdie proses nie gaan oor die ontwikkeling van ‘n paar projekte nie, maar oor die vestiging van ‘n nuwe kultuur in ons gemeentes. Daarom is die dinge wat ons oor en oor doen (gewoontes) belangriker as groot "*events*" nou en dan.
- Ons leer by mekaar, uit ons mislukkings en uit "suksesverhale" en die beste praktyke wat daaruit voortkom.
- Ons hou mekaar aanspreeklik vir ons groei. Ons verstaan dat die kultuurtransformasie van gemeentes staan en val by die transformasie van die predikant as missionale leier.
- Ons deel met mekaar hoe ons God se roeping vir ons hoor, maar ook as ons nie reg gehoor het nie.
- Ons deel vryelik wat ons het en wat ons op die reis ontvang: ervarings, nuwe materiaal en kennis, insigte, begrip en ondersteuning.

Inrigting van die byeenkoms

Die eerste byeenkoms *fokus* op die ritme van *LUISTER EN ONDERSKEI*.

Rig die hele byeenkoms volgens die Luistersiklus in om dit gewoond te raak en in te oefen.

Elke byeenkoms begin met REFLEKTEER EN VIER. Gebruik die eerste twee bewegings van die Luistersiklus om saam te reflekteer oor die Here se beweging in die deelnemers en die gemeentes se lewens.

1. Kom tot rus

   Gee kans dat elkeen op sy/haar eie sit en tot stilstand kom.

   Deel van die tot rus kom, is om te reflekteer oor wat in julle persoonlike lewens en in die gemeentes aangaan. Skryf dit op.

   Vertel julle stories. Deel die groep twee-twee op en gespreksgenote vertel vir mekaar wat in julle lewens aangaan. Maak notas om met die groter groep te deel. Klaar met mekaar uit wat is vir die groter groep bedoel en wat is vertroulik.

   Die volgende vrae kan struktuur gee aan die refleksie en die deel met mekaar:

   - Wat is nou vreugdes en moeilike dinge in jou lewe?
   - Wat doen die Gees nou in jou lewe?
   - Hoe hoor jy God se roeping om ’n gestuurde gemeente te lei?
   - Waarom het julle deel geword van die gemeenskap van gemeentes wat saam reis?
   - Waarmee is julle gemeente besig? Waar trek julle op die reis na gestuurdheid?
   - Waarmee is God met julle besig en hoe gebruik God julle reeds?

2. Elkeen kry geleentheid om te deel wat hy/sy in die gesprek met die gespreksgenoot gehoor het. Die manier waarop die groep hierdie afskop hanteer, is uiters belangrik. Dit moet van die begin die werkswyse vestig dat ons waarderend na mekaar se stories luister en fokus op dit wat God reeds in en deur elke gemeente doen. Dit moet duidelik wees dat ons nie probleemgesentreerd werk nie, maar fokus op ons sterkpunte en God se werk in ons.

   Ons is in die kerk nie noodwendig gewoond om mekaar se sterkpunte en goeie werk te vier nie. Waarderende ondersoek leer ons egter dat dit juis hierdie dinge is wat ‘n gemeente vorentoe neem. Lees die gedeelte oor Waarderende Ondersoek deeglik deur.

3. Die fokus skuif nou na **LUISTER EN ONDERSKEI**.

   Luister na die WOORD: Die leier kies ‘n gepaste gedeelte uit die Skrif wat gaan oor God se teenwoordigheid of die hoor van God se stem. Gee kans dat elkeen dit op sy/haar eie kan lees en oordink.

   Luister na MEKAAR: Gee kans dat die lede van die groep hulle ervaring van God se stem met ’n gespreksgenoot deel. Dit kan dieselfde persoon van die eerste sessie wees, die groep kan ook besluit om gespreksgenote te wissel sodat julle mekaar breër leer ken. Wat sê hierdie gedeelte oor God se stem en teenwoordigheid in jou en die gemeente se lewe?

   Gee kans vir terugvoer in die groot groep.

4. Neem die gesprekke van sessies 2 en 3 verder.
   Ons werk met die beginsel van BEGIN – VERDIEP – VERBREED.

   Kyk na die praktyke in RITME 2 van die handleiding.

   - Wie gebruik reeds hierdie of ander praktyke in die gemeente om te luister en te onderskei?
   - Wat kan julle by mekaar leer hieroor?

   Wat bring God onder elkeen se aandag in die gesprekke en ons luister na die Woord? Waarmee kan ons verder gaan? Gee eers kans vir persoonlike refleksie en deel met ’n gespreksgenoot.

   - Is daar iets waarmee jyself of die gemeente moet BEGIN?

- Is daar iets waarmee julle reeds begin het, maar wat julle moet VERDIEP, beter en dieper moet doen?
- Is daar iets wat julle moet VERBREED – na meer plekke in die lewe van die gemeente moet neem?

Gee kans vir terugvoer in die groot groep.

5. Die leier skryf elkeen se voorneme op. By die volgende gesprek, oor omtrent ses maande, gaan daar geleentheid wees om terugvoer te gee oor hierdie voornemens. Dit is deel van die onderlinge ooreenkoms om mekaar aanspreeklik te hou.

   Die voorneme moet twee dele hê: iets wat te doen het met die persoonlike ontwikkeling van die predikant as missionale leier en iets oor die bediening in die gemeente.

BYEENKOMS 2 (JAAR 1)

Hierdie byeenkoms fokus op WAAG EN ONTDEK

Rig weer die byeenkoms volgens die Luistersiklus in.

1. Kom tot rus by God → elkeen reflekteer oor waar hy/sy nou is en wat in hulle lewens aan die gang is.
2. Ons deel met mekaar hoe God in julle lewens en in die gemeente aan die werk is. Doen dit weer twee-twee. Ons hou mekaar ook aanspreeklik: hoe vorder elkeen op die reis as gestuurde gemeente? Wat het gebeur met julle voornemens? Hoe het elkeen in die afgelope tyd self daarin gegroei om te kan luister en onderskei?

   Dit is belangrik dat ons veilige ruimtes skep waar niemand bedreig voel nie en almal eerlik kan wees oor ons suksesse en mislukkings. Dit is een van die belangrikste voorwaardes van gestuurde vennootskappe dat dit veilig moet wees.
3. Ons vier mekaar se suksesse, vreugdes en wat ons by mekaar leer. Gee kans in die groot groep dat elkeen iets oor hulle gespreksgenote deel waar God in hulle lewens aan die werk is.
4. Luister na die Woord: kies 'n gedeelte waar God mense roep om oor grense te gaan en hulle dit waag om God op nuwe plekke te ontdek.

   Gee kans vir persoonlike en twee-twee refleksie.

   Gespreksgenote gee terugvoer aan die groep wat hulle by mekaar gehoor en geleer het.

   Wat maak dit moeilik en wat maak dit moontlik om oor grense te gaan en te waag en ontdek?
5. Kyk na die praktyke van RITME 3: WAAG EN ONTDEK in die handleiding.
   - Wie gebruik reeds hierdie of ander praktyke in sy/haar eie lewe?
   - Wie het individue of groepe in die gemeente wat dit reeds op informele basis doen? Wie is die baanbrekers wat oor grense gaan?
   - Waar is daar reeds praktyke in gemeentes waar julle op meer georganiseerde wyse oor grense gaan, waar julle waag en ontdek?
   - Wat kan julle by mekaar leer hieroor?
6. Wat bring God onder elkeen se aandag in die gesprekke en ons luister na die Woord? Waarmee kan ons verder gaan? Gee eers kans vir persoonlike refleksie en deel met 'n gespreksgenoot.
   - Is daar iets waarmee jyself of die gemeente moet BEGIN?
   - Is daar iets wat reeds begin het, maar wat julle moet VERDIEP, beter en dieper moet doen?
   - Is daar iets wat julle moet VERBREED – na meer plekke in die lewe van die gemeente moet neem?

7. Gee kans vir terugvoer in die groot groep. Die leier skryf elkeen se voorneme op. Maak weer seker dat die voornemens ook oor elkeen se persoonlike ontwikkeling as gestuurde mens gaan, nie net oor die bediening in die gemeente nie.

BYEENKOMS 3 (JAAR 2)

Hierdie byeenkoms fokus op VERHELDER EN FOKUS maar ons begin deur te reflekteer en te vier.

Rig die byeenkoms breedweg volgens die Luistersiklus in.

1. Kom tot rus by God → elkeen reflekteer oor waar hy/sy nou is en wat in hulle lewens aan die gang is.
2. Ons deel met mekaar hoe God in julle lewens en in die gemeente aan die werk is. Doen dit weer twee-twee. Die klem in hierdie gesprekke is op die maniere waarop God julle die afgelope tyd uitgedaag en gebruik het.

   Dink ook oor verrassende dinge wat gebeur het, dinge wat julle nie beplan of beheer het nie maar waar God teenwoordig was. Waar het God jou ontwrig en waar het Hy jou bevestig?
3. Ons deel in die groot groep hoe God besig is om in die wêreld te beweeg en waar ons deel kon wees daarvan. Op watter maniere gee hierdie stories vir ons hoop?

   Rig 'n klein liturgie van aanbidding in waarin ons hierdie stories met dankbaarheid vier.
4. Ons hou mekaar aanspreeklik: hoe vorder elkeen op die reis as gestuurde gemeente? Het julle in die afgelope jaar beleef dat die Here julle op verrassende paaie gelei het, moontlik anders as wat julle self kon voorsien? Waar het jyself gewaag om oor grense te gaan en wat het jy ontdek? Watter nuwe mense het jy leer ken wat in God se wingerd werk?
5. Luister na die Woord: lees 'n gedeelte oor hoe God mense se planne gebruik om sy wil uit te voer (bv 1 Kronieke 13:1-8, Spreuke 21:1-5).

   Deel twee-twee en dan in die groot groep wat julle opval uit hierdie gedeelte.

   Praat ook oor die volgende: in die Bybel word meestal negatief gepraat oor mense se planne. Dit word dikwels voorgehou as 'n geknoei van mense en staan teenoor God se wil. Waarom is dit uiters belangrik dat ons dit in ag sal neem as ons praat oor hoe om die roeping van die gemeente te verhelder en daarop te fokus?
6. Kyk na die gewoontes en praktyke van RITME 4 van die handleiding.

   - Wie gebruik reeds hierdie of ander praktyke in die gemeente?
   - Wat kan julle by mekaar leer hieroor?
   - Hoe kan ons mekaar help om God se roeping vir die gemeente helder te onderskei?
7. Gebruik weer die vrae oor BEGIN, VERDIEP en VERBREED om na te dink oor die pad vorentoe. Ons dink na oor die vestiging van die ritmes en gewoontes in die gemeente ten opsigte van:
   Reflekteer en Vier
   Luister en Onderskei
   Waag en Ontdek

   - Is daar gewoontes en praktyke wat julle reeds begin doen het, maar wat julle moet VERDIEP, wat julle beter en dieper moet doen?
   - Is daar gewoontes en praktyke wat julle moet VERBREED – na meer plekke in die lewe van die gemeente moet neem?
   - Is daar iets waarmee julle in die gemeente moet BEGIN?

Onthou dat die dinge wat julle oor en oor doen, die kultuurdraers in die gemeentelewe is. Mens weet dat iets deel van die kultuur van die gemeente geword het as dit jou nie meer verbaas wanneer dit gebeur nie, dit het 'n gewoonte, die nuwe normaal geword. Dit is waaroor hierdie hele proses gaan.

8. Gee kans vir terugvoer in die groot groep. Die leier skryf elkeen se voorneme op. Tydens die volgende byeenkoms gaan ons hieroor gesels.

BYEENKOMS 4 (JAAR 2)

Hierdie byeenkoms gaan oor die ritme van IMPLEMENTEER EN INOEFEN. Dit is egter waarskynlik moontlik dat julle nog tyd moet spandeer aan die vaslê van die vorige ritmes. Onthou dat ons besig is om mekaar te help om die kultuur van die gemeentes te skuif en dit gaan nie so vinnig nie. Spandeer daarom omtrent die helfte van die tyd om te praat oor hoe elkeen vorder op die pad.

1. Kom tot stilstand in God se teenwoordigheid.

   Hoe gaan dit met jou persoonlik? Waarmee is God met jou besig? Wat hinder en wat help jou in jou bediening? Watter teleurstellings en vreugdes het jy die afgelope jaar beleef?

   Hoe gaan dit met die gemeente? Waar is deurbrake en waar is hindernisse op julle pad? Waar het God julle die afgelope tyd verras en waar het dinge nie gevorder soos julle gehoop het nie?

2. Ons luister na mekaar.

   Deel twee-twee met mekaar uit julle persoonlike refleksie.

   Wat hoor julle in mekaar se stories?

   Bid vir mekaar.

   Kom ooreen wat is vertroulik en wat deel julle met groot groep.

   Deel in die groep hoe God teenwoordig is in mekaar se lewens, waar gebruik God die gemeente en wat het julle om te vier.

3. Ons luister na die Woord. Kies 'n toepaslike teks wat gaan oor volharding soos 1 Korintiërs 15:50-58; 2 Korintiërs 6:1-7; Kolossense 1:9-14.

   Gee genoeg tyd (20 minute) vir persoonlike nadenke en nog 20 minute om twee-twee oor die teks te gesels.

   Deel in die groep wat julle by mekaar hoor en leer.

4. Ons vier ons saamwees en God se werk in ons. Die leiers beplan 'n klein liturgie om die werk wat God in en deur ons doen, te vier.

5. Kyk na die gewoontes en praktyke van ritme 5: IMPLEMENTEER EN AFRIG / INOEFEN.

   - Watter van die gewoontes en praktyke in die handleiding gebruik julle reeds? Watter ander gebruik julle wat nie in die handleiding is nie?
   - Watter bestaande bedieninge is reeds belyn met die roeping?
   - Wat kan julle doen om sleutelbedieninge soos die kategese, kerkraadsvergaderings, vroue-diens te belyn met die roeping?
   - Hoe benut julle die eredienste om die roeping te dien?
   - Watter twee of drie praktyke sal julle gemeente nou beduidend vorentoe help om die roeping van die gemeente te verwesenlik?

6. Verdiep en verbreed

   Dink oor die eerste vier ritmes – watter van hierdie ritmes en gewoontes vind julle moeilik om in die gemeente in te dra en waar ervaar julle vordering? Onthou dat dit gaan oor GEWOONTES – dinge wat julle oor en oor doen totdat dit deel van die gemeente se kultuur word!

   - Reflekteer en Vier
   - Luister en Onderskei
   - Waag en Ontdek
   - Verhelder en Fokus

7. Wat is ons voornemens?

   Aan watter ritmes en gewoontes wil julle spesifiek aandag gee?

   Waarin wil jy in jou leierskap ontwikkel?

   Skryf dit op sodat julle mekaar kan aanmoedig en kan hoor hoe dit gaan.

BYEENKOMS 5 (JAAR 3)

1. Kom tot stilstand in God se teenwoordigheid.

   Reflekteer op jou eie pad tot nou. Wat het met jou gebeur in die afgelope twee jaar? Op watter maniere dink jy anders oor jou bediening en roeping? Waar beleef jy dat God jou gebruik?

2. Ons luister na mekaar.

   Deel twee-twee met mekaar uit julle refleksie.

   Wat hoor julle in mekaar se stories?

   Deel met die groot groep wat hoor julle oor mekaar se vreugdes en hoe God julle persoonlik verander en gebruik.

3. Ons luister na die Woord. Lees ’n teks oor die koms van God se Koninkryk soos byvoorbeeld Markus 4:26-32, Johannes 12:23-26.

   Gee genoeg tyd (20 minute) vir persoonlike nadenke en nog 20 minute om twee-twee oor die teks te gesels.

   Deel in die groep hoe hierdie teks julle aanraak.

4. Ons vier ons saamwees en God se werk in en deur ons. Die leiers beplan ’n klein liturgie om te vier dat God aan die werk is en dat Hy sy koninkryk laat kom. Gebruik die eerste drie bedes van die Ons Vader-gebed as sleutelteks.

5. Dink oor die vyf ritmes – waar doen julle goed en waarmee sukkel julle? Dink veral na oor die dinge waar julle slaag om dit oor en oor te doen.

   - Reflekteer en Vier
   - Luister en Onderskei
   - Waag en Ontdek
   - Verhelder en Fokus
   - Implementeer en inoefen

   Ons is besig om die kultuur van die gemeente te skuif en dit beteken dat die gewoontes oorgedra word na ander aspekte van die gemeente se bedieninge en veral ook na die lewenspraktyk van die lidmate.

   Watter volgende treë kan julle gee om hierdie ritmes en gewoontes te verdiep en dit breër in die gemeentelewe in te vat?

6. Ons leer by mekaar
   Watter beste praktyke kan julle identifiseer?
   Hoe kan ons haakplekke oorkom?

7. Ons hou mekaar aanspreeklik om aan te hou groei.

   Wat is jou voornemens vir die tyd tot die volgende byeenkoms? In jou persoonlike ontwikkeling en ook vir jou bediening in die gemeente?

BYEENKOMS 6 (JAAR 3)

Inrigting van die byeenkoms

Teen hierdie tyd is julle al in staat om ’n breë raam vir die byeenkoms te skryf. Hou die volgende in gedagte, soos wat ons aan die begin gekontrakteer het:

Hierdie is nie ’n vergadering nie, maar ’n byeenkoms van reisgenote.

Ons kom tot stilstand in die teenwoordigheid van God.

Ons reflekteer op God se werk in, om en deur ons. Ons praat oor die geleenthede waar God ons ontwrig en waar Hy ons bevestig, waar ons slaag en misluk.

Ons skep veilige ruimtes waarin ons sonder vrees vir beoordeling in die spieël kan kyk en dit met mekaar kan deel. Ons kom ooreen wat vertroulik in die een-op-een gesprekke bly en wat in die groot groep gedeel kan word.

Ons vier wat God in en deur ons doen.

Ons luister na die Woord, na mekaar en na ander stemme. Ons is bedag daarop dat God uit sy Woord sowel as uit ander se ervarings en insigte met ons praat.

Ons verstaan dat dit in hierdie proses nie gaan oor ’n paar projekte nie, maar oor die vestiging van ’n nuwe kultuur in die gemeente. Die dinge wat ons oor en oor doen (gewoontes) is belangriker as groot “*events*” nou en dan. Daarom deel ons nie net nuwe dinge nie, maar veral ook die stories van gewoontes wat gevestig geraak het.

Ons leer by mekaar. Daar is lesse te leer uit ons mislukkings en uit “suksesverhale”. Ons soek na die beste praktyke en wat ons daaruit kan haal.

Ons hou mekaar aanspreeklik vir ons groei. Ons verstaan dat die kultuurtransformasie begin by die transformasie van die predikant as missionale leier.

Ons deel met mekaar hoe ons God se roeping vir onsself en die gemeente hoor, maar ook as ons nie reg gehoor het nie.

Ons ondersteun en bemoedig mekaar om te volhard as ons roeping hoë eise stel.

Ons deel vryelik wat ons ontvang en het: ervarings, nuwe materiaal en kennis, insigte, begrip en ondersteuning.

Die pad vorentoe

Dit is nou die regte tyd om te praat oor die toekoms van ons leergemeenskap.

Maak ons nou hier klaar of gaan ons saamreis voort?

Ons maak enige iemand wat nie verder wil reis in die vennootskap nie, vry om sonder skuldgevoelens uit die groep te tree.

Ons dink na of die Here nie sommige van ons as leiers van nuwe groepe wil gebruik nie?

Indien ons verder saamreis, kom ons ooreen oor hoe ons pad vorentoe gaan lyk.

RITME I

ONTDEK EN VIER

GEWOONTE 1:

Sigbaar vier

Hierdie gewoonte help ons om gereeld die mylpale op God se reis met ons raak te sien, te waardeer en sigbaar te vier.



Praktyk #1. Sigbare vieringe

Op ons reis met God, met mekaar en met ons gemeenskap, ontdek ons as gemeente ons eie uniekheid, sterkpunte, moontlikhede en suksesse. Ons vestig gewoontes wat ons help om God se bewegings en mylpale op ons reis raak te sien, te waardeer en sigbaar te vier. Deurdat ons dit doen, word die gemeente uitgedaag om verder te groei en om mense en 'n gemeente te word wat met God se beweginge IN PAS kom om 'n sigbare verskil in ons wêreld te maak.

Die fokus val op sterkpunte, moontlikhede en suksesse, en nie op foute, probleme of leemtes nie. Ons leef nie as gelowiges of gemeentes vanuit ons foute en tekortkominge nie. Ons leef en werk met die wete dat God wat die wêreld liefhet, ook ons lewens aanraak en vernuwe.

WENKE OM TE OORWEEG

Gemeenteleiers wat die belangrikheid van sigbare viering besef, sal deurlopend nadink oor die volgende vrae:

1. **Watter geleenthede om te vier skep die Gees vir ons?**

   Wees sensitief vir die spesiale geleenthede op God se reis met ons:

   - **Mylpale**. Wanneer is ons volgende verjaarsdagviering? Watter hoogtepunte en mylpale skep die Gees vir ons op ons reis wat ons kan vier?
   - **Spesiale geleenthede**. Watter spesiale geleenthede op ons kalender skep vir ons ruimte om God se handelinge met ons te vier? Voorbeelde hiervan is gemeentelike basaars, veertig-dae reise, hoogtepunte in die kerklike jaar.
   - **Jaareinde vieringe**. 'n Afsluitingsfunksie met die kerkraad, gemeentelike leiers of bedieninge skep ideale geleenthede om te reflekteer en te vier.

2. Skep geleentheid vir refleksie

Refleksie is 'n belangrike onderdeel van viering. Nooi mense uit tot 'n oop gesprek oor die beweginge van die Gees op ons reis. Hierdie gesprekke kan oop gesprekke wees in die groter groep, of gesprek in kleiner groepe van 2-6 persone, of 'n kombinasie van die vorige twee.

Vra Godsvrae, soos byvoorbeeld:

- By watter geleenthede het ons God se teenwoordigheid in ons midde intens belewe? Wanneer het dit vir ons gevoel asof God afwesig is?
- Hoe het die Heilige Gees ons ontwrig? Wat het Hy by ons bevestig?
- Hoe is God besig om ons te vorm sodat ons met Hom IN PAS kan wees?
- Watter unieke gawes het die Gees aan ons gegee?

3. Skep geleenthede om te vier

Vra julleself deurlopend af:

- Watter geleenthede skep die Gees vir ons om te kan reflekteer en te vier?
- Hoe kan hierdie geleenthede ten beste benut word om te reflekteer en te vier? Watter netwerke moet hiervoor geskep word? Watter hulpbronne is hiervoor nodig?

Byvoorbeeld: Benut die jaarlikse afsluitingsgeleentheid vir kerkraadslede of gemeenteleiers as 'n geleentheid vir refleksie en viering. Nooi almal uit om na te dink oor die vraag: Watter gawes het die Gees vanjaar vir ons gegee?

4. Ontwerp 'n erediens met die klem op viering

Die gemeente Lux Mundi het die praktyk geskep om aan die einde van elke jaar 'n dankie-sê erediens te hou. By só 'n geleentheid kry ons geleentheid om terug te kyk oor die jaar wat verby is en God se beweginge in ons midde sigbaar te vier. Ons benut ook die geleentheid om vir God en vir mekaar dankie te sê.

Die erediens is die hartklop van elke Christelike gemeente. Soos die hart vervul erdienste 'n diastoliese- (die hart ontspan sodat die bloed in die hart instroom) en 'n sistoliese funksie (die hart trek saam en die bloed word in die bloedsirkulasie teruggepomp) in die lewe van die gemeente. Sondae (en soms ook op ander weekdae) ontspan die hart en stroom die lidmate die erediens binne om met die lewegewende krag van die evangelie en opgestane Christus verryk te word. Na afloop hiervan word hierdie gelowiges in die daaglikse lewe teruggepomp vir die éíntlike erediens – die erediens van die lewe!

Gemeentes wat leef met die passie om met die beweginge van die lewende God IN PAS te wees, doen moeite om eredienste te skep waartydens ons God se handelinge in en deur ons sigbaar kan vier.

Vra julleself die volgende af:

- Hoe kan ons 'n liturgie ontwerp om God se geskenke en mylpale op ons reis met mekaar te kan deel en sigbaar te vier?

Praktyk #2. Godstories



God Drie-enig is sigbaar en lewend teenwoordig in die daaglikse lewe en werk van elke gelowige. Daarom is ons persoonlike verhale kragtige bewyse van die beweginge van die Gees in ons lewe en gemeente. Deurdat ons vir mekaar geleenthede skep om hierdie verhale met mekaar te deel, leer ons by mekaar en word ons uitgedaag om God ook in ons eie daaglikse lewe raak te sien en met sy beweginge IN PAS te kom.



Hierdie gewoonte veronderstel 'n openheid om deur die Gees verras te word en om God in ons alledaagse lewe en wêreld te ontdek. God is nie net in die groot en buitengewone dinge wat met ons gebeur nie, maar ook in die doodgewone en alledaagse gebeure van die lewe.



WENKE OM TE OORWEEG

Gemeenteleiers wat die belangrikheid hiervan besef, sal deurlopend tydens eredienste en by ander gemeentelike byeenkomste geleenthede skep sodat gelowiges die verhale van hulle reis met God (Godstories) met mekaar kan deel.

Hou die volgende riglyne in gedagte indien jy so 'n "storietyd" beplan:

1. **Godstories tydens eredienste**
   - Wees op die uitkyk vir gelowiges wat op een of ander wyse bewus word van die beweginge van die Gees in hulle lewens. Die geleenthede wat hiertoe aanleiding gee, is legio: na afloop van 'n werkswinkel; aan die einde van 'n veertig-dae reeks; die onverwagse ontmoeting van 'n vreemdeling as Godsgeskenk; na afloop van 'n ramp of krisis; na 'n motorongeluk; na afloop van 'n rooftog; by 'n belangrike draaipunt in die lewe of by die ontdekking van 'n vurk in die pad... Nooi hulle uit om hulle storie met die gemeente te deel.
   - Mense voel op hulle gemaklikste as hulle iewers kan sit en hulle storie spontaan met ander kan deel. Dis 'n goeie idee om vir hierdie geleenthede 'n sitkamer-atmosfeer iewers op die liturgiese ruimte te skep. Twee of drie stoele met 'n koffietafel en bypassende mat werk goed.
   - Laat die gesprek die vraag-en-antwoord benadering volg. Dit stel die liturg in staat om die tyd te bestuur, die gesprek te lei, dieper in te vra waar nodig en om so die diepte van die verhaal te verryk. (Dit is belangrik om vooraf 'n verkennende gesprek met die persoon of persone te voer.)
   - Moedig gelowiges aan om hulle verhale sonder angs en so eerlik as moontlik te vertel en om die Gees te vertrou om sy doel daarmee in die lewe van ander gelowiges te bereik. Die Gees werk veel meer in die alledaagse as in die buitengewone.
   - 'n Wenk: Vermy die woord "getuienis" vir hierdie geleenthede, want dié woord is te gelaai. Praat eerder van "storietyd".

2. **Godstories by groepe en ander byeenkomste**

   Groepsbyeenkomste bied ideale geleenthede om Godstories met mekaar te deel. Indien julle groepe het wat weekliks byeen kom, kan julle gerus nadink oor hoe julle hierdie praktyk om Godstories te vertel, deel van die weeklikse ritme van die groepsbyeenkoms te maak.

Praktyk #3. Daaglikse ondersoek



God kom elke dag in elke moment van die lewe na ons toe. Daarom skep ons praktyke wat ons kan help om daagliks met 'n bewussyn van God se teenwoordigheid te lewe. Die praktyk van Daaglikse ondersoek is 'n voorbeeld hiervan.



WENKE OM TE OORWEEG

Die praktyk van daaglikse ondersoek help ons om te ontdek hoe God in ons dag teenwoordig is, ook in die persone met wie ons paaie gekruis het.

Die voorstel hieronder is geskik vir persoonlike stil-word voor God. Oefen die praktyk ook in tydens eredienste en gemeentelike vergaderinge sodat dit deel word van die daaglikse roetine en lewe van die hele gemeente.

1. **Oorgang van die lewe na stil-wees voor God**: Raak bewus van God se liefde vir jou. Kom tot rus in God se nabyheid
   - *Dankbaarheid*. Bedink alles wat jy vandag uit die hand van die Here ontvang het en dank Hom vir alles.
   - *Versoek*. Vra God vir 'n insig, gawe of geskenk wat jou vermoëns, soos jy hulle verstaan, oortref sodat jy sy Naam kan verheerlik deur jou lewe.
   - *Hersiening*. Kyk terug oor jou dag. Laat jou dag soos 'n film voor jou afspeel. Vra jouself af: Waar was jy vandag die meeste bewus van God se teenwoordigheid by jou? By watter geleentheid het dit vir jou gevoel dat God dalk afwesig is? Watter geleenheid het God vandag vir jou geskep om liefde te ontvang? Of om liefde te gee? Hoe het jy daarop reageer?
   - *Vergifnis*. Vra God se vergifnis vir alles wat nie vandag volgens sy wil en plan geskied het nie. Vergewe ook diegene wat teenoor jou oortree het.
   - *Vernuwing*. Dink oor die dag van môre. Hoe kan jy meewerk met wat Hy in jou lewe aan die doen is.

2. **Oorgang van stil-wees voor God na die lewe**: Raak opnuut bewus van God se teenwoordigheid in jou lewe.

> *"Awareness of the Spirit's enlivening presence puts you in touch with the kind of person God created you to be. When you begin to recognize who God created you to be, you have the raw material for discerning God's unique call and design for your life."* (Calhoun, 2005:54)

GEWOONTE 2:

Ontdek God se reis met ons



Hierdie gewoonte help om God se reis met ons raak te sien en met mekaar te deel. Só sien ons die unieke beweginge van die Gees in ons en deur ons, en ontdek ons hoe die Gees ons oor tyd heen gevorm en voorberei het vir sy unieke plan vir ons en ons gemeenskap.

Praktyk #4. Ontwikkel 'n verslag oor die gemeente se kultuur (leesverslag)

Voordat ons as gemeente 'n idee kan begin vorm van God se beloofde en voorkeurtoekoms vir ons en ons gemeenskap, is dit van die grootste belang dat ons allereers 'n eerlike en duidelike prentjie sal kry van die eie en unieke kultuur wat oor tyd heen in ons gemeente gevorm is. Hoe sien ons onsself? Hoe dink ons oor God? Hoe hanteer ons konflik en verandering? Wat is vir ons belangrik? Watter houdinge, praktyke, gewoontes en patrone is oor tyd heen in die lewe van ons gemeente gevestig? Die ontwikkeling van 'n verslag oor ons eie kultuur (leesverslag) is 'n praktyk wat ons help om op hierdie, en vele ander vrae, antwoorde te begin vind.

Dis belangrik om te onthou dat 'n leesverslag nie met syfers en getalle werk nie, maar met mense se ervaringe en houdinge. Die leesverslag gee inligting in die vorm van sinne en vra vrae wat vir ons as leierspan kan help om die skuiwe vanaf 'n kultuur van instandhouding na 'n missionale gemeentekultuur te kan begelei.

Die ontwikkeling van 'n leesverslag vereis 'n hele span *luisterleiers* wat die houdinge en vaardighede het wat egte en eerlike *luister* moontlik maak. Ons is in staat om met 'n verskeidenheid van groepe en mense te assosieer en gewillig om opreg na ander te luister ten spyte van hulle agendas.

WENKE OM TE OORWEEG

Die ontwikkeling van 'n leesverslag word gedoen in samewerking met die span van die *Eenheid vir Innovasie en Transformasie* op Stellenbosch. Ons eerste taak as gemeente is om die onderhoude te voer en die antwoorde noukeurig neer te skryf. Hierdie data word aan die *Eenheid vir Innovasie en Transformasie* gestuur. Hierdie span gebruik die metode van toegepaste etnografie. Hulle verwerk ons rou data tot 'n leesverslag wat 'n samevatting gee van ons kultuur as gemeente en wat sinvolle vrae formuleer vir ons verdere reis op die pad na missionale kerkwees.

Naas die samestelling van die leesverslag, beskik die *Eenheid vir Innovasie en Transformasie* ook oor verskillende hulpbronne wat gemeentes met die proses kan help (Kontak innovation@sun.ac.za of toerusting@sun.ac.za.) 'n Voorbeeld van die vraelys en materiaal vir die opleiding van die luisterspan kan by hulle aangevra word.

Die proses verloop soos volg:

1. Stel die ondersoek op

Vind 'n span van ses persone om die onderhoudvoerders te wees. Kies persone wat dit vertroulik sal hanteer, sal luister en nie beoordeel nie, en antwoorde verkry sonder om aan die antwoorde deel te neem.

'n Dokument met volledige riglyne vir die opleiding van die span onderhoudvoerders kan by www.inpas.co.za afgelaai word.

Identifiseer vier en twintig persone met wie onderhoude gevoer sal word en gee hierdie name van mense aan die ses onderhoudvoerders. Die groep met wie die onderhoude gevoer word, moet die geheel van die gemeente se profiel weerspieël: geslag, ouderdom, tyd in gemeente, betrokkenheid in gemeenteaktiwiteite. Die groep word ook gekies om verteenwoordigend te wees van persone uit die binnekring en buitekring van die gemeente. Die span van die *Eenheid vir Innovasie en Transformasie* sal julle help om die regte groep te kies.

Die rou data mag nooit teruggaan na die gemeente nie. Vertroulikheid moet gewaarborg word. Die gemeente kry 'n verslag sonder identifikasie van enige persoon met wie die onderhoude gevoer is.

2. Voer die onderhoude

Hoe word die onderhoude gevoer?

- Maak oogkontak, met lyftaal wat sê ek luister en stel belang.
- Laat die persoon sien hoe jy hulle respons neerskryf. Skryf slegs wat in die blokkie pas, anders word die data te veel.
- Lees telkens vir die persoon terug wat jy geskryf het. Dit bevestig deursigtigheid en integriteit.
- Die gesprek is informeel, sonder 'n lessenaar. Draai sitplekke so dat julle rustig kan gesels.
- Laat die persoon met wie julle die onderhoud voer in beheer wees en sien dat jy luister en nie interpreteer of evalueer nie. Alles wat die persoon sê, is belangrik.
- Skryf hulle opinie neer en nie joune nie.

3. Agt oop-einde vrae

Die onderhoudvoerders gebruik 'n A4 bladsy verdeel in 4 blokke op elke kant, voor en agter. (Voorbeelde van vraelyste is by die *Eenheid vir Innovasie en Transformasie* beskikbaar)

Skryf op die eerste bladsy bo-aan die volgende biografiese data neer: (i) Geslag (ii) Ouderdom, (iii) Hoe lank is die persoon reeds 'n lidmaat van die gemeente? (iv) Is die persoon deel van die kerngroep wat dinge by die gemeente reël, binnekring wat gereeld eredienste bywoon, buitekring wat slegs spesiale geleenthede bywoon?

Skryf die antwoorde op elk van die volgende oop-einde vrae neer:

1. Beskryf die gemeente aan 'n ander persoon.
2. Vertel 'n kort verhaal oor wat dit vir jou beteken om 'n volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees, en hoe word jy in die gemeente daarmee gehelp?
3. Vertel 'n verhaal of insident oor hoe jy God se teenwoordigheid in hierdie gemeente ervaar, en hoe Hy hier werk.

4. Op watter manier word julle gemeentelede gelei en gehelp om God, die Vader, Seun en Heilige Gees betekenisvol te aanbid?
5. Vertel van 'n situasie toe jy en/of ander mense by 'n konflik in die gemeente betrokke was, en van die manier waarop dit hanteer is.
6. Wat maak jou *angstig* oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou *hoop*?
7. Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die *gemeente* plaasgevind het.
8. Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die *samelewing* rondom julle plaasgevind het?

4. Dokumenteer die gesprekke en laat dit verwerk

Laat iemand wat julle kan vertrou om nie die bewoording te verander nie, die antwoorde almal *per vraag* tik en versend dit na die *Eenheid vir Innovasie en Transformasie*, Ekklesia, Fakulteit Teologie, Stellenbosch, 7600. (Kontak innovation@sun.ac.za of toerusting@sun.ac.za.)

Wanneer julle die verslag terug ontvang, kom die onderhoudvoerders bymekaar om die terugvoer te bespreek. Indien hulle tevrede is, oorhandig hulle die verslag aan die leierspan. Hiermee is die onderhoudvoerders se taak afgehandel.

5. Interpreteer die verslag

Die leierspan wat die verslag ontvang, fokus met die lees en interpretasie van die verslag op dié dinge wat ons kan help om ons eie kultuur te ontdek en om die skuiwe te kan begelei wat nodig is vir die vorming van 'n missionale gemeentekultuur. Hou die volgende in gedagte:

- Let op *tendense en patrone* in die terugvoer. Byvoorbeeld: dertien respondente sê dat reekse die gemeente die beste help met die vorming van dissipelskap.
- Wat lê *agter* hierdie tendense en patrone? Waarom dink julle voel mense so?
- Kyk ook na *alternatiewe gedagtes* wat afwyk van die hoofstorie. Byvoorbeeld: een respondent noem dat vreemdelinge welkom voel in die eredienste. Ons wonder waarom dit so is?
- Let op hoe mense *oor God* praat en waaroor hulle swyg.
- Let op *roepingstaal*. Sien die mense hul konteks raak en wat is hul houding teenoor die konteks?
- Haal in julle verslag aan die Kerkraad klein sinne of frases aan wat respondente gebruik het en wat die *essensie* in verband met *missionale bewussyn en praktyk* saamvat.

6. Lê 'n verslag aan die kerkraad (en moontlik ook aan die gemeente) voor

- Die doel van die leesverslag is om die gemeente te help met die onderskeiding van roeping. Dit gee aan die leierskap 'n kykie in die harte van mense. Daarom is dit noodsaaklik om terugvoer te gee aan die leierskap van die gemeente.
- Dit is ook goeie maniere om aan die persone met wie die onderhoude gevoer is, terugvoer te gee. Uit die aard van die saak wil hulle weet wat die uitkomste is.
- Verslae is altyd anoniem en generies, geen individu word ooit geïdentifiseer nie.
- Die verslag fokus op tendense en patrone, maar gee ook alternatiewe stemme weer.
- Haal in julle verslag aan die Kerkraad klein sinne of frases aan wat respondente gebruik het en wat die essensie in verband met missionale bewussyn en praktyk saamvat.

Praktyk #5. Ons onderskei ons patrone van gestuur-wees


In die boek “Treasure in Clay Jars: Patterns in Missional Faithfulness” (Lois Y. Barrett et al, 2004) vra die skrywers die vraag: hoe lyk ’n missionale gemeente? Hulle onderskei dan agt patrone wat missionnale gemeentes kenmerk. Hierdie patrone is ’n belangrike hulpmiddel aan die hand waarvan ons die missionale fokus en getrouheid van ons eie gemeente kan meet.


WENKE OM TE OORWEEG

Die onderskeiding van die gestuurde patrone

Op die volgende bladsy is die agt patrone met ’n Liekert-skaal sodat julle dit kan gebruik as ’n manier om die gemeente se vordering in missionale getrouheid te evalueer. Die vraelyste kan aan die hele gemeente uitgedeel word of ook aan die breë leierskorps.

1. MISSIONALE ROEPING

Ons gemeente ontdek saam wat ons roeping as gestuurde gemeenskap is.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons definieer sukses en lewenskragtigheid al hoe meer in terme van ons getrouheid aan ons missionale roeping.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons lê ons daarop toe om God se unieke roeping en gawes vir almal in die gemeente te onderskei.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

2. BYBELSE VORMING EN DISSIPELSKAP

Ons is almal saam besig om te leer wat dit beteken om Jesus se dissipels te wees.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

In ons lewenspraktyke is die Bybel die norm vir ons lewe.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons beskou Bybelse vorming en dissipelskap as wesenlik noodsaaklik vir lidmate van hierdie gemeente.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

3. NEEM RISIKO'S AS 'N KONTRAS-GEMEENSKAP

Ons leer om risiko's te neem ter wille van die evangelie.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons verstaan onsself as anders-as-die-wêreld omdat ons deel aan die lewe, dood en opstanding van Jesus.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons vra ontwrigtende en gevaarlike vrae oor die mate waarin die gemeente vasgevang is in die heersende kultuur om ons.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons worstel met die konkrete implikasies van ons roeping vir onsself en die gemeente.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons leer hoe om innerlike en uiterlike weerstand teen verandering te hanteer.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

4. PRAKTYKE WAT GOD SE BEDOELING MET DIE WÊRELD UITBEELD / DEMONSTREER

Die manier hoe ons gemeente as 'n gemeenskap lewe, demonstreer God se plan vir die hele wêreld.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

In die praktyke van ons gemeente is onderlinge sorg, versoening, liefdevolle aanspreeklikheid en gasvryheid duidelik sigbaar.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Die manier hoe gemeentelede hulle teenoor mekaar gedra, lewer 'n getuienis teenoor ander mense van ons roeping as gestuurdes.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

5. EREDIENSTE AS PUBLIEKE GETUIENIS

In die eredienste van ons gemeente, vier ons God se teenwoordigheid by ons sowel as die toekoms wat Hy ons beloof.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons eredienste word gekenmerk deur vreugde en danksegging.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Die publieke getuienis van die gemeente vloei voort uit ons gesamentlike aanbidding.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

6. AFHANKLIKHEID VAN DIE HEILIGE GEES

Ons gemeente beplan en werk nie asof alles van onsself afhang nie, maar in afhanklikheid van die Gees.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons gemeente bid gereeld en deurlopend saam.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons bely openlik dat die Heilige Gees die gemeente lei.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

7. OP REIS NA DIE KONINKRYK VAN GOD

Ons streef daarna om 'n instrument, voorsmaak en teken van Christus se heerskappy te wees.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons gemeente is bewus daarvan dat ons nog nie gearriveer het nie en dat dit wat ons doen 'n voorlopige karakter het.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons is bewus daarvan dat ons voortdurende bekering nodig het.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

8. MISSIONALE GESAG

In die gemeente is daar 'n gemeenskap van mense wat gesamentlik, op verskillende maniere en met diverse funksies, rolle en ampte, missionale gesag uitoefen.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons ontwikkel bewustelik geloofsonderskeidende vermoëns om ons roeping te onderskei.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Ons is intensioneel besig om praktyke te ontwikkel waardeur ons roeping in die gemeentelewe vasgelê word.

1. Stem glad nie saam nie	2. Stem nie saam nie	3. Stem saam	4. Stem volkome saam

Praktyk #6. Ons doen ‘n storiemuur



Ons weet dat God in die daaglikse doen en late van elke gemeente lewend en skeppend teenwoordig is. Niks wat met ons gebeur is toevallig nie. Ons beweeg in God se tyd in wanneer ons onthou wat God deur die jare vir ons gedoen het. Terselfdertyd ontdek ons die beweginge van God se Gees in en deur ons.

> Dit is baie belangrik om bewus te wees van God se storie met ons groep of gemeente. Deurdat ons in ons gemeente deurlopend ruimte skep om die stories van God se handelinge met ons, met mekaar te deel...

- Ontdek ons die groot invloede wat die identiteit en lewe van die gemeente help vorm het en hoe om daarvan sin te maak.
- Sien ons die unieke beweginge van die Gees in ons gemeente en gemeenskap – hetsy ontwrigtend of bevestigend.
- Kry ons ’n aanvoeling vir die waardes en houdinge wat in die gemeente ontwikkel het en oor tyd na vore kom.
- Ontdek ons hoe God sy gemeente op unieke wyse vorm en voorberei vir deelname aan God se beweginge in ons wêreld.
- Vorm ons ’n bewussyn van God se voorkeurtoekoms vir ons gemeente en gemeenskap.

Een van die heel belangrikste voordele van verhale is dat dit ons nie alleen help om terug te kyk nie, maar dat dit juis in die herroeping van die verhale van die verlede is, wat die toekoms raakgesien word. Dit is alleen met behulp van ’n bewussyn van hoe God tot hier met ons op pad was, dat ons werklik kan begin verstaan hoe God in die hede teenwoordig is en “ore” ontwikkel om God se alternatiewe verhaal vir die toekoms te begin ontdek.



Dit is belangrik om te onthou dat dit in die vertel van ons stories nie in die eerste plek oor feite gaan nie. Die feite in ons vertellings mag dalk nie altyd een honderd persent korrek wees nie, maar elke deelnemer se bydrae en perspektief is uniek en behoort as sodanig toegelaat te word om by te dra om die verstaan van die verhaal te verryk.

’n Storiemuur veronderstel dus dat ons onsself oopstel om uit die ontwrigtende en bevestigende beweginge van die Gees in ons gemeente en gemeenskap te leer. Ons kry dit reg om met mekaar te gesels oor dinge wat gebeur het sonder om te blameer of fout te soek. Ons keer doelbewus dat mense mekaar verneder of beskaam.



WENKE OM TE OORWEEG

Die wat en hoe van die storiemuur

(Die volgende voorstel is vir ’n groep van twintig tot dertig persone. Aanpassinge is nodig vir groter of kleiner groepe)

1.1 Wat het ek nodig?

- Ongeveer 5 meter muurspasie
- Blaaibordvelle om die muurspasie vol te maak
- ’n Kannetjie “adhesive spray”
- Ongeveer 30 A6 velle per deelnemer in drie verskillende kleure
- ’n Koki pen per deelnemer
- ’n Blaaibord-staander

1.2 Die stappe van die proses

- Stap 1: Heg die blaaibordvelle teen die muur. Spuit die gom aan. Elke deelnemer ontvang ’n aantal A6 velle in verskillende kleure en ’n koki pen.
- Stap 2: Besluit hoe die storiemuur ten beste in ’n tydlyn verdeel kan word. Die verskillende fases van die verhaal word verdeel in periodes van maande, jare of dekades.
- Stap 3: Neem ’n besluit oor die kategorieë waarin die verhaal verdeel word. Gewoonlik gebruik ons die verhaal van die groep of gemeente as die ruggraat wat regdeur die verhaal loop. Die tweede kategorie is normaalweg die groter konteks waarbinne die groep of gemeente leef, dit wil sê die dorp, stad, streek, land of selfs wêreld. Die laaste kategorie verteenwoordig die persoonlike verhale van die gespreksgenote.
- Stap 4: Nooi die deelnemers om hulle herinneringe op die A6 velle te skryf. Kies ’n bepaalde kleur vir elke kategorie. Slegs een herinnering per vel, duidelik leesbaar vir almal.
- Stap 5: Gee tien tot vyftien minute vir deelnemers om te onthou en te skryf. Nooi hulle uit om hulle herinneringe op die storielyn vas te sit ooreenkomstig die tydlyn en kategorie wat verband hou.

’n VOORBEELD VAN HOE ’n STORIEMUUR KAN LYK:

	1980+	1990+	2000+	2010+
Konteks				
Gemeente				
Persoonlik				

1.3 Hoe om die gesprek te fasiliteer

1 Dit is belangrik om vir groeplede geleentheid te gee om die stories agter hulle A6 kaarte te vertel. Die fasiliteerder kan hierdie gesprek fasiliteer deur een van die volgende werkswyses:

- **Oop gesprek**. Groeplede word uitgenooi om hulle stories in die groter groep te vertel. Die fasiliteerder sal normaalweg hierin leiding neem deur sommige van die kaarte op die muur uit te lig en die outeurs uit te nooi om die storie te vertel. Die res van die groep neem dan vryelik deel en dra by om die rykheid van die storie te verdiep.
- **Klein groepe**. Groeplede word in kleiner groepe verdeel en versoek om hulle geheue in verband met dit wat hulle op die muur sien, met mekaar te deel. Terugvoer in die groter groep word daarna gegee.
- **Aansluitende temas**. Groeplede word versoek om die groter temas wat uit die kaarte na vore kom, te identifiseer en daarna in die groter groep te bespreek.

'n Wenk vir die fasiliteerder: Hierdie praktyk vereis 'n goeie balans tussen kronologie (om die storie te vertel soos dit gebeur het) en buigsaamheid (om gespreksgenote toe te laat om by die storie aan te sluit in terme van dit wat vir hulle relevant is).

2 Oorweeg die volgende idees ten einde die rykheid van die stories verder te verdiep:

- Laat groeplede hulle stories eers in kleiner groepe van 4-6 persone vertel voordat hulle dit aan die groot groep vertel.
- Laat tyd vir stilte toe sodat groeplede insigte en perspektiewe kan oorweeg wat hulle ontdek in refleksie op die storiemuur.
- Vra die groeplede om mekaar se terugvoer te parafraseer. Dit dra by dat vertellers voel dat hulle gehoor word.
- God se storie met ons lê nie net in die woorde en kaarte op die muur nie, maar soms ook in wat NIE gedeel word nie. Waar is die gapings en hoekom?
- Waar op die muur is 'n hoë digtheid van herinneringe en waarom?
- Watter opvallende temas kom na vore?
- Nooi deelnemers uit om hulle eie storie in verband te bring met die groter storie op die muur en met een ander persoon in die groep te deel. Hulle deel daarna die storie van hulle vriend met die groter groep.
- Wees sensitief vir die dinamiek, energie en humor van die groep terwyl hulle hulle herinneringe met mekaar deel.

1.4 Hoe om die storiemuur as 'n geloofsonderskeidende lens te gebruik

Dit is belangrik om die fokus te onthou: ons wil as gemeente die gewoonte vestig om uit God se reis met ons te leer. Die storiemuur is 'n praktyk wat ons hiermee kan help. Terwyl die storie ontwikkel en vertel word, behoort die fasiliteerder deurgaans die volgende vraag in gedagte te hou:

Wat ontdek ons uit hierdie storie oor God se reis met ons as gemeente of gemeenskap?

Die volgende riglyne kan op hierdie ontdekkingstog help:

- Besluit op 'n tema of opskrif vir elke fase van die storie, amper asof die groep besig is om 'n boek te skryf. Hoe was God in elkeen van hierdie fases besig om ons te roep, te vorm en te stuur?
- Wees op die uitkyk vir die twee alternatiewe storielyne in die groter verhaal. Waar ontdek ons tye van ontwrigting (die probleem-storie), en tye van bevestiging (die alternatiewe storie).

Hoe was God in elkeen van hierdie verhale by ons teenwoordig? Hoe was ons in elkeen van hierdie tye met God *IN PAS*, of dalk met God *UIT PAS* uit?

- In die lig van God se storie met ons, hoe sal ons die volgende twee vrae wil beantwoord: Wie is ons? Wat sien ons as God se voorkeurtoekoms vir ons?
- Watter verband sien ons tussen die groot temas in God se storie met ons en temas wat nou op ons gemeentelike agenda is, byvoorbeeld leierskap, hantering van verandering, groei, roeping en visie.

1.5 Hoe om saam te vat en weg te stuur

Hou die volgende reëls in gedagte:

- Maak alles wat jy oopmaak weer toe.
- Wat reeds oop is, moet jy help toemaak.
- Wat nie wil oopmaak nie, moet jy toelaat om toe te bly.

Hier is 'n paar voorstelle oor hoe om die storiemuur sinvol tot 'n einde te bring:

- Gee aan die gespreksgenote 2-5 minute tyd vir refleksie. Vra hulle om die een ding wat hulle uit die gesprek wil saamneem, met een ander persoon te deel.
- Vra groeplede om die groot metafore wat uit die gesprek na vore gekom het, met mekaar te deel.
- Vra die groep om met mekaar te deel wat hulle ontdek het oor hulle identiteit, waardes en gemeenskap wat hulle graag verder sal wil ondersoek.
- Gee inligting en deel met die groep hoe die ontdekkinge wat gemaak is vir die pad vorentoe benut gaan word.

GEWOONTE 3:

Ontdek medereisgenote



Ons vestig die gewoonte om onsself oor die langtermyn te verbind tot die vorming van leergemeenskappe met gemeentes en gelowiges wat saam op reis is.

Praktyk #7. Stel 'n gemeentelike begeleidingspan saam

Die proses van gemeentelike kultuurverandering kan in vele opsigte vergelyk word met 'n maraton. Slegs atlete wat hulleself verbind tot 'n langtermynproses van voorbereiding en inoefening, en wat enduit daarmee aanhou en uithou, kan hoop om suksesvol te wees.

Die diepliggende skuiwe wat nodig is om gemeentekultuur oor die langtermyn te verander, vereis eweneens

'n *vaste verbintenis* tot die proses wat gegrond is op 'n diepliggende oortuiging dat hierdie beweging Gód se beweging in sy gemeente is; en

die vermoë om oor die *langtermyn* die ritmes, gewoontes en praktyke wat hiervoor nodig is, volhoubaar op alle vlakke in die gemeentelike lewe te vestig en in te oefen.

Geen enkele individu beskik in hom-/haarself oor die kapasiteit om sonder die ondersteuning van ander hiermee vol te hou nie. Daarvoor is die handhawende kragte van die status quo en die weerstand teen verandering net te groot.

Die vestiging van 'n span leiers om saam verantwoordelikheid vir die proses van aanpassende verandering in die gemeente te aanvaar, is daarom onontbeerlik vir 'n suksesvolle en volhoubare proses. Alle navorsing dui daarop dat leierskap 'n sleutelfaktor vir missionale vorming is. Die vorming van 'n missionale gemeentekultuur sal slegs slaag in gemeentes waarin daar 'n span sterk en liefdevolle leiers is wat bereid is om die verantwoordelikheid van leierskap op te neem. Hulle moet ten volle ingekoop wees in 'n missionale roeping van die gemeente en dit self uitleef. Verder moet hulle ook verantwoordelikheid daarvoor neem om die proses van aanpassende verandering in die gemeente te inisieer en enduit daarmee vol te hou.

Die vorming van 'n gemeentelike begeleidingspan om sáám vir die proses verantwoordelikheid te aanvaar, is 'n belangrike manier om hierdie soort leierskap in 'n gemeente te vestig.

Missionale leierskap is in die heel eerste plek leierskap deur *voorbeeld*. Nelus Niemandt verwys in dié verband na die leier as *eerste dissipel*. Indien die leiers nie self tot die proses van missionale vorming verbind is en self die waardes en leefstyl van 'n lewe wat IN PAS is met die beweginge van God Drie-enig demonstreer nie, sal geen verandering in die lewe en bediening van die gemeente plaasvind nie. Dit is dus ononderhandelbaar om leiers te vind wat self leerbaar is, self oop is vir die beweginge van die Heilige

Gees in hulle daaglikse lewe en werk, en wat self die visie van gestuurdheid dra en aksies skep om dit te beliggaam.

Net so belangrik is die leiers se vermoë om mekaar *verantwoordbaar* te hou op die reis. Leiers moet bereid wees om op 'n baie konkrete manier verantwoording te doen van ons oortuiginge en besluite. Verantwoordbaarheid kan nie gebeur as ons nie ons verbintenisse kan afbreek tot konkrete, meetbare en haalbare doelwitte nie. Ons hoef nie alles vir almal te wees nie, maar is wel verantwoordbaar ten opsigte van dit waartoe die Here ons roep. (Uit Luisterryke vergaderinge)



WENKE OM TE OORWEEG

Wenke vir die vorming van 'n gemeentelike begeleidingspan

1. Wie moet in die span wees?

Deeglike nadenke oor die samestelling van die span om die proses van aanpassende verandering in die gemeente te begelei, is baie belangrik. Hou die volgende oorweginge in gedagte:

- Besluit oor die grootte van die span. Dit is belangrik dat die span nie te groot sal wees nie, maar terselfdertyd moet die samestelling van die span genoeg ruimte laat vir voldoende diversiteit binne die span. Omdat die span oor 'n langer termyn (twee tot drie jaar) aktief sal wees, is dit ook belangrik om met die samestelling van die span genoeg ruimte te laat vir lede wat dalk nie end-uit beskikbaar sal kan wees nie.
- Diversiteit binne die span is baie belangrik. Wie is die natuurlike leiers in die gemeente wat 'n hart het vir God se plan vir sy gemeente en wat genoegsame vertroue van mense geniet om geloofwaardige gespreksgenote te kan wees? Probeer 'n balans kry tussen lede wat reeds in leierskapsposisies is en leiers wat om een of ander rede uit die sisteem geval het of nog nie in die sisteem is nie.
- Dit is onontbeerlik om die natuurlike leiers in die kerkraad, wat die vertroue van die kerkraad en gemeente geniet, in die span te hê. Sonder hulle is die kommunikasie met die kerkraad baie moeilik.
- Wees versigtig vir lede op die span wat doeners is en vir wie vinnige resultate baie belangrik sal wees. Alhoewel 'n span oor hierdie gawes ook moet beskik, plaas te veel sulke lede druk op almal en neig die proses van tydsame kultuurverandering om daaronder te lei. Dit is eerder belangrik om genoeg spanlede te vind wat 'n aanvoeling het vir die kompleksiteit van 'n proses van aanpassende verandering en wat met geduld en oorleg kan onderskei wat die volgende stappe is om op die reis te neem. Geloofsonderskeidende leiers wat met geduld en afwagting kan lei, is onontbeerlik.

(Lees gerus ook die dokument met aanvullende nota's oor die samestelling van 'n begeleidingspan by www.inpas.co.za)

2. 'n Reis van geloofsonderskeiding

Die primêre opdrag van die span is die begeleiding van die proses van aanpassende verandering ten einde die gemeente IN PAS te bring met die beweginge van God Drie-enig in die gemeente en in die onmiddellike konteks waarbinne God sy gemeente roep, versamel, vorm en stuur. As sodanig begelei die span die *geloofsonderskeidende reis* om saam met die kerkraad en gemeente antwoorde te vind op die volgende kernvrae:

- **Wie is God & Wie is Ons?** (Identiteit)
- **Waar is ons & Wat gebeur hier?** (Konteks)

- **Waarmee is God besig en hoe word ons daarvan deel?**
  (Roeping)
- **Watter verandering is nodig vir die uitlewing hiervan?**
  (Leierskap & Dissipelskap)

3. Die inoefening van geestelike ritmes en gewoontes

Missionale kultuurverandering is afhanklik van die inoefening van geestelike ritmes, gewoontes en praktyke. Missionale leiers weerstaan die aandrang op strategie, beheer, kontrole en vinnige resultate. Die fokus is op die inoefening van die geestelike ritmes, gewoontes en praktyke wat die gemeente en gelowiges vorm as navolgers van Christus en IN PAS bring met God se beweginge in die gemeente en gemeenskap.

4. Hoe gaan ons te werk?

Hou die volgende in gedagte:

- Dis belangrik om gereeld te vergader. Uiteraard hang die intervalle tussen vergaderinge af van die aard van die proses wat gevolg word. Indien die begeleidingspan 'n reis soos voorgestel in hoofstuk 1 begelei, beveel ons aan dat die begeleidingspan aan die begin van die reis elke twee weke vergader.
- Julle gaan die proses begelei om die kultuur van die gemeente te verander. Hierdie verandering begin by die leiers van die gemeente en word gedra deur die inoefening van geestelike gewoontes en praktyke. Daarom is dit belangrik dat julle self hierin die voorbeeld stel en hierdie gewoontes en praktyke in julle eie lewens en tydens julle vergaderinge inoefen.
- Ontwikkel 'n vaste ritme vir julle vergaderinge. Begin elke keer met wandel in die Woord (verkieslik in Lukas 10:1-12 of die ankerteks wat julle as gemeente ontvang het). Gee terugvoering oor die verloop van die reis sedert julle vorige werkswinkel. Onderskei die volgende stappe op die reis. Sluit af deur die volgende take te beplan voordat julle afsluit. Dit is die opdragte wat tussen byeenkomste afgehandel moet word

5. Kommunikasie en konsultasie met die kerkraad, leierskap en gemeente

Die begeleidingspan is nie veronderstel om namens die kerkraad of gemeente op te tree nie, maar fasiliteer bloot die proses van aanpassende verandering in die gemeente. Daarom is behoorlike en deurlopende kommunikasie en konsultasie met die kerkraad, leierskap en res van die gemeente een van die belangrikste uitdaginge vir elke taakspan.

- Die kerkraad neem verantwoordelikheid vir die geloofsonderskeidende reis. Die funksie van die begeleidingspan is slegs om die kerkraad hierin te ondersteun, te fokus en te begelei. Daarom behoort die kerkraad deurgaans op hoogte te wees en in elke fase van die proses aktief betrokke te wees by die beplanning en uitvoering van die reis.
- Begeleidingspanne behaal die beste sukses indien 'n baie breë definisie van leierskap gevolg word. Elke lidmaat in bediening is 'n leier in sy/haar sfeer van invloed. Beplan gereelde leierskapswerkswinkels met die breër leierskap van die hele gemeente ten einde almal in die proses te betrek en op hoogte van die verloop van sake te hou.
- Die sukses van die reis word bepaal deur die mate waarin die hele gemeente in sy lewe en werk *IN PAS* kom met die beweginge van God Drie-enig. Daarom is gereelde kommunikasie

en vergaderinge met die hele gemeente onontbeerlik. Die weeklikse aankondiginge, gesprekke tydens eredienste en uitnodiginge aan lidmate na werkwinkels kan hiervoor benut word. Nooi lidmate deurlopend uit om deel te word van die reis. In hoofstuk 1 gee ons belangrike riglyne oor hoe mense van mekaar verskil ten opsigte van hulle openheid vir verandering en hoe 'n proses van aanpassende verandering in 'n gemeente begin, verbreed en verdiep word. Stel julleself deeglik hiervan op hoogte en hou deurgaans hiermee rekening.

6. Die erediens en missionale vorming

Die erediens is die hartklop van die Christelike gemeente. Daarom behoort die begeleidingspan deurlopend met die leraars en eredienswerksgroep te besin oor die verband tussen liturgie en missionale vorming. Elke erediens behoort 'n viering te wees wat die missionale hartklop van God reflekteer en die gemeente uitdaag om hiermee *IN PAS* te kom.

7. Voltooiing en afsluiting van die begeleidingspan

Sodra die proses om die gestuurde roeping van die gemeente te onderskei voltooi is, is die funksie van die begeleidingspan afgehandel. Van hier af neem die kerkraad en breër leierskap van die gemeente volle verantwoordelikheid vir die verdere verloop van die reis. Die begeleidingspan het goeie werk gedoen indien die missionale hartklop van God nou die manier van dink en doen van die gemeente geword het en 'n gestuurde kultuur gevestig is wat homself dupliseer.

Praktyk #8. Vorm 'n gemeente-netwerk *(cluster)*

Ons vestig die gewoonte om onsself oor die langtermyn te verbind tot die vorming van leergemeenskappe met gemeentes en gelowiges wat saam op reis is. Een belangrike manier om dit te doen, is die vorming van gemeente-netwerke (*clusters*). 'n Gemeente-netwerk is 'n groep gemeentes wat almal saam verbind is om 'n missionale gemeentekultuur te vestig, en 'n groepsverbintenis maak om saam te reis met die oog daarop om mekaar te mentor en om by mekaar te leer.

'n Voorbeeld van so 'n netwerk is die gemeentes van Vredenburg, Wolseley, Paarlberg, Stellenbosch Moederkerk, Prince Alfred's Hamlet, Durbanville en Goudini wat vir tien jaar lank drie maal per jaar bymekaargekom het. Die feit dat hierdie gemeentes bereid was om drie keer per jaar tot so ver as Vredenburg en Goudini te ry, bewys hoe waardevol hierdie byeenkomste vir hulle was.

Dit het groot waarde wanneer 'n paar gemeentes 'n netwerk vorm en met gestuurdheid as tema op 'n gereelde basis bymekaarkom. Gemeentes vertel vir mekaar hoe dit met elkeen se gestuurde reis gaan en leer by mekaar. Insette oor 'n bepaalde aspek van gestuur-wees kan ook by hierdie geleenthede gelewer word. Sulke byeenkomste help om die vlam van missionale verandering lewend te hou en om die visie beter te vorm, sodat gestuurdheid nie bloot net nog 'n term vir die gemeente se uitreikprojekte word nie, maar eerder die nuwe denkraamwerk vorm waarbinne ons oor onsself as gelowiges en as gemeente dink. Die gemeente-netwerk help ons om ons eie lewens, sowel as die gemeente, te verstaan in terme van roeping en bediening, eerder as in terme van 'n klomp projekte.



'n Gemeente-netwerk vereis 'n langtermynverbintenis om saam met ander gemeentes op reis te gaan en om by mekaar te leer. Belangrike waardes onderliggend aan sulke byeenkomste is die volgende:

- *Leerbaarheid*. Ons begryp dat ons nie alles weet nie en is bereid om by mekaar en van mekaar te leer, ook uit die foute wat ons maak.
- *Openheid*. Ons skep 'n veilige omgewing en is bereid om na mekaar te luister. (Pat Keifert noem dit "listening each other into free speech").
- *Onderworpenheid*. Ons begryp dat ons onsself aan mekaar onderwerp, nie net om by mekaar te leer nie, maar ook om mekaar verantwoordelik te hou aan ons gesamentlike verbintenis tot die reis.



WENKE OM TE OORWEEG

Neem die volgende in ag:

1. Die proses om medereisigers te vind, is waarskynlik die grootste uitdaging. Dis belangrik dat die groep gemeentes wat hulleself tot 'n netwerk verbind, nie te groot is nie, maar ook nie te klein nie. Agt gemeentes is waarskynlik die ideale getal, maar dit is nie altyd prakties moontlik om soveel gemeentes te vind wat bereid is om saam op reis te gaan nie.

   Daar is geen rede waarom 'n bepaalde sinode of ring, of selfs net twee gemeentes nie baie sinvol met mekaar op reis kan gaan en by mekaar kan leer nie. Uiteraard sal die praktiese inrigting van byeenkomste en aard van die reis hierdeur beïnvloed word.

2. Diversiteit verryk die proses eksponensieel. Gelyksoortige gemeentes kan uiteraard by mekaar leer, maar hoe meer diversiteit daar binne die groep is, hoe groter is die groeipotensiaal. Diversiteit verryk die proses nie net ten opsigte van gemeentegrootte nie, maar ook ten opsigte van spiritualiteit en kerkverband.

3. 'n Vaste verbintenis is belangrik. Maak 'n verbintenis oor die termyn van die reis (dit kan later aangepas word, indien nodig) en oor die intervalle van die gesamentlike byeenkomste.

4. Byeenkomste het 'n vaste en eenvoudige struktuur. In die hoofstuk HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK, gee ons riglyne vir netwerkbyeenkomste van groepe gemeentes wat kies om oor die langer termyn saam op 'n gestruktureerde of semi-gestruktureerde reis te vertrek. Kyk gerus daarna.

   Vir gemeentes wat saam wil reis met gestuurdheid as tema, maar nie 'n vaste program of reis wil volg nie, gee ons die volgende riglyne:

   - Begin elke keer met wandel in die Woord
   - Deel elke keer met mekaar hoe dit gaan met elke gemeente se gestuurde reis. Gee aan mekaar terugvoer aan die hand van geloofsonderskeidende vrae soos byvoorbeeld:
     Hoe het God julle sedert ons laaste byeenkoms ontwrig?
     Wat het God by julle bevestig?
     Watter oop deure na julle gemeenskap het die Gees vir julle gegee?
     Waar het die Gees julle gestuit?
   - Eet elke keer saam.

5. Byeenkomste roteer van gemeente tot gemeente sodat almal ŉ beurt kry om gasvryheid te beoefen en almal ŉ beurt kry om ver te moet ry.

6. Een persoon hou die leisels vir die gemeente-netwerk. Dié persoon hoef nie by elke byeenkoms self te fasiliteer nie, maar daar is geen onduidelikheid oor wie die leier van die netwerk is nie.

7. Die soort leierskap wat benodig word, is gedesentreerde ("decentered") leierskap. Die leier is nie die middelpunt nie en neem nooit die gesprek oor nie. Die netwerk behoort ewe veel aan almal.

8. Gemeentes word verteenwoordig deur minstens ŉ predikant en twee ander leiers per gemeente. Hierdie leiers is persone wat ŉ strategiese rol binne die leierskap van hulle gemeente speel.

9. By netwerkbyeenkomste ontmoet almal mekaar as gelykes; almal praat dieselfde gestuurde taal; almal is op dieselfde reis en leer heeltyd by mekaar. Niemand is "professioneel" of ŉ "ekspert" nie. Niemand kan vir die ander sê hoe nie. Almal het mekaar nodig en almal leer by mekaar. As dit enigsins binne die groep duidelik is wie die predikante is en wie nié, doen die netwerk iets verkeerd!

10. Dit is nuttig om die agt patrone van gestuurdheid (*Treasure in Clay Jars*) byderhand te hou en deurlopend in die gesprek as verwysingpunt te gebruik.

11. Hou presies by die tyd wat afgespreek is, al is die gesprek nog lewendig. Dit verseker dat almal volgende keer bereid is om weer te kom!

12. Gemeentes wat een van ons voorstelle vir ŉ gesamentlike reis (hoofstuk 1) volg, sal waarskynlik ŉ Saterdagoggend verkies as beste tyd vir ŉ netwerkbyeenkoms. Dit laat genoeg tyd vir die byeenkoms en skep geleentheid vir alle gemeenteleiers om teenwoordig te kan wees. Begin deur saam ontbyt te eet en volg daarna die riglyne vir die netwerkbyeenkoms. Net voor middagete is ŉ goeie tyd om te vertrek.

    Vir gemeentes wat nie ŉ vaste program volg nie (sien punt 4 hierbo) en verkies om op ŉ weeksaand byeen te kom, gee ons die volgende voorstel vir die struktuur van ŉ drie-uur lange networkbyeenkoms:

    17:30 Wandel in die Woord
    18:30 Eet saam
    19:00 Deel stories oor gemeentes se gestuurde reis en geloofsonderskeidende gesprek
    20:30 Sluit af

RITME II

LUISTER EN ONDERSKEI

Trinitariese teologie en geloofsonderskeiding



Gemeentes wat getrou wil wees aan God se roeping, begin nie met strategiese beplanning nie. Hulle betree 'n reis van geloofsonderskeiding. Hulle leer luisterende, onderskeidende gewoontes aan wat nuwe geloofsverbeelding skep. Hulle vra nie in die eerste plek hoe die kerk behoort te wees nie, maar Wie die Drie-enige God is. Hulle soek groter helderheid oor wat God doen, en beplan hoe hulle as gemeentes daaraan kan deelneem.

Uit die etnografiese navorsing van die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes (SAVGG) blyk dit dat gemeentes maklik praat oor wat hulle self doen, maar moeilik oor wat God doen. Patrick Keifert meen dit hang sonder twyfel saam met die moderne, deïstiese manier van dink oor God. Volgens die deïsme is God 'n afsydige, generiese krag. Die God wat ons in die verhale en prente van die Bybel leer ken, is egter 'n Persoonlike God. God is Vader, Seun en Gees, wat lewend, dinamies en verhoudingsmatig met ons en in ons wêreld werk. Die Drie-enige God beweeg aktief in die wêreld en sluit ons in sodat ons aan hierdie beweging kan deelneem. Jesus het gesê, "soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh 20:21). Die Heilige Gees skakel ons persoonlik by hierdie dinamiese beweging van liefde na die wêreld toe in. Die Gees skakel ook die plaaslike gemeente, met strukture en al, hierby in. Dit is nie die waarheid dat die Gees gekant is teen strukture nie. Die Gees ag die liggaam hoog en kosbaar en wil dit heilig. Die Gees breek wel gedurig strukture oop om die toekoms wat by God se wil pas, te laat deurbreek.

'n Tweede moontlikheid vir 'n preekreeks oor die Triniteit:

Lees Lesslie Newbigin, *The Open Secret,* hoofstuk 4-6.

Verkondig die koninkryk van die Vader: Missie as Geloof in Aksie *(Mark 1:14-15; Gen 10; Matt 20:1-16; Luk 11:14-22; Jes 6:9-10; Hand 10:41; Mark 13:32-37)*

Deel die Lewe van die Seun: Missie as Liefde in Aksie *(Jes 35:5-6, 61:1-2; Mark 11:6; Luk 4:21; Matt 10; Matt 11:25-30; 1 Kor 3:11; 1 Kor 11:23-26; 2 Kor 4:10; Joh 20:19-23; 1 Kor 6:15; Joh 17)*

Dra die Getuienis van die Gees; Missie as Hoop in Aksie *(Luk 4:14, 18; Matt 12:18; Hand 1:5, 8; 2 Kor 1:22; Ef 1:14; Hand 8:26-40, 9:10-19, 10:1-20; 13:1-2; Joh 16:1-15; Gal 3:2; Luk 21:14-15; 2 Kor 10:5; 1 Pet 3:15)*

Oorweeg 'n erediens-reeks oor die Triniteit. Lees Daniel Migliori se hoofstuk getiteld "The Triune God" in *Faith Seeking Understanding*.

Die Drie-enige God is Self-gewende liefde (Matt 6:19; 10:37ev; 19:29; 16:24; Fil 2:6-8; Luk 9:23; 1 Kor 9:15ev; Joh 1:11; Matt 8:20; Rom 12:1ev; 14:1-15:3; 1 Kor 8:18; 2 Kor 4:7-18)

Die Drie-enige God neem ander in ag *(Joh 15:12; Joh 13:35-35; Joh 17:20-23)*

Die Drie-enige God vorm gemeenskap *(Gen 1:26; 3:22; 11:7; Jes 6:8; Matt 1:18,20,23; Luk 1:35; Joh 14:15-17; 1 Kor 12:3-7; Ef 2:18; Ef 3:14-17; 1 Pet 1:2; Matt 28:18-20; Ef 3:16; Hand 2:32-33; Kol 3:1; Joh 10:38; Joh 14: 10-11 en 20-23; Joh 17: 20-23; Rom 8:9-11; 1 Pet 1:11; Gal 4:6; 2 Kor 13:14; I Joh 4:7-21)*

Dit is juis om hierdie beweging van die Drie-enige God te verstaan en konkreet daaraan deel te neem dat ons doelbewus 'n reis van *geloofsonderskeiding* betree. Eerlike leierspanne van gemeentes besit nie die antwoorde op uitdagings van die gemeente nie. Hulle weet dit sal nie help om maar net te praat oor hoe hulle die bediening kan verbeter en meer effektief maak nie. Daar is dieper vrae oor God en oor die identiteit en roeping van die gemeente waaroor nagedink en onderskei moet word. Juis in tye van krisis, wanneer die ou antwoorde nie meer werk nie, is dit nodig om sake dieper te deurdink en met wysheid te oorweeg.

"Onderskeiding" (*discernment*) kom van die Latynse woord *discernere* wat beteken "*om te skei*". Dit beteken letterlik om in 'n krisis deur toetsing 'n onderskeid tussen goed en kwaad te maak." Geloofsonderskeiding is om "die regte pad te vind" (Luk 1:17); om "met insig te leef" (Ef 1:8); om "saam te dink", "saam te streef" en "een van denke te word" (Fil 2:2). Dit beteken nie dat almal eenders begin dink nie, maar wel dat die gedeelde vertrekpunt dat Christus die Here van die gemeente is, ons oordeel diep beïnvloed. Geloofsonderskeiding kom neer op 'n proses van luister en wéér luister na God en na mekaar, totdat die Gees 'n oortuiging onder ons laat groei waarmee ons kan vorentoe beweeg. Geloofsonderskeiding is die kuns om sáám, luisterend op die Here te wag.

Om saam in geloof onder leiding van die Gees te onderskei, behels meer as dat enkelinge die mag het om namens ander te besluit (hiërargie), die mening van die meerderheid gelykgestel word aan God se wil (demokrasie) of 'n reëlgebonde of tegniese benadering gevolg word, waar orde en reëls die deurslag gee (burokrasie). Geloofsonderskeiding kom neer op 'n proses van luister en wéér luister na God en na mekaar, totdat die Gees 'n oortuiging onder ons laat groei waarmee ons kan vorentoe beweeg. Geloofsonderskeiding is die kuns en gewoonte om sáám, luisterend op die Here te wag.

Om in die geloof te onderskei, is vir die meeste gelowiges iets wat 'n mens alleen doen. Gemeenteleiers moet die geloofsgemeenskap egter begelei in gemeenskaplike geloofsonderskeiding. Daarom moet hulle leer hoe om te luister om God se roeping te hoor. Hulle moet kan luister na die getuienisse van die gemeente en die gemeenskap, om daaruit te onderskei wat God besig is om te doen. Hulle moet bevry word daarvan om altyd besig te wil wees.

GEWOONTE 4:

Word stil en ontvang God se teenwoordigheid



Hierdie gewoonte help ons om in 'n gejaagde lewe en besige kultuur tot stilstand te kom en bewus te word dat ons in God se teenwoordigheid lewe.

Praktyk #9: Stilword

Die praktyk van stilword kan beoefen word in eredienste, kleingroepe en vergaderings. Stilword verryk en verdiep die gewone "opening met skriflesing en gebed". Die liturg of groepleier gee genoeg tyd vir stilte en begelei die groep deur die stilword-oefening. In hierdie "gevulde stilte" word deelnemers liggaamlik teenwoordig en raak hulle bewus van God se Woord en teenwoordigheid.



WENKE OM TE OORWEEG

Stilword kan op vele maniere begelei word. Die belangrikste is dat die groepleier dit self gereeld beoefen sodat dit met egte oorgawe en vertroue oorgedra word aan ander.

Laat deelnemers gemaklik sit, oë gesluit, voete plat op die grond, hande na bo gedraai in 'n ontvangende posisie. Lei deelnemers om vir 'n paar minute diep asem te haal en te konsentreer op wat hulle hoor. Steurende gedagtes sal kom – moet hulle nie beveg nie, maar laat hulle gaan.

Fokus deelnemers se gedagtes op God. Sê iets soos die volgende: "Ons is nou in God se teenwoordigheid. Dit is nie ons wat God teenwoordig maak nie. Kom ons ontvang dit."

Bid die volgende met rustige tussenposes: "Wees stil en weet ek is die Heer... Wees stil en weet ek is... Wees stil en weet... Wees stil... Wees..."

Lees 'n kort teksgedeelte rustig twee maal deur en vra deelnemers om 'n woord of frase te kies en daarop te bly konsentreer.

Praktyk #10: Hou 'n joernaal



Onderneem om vir 'n tyd lank elkeen 'n daaglikse joernaal te hou. Hierdie eenvoudige gewoonte skep 'n bewussyn van God se teenwoordigheid. God kom elke dag op vele maniere na ons toe en nooi ons uit om deel te word van sy beweging van heling, liefde en vrede in die wêreld.



WENKE OM TE OORWEEG

Neem elke dag 15 minute om stil te word by God. Kom by God tot rus en kyk terug oor jou dag. Laat die dag soos 'n film voor jou afspeel en vra: "Waar was ek vandag die meeste bewus van God se teenwoordigheid?"; "Waar of wanneer het dit vir my gevoel of God afwesig was?"; "Watter geleentheid het God vandag vir my geskep om liefde te ontvang of om liefde te gee?" Skryf die gedagtes neer soos dit by jou opkom.

Skryf in jou joernaal oor:

- Dinge waarvan jy bewus is rondom jou
- Plekke waar jy was en wat jy geleer het uit die ervarings
- Insigte wat jy kry langs die pad
- Spesiale goed wat ander geskryf of gesê het
- Maniere waarop jy jouself verbaas het
- Dinge wat jy raaksien terwyl jy teruglees in jou joernaal
- Gebede wat jy gebid het
- Drome
- Gedagtes wat jou besoek terwyl jy nadink oor iets

Jy kan ook skryf aan die hand van die volgende struktuur: "Ek hoor..."; "Ek sien..."; "Ek is geruk deur..."; "Ek is getroos deur..." Teken jou gewaarwordings, ontdekkings, ervarings op in jou joernaal.

Skryf die tyd en datum by elke inskrywing. Dit help jou as jy dit weer lees om te weet wanneer jy hierdie gedagtes gehad het.

Probeer jou joernaal verbind aan die ritme van 'n gereelde Bybellees-program, soos Communitas se leesrooster-produkte by https://communitas.co.za/category/taakspanne/leesrooster.

Die belangrikste is dat jy eerlik sal wees met jouself en met God terwyl jy skryf.

Die gewoonte van 'n daaglikse joernaal maak ons met verloop van tyd dieper bewus van die betrokkenheid van God in ons daaglikse lewe. Dit help ons om helderder te sien hoe die Gees ons inskakel by God se beweging van liefde na die wêreld toe. Ons kyk hierdie dinge gewoonlik mis onder die druk van 'n vol program en besige roetine.

Wanneer die kerkraad, bedieningspanne of kleingroepe bymekaarkom, kan gespreksgenote dié dinge uit hulle joernaal wat hulle bereid is om vir ander oop te maak, met mekaar deel. Dit help met verantwoordbaarheid tot die dissipline van joernaalskryf. Dit help ook om na mekaar te luister en te ontvang wat die Gees tussen julle doen.

GEWOONTE 5:

Lees die Woord luisterend



Hierdie gewoonte help ons om te beweeg van 'n informatiewe na 'n formatiewe lees van die Bybel. Dit help ons om nie bloot inligting te hoor in die Bybel as 'n bron van inligting of 'n opslagplek van waarhede nie, maar God se gesagvolle stem vir ons lewe hier en nou. Wanneer ons die Bybel saam lees, luister ons hoe God deur ander mense met ons praat. God se lewende en dinamiese Woord bring ons deur die Gees in 'n lewende verhouding met God.

Praktyk #11: Wandel in die Woord

Wandel in die Woord is 'n praktyk van luister na die Woord van God, waar 'n groep 'n redelik kort gedeelte oor 'n lang tydperk saam lees. Vandaar die term "wandel in": ons "loop stadig deur" die Woord. Elke keer wanneer die teks gelees word, luister deelnemers eers self na die teks en dan na iemand anders in die groep. Een van die kernwaardes van Wandel in die Woord, is dat die ander persoon vrymoedig moet voel om te deel wat hy of sy in die Bybelgedeelte gehoor het.

Wandel in die Woord ontwrig ons normale manier van omgaan met die Bybel. Ons wil gewoonlik graag ons eie opinies gee. Of ons wil by tekskenners in kommentare hoor wat die teks nou eintlik sê. Die praktyk van Wandel in die Woord leer ons om regtig te luister na wat ander in die teks gehoor het en dít in die groep te verwoord. Dit leer ons om die Bybel met ons hart te lees, om na die teks te luister, regtig te luister, met oorgawe te luister. Dit leer ons om onsself aan die teksgedeelte uit die Skrif te onderwerp, in plaas van om dit te wil bemeester.

Herhaaldelike beoefening van Wandel in die Woord, byvoorbeeld in kerkraadsvergaderings, help dat geloofsgemeenskap gevorm word binne die raamwerk van die Woord. Dit help dat besluite en maniere van doen gevorm word deur die verhaal van die Bybel. Dit ontwikkel ook missionale verbeelding.



WENKE OM TE OORWEEG

Wandel in die Woord verloop in drie bewegings:

1. ***Luister en Ontvang***
   - Raak stil en fokus daarop dat God in beheer is;
   - 'n Eerste voorleser lees die teks hardop voor;
   - Die eerste lesing word opgevolg met 'n tydjie van stilte;
   - 'n Tweede voorleser lees die teks weer hardop voor;
   - Elkeen lees die teks in stilte weer self met 'n openheid om deur die Gees verras te word;
   - Elkeen merk watter woord of frase hul tref, of van watter vraag hulle bewus word.

2. ***Deel en luister***
   - Elkeen kies 'n gespreksgenoot ('n "redelik vriendelike vreemdeling") met wie hy of sy nie gereeld kommunikeer nie.
   - Gespreksgenote deel twee-twee met mekaar waarvan hulle bewus geword het of watter vraag hulle het.

3. ***Terugvoer***
   - Gespreksgenote gee terugvoer in die groter groep oor dít wat hulle by die "vriendelike vreemdeling" gehoor het. Let daarop dat gespreksgenote nié met die groter groep deel wat hulle self gedink het nie. Die groter groep luister na die terugvoer van gespreksgenote *sonder om* dit wat gedeel word, te bespreek of kommentaar daarop te gee.
   - Die fasiliteerder kan die groep aan die einde van die Wandel in die Woord-gesprek uitnooi om die groot temas wat die Gees op die hart van die groep gelê het, uit te lig. Vrae soos die volgende kan gevra word: Watter temas lê die Gees vandag in ons midde? Wat is die relevansie hiervan vir ons verdere gesprek of vergadering? Hoe kan ons seker maak dat ons deurlopend hiervan bewus bly?

(Kyk gerus op ons webwerf inpas.co.za na 'n in-diepte bespreking van Wandel in die Woord)

Praktyk #12: Lectio Divina



Lectio Divina is die Latyn vir "Goddelike" of "geestelike lees" van die Bybel. Hierdie manier van Bybel-lees kom uit die vroeë kerk. Dit is gewortel in die oortuiging dat ons in die hele Bybel God se stem vir ons lewe hier en nou kan hoor.



WENKE OM TE OORWEEG

Lectio Divina vloei tradisioneel in vyf beweginge:

- **Word stil** *(silencio):* Stille voorbereiding van die hart en gees. Deel hiervan is 'n bewuste ontvangs van God se teenwoordigheid en 'n doelbewuste aflegging van alle geraas in jou lewe.
- **Lees 'n Skrifgedeelte** *(lectio):* Lees die teks, verkieslik nie meer as tien verse op 'n keer nie, stadig en hardop voor. Wees sensitief vir die beweginge van die Gees. Vertoef by woorde of frases wat jou aandag vang. Moenie ontleed nie, maar luister en wag.
- **Mediteer of dink na oor die Skrif** *(meditatio):* Lees die teks vir 'n tweede keer hardop. Dink na en reflekteer oor die woorde of frases wat die Gees jou op die hart lê. Wat is die Gees besig om vir jou te sê of met jou te laat gebeur?
- **Bid die Skrif** *(oratio):* Lees die teks vir 'n derde keer. Tree met God in gesprek oor jou diepste emosies en gevoelens. Watter ongemak of weerstand skep hierdie Woord by jou? Hoe troos hierdie Woord jou? Waartoe nooi God jou uit?
- **Oordink wat jy hoor** *(contemplatio):* Bring jou gedagtes by God tot rus en rus in die teenwoordigheid van die lewende God. Laat die Woord toe om diep in jou hart en mens-wees in te sink. Kies 'n simbool of teken om jou deur die loop van die dag aan hierdie Woord vir jou te herinner en om dit deurlopend deel van jou dag en lewe te maak.

Wees rustig. Lectio Divina vra tyd, herhaling, stilte, nadenke en luister. Jy kan tien minute hiervoor afsonder of twee uur, afhangende van jou program en jou vermoë. Moenie enige besondere resultaat of uitkoms verwag nie. In Lectio Divina nader ons tot God met 'n oop hart en sonder 'n agenda. Laat God met jou doen wat God wil. Die oogmerk is om kwaliteittyd met God deur te bring. Die "resultaat" met verloop van tyd is 'n verdiepende verhouding met God, 'n diepe afhanklikheid van die Heilige Gees, en die vorming van 'n leefstyl in lyn met God se wil vir ons.

Lectio Divina vir groepe:

Lectio Devina kan ook in groepe van ongeveer vier tot tien persone gedoen word. 'n Groepleier fasiliteer die proses. Volg die vyf beweginge soos hierbo.

- Met die *eerste* voorlesing word die teks bloot hardop voorgelees, gevolg deur 'n tyd van rus en stilte.
- Tydens die *tweede* voorlesing word groeplede gevra om te luister vir 'n woord of frase wat die Heilige Gees op jou hart druk. In die stilte wat volg, word hierdie woord of frase ontvang en oordink. As die tyd vir stil-wees verby is, kry elke groeplid geleentheid om die woord of frase wat hom of haar geraak het, met die ander groeplede te deel. Geen bespreking is nodig nie.
- Die *derde* voorlesing het ten doel om God in die teks te ontdek met behulp van 'n beeld of 'n visie. Elkeen bedink die woord of frase wat die Gees aan hom of haar gegee het en probeer ontdek waar en hoe hierdie woord of frase vandag jou hart en lewe raak. Hoe "hoor", "ervaar" of "sien" groeplede God in hierdie woord of frase? Na die tyd vir stille ondersoek deel elke groeplid sy of haar beeld, visie of ervaring met die res van die groeplede.
- Met die *vierde* voorlesing luister groeplede met die oog daarop om God se roeping vir die gemeente te ontdek. Hoe roep en stuur God ons? Hoe wil God ons deur hierdie Woord vorm? Wat druk God ons op die hart om te gaan doen? Wanneer die tyd van stilte verby is, deel elke groeplid met die groep wat hy of sy God vandag hoor sê het.

GEWOONTE 6:

Onderskei God se wil vir ons



Hierdie gewoonte help ons om helderheid te soek oor Wie God is, waarmee God besig is en hoe die Gees ons hierby wil inskakel, in plaas van om weg te spring met bestuursmatige planne en oplossings.

Praktyk #13: Vra Godsvrae

God kan geken word. God is aktief betrokke by die kerk en die skepping. Daarom vra ons in geloofsonderskeiding vrae oor Wie God is en waarmee God besig is. Godsvrae fokus ons gesprekke op die aktiewe teenwoordigheid van die Drie-enige God in ons midde.

Indien 'n vergadering gereeld die praktyk beoefen om Godsvrae te vra, help dit die vergadering om nie so vinnig vas te val in kleiner of selfs onbenullige sake nie. *(The main thing is to keep the main thing the main thing.)*

WENKE OM TE OORWEEG

Die volgende is voorbeelde van Godsvrae. Vrae kan afgewissel en aangepas word volgens die aard van die byeenkoms:

- ***Wie is God?*** (Geloofsonderskeiding is om God opnuut te ontdek in die situasie waar die gemeente nou is.)
- ***Wat is God nou besig om te doen?*** (Hierdie vraag help juis in tye wanneer mense dink dit gaan baie sleg.)
- ***Wat is God besig om vir ons te sê?*** (Hier kan die leierspan ook luister na die getuienisse van lidmate.)
- ***Aan wie behoort hierdie gemeente? Watter implikasies het die antwoord hierop?*** (Dit help om te onthou dat die gemeente nie aan ons behoort nie, maar aan God en dat Christus die Hoof is van die kerk.)
- ***Wat is God se wil vir die gemeente?*** (Dit is altyd groter en anders as wat ons dink.)

Praktyk #14: Luister na die Gees

Dit het groot waarde om gereeld te vra: *Hoe het die Gees ons die afgelope tyd bevestig en hoe het die Gees ons ontwrig?*

Die *ontwrigting* kan insluit dat God ‘n deur laat toegaan het, gewys het op ‘n blindekol, of ons bewus gemaak het van iets wat ons sal moet afleer. Ons hou nie hiervan nie, maar dit is belangrik om hierdie negatiewe emosies te erken. Kry dit gesê. As daar byvoorbeeld verwoestende brande in die omgewing was, of ‘n uitmergelende droogte, of wanneer eindelose kerklike debatte energie in die gemeente dreineer en lewe doodwurg, dan staan God nie los daarvan nie.

Die *bevestiging* kan insluit dat God nuwe verbeelding by ons oopgemaak het, ons ‘n nuwe gewoonte laat ontdek het wat ons sal moet inoefen, of ‘n deur oopgemaak het.

WENKE OM TE OORWEEG

Gee aan elke deelnemer die geleentheid om aan die hand van die volgende diagram met die groep te deel hoe God hom of haar die laaste tyd ontwrig of bevestig het.

‘n Kerkraadsvergadering kan die diagram gebruik om gesamentlik te onderskei op watter maniere God die gemeente die laaste tyd ontwrig of bevestig het.



Praktyk #15: Vra Woordvrae

Reeds vroeg in die geskiedenis van die kerk het gelowiges ingesien dat God se Woord op meer as een manier na ons kom. Ons kan sê God se Woord werk gelyktydig en wisselwerkend met ons as 'n *spieël* (van onsself), 'n *venster* (op God) en 'n *deur* (na die nuwe lewe).

WENKE OM TE OORWEEG

Wanneer ons hierdie drie Woordvrae bespreek, word nuwe verbeelding gevorm van 'n lewe onder die koningskap van Jesus Christus:



1. Die Woord kom as Wet: Die Woord is soos 'n *spieël* waarin ons onsself sien en wat ons ontmasker. Die Woord onthul wie en hoe ons regtig is in die deurmekaar en dikwels verwarrende werklikheid van ons lewens. Die Woord wys ons op ons nood, skuld en ellende.

Woordvraag: *As ons in die Woord as spieël kyk, onsself sien vir wie ons werklik is en oor onsself dink soos God oor ons dink, watter invloed het dit op ons denkwyses?*



2. Die Woord kom as Evangelie: Die Woord is soos 'n VENSTER waardeur ons iets van die hart van God kan raaksien. In en deur die Woord skenk God uit liefde en genade vir ons die verlossing, vryheid en lewe. Ons kan dit nie self bewerk nie.

Woordvraag: *As ons deur die Woord kyk soos deur 'n venster en die hart van God raaksien, die liefde en genade waardeur God vir ons vryheid en lewe skenk, op watter maniere verryk dit ons perspektiewe?*



3. Die Woord kom as Gebod: Die Woord is soos 'n DEUR wat oopgaan na 'n nuwe lewe. Die Woord bring ons in 'n nuwe verhouding met God. Die Woord moedig ons aan om ons roeping op te neem en medewerkers van God te word in die koms van sy koninkryk van vrede, vreugde en heelheid.

Woordvraag: *As ons deur die deur stap wat God se Woord vir ons oopmaak na 'n nuwe lewe in die koninkryk, hoe beïnvloed of verruim dit ons nadenke?*

Praktyk #16: Voer 'n "Egte Gesprek"

Vir baie lank is debatvoering in die kerk gesien as 'n betroubare metode om by die waarheid uit te kom. Debat veronderstel dat enkele bekwame en goed ingeligte mense genoeg moontlikhede vir oplossings kan genereer. In die komplekse situasies waarmee ons vandag te doen kry, is daar egter veel meer nodig. Insig word gebore uit die talle stukkies wysheid wat in die groep teenwoordig is. Hierdie

wysheid kom na vore in 'n egte gesprek, eerder as 'n tradisionele debat. Debat inhibeer deelname. Debat beklemtoon "sê" eerder as "luister" en "hoor". Die alternatiewe storie wat nuwe moontlikhede skep, word nie sommer in 'n debat gehoor nie. Daarom is dit belangrik dat ons leer hoe om mense te begelei om vrylik te kan praat in 'n dialogiese styl. Só kan 'n kreatiewe verband ontstaan tussen Woord en Gees en tussen gebed en nadenke en word die rasionele greep wat ons so dikwels op die Woord het, verruim.

"Egte Gesprek: 'n Raamwerk vir etiese onderskeiding in gemeentes" is 'n hulpmiddel wat deur die Algemene Sinode se Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake ontwikkel is en kan bestel word by bleibbrandt@sun.ac.za of pietervdw@sun.ac.za.

WENKE OM TE OORWEEG

"Egte gesprek" volg die benadering van *dialoog* eerder as debat met wen-en-verloor. Ons deel *perspektiewe*, eerder as om te veg vir geslote gesigspunte of absolute standpunte. Ons streef na *konsensus*, eerder as na 'n onderhandelde skikking waarmee die meerderheid min of meer tevrede is. Ons kom tot *helderheid*, eerder as tot 'n finaal afgehandelde saak. Ons groei in *wysheid*, met die gesindheid van Jesus Christus, eerder as in pragmatiese vindingrykheid en spitsvondige, eiewyse vernuftigheid.

Lees die volgende gesprekswaardes hardop saam in die groep:

- Ons omhels elke bydrae.
- Ons beoordeel nie heeltyd elke bydrae nie. Geen idee is te mooi, te laf, te dom of te vreemd nie.
- Ons praat oop en waag dit om eerlik te wees.
- Ons hanteer ons negatiewe emosies. Hoe ons voel, bepaal nie ons werklikheid nie.
- Ons is teenwoordig in die oomblik.
- Ons is bewus van wat ons waarneem.
- Ons speel waaghalsig en onbedreig.
- Ons wag op God.

Plaas die volgende gespreksreëls iewers waar julle dit die hele tyd kan sien terwyl julle gesprek voer. Skryf dit groot op blaaibordvelle en plak dit teen die muur. Praat dit elke keer deur as julle bymekaar is:

- Ek praat persoonlik...
  ... en weerhou my van veralgemenings.
- Ek is eerlik en kwesbaar...
  ... en weerhou my van 'little lies.'
- Ek luister diep...
  ... en weerhou my daarvan om ander te genees, te bekeer of reg te maak.
- Ek bly in die oomblik...
  ... en weerhou my daarvan om weg te skram van ongemak.
- Ek stel myself oop ...
  ... en weerhou my van agendas.
- Ek wag geduldig op God...
  ... en skryf nie voor hoe God ons moet ontmoet nie.

Vyf bewegings na wysheid:

van debat na dialoog

van standpunt na perspektief

van kompromie na konsensus

van sekerheid na helderheid

van eiewysheid na wysheid

Uit: "Egte gesprek: 'n Raamwerk vir etiese onderskeiding in gemeentes", deur Algemene Sinode Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake

'n Gesprek oor 'n etiese kwessie of moeilike saak kan soos volg ingerig word:

- Die groep moet verkieslik nie groter as 8 persone wees nie.
- Maak dit duidelik dat die gesprek groter helderheid en wysheid moet oplewer en nie 'n finale antwoord nie.
- Wys een persoon aan wat tyd hou en die groep hou by die gespreksreëls.
- Gee aan elke persoon 2 minute om met die groep te deel wat hy of sy dink en voel oor die saak.
- Gee direk nadat elke persoon gepraat het aan die groep 3 minute om vrae aan hom of haar te vra. Dit moet vrae wees en nie menings nie. Die vrae word positief gevra. Vra aan iemand om sy of haar siening verder te verduidelik. Vra nuuskierig en ontvang wat die persoon sê. Let wel, die doel is nie om iemand in 'n hoek te probeer keer of van opinie te laat verander nie. Belangrik: Slegs hierdie persoon mag nou antwoord.
- Nadat elkeen 'n beurt gekry het om sy of haar gedagtes te deel en vrae te antwoord, maak julle notas van julle gewaarwordings tydens die ronde. Doen dit soos volg: Elkeen skryf op kaartjies neer wat jy dink belangrik is vir onderskeiding oor die saak ten opsigte van *elk* van die volgende vrae: (i) Wat het al met jou gebeur in hierdie verband, of wat het al met iemand gebeur waarvan jy weet? (ii) Wat hoor ons in die Bybel oor die kwessie? (iii) Hoe is daar in die geskiedenis van die kerk hieroor gedink? (iv) Van watter navorsing het jy al hieroor gehoor of wat het jy gelees of gesien? (v) Wie sou iets meer hieroor weet? Skryf een gedagte groot en duidelik per kaartjie.
- Plak die kaartjies teen 'n muur op in groepe (clusters) volgens die afsonderlike vrae. Maak seker dat hierdie perspektiewe nie *vermeng* word nie.
- Som op wat julle geleer het en waaroor julle verder sal moet nadink.
- Deel met mekaar hoe julle die gesprek ervaar het. Elkeen kry kans om te sê (a) wat was vir my maklik, (b) wat was vir my moeilik, (c) wat het ek geleer.
- Gebed: Die tydhouer vra almal om hulle oë toe te maak en lees die volgende gebed voor:

> *Vader, ons is na U beeld geskape, gee ons deernis;*
>
> *Jesus, ons is deur U opoffering nuut gemaak, gee ons liefde;*
>
> *Heilige Gees, ons word deur U gelei, gee ons helderheid.*
>
> *Amen*

Praktyk #17: Die luistersiklus

Die luistersiklus bevat verskillende van die voorafgaande elemente en help ons om na God en na mekaar te luister. Dit kan baie effektief gebruik word tydens 'n interaktiewe sowel as 'n stil retraite.

Die luistersiklus *(sien diagram)* bestaan uit drie groot beweginge (rus, hoor, leef) met agt stasies binne die drie beweginge. Die drie beweginge is geplaas in 'n siklus, wat wil sê dat luister nie net by een geleentheid afgehandel word nie, maar dat ons telkens tot rus kom om weer na God te luister en verder saam met God te leef.

- In die *rus*-beweging kry ons in 'n gejaagde lewe tyd om voor God tot rus te kom.
- In die *hoor*-beweging luister ons vanuit verskillende hoeke na wat God vir ons in die Bybel sê.
- In die *leef*-beweging antwoord ons met ons lewe.



WENKE OM TE OORWEEG

Gebruik die luistersiklus tydens 'n interaktiewe retraite

STASIE 1:

Ingenooi deur God – Ons raak bewus van ons diep behoeftes, vrae en vrese en ons gee ons aan God oor.

Wanneer gemeenteleiers bymekaarkom is hulle gewoonlik gejaagd. Maak mense in hulle broosheid by mekaar teenwoordig. Gee mense die geleentheid om vir mekaar te vertel van iets wat met hulle gebeur het sedert ons die vorige keer bymekaar was wat hoop gee of bekommerd maak. Wees bedag daarop dat daar mense sal wees wat sê dit neem te veel tyd in beslag.

STASIE 2:

Ingaan in God se tyd – Ons betree God se wêreld. Ons gaan in God se vrede in.

Word stil en bid in die verwagting dat God met ons praat. Fokus die groep op die bewussyn van God se groot mag, liefde en sorg. 'n Eenvoudige bak met water in die vertrek of op die tafel herinner aan ons doop – dat ons aan Christus behoort.

STASIE 3:

Luister na God se Woord – Ons luister na die Woord. Ons ontmoet God.

Lees die teks saam en deel met mekaar waardeur elkeen getref word. Doen dit luisterend, met die hart, om te ontvang. Dit help om twee-twee te lees en vir die groep te vertel wat jou maat gehoor het (Wandel in die Woord-metode). Anders word dit baie gou weer 'n bloot informatiewe lees, of een wat preek vir die ander.

STASIE 4:

Luister na mekaar – God praat deur ander mense in die geloofsgemeenskap met ons.

Oefen om te eggo, met ander woorde om dit wat die ander sê, kortliks op te som en te toets of jy reg gehoor het. Oefen ook om die ander in die vergadering te bevestig deur waardering uit te spreek in plaas van om fout te soek of aan te val. Beweeg so van 'n debat-styl na 'n dialoog-styl.

STASIE 5:

Luister na ander en die tye – Ons stel ons oop om God van onverwagte kante te hoor.

Die ander is mense wat nie 'n stem in die gemeente het nie. Nooi sulke stemme in die retraite in en luister werklik na hulle. Julle kan mense fisies nooi, maar ook na 'n video- of stem-opname luister of 'n toepaslike koerant-uitknipsel lees.

STASIE 6:

Luister weer na God se Woord – Ons fokus op die beweging van die Gees in ons hart en gedagtes.

Doen dit weer luisterend, met die hart, om te ontvang. Julle kan weer twee-twee lees en met die groep deel wat jou maat gehoor het (Wandel in die Woord-metode). Julle kan ook beurte maak om in die groot groep te deel, sonder om op mekaar se insette kommentaar te lewer, en daarna 'n lys maak van patrone wat in die terugvoer na vore gekom het.

STASIE 7:

Fokus op wat God nou doen – Ons gee aandag aan wat God op hierdie oomblik doen en waarheen God ons lewe rig.

Onderskei waarmee God besig is en wat God van julle verwag. Gebruik hiervoor die participlan of geloofs–onderskeidende gespreksmetodiek.

STASIE 8:

Antwoord met ons lewe – Ons besluit op 'n gepaste reaksie op wat God gegee, gedoen of gesê het.

Besluit op gewoontes wat julle moet inoefen sodat God se wil vir julle gemeente ook julle leefwyse sal word.

Gebruik die Luistersiklus tydens 'n Stilretraite

- Gebruik aan die begin **Stasie 1** en **Stasie 2** om persoonlik tot rus te kom. Raak eenkant en alleen stil en skryf onder gebed en met diep nadenke die dinge neer wat op jou hart lê. Gee ruim tyd hiervoor. Begin dié dinge een vir een deurbid. Skryf veral Skrifgedeeltes neer wat in die proses deur die Here op jou hart gelê word.
- **Stasie 3**: Kies dié gedeelte(s) wat jou die meeste aanspreek en lees dit persoonlik deur.
- **Stasie 4** kan onder begeleiding gedoen word. Die begeleier vra uit oor watter gedagtes, beelde of vrae in die gedeelte gehoor is en eggo.
- **Stasie 5** kan persoonlik of onder begeleiding gedoen word.
- **Stasie 6** kan in 'n gesprek met 'n begeleier of in persoonlike gebed plaasvind. Onderskei die wyse waarop die gedeelte jou ruk en/of troos.
- By **Stasie 7** en **Stasie 8** word besluite geneem, persoonlik of saam met 'n begeleier. Die impak en betekenis daarvan word uitgespel en aangeteken.

RITME III

WAAG EN EKSPERIMENTEER

GEWOONTE 7:

Betree die vreemde



Hierdie gewoonte help ons om dit te waag om oor grense heen te beweeg en om God in die vreemde en in die vreemdeling te ontmoet.

Praktyk #18. Beplan die eerste treë

Die evangelie van Jesus Christus is die goeie nuus dat God die grens tussen hemel en aarde deurbreek het en ons in ons menslike bestaan kom ontmoet het. Daarom kan 'n gemeente wat God se hartklop vir hierdie wêreld ken, nie anders as om in navolging van God oor grense heen te beweeg en om mense te ontmoet waar en soos hulle is nie. 'n Gemeente bly IN PAS met God se beweginge slegs solank dit *inkarnasioneel* ("inkarnasie" beteken dat Jesus ons mensheid op Hom geneem en tussen ons kom woon het) en daarom *kontekstueel* is – dit wil sê: ons volg God se beweging in Christus en deur sy Gees na die mense en wêreld in die *onmiddellike omgewing van ons gemeente*.

Nelus Niemandt sê: "The missional church is an incarnational movement sent to engage its context." (Uit 'Trends in missional ecclesiology', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 68(1) Alan Hirsch verwys na die "*missional-incarnational impulse*" as deel van die missionale DNS van geloofsgemeenskappe. Hy sê: "The purpose in combining these words is to link two practices that in essence form one and the same action... [U]nless we embrace this mode, we will in effect lock up one of the genius of the apostolic church, namely, to seed and embed the gospel in different groups, cultures and societies and thus sow the seeds of rapid multiplication." (Uit *The forgotten ways.)*

Missionale kerke volg God se voorbeeld om in mense en groepe se leefwêrelde in te beweeg. Ons is altyd grootoog op die uitkyk vir nuwe dansmaats wat God oor ons pad kan bring en saam met wie ons nuwe passies kan leer om met God *IN PAS* te bly!

Om oor grense te beweeg is soos om 'n vreemdeling te nooi vir 'n dans. Dit vra 'n sekere *waagmoed* – jy sal eers weet wat om te verwag as die dans begin! Dit vra *vertroue* – jy moet vertrou dat jy en jou dansmaat saam die ritmes sal hoor, die passies sal vind, en mekaar se tone sal kan vermy! En dit vra *openheid* – jy stel jouself oop om op die vloer nuwe passies en nuwe danse te leer!



WENKE OM TE OORWEEG

Meeste mense (en gemeentes) is nie van nature geneig om oor grense heen die vreemde in te stap nie. Sommige kan dit as erg bedreigend beleef. Daarom is dit nodig dat die leierskap van elke gemeente doelbewus sal soek na praktyke wat kan help om hierdie vrees te oorbrug en mense aan te moedig om die gewoonte te kweek om die vreemde te betree. Hou die volgende in gedagte:

1. Begin by die eerste maklike tree

Dis waarskynlik vir meeste gemeentes nie 'n goeie plan om as eerste tree 'n vlugtelingkamp vir vreemdelinge uit die Noorde van Afrika te wil besoek nie. Om dit te kan doen, moet ons in een asem oor vele grense beweeg: ras, taal, kultuur, geloof, nasionaliteit, politieke status en sosio-ekonomiese verskille. Dis doodgewoon nie 'n goeie plan om 'n eerste dansles met so 'n veeleisende dans te begin nie. Begin by die begin, met die eerste klein en maklike passies en bou daarop voort.

Begin doodgewoon om geleenthede te skep sodat die leierspan en groepe in die gemeente aangespoor word om as 'n eerste stap 'n besoek af te lê by mense of groepe met wie hulle nie elke dag kontak het nie, maar waar die grense wat oorgesteek moet word, nie so veel of so bedreigend is nie:

- Reël 'n besoek aan een van die oorde of tehuise in die omgewing. In elke gemeenskap is daar plekke van versorging of bewaring waar kinders, of bejaardes, of mense wat deur trauma en verlies is, gehuisves en versorg word. Moenie iets saamvat nie. Gaan net om te kuier, te luister en verhoudinge te bou.
- Besoek as kerkraad 'n naburige gemeente van 'n ander kerkverband; of nooi hulle uit vir 'n besoek. Beplan om 'n erediens saam te doen as dit moontlik is. Reël oor en weer kuiergeleenthede en begin om verhoudinge te bou.
- Daag lidmate uit om 'n straatbraai te reël vir die omgewing waarbinne hulle bly.
- Dalk is daar iewers in die omgewing 'n ekologiese ramp wat wag om te gebeur. Vra 'n omgewingskundige om saam met die gemeente 'n besoek te gaan aflê.

Die moontlikhede vir bogenoemde aksies is legio. Twee sake is van kritiese belang vir die sukses hiervan:

- *Die voorbereiding van die groep*. Ons gaan met die houding en gesindheid waarmee Jesus sy dissipels in Lukas 10:1-12 uitgestuur het. Ons vat niks saam nie. Ons dink nie dat ons beter weet nie. Ons kuier en luister! Ons luister om te ontdek wat God besig is om te doen.
- *Die refleksie saam met die groep*. Na afloop van 'n besoek is dit belangrik om saam met die groep te reflekteer en te vra: Watter oop deur skep God vir ons om 'n verhouding met hierdie mense of groep te bou?

2. Sluit aan by die "*trailblazers*"

In elke gemeente het die Gees gelowiges gegee wat vanuit hulle beroep of persoonlikheid reeds elke dag van nature oor grense beweeg:

- Maatskaplike werkers beweeg elke dag in woonbuurte waar ander dit nooit sal waag nie.
- Lidmate is betrokke in bedieninge oor grense heen waarvan baie lidmate (en die leierspan in die gemeente) dalk nie eers weet nie.
- Sakelui doen besigheid met groepe of in omgewings wat vir baie mense onbekend is.

Die lys hierbo kan onbepaald aangevul word. Indien die leierspan hierdie persone in die gemeente identifiseer en hulle by die span betrek, word die moontlikheid geskep om saam met hulle verder

en dieper oor grense te beweeg. Hulle skep die moontlikheid om mense of groepe te besoek wat andersins nie moontlik sou wees nie. Reël met een van hulle om die leierspan of 'n groep in die gemeente voor te stel of bekend te stel aan die mense met wie hulle elke dag kontak het.

3. **Ontvang vreemdelinge as Godsgeskenke**

Dis belangrik om te onthou dat vreemdelinge ook elke dag onbepland en onbedoeld in ons lewens instap! Daarom behoort die leierspan daarop bedag te wees om praktyke in die gemeente te vestig wat lidmate help om hierdie vreemdelinge as *Godsgeskenke* te ontvang en te ontmoet. *Wandel in die Wêreld* (Praktyk #19) en *Verwelkom die vreemdeling* (gasvryheid) (Praktyk #20) is twee praktyke wat volgende beskryf word en deur die leierspan oorweeg kan word om lidmate sensitief te maak vir God se teenwoordigheid in ons alledaagse ontmoetinge met vreemdelinge.

4. **Gee mettertyd meer en groter treë**

Elke tree wat gegee word, bou nuwe vaardighede wat nodig is om later 'n verdere en dalk groter tree te kan gee. Indien die gemeente die eerste kleiner treë begin gee en die gewoonte begin kweek om die *vreemde te betree en God daar te ontmoet*, word dit mettertyd ook moontlik om die groter en meer uitdagende treë te kan gee. Dalk is die leierspan of 'n groep in die gemeente later op hulle reis gereed om 'n luisterplons (Praktyk #22) te beplan by 'n vlugtelingkamp vir vreemdelinge uit die Noorde van Afrika!

Praktyk #19. Wandel in die wêreld (Son)

As gestuurde navolgers van Christus en as gestuurde gemeente vestig ons die gewoonte om oor grense heen te beweeg en om God in die vreemde te ontmoet. Ons doen dit gereeld georganiseerd, maar ook as 'n dag-tot-dag gewoonte waar ons met mense te doen kry wat anders is as onsself.

Iemand het opgemerk dat gelowiges geneig is om te dink dat God se koninkryk van "bo-af" kom. God se koninkryk, herinner dié persoon ons, kom egter heel dikwels nie van "bo-af" nie, maar van "voor-af". God stap elke dag ons lewens binne in die persoon van die vreemdeling met wie ons in die daaglikse gang van ons lewens paaie kruis. Die kernvraag wat ons onsself elke dag in ons ontmoeting met hierdie vreemdelinge met wie ons paaie kruis moet afvra, is: Hoe is God reeds in die lewens van hierdie persoon of persone aan die werk? En: Hoe kan ons hierby aansluit?

In Bybelse tye is vreemdelinge met geskenke verwelkom. Die gasheer het nie gehuiwer om iets op te offer sodat die vreemdeling tuis kan voel nie. Gemeentes wat vreemdelinge wil laat tuis voel, moet hulleself afvra wat hulle bereid is om op te offer.

Om geskenke aan vreemdelinge te gee, is om iets wat jou eie is, prys te gee ter wille van ander. Onthou gerus dat die geskenk in antieke tye bedoel was om die gasheer se bedoeling te wys en duidelik te maak dat die gasheer vertrou kan word. Dit wat die gasheer bereid was om op te offer, het die gasheer en die vreemdeling saamgebind in die nuwe verhouding van vertroue en saamwees.

Daarom vestig gemeentes wat IN PAS wil kom met die lewende God náás praktyke wat ons aanspoor om *óór grense te beweeg* en die vreemdeling in sy of haar eie leefwêreld te ontmoet (soos byvoorbeeld die luisterplons), óók praktyke wat ons aanspoor om die *vreemdeling met wie ons in ons daaglikse lewe en werk paaie kruis*, as "*Godsgeskenke*" raak te sien en te ontvang. Die praktyk om in die wêreld te wandel (soms ook genoem: wandel in die son), is 'n voorbeeld hiervan.



In 'n wêreld waarin vreemdelinge met agterdog benader word, vertrou ons die Gees vir 'n openheid vir sy verrassende teenwoordigheid in die lewens van vreemdelinge wat Hy elke dag oor ons pad stuur. Ons leef met 'n verwagting om deur God verras te word met vreemdelinge wat Hy as "Godsgeskenke" oor ons pad stuur en met wie ons sy liefde mag deel of van wie ons sy liefde mag ontvang.



WENKE OM TE OORWEEG

Praktiese riglyne vir wandel in die wêreld (son)

Wandel in die wêreld (son) werk die beste in groepe van vyf tot agt persone. Volg die volgende stappe as riglyn vir die gesprek:

- **Stap 1**: Deel aan elke groepslid 'n afskrif van die "persoonlike son" uit ('n voorbeeld hiervan is op die volgende bladsy).
- **Stap 2**: Gee geleentheid aan elkeen om die tafel om die volgende te doen: Dink na oor die afgelope vyf dae. Skryf in elke punt van jou son mense neer wat jy kon groet, byvoorbeeld "Piet", "Susan", "man langs die straat," "motorbestuurder", ensovoorts.
- **Stap 3**: Kyk na al die name wat jy neergeskryf het. Omkring dié wat jou "in hulle huis ingenooi" het. Met ander woorde: wat in hulle kontak met jou toegelaat het dat daar 'n oomblik van egte kontak en die moontlikheid van dieper verhoudings was.
- **Stap 4**: Elkeen kies nou een van die name wat hy/sy omkring het en vertel die verhaal. Die res van die groep luister na die verhale sonder om dit verder te bespreek.
- **Stap 5**: Nadat groeplede hulle verhale gedeel het, dink die groep saam hieroor na aan die hand van die volgende vrae:
  - Hoe was God in hierdie ontmoetinge teenwoordig of afwesig?
  - Watter geleentheid het God gegee om liefde te ontvang of om liefde te gee
  - Hoe was ons IN PAS of uit pas met God se beweginge deur sy Gees?
  - Waartoe roep of stuur God ons?

Indien die praktyk deel uitmaak van 'n proses om die gestuurde roeping van die gemeente te ontdek, sal die volgende gespreksvraag by stap 5 van waarde wees:
Hoe help hierdie verhale ons om te ontdek: "Na wie toe stuur God ons?"

Die groep skryf dan daarna die mense of gemeenskappe na wie toe God julle stuur, neer op die groter gemeenteson. Sodoende word die leierskap in die gemeente in staat gestel om die gestuurde patrone wat reeds in die gemeente aanwesig is, te ontdek en te onderskei.

Een gemeente het hierdie praktyk gebruik as deel van hulle proses vir die onderskeiding van die gestuurde roeping van die gemeente. Die span leraars het groepe lidmate reg deur die hele gemeente besoek en 'n groepsgesprek aan die hand van hierdie praktyk gefasiliteer. Hierdie oefening het daartoe bygedra dat 'n sterk bewussyn van God se teenwoordigheid in die daaglikse lewe en werk van gelowiges in die gemeente gevestig is. Terselfdertyd het die patrone van gestuurdheid wat uit die verskillende gesprekke met groepe in die gemeente na vore getree het, meegewerk tot die identifisering van die gestuurde roeping van die gemeente.

WANDEL IN DIE WÊRELD



Skryf in elke punt van jou persoonlike “son” mense neer wat jy kon groet die laaste week.

Omkring dié wat jou “in hulle huis ingenooi” het. Dit wil sê: persone wat toegelaat het dat daar ŉ oomblik van egte kontak en die moontlikheid van dieper verhoudings was.

Praktyk #20. Verwelkom die vreemdeling (gasvryheid)



Die gewoonte om oor grense heen te beweeg en die vreemde te betree, is altyd 'n wederkerige proses:

> Soms *steek ons die grens oor* om God in die vreemde of in die vreemdeling te ontmoet. (Die *luisterplons* en *wandel in die wêreld* is voorbeelde hiervan.)
>
> Die omgekeerde gebeur egter ook. Soms steek *vreemdelinge die grens na ons toe oor!* Ons kan 'n legio voorbeelde hiervan opnoem: mense kom kuier op 'n Sondag in ons erediens; gesinne meld kinders aan by die jeugbediening; mense in nood kom soek wysheid en hulp by pastorale werkers; families sonder kerkverband soek 'n gemeente vir 'n roudiens of woon 'n roudiens in die gemeente by; besoekers meld aan by ons basaar ...

Gemeentes met 'n hart vir God se beweginge na ons wêreld toe is *passievol* daaroor om hierdie vreemdelinge wat op soveel wyses die grens na ons toe oorsteek, met *Bybelse gasvryheid te verwelkom en te omarm*. Daarom vestig ons naas die praktyke wat ons bemagtig om oor grense heen te beweeg en God in die vreemde en die vreemdeling ontmoet, ook *praktyke van Bybelse gasvryheid*. Ons ontvang en verwelkom die vreemdeling *onvoorwaardelik* en *sonder enige vooroordeel* in ons midde!



Die *gesindheid van Christus* is die basis waarop Bybelse gasvryheid berus. Ons vertrou die Gees om ons *leeg te maak van onsself* sodat ons die vreemdeling op *gelyke voet* en *sonder vooroordeel* in ons midde kan ontvang en verwelkom.

> *Kenosis* is die woord wat die Nuwe Testament hiervoor gebruik. Christus het Homself gestroop van alle mag en gesag om ons op gelyke voet in ons wêreld te kom ontmoet en ons slaaf te word. Daarom vertrou ons die Gees om ons te stroop van elke begeerte om mense te wil beheer en van enige sweem van vooroordeel teenoor hulle wat anders as ons is, sodat ons die vreemdeling met ope arms en op gelyke voet in ons midde kan ontvang en kan dien.

Ons verwag nie van hom of haar om soos ons te word of te wees nie. Ons het die vreemdeling in ons midde nodig net soveel as wat hy of sy ons dalk nodig mag hê! God stuur vreemdelinge na ons toe omdat Hy ons wil vorm om geloofwaardige navolgers van Christus te kan wees.



WENKE OM TE OORWEEG

Bybelse gasvryheid in praktyk

Die uitdaging vir elke geloofsgemeenskap is om kreatief en doelgerig op elke vlak van die gemeentelike lewe volhoubare praktyke te vestig wat daarop gerig is om 'n gemeentekultuur te vestig waarbinne ons vreemdelinge in ons midde met Bybelse gasvryheid en liefde ontvang en verwelkom.

1. In ons eredienste

Die erediens kan met reg beskryf word as die *hartklop* van ons *Christelike lewe*!

> Wanneer die hart ontspan, vloei die gemeente die erediens binne om God se handelinge in Christus met ons en ons wêreld te bedink en te vier en so met die lewegewende krag van sy liefde en teenwoordigheid gevul te word.

Wanneer die hart weer saamtrek, vloei die gemeente God se wêreld binne om hierdie liefde te leef en met almal te deel met wie ons paaie kruis.

Ons kan sê: Die totale lewe en bediening van die gemeente vloei terug na die erediens en word vanuit die erediens gerig en geïnspireer. Daarom spreek dit vanself dat gemeenteleiers goed sal nadink oor die inkleding van elke erediens en passievol sal wees oor die vestiging van praktyke wat God se hart en bedoeling vir ons en ons wêreld demonstreer en die gemeente aanspoor om hiermee IN PAS te kom.

Voorbeelde hiervan is:

- *Kuiertyd met kuiergaste*

  Skep die praktyk om aan die begin van elke erediens *kuiergaste te verwelkom en te laat tuis voel*.

  Nooi kuiergaste uit om 'n aanduiding te gee van waar hulle sit. Doen dit sonder om gaste onveilig te laat voel – 'n blote opsteek van hande is genoeg.

  Skep dan 'n kuiertyd sodat die gemeente mekaar kan groet en verwelkom. Versoek die lidmate wat langs, voor of agter die kuiergaste sit om hulleself bekend te stel en moeite te doen om die gaste in die gemeente te verwelkom.

  Op hierdie manier word die gemeente tydens elke erediens daaraan herinner dat gasvryheid die verantwoordelikheid van die hele gemeente is. Mettertyd word die kultuur gekweek dat lidmate spontaan op die uitkyk is vir vreemdelinge en hulle met ope arms verwelkom.

  Hou hiermee vol, selfs al is daar vir een of twee geleenthede nie kuiergaste nie! Ten minste begin die erediens met 'n glimlag op almal se gesigte!

  'n Leraar vertel hoedat hulle uit dure ondervinding die verskil tussen tegniese en aanpassende verandering ontdek het. "Toe ons onderskei dat die Here ons wil vorm om 'n gasvrye gemeente te wees, het ons gedoen wat ons gewoond was om te doen: ons het 'n gasvryheidsbediening op die been gebring! 'n Groep lidmate is getaak om mense by eredienste te verwelkom. Tydens 'n evaluerings-proses 'n jaar later ontdek ons tot ons ontnugtering: die kultuur in die gemeente het glad nie verander nie. Ons is nog steeds 'n ongasvrye gemeente, nou net met 'n gasvryheidsbediening!"

  Die leierskap van die gemeente het hierna praktyke van gasvryheid onderskei en lidmate hierin afgerig. Dis die enigste manier waarop kultuur kan begin verander.

  'n Wenk: vermy die woord "intrekkers" of "nuwe lidmate"! Dié woorde kom uit 'n ou paradigma en skrik net af. Buitendien sluit dit 'n groot groep kuiergaste uit! Die tyd toe mense gedink het dat hulle 'n plig het om by 'n gemeente aan te sluit, is lankal verby! Almal besoek eers twee of drie gemeentes voordat hulle 'n besluit oor lidmaatskap neem. Skep liewer 'n afsonderlike geleentheid na elke erediens sodat diegene wat dit oorweeg om by die gemeente aan te sluit en meer oor die gemeente wil weet, iemand oor 'n koppie tee kan ontmoet en op hulle eie tyd 'n ingeligte besluit oor lidmaatskap kan neem.

- *Wie's jou een?*

  Skep die praktyk om tydens elke erediens vir lidmate 'n geleentheid te gee om die *Gees* te vertrou vir die *één* vir wie hulle kan bid.

  Om deel te word van God se soekgeselskap beteken dat ons leer om met God se hart en oë te kyk. God het veral 'n hart het vir *die één wat in nood is*. (Dink aan die drie verhale in Lukas 15.)

  Bid dat die Here vir elkeen van ons sal wys wie is jóú een. Waarskynlik is dit iemand wat ons reeds ken, iemand wat naby ons woon of saam met ons werk. Moontlik iemand oor wie jy

bekommerd is. Bid dat die Here jou sal laat kyk soos wat Hy na mense kyk – met liefde en besorgdheid.

Bid dan vir hierdie een. Bid vir die persoon se behoeftes soos jy dit verstaan. Bid dat die Here julle paaie sal laat kruis. Bid vir geleenthede om kontak te maak en te gesels. Wees gereed vir die geleenthede wat jy gaan begin raaksien: 'n kans om oor te stap, om te hoor hoe dit gaan, om iets goed vir hierdie een te doen.

Ons kan met verwagting bid want eintlik is dit God wat soek. Ons is lede van sý soekgeselskap en Jesus herinner ons: God soek en Hy vind.

In sommige gemeentes word hierdie praktyk aangevul met sigbare simbole: 'n klip wat by water gesit word of 'n kers wat aangesteek word vir elke persoon vir wie daar gebid word en vir wie God nuwe lewe geskep het.

> Een van die beste maniere om bewus te raak van die alledaagse lewe, is om vir 'n slag 'n vreemdeling te wees. Kom uit die roetine van die bekende en kyk met die hart van 'n vreemdeling na jou omgewing. Word 'n slag 'n vreemdeling in jou bekende wêreld. Gaan sit by 'n besige taxi-staanplek, of bring eenvoudig 'n oggend deur in die aanklagkantoor van jou plaaslike polisiestasie.
>
> Uit Nuwe leiers vir nuwe werklikhede

- *Gaan sit op 'n ander plek*

  Daag lidmate uit om soms sommer spontaan op 'n heel ander plek in die erediens te gaan sit as waaraan hulle gewoond is. Wees gereed om verras te wees oor die nuwe verhoudinge wat die Gees deur so 'n klein en eenvoudige praktyk kan skep!

2. In ons vergaderinge en by ons werkwinkels

Sonder dat ons daarvan bewus is, is ons gemeentelike vergaderinge en werkwinkels soms ver verwyderd van die mense en gemeenskappe waarbinne die gemeente leef en werk. Praktyke wat kan help om hierdie kloof te oorbrug, is die volgende:

- Nooi *vreemdelinge* vanuit die gemeenskap na *gemeentelike vergaderinge*.

  Ten minste een kerkraad het die praktyk om by geleentheid 'n vreemdeling uit die gemeenskap te nooi om die kerkraadsvergadering by te woon. Tydens die vergadering kry die "vreemdeling" dan geleentheid om te vertel watter nood hy of sy in die gemeenskap raaksien en hoe hy of sy meen die gemeente en gemeenskap hande kan vat ter wille van 'n gelowige, gelukkige en gesonde gemeenskap. Hierdie praktyk hou die kerkraad in sy beplanning en besluitnemingsprosesse deurentyd bewus van die gemeenskap waarbinne die gemeente leef en werk.

- Maak die *gemeenskap* deel van die *sakelys vir die kerkraad*.

  'n Ander kerkraad het die praktyk om "Brandpunte in die gemeenskap" as eerste punt op die sakelys vir elke kerkraadsvergadering te plaas. So kry lede aan die begin van elke vergadering geleentheid om brandpunte uit die breër gemeenskap met die res van die vergadering te deel. Dikwels lei hierdie bespreking daartoe dat tyd vir voorbidding ingerig word of dat die kerkraad op verdere optrede besluit waarby die hele gemeente en gemeenskap betrek word. So bly die lewe en nood van die gemeenskap deurentyd 'n integrale deel van die gesprek en besluitnemingsprosesse van die kerkraad en gemeente.

- Maak die *lewe en nood van die omliggende gemeenskap* deel van *beplanningswerkwinkels* in die gemeente.

  'n Fasiliteerder vertel dat hy gemeenteleiers as deel van beplanningswerkswinkels twee-twee uitstuur om met enigeen uit die omliggende gemeenskap in gesprek te tree. Die opdrag is eenvoudig: "Vind 'n "vriendelike vreemdeling" met wie julle nie normaalweg kontak het nie en

wat bereid is om met julle gesprek te voer. Vra hierdie persoon wat vir hom of haar die belangrikste dinge in sy of haar lewe is. Na terugvoering in die groter groep word lede van die werkswinkel versoek om patrone of temas wat uit die gesprekke na vore gekom het, te identifiseer en dan 'n erediens of bediening te ontwerp waarin sulke mense tuis sal wees!

3. In ons huise en woonbuurtes

Ons woonbuurte is dikwels die mees geslote plekke in ons samelewing. Gemeentes wat God se hartklop ken skep kreatiewe praktyke om mure tussen mense af te breek en die grens na omliggende bure oor te steek. Een voorbeeld hiervan is die praktyk om gesinne uit te daag om op 'n spesifieke Sondag of as deel van 'n gemeente-uitreik 'n straatbraai te reël vir gesinne in hulle onmiddellike omgewing. Of daag lidmate uit om vir 'n keer 'n ander roete huis toe te ry, of om by 'n ander winkel aankope te doen. Skep dan die geleentheid vir lidmate om hulle ervaringe hieroor met mekaar te deel en daaroor te reflekteer.

Praktyk #21. Stap 'n pelgrimstog

Baie kerke het die gewoonte om uitreike te reël. Gemeentes se energie en hulpbronne word gebruik om in 'n kort tyd 'n verskil in mense se lewens te gaan maak. In missiologie is daar 'n gesonde gesprek aan die gang oor die nut van hierdie korttermyn uitreike. So praat die teoloog Joerg Rieger oor die verskil tussen "*uitreik*" en "*inreik*". Rieger ("*Theology between Neocolonialism and Postcolonialism*", p.220) skryf:

> *"All mission starts with God's grace. God is the first missionary, and all of us are recipients. We continue to be recipients even in our own participation in God's mission. Even our acts of mission and solidarity with others are never one-way streets; they function as means of grace, as channels through which God's grace comes back in our lives. As we encounter the other in mission – and only then – do we become recipients of God's power."*

Een van die maniere hoe ons 'n gesonde wisselwerking tussen uitreik en inreik kan bewerkstellig, is deur die praktyk van pelgrimstogte. In plaas daarvan dat 'n gemeente op 'n uitreik gaan na 'n ander plek om 'n verskil in ander mense se lewens te maak, kan 'n gemeente eerder binne hulle eie konteks op 'n pelgrimstog gaan om saam verander te word.

Die missionale raamwerkdokument verduidelik die reis van 'n pelgrim so:

> "Pelgrims is op reis, op soek na 'n verhaal. Daar het iets buitengewoons gebeur. Die pelgrim hoor daarvan en is op reis om die verhaal na te spoor. Pelgrims wil eerstehandse getuies wees wat nie net die ervaring van ander mense wil bevestig nie, maar wat self ook oop is om deur die reis verander te word."

Gemeentes kan leer om ook in hulle eie konteks op 'n pelgrimstog te gaan.



WENKE OM TE OORWEEG

Hoe om 'n pelgrimstog in ons eie konteks te beplan

1. Berei die groep voor vir die verskil tussen 'n uitreik en 'n pelgrimstog

In die boek "*Reconciling all things: A Christian vision for Justice, Peace and Healing*" deur Katongole & Rice word die volgende raad oor die houding van 'n pelgrim gegee:

- God is reeds op die plekke en by die mense waarheen ons gaan en sal ons daar ontmoet.
- Pelgrims se doel is nie om oplossings te gee nie, maar om te ontdek.
- Pelgrims se doel is nie om te help nie, maar om te leer om ten volle teenwoordig te wees.
- Pelgrims is nie op 'n reis wat 'n resies is nie, pelgrims loop teen 'n gemaklike pas sodat hulle kan observeer.
- Pelgrims leer om te luister na die kreune van die skepping en die mense in die stad (Rom 8).

2. Beplan die praktiese

Ds. Fourie Rossouw het een jaar die jongmense in sy Johannesburgse gemeente op 'n pelgrimstog deur die stad geneem. Hy stel voor dat leiers wat pelgrimstogte beplan, deeglik voorberei deur voorsiening te maak vir die heel praktiese dinge. Hy noem onder andere dat pelgrims seker maak dat hulle die regte skoene dra, want blase kan 'n probleem wees. Dan is die herberg van pelgrims ook van kardinale belang. Hy het dit behulpsaam gevind om voor die tyd te reël vir die gepaste slaapplek.

Een aand het hulle groep gebruik gemaak van die stad se skuilings soos MES-aksie. Hy noem ook dat vennootskappe met buurgemeentes gebou kan word. Hulle pelgrims is deur 'n VGK-gemeente ontvang. Fourie stel voor dat gemeentes dit ook oorweeg om van die plaaslike "*backpackers*" gebruik te maak. Dit is ook noodsaaklik om veiligheid in ag te neem.

Vervoer is ook 'n belangrike oorweging vir pelgrimstogte. Gewoonlik stap pelgrims, maar soms kan pelgrims ook op alternatiewe maniere reis. Een leier gebruik die taxi's in sy omgewing as vervoer tydens pelgrimstogte. Dis noodsaaklik dat die leiers wat pelgrimstogte fasiliteer, vertroud raak met hierdie alternatiewe. Indien ander middele vir vervoer gebruik word, is dit baie belangrik dat die roetes vooraf getoets word.

3. Laat ander toe om as gasheer/gasvrou op te tree – leer om te luister na die verhale van mense en om gasvryheid te ontvang

In die 1980's het Trevor Hudson 'n hele paar pelgrimstogte na Soweto begelei wat hy 'n "*Pilgrimage of Hope*" genoem het. Hierdie ervarings is opgeskryf in die boek "*A mile in my shoes*", wat 'n wonderlike bron is vir gemeentes wat op pelgrimstogte gaan. Trevor vertel dat hy met een van die eerste pelgrimstogte reëlings begin tref het met gemeenskappe wat bereid sou wees om hulle groep te ontvang. Een van die gemeenskappe antwoord toe: "*I'm sure the community will welcome you warmly, but please ensure that you come as pilgrims and not as tourists on a sightseeing tour*". (Trevor Hudson, "*A Mile in My Shoes: Cultivating Compassion*", p27)

Trevor stel voor dat groepe voorberei vir pelgrimstogte met die bewustheid dat 'n pelgrim "*tiptoe upon the holy ground of other people's suffering*". Drie van die elemente van hierdie bewustheid verg dat ons leer om teenwoordig te wees, leer om te luister en leer om aandag te gee.

Wanneer ons as pelgrims op die heilige grond van ander mense se lewens wandel, is ons nie die inisieerders nie. Ons leer om te ontvang in stede van om te gee, en om te luister wanneer ons 'n geneigdheid het om te wil vertel.

4. **Reflekteer op die ervarings en stories wat die groep beleef het**

Tydens 'n pelgrimstog maak gemeentelede hulself oop om op die reis verander te word. Daarom is dit baie belangrik om te reflekteer oor die verskillende ervarings van die pelgrimstog. Dit sluit die aangename en onaangename ervarings in. Trevor Hudson stel die volgende vrae voor wat elke dag van die pelgrimstog gebruik kan word:

- Wat het ons vandag gedoen?
- Watter ervarings het die diepste indruk op my gemaak?
- Watter gedagtes of emosies het hierdie ervaring in my losgemaak?
- Watter tekens van hoop en gehoorsaamheid het ek raakgesien?
- Wat dink ek sê Christus vir my deur hierdie ervaring?

5. **Deel die pelgrims se ervaring met die gemeente**

Wanneer pelgrims weer in hulle normale lewens geassimileer word, is die gevaar dat die ervarings vervaag. Daarom is dit belangrik om as groep ná die pelgrimstog te reflekteer oor dit wat die groep beleef het. Hierdie verhaal kan aan die res van die gemeente oorgedra word. In een gemeente het 'n pelgrimstog gelei tot 'n diep besef dat die Here die gemeente roep tot 'n lewe vir die stad. Pelgrimstogte is 'n ander manier van uitreik wat ons verryk deur 'n innerlike verandering.

Praktyk #22. Die luisterplons

Missionale kerke volg God se voorbeeld om in mense en groepe se leefwêrelde in te beweeg en oor grense heen nuwe verhoudinge te bou ter wille van God se nuwe wêreld in Christus. Die plons is 'n praktyk om gemeentes te help om hierdie gewoonte in die lewe van gelowiges en die gemeente te vestig.

Om te plons beteken dat ons Christus navolg en saam met Hom oor grense heen beweeg na diegene wat tans nie deel van ons gemeente is nie. Filippense 2:5-7 herinner ons aan die voorbeeld wat Christus hierin vir ons gestel het: Hy wat God was, het Homself leeggemaak van (letterlik "gestroop van") sy Goddelikheid en volwaardig mens geword ter wille daarvan om ons slaaf en dienskneg te word.

Gemeentes wat dit regkry om deurlopend in die omliggende gemeenskap te plons...

- Ontdek dat God net soveel in die gemeenskap teenwoordig is as in die kerk.
- Sien die unieke beweginge van die Gees in die omliggende gemeenskap – hetsy ontwrigtend of bevestigend.
- Kry 'n aanvoeling vir God se unieke voorkeurtoekoms vir die gemeente en die breër gemeenskap.
- Bou verhoudinge oor grense heen met leiers en bedieninge in die gemeenskap.
- Ontdek nuwe vennote wat God aan hulle gee met wie hulle kan hande vat en kan saamwerk vir God se nuwe wêreld in Christus.

Die heel belangrikste voordeel vir gemeentes wat plonsing as 'n praktyk in die lewe van die gemeente vestig, lê daarin dat ons IN PAS kom met die beweginge van God Drie-enig en ons gevorm word om geloofwaardige navolgers van Jesus Christus in ons wêreld te kan wees.

Sulke gemeentes herontdek die kernrede vir hulle bestaan: nie in die eerste plek ter wille van die welsyn van die gemeente nie, maar allereers ter wille van die welsyn van die gemeenskap waarbinne God sy gemeente roep, versamel, vorm en stuur.

Op hulle reis na missionale kerk-wees moet die leierskap van 'n gemeente 'n antwoord gee op die vraag: Wat is die rede vir ons bestaan? Of: ter wille van wie bestaan ons gemeente?

Hulle antwoord was: Ons bestaan ter wille van dié mense wat nog nie lidmate van ons gemeente is nie!



As ons met dieselfde gesindheid wat in Christus was, oor grense heen wil beweeg, sal ons die Gees moet vertrou om ons te leer:

- *Om onsself te stroop van alle mag of gesag.*
  Ons gaan letterlik met leë hande. Ons vat niks saam nie. Ons ontmoet mekaar as gelyke vennote.
- *Om onsself afhanklik te stel van die gemeenskap vir wie ons besoek.*
  Ons is afhanklik van hulle goeie ontvangs en gasvryheid. Ons ontvang wat hulle vir ons gee en eet wat hulle vir ons voorsit.
- *Om ons eie weerloosheid te omarm.*
  Ons gaan soos skape tussen die wolwe in. Ons lê alle mag en vooroordeel af.
- *Om onsself oop te stel om te ontvang en te luister.*
  Ons dink nie dat ons weet hoe om die probleme van die gemeenskap op te los nie. Ons luister om saam met hulle te ontdek watter toekoms God vir hierdie gemeenskap in gedagte het en wat God reeds besig is om hier te doen.

Pat Keifert skryf: "When we are hospitable to strangers ... we are de-centred from our centre role as rhetors, as actors by 1. the other, 2. the self, and 3. the Other."

Wanneer ons "de-centre" vind 'n nuwe verstaan deur middel van indirekte luister plaas. Luister vind eers werklik plaas wanneer iemand anders die akteur op die verhoog word, en ek vanuit my posisie as toeskouer na hom of haar luister.

As 'n mens mooi hierna kyk, gaan dit hier oor mag wat prysgegee word. Die luisteraar gee die mag om self te kan praat prys, en stel hom of haar aan die perspektiewe van die ander bloot.

Uit Luisterryke vergaderings



WENKE OM TE OORWEEG

Die wat en hoe van die luisterplons

Dit is belangrik om ons aanvanklike oogmerk te onthou: ons wil 'n gemeentekultuur vestig wat ons gemeente help om IN PAS te kom met die beweginge van God Drie-enig in ons gemeente en in ons wêreld, en waaraan ons in ons daaglikse doen en late uitdrukking gee. Die transformasie van die kultuur van ons gemeente kan nie deur tegniese veranderinge aangespreek word nie, maar slegs deur 'n proses van aanpassende verandering. (Die verskil tussen tegniese en aanpassende verandering word in die inleiding onder die rubriek *Nog 'n manier om hierna te kyk*, verduidelik.) Die plons as strategie van verkenning is wesenlik tot ons verstaan en implementering van aanpassende verandering.

Die plons soos hier voorgestel, bestaan uit twee fases: die *luisterplons* en die *eksperimentele plons*.

Die *luisterplons* (wat hier beskryf word) is 'n praktyk wat ons help om die kennis, houdings en vaardighede te ontwikkel wat ons in staat stel om oor grense heen die vreemde te betree en om vreemdelinge en vreemde gemeenskappe só te ontmoet waar hulle is. Die klem val op verhoudingsbou deur te luister en te leer met die oog daarop om te bepaal of daar 'n moontlikheid tot nuwe gemeenskapsvorming (oftewel bruggemeenskappe) bestaan.

Die *eksperimentele plons* (wat later beskryf word) volg in 'n tweede fase op die luisterplons. Indien die luisterplons lei tot die vorming van 'n bruggemeenskap, ontstaan die moontlikheid om saam met die nuwe gemeenskap te innoveer en te eksperimenteer in diens van God se voorkeurtoekoms vir ons gemeente en gemeenskap.



Uiteraard sal die gemeenskappe na wie gemeentes oor grense heen uitreik baie van mekaar verskil ten opsigte van die graad van onbekendheid en vreemdheid wat daar tussen die gemeente en die betrokke gemeenskap mag bestaan. Indien 'n gemeente byvoorbeeld besluit om binne 'n bepaalde jeuggroep te plons waarvan sommige lede reeds deel van die gemeente is, is die graad van onbekendheid nie so groot nie – die generasiegaping is dan die enigste kultuurgrens wat oorgesteek moet word. Indien 'n gemeente egter besluit om in 'n nabygeleë plakkersgemeenskap te plons, moet vele etniese, sosiologiese en ekonomiese kultuurgrense oorgesteek word. Die graad van onbekendheid en vreemdheid is dus veel hoër as in die eerste geval.

Die bedoeling is dus om slegs die breë riglyne en kontoere te beskryf vir die beplanning en uitvoering van 'n ontmoeting met mense van 'n vreemde en onbekende gemeenskap. Elke gemeente word uitgedaag om in die lig van die eie behoefte en omstandighede kreatief na te dink oor die praktiese implementering hiervan.

1. Hoekom plons ons?

Ons het reeds daarop gewys dat die praktyk om te plons 'n wesenlike aspek is van die proses van aanpassende verandering. Ons beweeg vanuit ons gemaksone oor grense na 'n kultuur wat in 'n mindere of meerdere mate vir ons vreemd is. Ons weet nie hoe om die mense na wie ons gaan, te bedien nie. Ons weet ook dat ons bestaande kennis en vaardighede ons nie noodwendig gaan help nie. Daarom die rede vir die verkenning.

- Ons wil ontdek na wie God ons stuur. Watter oop deure skep God vir ons na ons gemeenskap?
- Ons wil die mense na wie God ons stuur, leer ken. Ons wil hulle taal leer praat.
- Ons wil ontdek wat God reeds besig is om in hierdie gemeenskap te doen en hoe ons daarby kan aansluit. Ons sal hoor wat God wil hê ons moet doen wanneer ons diep luister na die mense.
- Ons wil IN PAS kom met God se wil en plan vir ons gemeente. Ons wil leer watter nuwe kennis, houdinge en vaardighede ons nodig het om ons gestuurde identiteit te kan uitleef.
- Ons wil insig kry in daardie aspekte wat ons verhoed om ons gestuurde identiteit uit te leef. Watter blinde kolle keer ons om grense oor te steek en die vreemde te betree? Watter houdinge, gewoontes of praktyke sal ons moet afleer of moet staak?

- Ons wil nuwe verhoudings bou. Wanneer ons seker is wie die mense is na wie God ons stuur, wil ons saam met hulle 'n nuwe geloofsgemeenskap vorm en met hulle hande vat ter wille van God se nuwe wêreld.
- Ons wil gevorm word tot geloofwaardige navolgers van Christus in ons wêreld. Ons weet dat God ook vir ons wil verander deur die gemeenskap na wie Hy ons stuur– God beitel alles aan ons wat nie Christus-gelykvormig is nie, weg. Hierdie verandering is 'n geskenk en nie 'n straf nie, want dit is wat aanpassende verandering beteken.

2. Wie neem die verantwoordelikheid?

Die kerkraad neem verantwoordelikheid vir die beplanning en uitvoering van die luisterplons.

- Indien die plons deel is van 'n luisterproses om die gestuurde roeping van die gemeente te onderskei, sal die kerkraad uiteraard die *begeleidingspan* (Praktyk #7) wat hierin leiding neem, taak vir die beplanning en uitvoering van die plons. Die begeleidingspan stel dan 'n SMART-plan (die SMART-aksieplan word by praktyk #39 beskryf) vir die luisterplons op, lê dit aan die kerkraad voor, en vra die kerkraad om dit goed te keur en as borg op te tree.
- Deel van die beplanningsproses is die aanwysing van een of meer *mentors* wat verantwoordelik sal wees vir die voorbereiding van diegene wat aan die plons deelneem (verkenningspan). Die mentor(s) is ook verantwoordelik vir die refleksie wat na afloop van die plons gedoen moet word, en vir die hantering en verwerking van al die positiewe en selfs negatiewe emosies wat tydens die plonsing deur lidmate ervaar is.

3. Na wie toe gaan ons?

Die antwoord op bogenoemde vraag hang uiteraard af van die konteks waarbinne 'n gemeente beplan om die luisterplons te doen.

3.1 As deel van 'n *gestruktureerde onderskeidingsproses of reis*

Indien die plons deel uitmaak van 'n onderskeidingsproses of gestruktureerde reis om die gestuurde roeping van die gemeente te onderskei (Sien hoofstuk 1, *Voorbeelde vir die gebruik van hierdie boek*), is 'n gemeenskapsanalise (Praktyk #32) waarskynlik reeds gedoen. Die gestuurde uitdaginge in die breër gemeenskap is dus geïdentifiseer en geprioritiseer. Die eerste luisterplons word dan beplan vir die gemeenskap wat as die heel eerste uitdaging geprioritiseer is.

Dit is nie wenslik om by al die uitdaginge gelyktydig te plons nie. Die eerste luisterplons word by uitdaging een gedoen. Eers nadat dit duidelik word dat daar nie vir die gemeente 'n oop deur na hierdie gemeenskap is nie, word 'n volgende plons by die gemeenskap wat met die volgende uitdaging verband hou, beplan.

3.2 As deel van *gemeentelike werkswinkels en vergaderinge*

Dit het groot waarde om die kerkraad en leierskapsgroepe binne die gemeente uit te daag om deurlopende luisterplonse te doen in dié deel van die gemeenskap waarop hulle bediening fokus. Beplan 'n luisterplons om deel te wees van die jaarlikse beplanningswerkswinkels van die kerkraad of ander bedieninge van die gemeente. Die jeugspan begin byvoorbeeld hulle beplanningswerkswinkel aan die begin van die jaar deur 'n luisterplons te beplan binne die kategorie van jongmense op wie hulle bediening fokus.

3.3 As deel van die *jaarlikse beplanning en roetine van die gemeente*

Indien ons 'n hart het vir God se beweginge in ons wêreld, sal ons moeite doen sodat die praktyk om te plons 'n integrale deel van die jaarlikse beplanning en bedieningsroetine van die hele gemeente word.

- Nooi die gemeente jaarliks uit om op 'n spesifieke Sondag (Pinksterfees is altyd 'n goeie tyd hiervoor) met hul ontspanningsdrag kerk toe te kom.
- Identifiseer vooraf 'n bepaalde woonbuurt, woonstelblok, kompleks, bediening of plakkerskamp – die leierskap van die gemeente sal hul omgewing goed genoeg ken om hieroor te kan besluit – waarbinne 'n luisterplons gedoen kan word.
- Daag die hele gemeente uit om na afloop van die erediens in 'n bus te klim en by dié bepaalde gemeenskap te gaan kuier.

3.4 As deel van die *daaglikse lewe en werk van die lidmate van die gemeente*

Een van die heel maklikste maniere om 'n luisterplons te beplan, is om doodgewoon te begin by dié lidmate in die gemeente wat reeds vanuit hulle beroep of persoon of bediening 'n teenwoordigheid in die breër gemeenskap het en van nature elke dag oor grense beweeg. In elke gemeente is daar maatskaplike werkers wat elke dag in minderbevoorregte gemeenskappe in beweeg en daar werk; en onderwysers wat werk in gemeenskappe wat vir die gemeente bekend of onbekend mag wees; en lidmate in bedieninge wat reeds deel is van God se beweginge in die breër gemeenskap. Begin doodgewoon by hierdie persone en beplan saam met hulle 'n luisterplons binne die gemeenskap waartoe hulle reeds toegang het.

4. Die samestelling van die verkenningspan

Die mentors neem saam met die kerkraad (of die begeleidingspan waar van toepassing) verantwoordelikheid vir die samestelling van die verkenningspan.

Die samestelling van die span sal afhang van die konteks waarbinne die plons gaan plaasvind. Wie is die gemeenskap by wie ons gaan plons? Watter persone in die gemeente het reeds oor grense kontak met lede van hierdie gemeenskap? Wie het regtig die gawe om grense oor te steek en om te kan luister?

As deel van die proses om 'n verkenningspan saam te stel, word 'n ope uitnodiging aan die hele gemeente gerig om aan die luisterplons deel te neem. Lidmate word deurentyd op hoogte gehou van die verloop van die proses en uitgenooi om deel te word van die proses.

5. Die voorbereiding van die groep

Voordat die verkenningspan in die gemeenskap inbeweeg, hanteer die mentor (of mentors) die voorbereiding van die groep. Hoe groter die graad van onbekendheid en vreemdheid wat oorgesteek moet word, hoe belangriker en intensiewer is die voorbereiding wat gedoen moet word.

Dit is belangrik om seker te maak dat almal in die groep op hoogte is ten opsigte van die *doel en verwagte uitkoms* van die luisterplons. Ons gaan slegs om te luister en te verken met die oog op die moontlike vorming van 'n nuwe geloofsgemeenskap (bruggemeenskap).

Een van die belangrikste uitdaginge is om vooraf die regte *houding en gesindheid* by die verkenningspan te vestig. Ons gaan met die gesindheid van Christus om mense te ontmoet binne hulle eie kultuur en omstandighede. Jesus se uitsending van die twee en sewentig in Lukas 10:1-12 skep die raamwerk waarbinne die luisterplons beplan en uitgevoer word. Dit is 'n goeie idee om diegene wat aan die plons deelneem, vooraf saam met die mentors en kerkraad (of die begeleidingspan van die kerkraad) in Lukas 10:1-12 te laat wandel. Wy 'n kort bespreking aan belangrike aspekte wat met die plons verband hou. Wat neem ons hieruit met ons saam as ons oor grense heen beweeg?

Hou die beginsel van minimum kennis in gedagte. Fokus slegs op inligting wat nou vir die groep nodig is om te kan plons. Volwassenes leer deur te doen en dan te reflekteer. Die groep sal self tydens die refleksie na die plons die gapings kan invul.

6. Persoonlike kontak en die bou van verhoudinge met die gemeenskap



Een van die grootste uitdagings wanneer 'n gemeente betrokke wil raak by 'n nuwe en onbekende gemeenskap is om persoonlike kontak met lede van die betrokke gemeenskap te maak. Dikwels het lidmate van die gemeente vanweë sosiologiese, ekonomiese, geografiese, historiese of ander redes geen spontane en natuurlike kontak met lede van die gemeenskap nie. Indien daar ook groot etniese of taalverskille tussen die lidmate van die gemeente en die lede van die gemeenskap voorkom, word die uitdaging nog groter. Hierdie verwydering beteken dat die eerste kontakgeleenthede tussen die twee gemeenskappe dikwels ietwat kunsmatig of geforseerd is en daarom ook nie as geloofwaardig ervaar word nie.

Die vraag is: wat kan gedoen word om hierdie hindernisse vir kontak en kommunikasie uit die weg te ruim of te versag? Dit behoort in die meerderheid van gevalle goeie vrugte af te werp indien die verkenningspan die volgende in gedagte hou wanneer die eerste tree in die onbekende gemeenskap geneem word:

6.1 Kommunikeer *onvoorwaardelike aanvaarding* en 'n *"dienskneg"-houding en -gesindheid*

Ons probeer deurentyd aan die mense van die nuwe gemeenskap kommunikeer dat ons hulle onvoorwaardelik aanvaar en van hulle wil leer hoe ons hulle behoeftes kan dien. Hierdie tipe kommunikasie vind nie primêr op 'n bewustelike vlak in woorde en gesindheid plaas nie, maar veel meer op die onbewustelike nie-verbale vlak. Dit word gekommunikeer deur houdinge, gesigsuitdrukkings, liggaamsbewegings, stemtoon en fisiese kontak. Wat werklik in die harte van mense leef, word onbewustelik nie-verbaal gekommunikeer en dit dra veel meer gesag as bewustelike verbale kommunikasie.

Die sleutel vir die kommunikasie van aanvaarding en diensknegwees lê nie in die eerste plek in die bemeestering van nuwe vaardighede nie, maar is die vrug van die werk van die Heilige Gees in ons. Die ervaring van onvoorwaardelike aanvaarding en 'n dienskneggestalte word versterk wanneer mense van die onbekende gemeenskap ervaar:

- Dat ons hulle ontmoet waar hulle is ten opsigte van hulle fisiese, emosionele, en sosiologiese omgewing. Ons doen moeite om hulle in hulle omstandighede te ontmoet en op hulle terme.
- Dat ons sosiaal met hulle wil verkeer – veral deur saam te eet.
- Dat ons opreg en intens na hulle luister en hulle probeer verstaan.
- Dat ons kennis neem van hulle omstandighede, hulle doen en late en hulle worsteling – sonder veroordeling of raad.
- Dat ons respek toon vir hulle kennis en beoordeling van hulle gemeenskap, situasie of gebeure.
- Dat ons hulle verklaarde behoeftes ernstig neem (al is dit na ons mening nie hulle primêre nood nie).
- Dat ons aan hulle die mag van besluitneming gee.
- Dat ons ons afhanklikheid van hulle in woord en daad bekend maak.

6.2 Identifiseer 'n *gasheer* uit die onbekende gemeenskap om sy of haar gemeenskap aan ons bekend te stel.



As ons 'n nuwe en onbekende gemeenskap wil leer ken, moet ons leer om deur die oë van die mense van die gemeenskap na hulle en hulle omstandighede te kyk. Só kan ons hulle hartklop leer ken. Dit kan ten beste gedoen word indien ons voor ons eerste blootstelling aan die onbekende gemeenskap iemand vanuit die gemeenskap kan identifiseer vir wie ons kan versoek om ons in ons kennismaking met die gemeenskap te begelei ('n vriendelike gasheer). Dit sal uiteraard iemand wees wat positief is oor ons teenwoordigheid in die gemeenskap en oor ons kontak met die lede van die gemeenskap. Hierdie persoon hoef nie noodwendig 'n leier of invloedryke persoon binne die gemeenskap te wees nie.

Na identifikasie van so 'n gasheer, versoek ons die persoon om ons met verloop van tyd aan die gemeenskap bekend te stel. Hou die volgende hierby in gedagte:

- Dit is belangrik dat ons ons afhanklikheid van die persoon uitspel en 'n duidelike positiewe instemming van die persoon sal ontvang. In dié proses sal ons eerlik moet wees oor ons identiteit as gelowiges en lidmate van 'n gemeente wat dit ernstig oorweeg om op die een of ander wyse nouer by die gemeenskap betrokke te raak.
- Versoek die gasheer om die onbekende gemeenskap vir ons "oop te breek". Dit beteken dat hy of sy ons sal blootstel aan die fisiese en konkrete leefwêreld van die gemeenskap, dat ons aan mense binne die gemeenskap bekendgestel word as 'n groep wat graag meer van hulle wil leer, gevestigde tradisies en gebruike van die gemeenskap aan ons sal verduidelik en die behoeftes van die gemeenskap aan ons sal uitlig en hulle ervaringe aan ons beskryf.
- Indien ons 'n gemeenskap betree wat kultureel baie met ons eie verskil, sal die gasheer ook funksioneer as taal- en kultuurhelper.
- Dit is belangrik om nie die gasheer te oorlaai nie. Dit is moontlik dat ons deur ons kontak met die gasheer ander lede uit die gemeenskap kan ontmoet wat dalk ook beskikbaar of gretig mag wees om ons aan die gemeenskap bekend te stel. In so 'n geval, moet daar weer eers aan die nuwe verhouding gewerk word sodat daar groter begrip en vertroue tussen ons en die ander gashere kan ontwikkel.

Die eerste persoon in die vreemde gemeenskap om beter te leer ken, is natuurlik die gasheer self. Die natuurlikste manier sal wees om as verkenningspan (of as lede van die span) vir die gasheer aan huis te gaan kuier en mekaar op dié wyse sosiaal te leer ken. Soms is dit wys om eers op 'n meer neutrale plek te ontmoet voordat ons die gasheer aan huis kan ontmoet. Die verhouding wat ons met die vriendelike gasheer (of gashere) ontwikkel, sal in die toekoms funksioneer as die eerste bruggemeenskap tussen ons (die verkenningspan en gemeente) en die onbekende gemeenskap. (Ons hoor later meer oor die vorming van bruggemeenskappe).

6.3 Skep 'n *rustige*, *ontspanne* atmosfeer van vir die luisterplons

Om verhoudinge oor grense heen te bou, vra tyd saam met daardie persone. Tyd om hul leefwêreld te betree, tyd om hulle storie te hoor, tyd om hul leefwêreld te verstaan. Ware liefde en deernis kan slegs groei in 'n omgewing waar ons leer om dinge stadiger te neem, te ontspan, om tyd te neem en aandagtig en oop te wees.

Ons moet ten alle tye die versoeking weerstaan om kortpaaie te kies om die gemeenskap te leer ken, of om te vinnig met projekte te wil begin. Wie die tyd inkort en kortpaaie soek, word gedwing om deur die bril van mense van buite 'n gemeenskap (gewoonlik sogenaamde "kundiges") na die

betrokke gemeenskap te kyk, om deur buitestaanders na die gemeenskap se hart te luister, en om op grond van buitestaanders se kennis en insig besluite oor die mense te neem. Wanneer dit gebeur, word verhoudinge gekneus, vertroue geskend en volhoubaarheid waarskynlik ingeboet. Ons mag onsself nie die voorreg en verryking ontsê om eerstehands en op persoonlike vlak deur die mense van die gemeenskap self ingelig te word nie. Alhoewel die gemeenskap se selfverstaan na ons mening eensydig, kortsigtig, gebrekkig of selfs verkeerd mag wees, is dit hulle waarheid en sal ons in die toekoms altyd daarmee rekening moet hou. Kundiges se bydraes kan later ingewin word, indien nodig.

6.4 Benut geleenthede vir *informele sosiale verkeer*

Informele sosiale verkeer tussen mense en gemeenskappe wat mekaar nie ken nie, is een van die beste maniere om verhoudinge te kweek en om stereotipes en wantroue af te breek. Hierdie informele sosiale verkeer sal om baie redes in die meerderheid van gevalle egter nie sommer spontaan tussen mense van die verskillende gemeenskappe plaasvind nie. Ons sal bewustelik tye moet opsysit vir sosiale verkeer en die inisiatief neem om sulke geleenthede te skep of moontlik te maak.

Voorbeelde van sulke informele samesyn is onder andere:

- Woon groot sosiale byeenkomste op die kalender van die betrokke gemeenskap by.
- Vier besondere geleenthede saam met die gemeenskap.
- Eet oor en weer by mekaar.
- Skep 'n geleentheid om vir ten minste twee dae by mense in die gemeenskap te bly en net as waarnemer saam met hulle te leef en te beweeg.

Die uitdaging om hieraan uitdrukking te gee, vergroot na die mate waartoe die verskillende gemeenskappe sosiaal en etnies van mekaar verskil. Hoe groter die kultuurverskille, hoe groter is die impak van bogenoemde praktyke waarskynlik ook op die proses om mekaar beter te leer ken en om vertroue en vrymoedigheid teenoor mekaar te ontwikkel.

7. Hoe om die plons af te sluit

Na afloop van die plons vergader die mentor (of mentors) met die verkenningspan. Hierdie byeenkoms is belangrik, want...

- Vir sommige lede van die span kan 'n plons traumaties wees. Daarom is dit belangrik dat die mentor(s) na afloop van die plons ruimte skep om ontlading te doen met lede van die groep wat dit dalk nodig het.
- Dit is by hierdie byeenkoms waar leer deur te luister en te reflekteer meer praktiese inslag vind.
- Deeglike refleksie van die plons word gedoen. Tydens die refleksie is dit belangrik dat twee kritiese vrae deeglik aan die orde sal kom.

    1. Wat het ons geleer oor die bou van verhoudinge oor grense heen?
    2. Watter oop deur het God vir ons gegee om 'n langtermyn-verhouding met die gemeenskap te bou? Of om die taal van Lukas 10 te gebruik: Het die vrede gebly?

Die bevindinge van die refleksie word gedokumenteer en aan die kerkraad (of die begeleidingspan) oorhandig.

8. Wat gebeur na die plons?

Indien die verkenningspan aanvoel dat God vir die gemeente 'n oop deur na die gemeenskap skep (die vrede het gebly) gaan die verkenningspan voort om die verhouding met die gemeenskap te bou totdat die begeleidingspan en kerkraad gereed is om verdere stappe te neem. Daar is nie 'n resep vir hoe lank dit sal neem nie. Die verkenningspan sal oor die regte gawes beskik om hieroor te kan oordeel. Met verloop van tyd sal 'n nuwe gemeenskap (bruggemeenskap: Praktyk #25) gevorm word. Hierdie bruggemeenskap is belangrik vir die reis vorentoe.

Indien die verkenningspan aanvoel dat die deur na hierdie gemeenskap nie vir die gemeente oop is nie (die vrede het nie gebly nie) word 'n volgende plons by die tweede uitdaging soos in die gemeenskapsanalise geïdentifiseer, beplan. Dit is moeilik om te aanvaar dat, ten spyte van ons goeie bedoelings, daar gemeenskappe mag wees by wie ons nie welkom is nie. Onthou dat die plons deel is van 'n geloofsonderskeidende reis om met God Drie-enig IN PAS te kom. Ons dwing onsself nie aan gemeenskappe op nie. Ons wil ontdek waar God reeds aan die werk is en hoe ons daarby kan aansluit. As die vrede nie bly nie, beweeg ons aan na die volgende bestemming. Die mentor(s) en begeleidingspan sal kan oordeel of die huidige verkenningspan moet voortgaan en of 'n alternatiewe span dalk saamgestel moet word.

Die belydenisklas in ons gemeente het op 'n keer inwoners wat in informele huise bly, besoek. Die jongmense was redelik vol vertroue oor die besoek. Die meeste van hulle kom uit goeie huise. Hulle sou die situasie gou opsom en dan die regte pad volg: vra hulle ouers vir geld sodat hulle die arm mense kan help. Dis mos maklik!

Waarop die kinders nie voorbereid was nie, was die omstandighede van die inwoners. Een persoon se bed was 'n sementblad en sy matras 'n swart plastieksak. Dit het die vorige dag en nag gereën en die persoon kon nie lê nie, want die water het omtrent 75 cm bo-oor die sementblad geloop. Die persoon moes letterlik "staan om te slaap". Vir die jongmense was dit 'n skok. Hoe kan mense so lewe? Is daar regtig mense wat so lewe? En dan die terugval op die tipiesevraag aan die kerk: "Hoekom het die kerk nog nie iets hieraan gedoen nie?"

9. Terugvoer aan die kerkraad en gemeente

Die kerkraad ontvang die finale verslag van die luisterplons, hanteer dit en besluit saam met die mentors en begeleidingspan oor die verdere aksies wat nodig is.

Deurlopende kommunikasie met die hele gemeente is steeds van uiterste belang. Die feit dat die proses reeds ver gevorder het, verhoed nie dat ander lidmate deurentyd genooi word om steeds deel te word van die reis nie. Ons behoort deurentyd in gedagte te hou dat mense se openheid tot verandering van mekaar verskil (sien Rogers se teorie van verandering, p.15) en dat die vroeë en laat aanpassers deurlopend van die nodige inligting voorsien moet word ten einde hulle in staat te stel om ook deel te word van die reis.

Praktyk #23. Gebruik erediensreekse

Gemeenteleiers wat graag 'n reeks in eredienste en groepe wil doen ten einde die fokus te plaas op die gewoonte om die vreemde te betree en God in die vreemde en die vreemdeling te ontmoet, kan gerus die volgende oorweeg.

1. **Die Vrou by die Put. Stap saam met Jesus oor grense. (Bybelkor)**



Hierdie *groei oor grense-program* deur Chris van Wyk, Frederick Marais en Nico Simpson is ontwikkel as deel van die *Seisoen van Luister* binne die NG Kerk. 'n Leiersgids en deelnemersgidse kan by Bybelmedia bestel word. Die materiaal bevat meer as genoeg preekstof vir 'n ses-weke reeks tydens eredienste oor Jesus se ontmoeting van die Samaritaanse vrou by die put van Sigar (Johannes 4). In die sessies vir groepe kry medereisigers terselfdertyd die geleentheid om die *wandel in die wêreld*-praktyk in te oefen en deel van hulle daaglikse lewensroetine te maak.

Probeer dit. Dis werklik uitstekend!

2. **Vertel. Dra die Goeie Nuus. (Bybelkor)**



Vertel is geskryf en ontwerp deur Nelis Janse van Rensburg, Nico Simpson, Pieter van die Walt, Heerden van Niekerk, Wouter van Velden en Karlien van Wyk. Hierdie vier-weke program is ontwikkel vanuit die nadenke oor evangelisasie binne 'n missionale konteks. Die proses is daarop gerig om deelnemers te bemagtig om geleenthede vir gesprek oor die Goeie Nuus raak te sien en te benut. Hulle doen dit in drie bewegings:

- Hulle *sien* mense wat by hulle deernis en omgee wakker maak (*patos*). Hulle kyk anders na mense. Hulle oordeel nie meer nie, maar word ontroer. Hulle luister na ander en bly in die omgee.
- Hulle *wag* op God se Woord (*logos*) vir dié vir wie hulle deernis het. Hulle ontvang God se onvoorwaardelike beloftes vir dié wat hulle ontroer. Hulle getuig van God se onvoorwaardelike liefde en trou.
- Hulle *ontgin* God se onvoorwaardelike beloftes saam met dié wat hulle gesien het en ontdek saam met hulle 'n nuwe florerende lewe (*etos*).

3. ***Becoming a Contagious Christian* (Willow Creek)**

Hierdie materiaal is ontwikkel om gelowiges te bemagtig om mense in hulle daaglikse kontak as Godsgeskenke te ontvang en met God in kontak te bring. Google dit gerus.

GEWOONTE 8:

Bou vennootskappe



Hierdie gewoonte help ons om vennootskappe te bou met mense en groepe in die gemeenskap met wie ons kan hande vat. Ons doen dit deur verhoudinge te bou en te luister na wat vir die gemeenskap belangrik is.

Praktyk #24. Vestig vennootskappe

Gemeentes en gelowiges wat leef vanuit die *missio Dei* weet dat God net soveel in die breër gemeenskap helend en herskeppend teenwoordig is as in die plaaslike gemeente. Daarom is sulke gemeentes altyd grootoog op die uitkyk vir die Godsgeskenk van hierdie onverwagte en soms ongewone medewerkers en reisgenote.

Suksesvolle vennootskappe is slegs moontlik as ons *afsien* van elke vorm van *hoogmoed en beterweterigheid*, bereid is om *mag en beheer af te lê*, en bereid om onsself *oop te stel* om ook by ons vennote te *leer* en om self ook deur hulle *bedien te word*.

Randfontein-Noord ontdek tydens verskillende luisterplonse hoedat God reeds in die gemeenskap aan die werk is om minderbevoorregte kinders te seën. Hulle is verras om te sien hoedat God die vennote en middele voorsien as 'n gemeente aansluit by dit wat God reeds besig is om te doen. Uit die vennootskap tussen die gemeente, plaaslike besighede, die plaaslike regering en bestaande bedieninge in die gemeenskap word verskillende kleuterskole op die been gebring en toegerus om kinders vir die lewe te bemagtig.

WENKE OM TE OORWEEG

Praktiese wenke vir die ontdekking en vestiging van vennootskappe

1. **Aan wie kan ons dink as moontlike vennote?**

   Die plaaslike pastorsforum, besighede in die omgewing van die gemeente, die plaaslike munisipaliteit, mense met ongewone bedieninge in die gemeenskap – die lys van reisgenote wat God aan missionale gemeentes gee op hulle reis, is onbeperk.

2. **Verwag om deur God verras te word**

   Die verrassende is dat dit dikwels nie nodig is om enige iets te doen om vennote te vind nie. Wanneer ons *IN PAS* kom met God se beweginge in ons omgewing, ontdek ons dat God reeds die

vennote wat nodig is, opgerig en voorberei het. Dikwels vind hierdie vennote vir ons voordat ons hulle kan vind! Verwag om deur God verras te word!

3. Begin by die eerste en maklike passies

Elke gemeente het reeds op verskillende vlakke bande met persone en instansies in die gemeenskap. Begin daarby om hierdie verhoudinge te ontgin vir die moontlikheid van nuwe dansmaats:

- Lê 'n besoek af by die skoolhoof van 'n skool in julle omgewing en doen navraag oor hoe die gemeente met die skool kan hande vat ter wille van 'n beter toekoms vir almal.
- Besoek die naaste polisiekantore. Luister na hulle behoeftes.
- Besoek 'n bediening in die gemeenskap met wie julle op een of ander manier reeds bande het of waarby sommige van julle lidmate reeds betrokke is.
- Voer 'n gesprek met die plaaslike forum vir predikante en pastore oor sake in die gemeenskap wat vir almal na aan die hart lê.
- Reël 'n sake-ontbyt en fasiliteer 'n gesprek oor aspekte in die gemeenskap waarby almal 'n belang het.

Die moontlikhede is werklik onbeperk!

4. Doen 'n waarderende ondersoek

'n Waarderende ondersoek is nog 'n manier om vennote te vind. Kry 'n span wat so divers moontlik is uit die gemeente en gemeenskap bymekaar. Begin saam nadink oor die volgende vrae:

- Waar sien ons die Gees reeds in ons gemeenskap aan die werk? Wat is Hy besig om te doen?
- Hoe kan ons aansluit by dit wat God besig is om te doen?
- Watter vennote het God reeds aan ons gegee? Uit die gemeente? Uit plaaslike besigheid? Uit die regering? Uit die gemeenskap?

Wees oop vir die nuwe deure wat die Gees kan oopmaak!

5. 'n Suksesvolle vennootskap veronderstel gelyke partye

Kyk gerus weer na die beskrywing hierbo van die soort *houding* wat nodig is om suksesvolle vennootskappe te kan bou. 'n Suksesvolle vennootskap is slegs moontlik indien ons mekaar sien as *gelyke vennote*. Die een is nie belangriker as die ander nie. Almal se bydraes dra gelyke gewig. Ons is almal bereid om na mekaar te luister en by mekaar te leer. Ons neem saam verantwoordelikheid vir die besluitneming en die uitvoering daarvan. Ons streef daarna om mekaar te dien ter wille van 'n gesonde gemeenskap.

Praktyk #25. Vorm bruggemeenskappe

'n Bruggemeenskap is die uitvloeisel van 'n luisterplons (Praktyk #22) wat uitgeloop het op die ontdekking van een van God se oop deure na die gemeenskap. Omdat ons weet dat God reeds in die gemeenskap by wie ons kuier lewend en werkend teenwoordig is, verwag ons dat Hy vir ons vennote in die gemeenskap sal gee met wie ons kan hande vat en saam met wie ons kan werk om sy liefde en vrede met ander te deel.

Die bruggemeenskap bestaan uit lidmate met 'n *luister-ingesteldheid* wat namens die gemeente gaan om 'n verhouding te bou met persone uit die gemeenskap by wie die plons gedoen is.

Ons bou *verhoudinge oor grense* met mense en gemeenskappe wat in vele opsigte anders as ons is.

Ons *luister* na hulle om by hulle te hoor wat vir die gemeenskap belangrik is.

WENKE OM TE OORWEEG

Die wat en die hoe van die bruggemeenskap

1. Hoe word bruggemeenskappe gevorm?



Tydens die luisterplons (Praktyk #22) het die luisterspan oor 'n brug beweeg en ruimte geskep sodat persone aan weerskante van die brug mekaar in die middel kan ontmoet. Indien persone vanuit die twee verskillende gemeenskappe mekaar op 'n gereelde basis begin ontmoet, saam kuier, verhoudinge vestig, vertroue skep, begrip vir mekaar ontwikkel en leer om effektief te kommunikeer en om saam te werk, kom 'n bruggemeenskap mettertyd tot stand.

2. Wat is die unieke aard van bruggemeenskappe?

Die unieke aard van die bruggemeenskap lê daarin dat persone vanuit verskillende gemeenskappe en kulture mekaar ontmoet. In 'n sekere sin is die bruggemeenskap dus 'n nuwe kulturele gemeenskap wat tot stand kom vanuit die ontmoeting van die kultuurgoedere afkomstig uit die twee verskillende gemeenskappe.

Die bruggemeenskap is egter meer as net 'n samevoeging van bestaande kultuurgoedere. Vanuit die interaksie tussen die twee groepe kom ook nuwe kultuurgoedere tot stand wat net vir die nuwe gemeenskap geld, byvoorbeeld: nuwe gewoontes en gebruike; kommunikasiestyle; eiesoortige persepsies van hulleself en van die onderskeie twee gemeenskappe. Só word 'n brug gevorm na die verskillende gemeenskappe omdat die lede van die groep vanweë hulle betrokkenheid by die bruggemeenskap kennis, sensitiwiteit, begrip en vaardighede ontwikkel ten opsigte van aspekte wat vir hulle eie gemeenskap van waarde kan wees in enige direkte betrokkenheid tussen die twee gemeenskappe.

Indien die potensiële rol van die bruggemeenskap deur hulle eie gemeenskappe verstaan en benut word, kan hulle baie doen om begrip vir en sinvolle samewerking tussen die onderskeie gemeenskappe te bevorder.

3. Hoe word bruggemeenskappe in stand gehou?

Bruggemeenskappe gedy op gesonde verhoudinge. Dieselfde reëls wat vir enige ander verhouding geld om te kan gedy, geld ook vir bruggemeenskappe:

- Skep tyd om informeel saam te kuier. Die kanse om sinvolle verhoudinge te ontwikkel is baie groter as individue mekaar informeel ontmoet, kuier en sommer net dinge saam begin doen.
- Wees betrokke by belangrike gebeure in die persoonlike lewens van mekaar: verjaarsdae, suksesse, leed en stryd.

- Ontspan en speel saam. Die betekenis van spel moet nie onderskat word nie.
- Skep gereelde ontladingsgeleenthede waar lede vanuit die twee gemeenskappe maskers kan lig en veral emosies op die tafel kan sit – ook negatiewe emosies jeens lede van die ander gemeenskap.
- Maak tyd om saam te bid en om saam in die Woord te wandel. Vertrou die Gees om aan julle 'n eie fokusteks te gee wat julle as bruggemeenskap telkens saam kan lees.

4. Stresfaktore om in gedagte te hou

Die ontwikkeling van verhoudinge tussen lede vanuit verskillende kulture gaan met stres en ongemak gepaard, veral as daar groot kultuurverskille tussen die twee gemeenskappe bestaan.



- Die aanvanklike kontakmaak en saamwees met mense van 'n vreemde gemeenskap mag baie moeilik en ongemaklik wees. Kultuurskok en die gepaardgaande emosies by lidmate moet deur die mentors hanteer word.
- Die ontwikkeling van 'n gemeenskap oor kultuurgrense heen veronderstel 'n "gee-en-neem" situasie. Mense vanuit beide gemeenskappe moet nuwe dinge in hulle menswees integreer en afskeid neem van dinge wat tot op datum vir hulle natuurlik en kosbaar was, byvoorbeeld persepsies, houdinge, gewoontes, gebruike, aanbiddingstyle, ensovoorts. Mense moet die spanning van twee kulturele wêrelde in hulle eie menswees hanteer. "Gee-en-neem" kan met groot emosionele ervaring of ontwrigting gepaard gaan en gemeentes moet verseker dat ontladingsgeleenthede geskep word om lidmate op die pad te begelei. (Ontladingsessies van tyd tot tyd waarby lede uit beide gemeenskappe saam teenwoordig is, kan sinvol wees.)
- Lidmate wat sterk verhoudinge oor kultuurgrense opgebou het, mag waarskynlik ervaar dat hulle toenemend 'n ongemak met bepaalde aspekte van hulle eie gemeenskap of kultuur ervaar. Hulle mag ook 'n vorm van eensaamheid, verdagmakery of selfs verwerping van hulle eie gemeenskap beleef omdat hulle sélf in die proses verander het. Dit is veral waar van lidmate wat voltyds in 'n "vreemde" gemeenskap werk en as't ware permanent deel geword het van die brug tussen twee gemeenskappe.

5. Bruggemeenskappe en die verdere verloop van die proses

Indien gesonde verhoudinge binne die bruggemeenskap ontwikkel, ontstaan die geleentheid om saam te begin reflekteer oor God se wil en voorkeurtoekoms vir die onderskeie twee gemeenskappe. Begin om as bruggemeenskap saam oor die volgende vrae te bid en te reflekteer:

- Wat het ons ontdek vanuit die verhoudinge wat die Gees tussen ons geskep het?
- Watter uitdaginge sien ons in ons onderskeie gemeenskappe?
- Hoe is die Gees reeds besig om vrede en genesing in ons onderskeie gemeenskappe te skep? Hoe kan ons hierby aansluit?
- Watter eksperimente kan ons saam doen om God se hart en bedoeling vir ons gemeenskappe te demonstreer?

Terwyl dit wenslik is dat goeie verhoudinge eers gevorm word voordat gesamentlike projekte of eksperimente deur die bruggemeenskap aangepak word, moet dié uitgangspunt nie oordryf word nie. Indien daar aan die begin uitsluitlik op verhoudinge gefokus word, is dit moontlik dat die bruggemeenskap dalk juis nie gesond ontwikkel nie. Verhoudinge groei soms juis die vinnigste wanneer iets saam aangepak en saam gedoen word. Die uitdaging is dus eerder om aan die begin kleiner aksies en eksperimente saam aan te pak waarin die bou van goeie verhoudinge belangriker is as die projek of eksperiment wat gedoen word. Mettertyd ontwikkel die vertroue en groei verhoudinge sodat groter en meer volhoubare projekte en eksperimente moontlik word.

GEWOONTE 9:

Eksperimenteer

Hierdie gewoonte help ons om risiko's te neem, te innoveer en te eksperimenteer. In die proses maak ons foute en leer daaruit.



Praktyk #26. 'n Lae-risiko eksperiment

Die proses van aanpassende kultuurverandering beteken dat ons toegee dat ons nie weet wat om te doen nie. Ons stel onsself oop vir die vernuwende werking van die Gees om vir ons nuwe paaie te baan. Daarom is eksperimentering en die neem van risiko's 'n onlosmakende deel van die reis na God se beloofde en voorkeurtoekoms vir ons en ons gemeenskap.

Gemeentes wat dit waag om saam met vennote uit die breër gemeenskap in diens van God se nuwe toekoms te innoveer en te eksperimenteer...

- Ontwikkel die vermoë om vreemde en onbekende situasies met dapperheid en waagmoed te betree.
- Ontdek dat foute wat gemaak word unieke geleenthede skep om te leer.
- Ontdek dat God reeds alles voorsien het wat nodig is vir die realisering van sy voorkeurtoekoms vir die gemeente en gemeenskap.

Geen eksperiment in diens van die koninkryk is moontlik as ons nie allereers ons diepste vrese eerlik in die oë kan kyk nie. Enige proses van innovasie en eksperimentering vereis leiers wat:

- Bereid is om te *waag*, *foute te maak* en daaruit te *leer*

  Risiko lê in die hart van die evangelie. Dis deel van die lewe van alle volgelinge van Jesus. Nelus Niemandt (Nuwe drome vir nuwe werklikhede) verwoord dit so: "Die eerste leiers het dit goed verstaan. Daarom het hulle die veiligheid van hulle huis en beroep en bekende wêreld vaarwel toegeroep en die kans gewaag om Jesus te volg. Jesus verduidelik die risiko van volgelingskap deur te beklemtoon dat 'n mens selfs bereid moet wees om jou lewe te verloor wanneer jy Hom volg. Daarom moet leiers hulle vrees vir foute maak, aflê. Ons is soms so pynlik korrek, so bedag daarop om suksesvol te wees. So bang ons doen iets verkeerd. So gemaklik in die veiligheid van ons eie omgewing. Ware leiers skud die vrees vir foute af en trek die klere van waagmoed aan. Ware leiers waag dit buite die gemaksone van die bekende en verken die onbekende. Hulle is ongemaklik met gemak. 'n Gestuurde kerk kan niks anders wees as 'n kerk wat risiko en waagmoed omhels nie."

- In staat is om *beheer af te lê*

  Missionale leiers laat die ego toe om saam met Christus te sterf. God se koninkryk is nie ons projek nie. God breek vir Hom 'n pad oop in ons wêreld, en Hy nooi ons in om hiervan deel te word. Ons sien dit in die lewe van die eerste gemeentes. Iemand het dit só gestel: "Die hele boek Handelinge is die beskrywing van die vroeë kerk wat *catch up* speel met die Heilige Gees!" Daarom weerstaan ons die versoeking om in beheer te wil wees om iets vir iemand anders te doen, en is ons deurentyd op die uitkyk vir dié vennote wat die Gees reeds vir ons opgerig het en saam met wie ons op reis kan gaan.

- *Chaos* en *onsekerheid* as *Godsgeskenke* kan omarm.

  Aanpassende verandering gedy in 'n omgewing van chaos en onvoorspelbaarheid. Chaos is in 'n sekere sin 'n voorwaarde vir kreatiewe herskepping. Dis eintlik net chaos wat vir ons die moontlikheid om te verander, kan oopbreek – wat die belofte van transformasie inhou. Daarom kweek die Gees in missionale leiers die vermoë om chaos en onsekerheid as Godsgeskenke te omarm en om daarmee saam te lewe. Ons moenie bang wees vir chaos nie – chaos bring nuwe idees en ervarings en ontsluit nuwe energie. Ons leer om met onsekerheid saam te leef en stuur doelbewus weg van absolute sekerhede en vermy maklike en vinnige antwoorde op moeilike en onbekende vrae en uitdaginge.

Vincent Brummer vertel die pragtige storie van Persiese tapytmakers in sy boek *What are we doing when we pray*. Hy vertel: "In elke familie is die pa, die meestertapytmaker, aan die een kant van die tapyt en laat sy kinders toe om aan die ander kant van die tapyt te werk. Die kinders faal dikwels daarin om te doen presies wat die pa sê, maar die pa is vaardig genoeg om sy patrone aan te pas om hulle foute in te werk en dit in 'n fassinerende, voortdurend ontwikkelende projek te verander." Uit: Vrou by die put)

Dit is 'n wonderlike metafoor om God se werk nie as 'n bloudruk te verstaan nie, maar eerder as 'n Goddelike projek wat Hy ontwikkel in gemeenskap met ons, die menslike deelnemers, om iets wonderliks na vore te bring. *Ons hoef nie bang te wees om te eksperimenteer en selfs foute te maak nie.*

WENKE OM TE OORWEEG

Beplan 'n lae-risiko eksperiment

Hou die volgende riglyne in gedagte met die beplanning van die eerste lae-risiko eksperiment:

1. Waarom eksperimenteer ons?

Die waagmoed om te eksperimenteer spruit uit ons passie om met God se dans in ons omliggende gemeenskap *IN PAS* te kom. Ons weet nie vir seker wat God se beloofde en voorkeurtoekoms vir ons en ons gemeenskap is nie en beskik nog nie oor die vaardighede wat nodig is vir die realisering hiervan nie. Daarom eksperimenteer ons. Ons wil ontdek waarmee God besig is en hoe ons daarby kan aansluit.

2. Wie is ons vennote?

Geen eksperiment in die gemeenskap is moontlik sonder die betrokkenheid van die gemeenskap self nie. Daarom vloei die eksperiment wat ons beplan altyd voort uit die vennootskap wat ons reeds met 'n instansie of bediening binne die gemeenskap gesluit het (Praktyke #24 en #25). Die vennote dien mekaar as gelykwaardige gespreksgenote en besluit saam oor die wat, hoe en waar van die eksperiment.

3. Hoe maak ons die keuse vir ŉ eksperiment

Die keuse van die eksperiment vloei voort uit die proses van onderskeiding saam met ons vennote. Nadat die nodige vertroue binne die vennootskap gebou is en ons saam onderskei het watter uitdaginge in die gemeenskap ons wil aanspreek, is ons gereed om saam te besluit oor die aard van die eerste eksperiment wat ons saam wil doen.

Hou die volgende hierby in gedagte:

- Kies ŉ eksperiment met ŉ lae risiko wat nie groot skade en ontwrigting kan veroorsaak nie, maar wat terselfdertyd die potensiaal het om ŉ rimpel in die hele sisteem te kan veroorsaak. Sodoende vermy ons die slaggat om te veel onsekerheid te skep, en terselfdertyd skep ons die moontlikheid om nuwe rigting te gee aan die veranderinge wat ons wil aanbring.
- Doen deeglike beplanning en voorbereiding.
- Gee een tree op ŉ keer, maar moenie met die eerste terugslag of mislukking moed opgee nie.
- Moenie bang wees om foute te maak en daaruit te leer nie.

4. Refleksie

Doen saam met die vennote deeglik refleksie na elke eksperiment:

- Wat het ons geleer?
- Watter nuwe geleenthede skep die Gees vir ons om met God *IN PAS* te kom?
- Watter volgende tree moet ons gee om hierop voort te bou?

Praktyk #27. Die eksperimentele plons

C. Otto Scharmer wys in sy boek oor leierskap in ŉ tyd van aanpassende verandering, *Theory U. Leading from the Future as it Emerges*, op die belangrikheid daarvan dat leiers hulle eie blindekol ("*blind spot*") sal oorkom. Met "blindekol" verwys hy na die onvermoë van leiers om in ŉ situasie van aanpassende verandering, die posisie van waaruit hulle luister, te verskuif. Leiers is veels te geneig om vorige kennis, houdinge en praktyke "af te laai". Só word die foute van die verlede slegs gedupliseer. Sy voorgestelde U-proses behels twee beweginge:

- Die eerste beweging (die afwaartse kurwe van die U) behels dat leiers in ŉ proses van diep-luister hulle verstand, emosies en wil open om ruimte te skep vir ŉ gesamentlike ontdekking van die nuwe toekoms wat besig is om te ontluik.
- Hierdie ontdekking loop dan uit in ŉ tweede beweging (die opwaartse kurwe van die U): deur ŉ proses van innovasie en eksperimentering word nuwe praktyke geskep en ontwikkel leiers en organisasies die vaardighede om die beste moontlikhede vir ŉ nuwe toekoms te ontdek en dit te realiseer.

Ons is tans besig om praktyke te beskryf wat geloofsgemeenskappe in staat stel om die vaardighede te ontwikkel wat nodig is vir die *opwaartse kurwe van die U*: om te kan waag, te kan innoveer en te kan eksperimenteer met die oog daarop om God se voorkeurtoekoms vir die gemeente te kan ontdek en te kan realiseer. Die eksperimentele plons is een voorbeeld hiervan.



WENKE OM TE OORWEEG

Praktiese riglyne

Die eksperimentele plons is die volgende tree wat ons gee nadat ons reeds ons luisterplonse gedoen het (Praktyk #22) en 'n bruggemeenskap (Praktyk #25) tussen lede van ons gemeente en lede uit die gemeenskap waarbinne ons geplons het, tot stand gekom het. Ons weet dat God 'n nuwe toekoms vir ons gemeente en gemeenskap in gedagte het. Ons het deur 'n gesamentlike proses van luister en onderskeiding reeds 'n idee van God se voorkeurtoekoms vir ons begin vorm. Ons weet egter nog nie presies wat hierdie nuwe toekoms prakties vir ons inhou nie. Ons het ook nog nie die vaardighede wat nodig is om God se voorkeurtoekoms vir ons te realiseer nie. Daarom waag ons dit om, saam met die gemeenskap, uit ons gemaksone te tree en om saam te innoveer en te eksperimenteer.

1. Verwagte uitkoms

Die verwagte uitkoms van ons eksperimentele plonse is die volgende:

- Ons prentjie van God se voorkeurtoekoms vir ons as gemeente en gemeenskap word steeds duideliker.
- Ons begin praktyke skep om hierdie toekoms te demonstreer en te realiseer.
- Ons ontwikkel die vaardighede wat hiervoor nodig is.

2. Eienaarskap

Die eksperiment is die gesamentlike projek van die gemeente en gemeenskap. Daarom neem die bruggemeenskap eienaarskap van en is in beheer van die eksperimente.

As gemeente...

- Tree ons weg uit die middelpunt omdat ons weet dat dit nie oor ons gaan nie. Dit gaan oor God en oor die gesamentlike ontdekking van sy voorkeurtoekoms vir ons en vir ons gemeenskap.
- Die eksperiment word saam gedoen. Ons onderwerp ons as diensknegte aan hulle oordeel en besluit saam oor wat gedoen moet word.
- Ons beskerm die bruggemeenskap van die agendas vanuit beide die gemeente en gemeenskap wat hierdie oefening om een of ander rede wil kaap vir hulle eie motiewe.
- Ons aanvaar die gemeenskap as volwaardige vennoot op ons reis. Ons vermy die versoeking om te dink dat ons iets vir iemand moet doen of moet gee. Beide partye dra by tot die eksperiment ten opsigte van die gawes en bronne wat hiervoor nodig is. Hierdie is ook 'n stap waarin ons die gawes ontdek wat God aan die gemeenskap gegee het. God wil hierdie gawes gebruik om ook vir ons te verander.

3. Lae risiko, breë impak

Eksperimentering veronderstel die vermoë om met chaos en onsekerheid gemaklik te kan wees en om dit te kan hanteer. Deel hiervan is die wysheid om in die eksperimentele fase 'n gesonde balans te vind tussen risiko en sekerheid. Enersyds is dit belangrik om uit ons gemaksone te tree en risiko's te neem. Andersyds maak dit nie sin om die bestaande funksionering van die gemeente en gemeenskap in gevaar te stel nie.

Eksperimente word dus gekies met 'n lae risiko – dit betrek nie die hele gemeente en gemeenskap nie en mag nie die sisteem skade aandoen nie. Die verwagting is egter dat die gekose eksperimente 'n rimpel in die sisteem veroorsaak en die potensiaal het om die kultuur van die gemeente en gemeenskap mettertyd te verander. Hou by die keuse van die eksperiment die beeld van die spinneweb in gedagte: 'n versigtige trek aan een punt van die web hoef nie die web te breek nie, maar bring die hele web in beweging!

Lae risiko eksperimente het drie doelstellings:
- Dit dra by tot die sekerheid oor die mense na wie God ons stuur.
- Dit sal nie groot skade of ontwrigting veroorsaak nie.
- Dit gee rigting aan die veranderinge wat beide van die twee partye moet aanbring.

4. Beplanning

Dit is wenslik dat die bruggemeenskap die kerkraad (of die aangewese begeleidingspan van die kerkraad) betrek by die beplanning.

Die begeleidingspan en bruggemeenskap wandel saam in Lukas 10:1-12 en probeer saam duidelikheid en konsensus kry op die volgende vrae:
- Wat het die Here tussen ons tot stand gebring?
- Watter uitdaginge lê die Here op ons harte wat ons saam kan aanpak?
- Watter klein en haalbare eksperiment kan ons doen om hierdie uitdaging verder te ondersoek?

Die begeleidingspan en bruggemeenskap ontwikkel 'n SMART-plan (Sien p.143, 144) om die eksperiment te kan doen en lê dit aan die kerkraad voor vir goedkeuring.

Indien goedgekeur, kan begin word met die eksperimentele plons.

5. Betrokkenheid van die gemeente

Dit is belangrik om die gemeente deurentyd deel te maak van en mee te neem op die reis. Dit beteken dat:

- Die gemeente deurentyd op hoogte gehou word van die proses. Dit is belangrik om te onthou dat sommige lidmate veel meer inligting as andere nodig het om tot 'n besluit te kan kom.
- Nooi die gemeente deurentyd uit om voorstelle te gee, vrae te vra en so deel te wees van die besluitnemingsprosesse.
- Nooi lidmate deurentyd om deel te word van die reis. Onthou Rogers se teorie ten opsigte van mense se openheid tot verandering: sommige lidmate is vroeër gereed om deel van die reis te word, terwyl ander eers later genoegsame vertroue sal ontwikkel om deel te kan word van die proses (Die teorie hiervan word in hoofstuk 1 beskryf.)

6. Samestelling van eksperimenteringspanne

'n Volgende fase is die samestelling van die spanne vir die eksperimentele plons. Die bruggemeenskap en begeleidingspan neem saam hiervoor verantwoordelikheid. Verkieslik word lede uit al twee die gemeenskappe saam betrek. Dit sal wenslik wees om as deel hiervan 'n gemeentebyeenkoms te hou sodat die gemeente saam op reis geneem kan word en sodat lidmate uitgenooi kan word om aan die eksperiment deel te neem. Die aard van die eksperiment sal help bepaal watter gawes in hierdie span nodig is.

7. Mentors

Dit is waarskynlik dat die mentors wat vir die luisterplons gekies is, steeds deel sal wees van die eksperimenteringsfase. Indien dit nie die geval is nie, word nuwe persone in dié rol aangewys.

Die mentors neem nie aan die eksperimente deel nie, maar hanteer die opleiding van die eksperimenteringspan, die emosionele begeleiding van die span, en die refleksie na afhandeling van die eksperiment. Dit is wenslik dat mentors deurentyd beskikbaar is om emosies te hanteer en ontlading te doen wanneer dit nodig mag wees.

8. Uitvoering

Sodra die goedkeuring, opleiding en beplanning gedoen is, word voortgegaan met die uitvoering van die eksperimentele plons. Die eksperimenteringspan voer nou die eksperimente uit en hou die bruggemeenskap, kerkraad en gemeente deurentyd ingelig.

Die tydsverloop van die hele proses (vanaf beplanning tot en met refleksie) is van uiterste belang. Indien die proses te lank uitgerek word, kan onsekerheid intree en die bruggemeenskap geaffekteer word. Die proses hou momentum indien die nodige pas gehandhaaf word en die lae vrugte eerste gepluk word!

9. Refleksie

Die refleksie word deur die mentors hanteer. Die eksperimenteringspanne, begeleidingspan en bruggemeenskap wandel almal saam in Lukas 10:1-12.

Bespreek:
- Wat het ons tydens die beplanning en uitvoering van die eksperiment geleer?
- Wat het ons ontdek oor die aard van die vertrouensverhoudinge tussen ons?
- Waar het ons planne gewerk en waar het dit gefaal?
- Wat het ons geleer oor die “onsigbare mure” in die gemeente en gemeenskap na wie ons uitreik?
- Watter aspekte wil ons verder ondersoek? Watter nuwe vaardighede het ons nodig?
- Is hierdie die gemeenskap na wie die Here ons stuur?

Teken die konsensus van die gesprek aan. Indien bevestiging ontvang is, gaan die taakspan ŉ verslag skryf en aan die kerkraad voorlê. Met hoeveel gestuurde uitdagings is geëksperimenteer? Watter mure het julle ontdek? Wat het julle uit die organisering en afhandeling van die eksperimente geleer? Hoe het die bruggemeenskap reageer? Beskryf die eksperimente kortliks. Wat was die reaksie en gevolge? Het julle tot ŉ besluit gekom?

10. Volhoubare gemeenskapsbeheerde bedieninge

Indien die eksperiment goed afgeloop het, is dit waarskynlik dat ŉ nuwe gesamentlike en volhoubare bediening tussen die gemeente en gemeenskap tot stand sal kom. Ter wille van die volhoubaarheid van nuwe bedieninge is dit belangrik om reg van die begin af rekening te hou met die unieke aard van sodanige bedieninge.

Die kanse vir volhoubare bedieninge vergroot merkbaar wanneer die gemeenskap alle aspekte van die bediening oorkoepelend beheers, maar nie noodwendig alle mense en prosesse beheer nie. Twee sake moet hierby met mekaar in balans gehou word:



- Enersyds is dit belangrik dat die *gemeenskap eienaarskap vir bediening in hulle midde sal aanvaar*. Bedieninge is slegs volhoubaar indien die gemeenskap van die begin af direk by al die fasette van

bedieninge in hulle midde betrek word op so 'n wyse dat hulle betrokkenheid 'n wesenlike invloed op die bedieninge het.
- Andersyds is dit ewe belangrik dat die *gemeente* deurgaans by die bediening betrokke en teenwoordig bly sonder om alle aspekte daarvan te wil beheer.

Konkreet en prakties beteken dit onder andere dat die gemeente:
- Die gemeenskap help om hulle "felt needs" en werklike behoeftes te ontdek.
- Saam met die gemeenskap die aard en doelwitte van bedieninge formuleer.
- Aansluiting vind by projekte wat reeds deur die gemeenskap self van stapel gestuur is.
- Kennis en vaardighede wat in die gemeenskap voorkom, ernstig opneem en so ver as moontlik benut.
- Leiers van die gemeenskap bevriend, respekteer en volg.
- Effektiewe mag en besluitnemingsbevoegdhede gee wanneer ooreenkomste en strukture ontwikkel word vir bedieninge in die gemeenskap.

Wanneer die gemeenskap se invloed so oorkoepelend teenwoordig is by alle fasette van die bediening, laat dit ruimte vir gedeelde leierskap (gemeente en gemeenskap) van die bedieninge in die gemeenskap. Nóg die gemeente nóg die plaaslike gemeenskap word pionne in die bediening wat moet dans na die pype van die ander. Alhoewel lidmate van die gemeente ook binne vasgestelde bane selfstandig besluite kan neem, sal dit nie 'n bedreiging vir die gemeenskap wees of die eienaarskap vir die bedieninge uit die hand van die gemeenskap neem nie.

RITME IV

VERHELDER EN FOKUS

Die vierde ritme in hierdie handleiding is “Verhelder en Fokus.” In hierdie ritme gaan dit daaroor om die roeping en fokusareas van die gemeente te onderskei. Dit is in ’n sekere sin die kulminasie van die proses omdat dit uitdrukking gee aan die kern van ons missionale roeping en die koers van die gemeente in die toekoms fundamenteel bepaal.

Hierdie is die deel van die werkboek wat die naaste aan strategiese bestuur kom en die versoeking is inderdaad daar om dit as ’n gewone strategiese beplanning te hanteer. Tog is dit meer en anders as die strategiese beplanning wat ons in besighede kry. Die kern van die andersheid lê in GELOOFSONDERSKEIDING: om in geloof te onderskei wat God aan ons gegee het, waar God aan die werk is en waarvoor Hy ons roep.

God gebruik gemeentes om ’n verskil te maak in die wêreld. Ons glo dat die gemeente en sy mense nie maar toevallig op ’n sekere plek is nie. Dit is hier waar God ons roep. Daarvoor rus Hy ons toe met die nodige gawes. God gee aan ons alles wat ons nodig het om ons roeping hier uit te voer.

Die roeping van die gemeente kom na ons soos ons is, op die plek waar ons is en in lyn met ons verstaan van dit wat God besig is om te doen. Om te kan verhelder en fokus is dit nodig dat ons onsself sal ken, dat ons sal verstaan wat is die breë raamwerk van ons roeping en wat is die nood en behoeftes van die gemeenskap waarbinne God ons roep.

GEWOONTE 10:

Ons kyk in die spieël



Hierdie gewoonte help ons om eerlik en met ’n oop gemoed na onsself te kyk, om oop en sonder voorveronderstellings te luister na stemme uit die gemeente.

Ons oorkom twee hindernisse wat ons daarvan mag weerhou om eerlik na onsself te kyk en te luister: die vrees vir eerlike terugvoer en vooropgestelde idees oor wie ons is en wat ons lidmate dink en voel.

Die praktyke wat hier beskryf word, sal ons help om eerlik en objektief in die spieël te kyk. Al hierdie praktyke betrek almal in die gemeente. Dit is baie belangrik dat die gemeentelede hieraan sal deelneem, nie net die begeleidingspan of leierskorps nie.

Praktyke #28, #29 en #30 kan die gemeente sonder hulp van buite doen.

> **Praktyk #28** gee ’n prentjie van die gemeente se geografiese verspreiding en leefwêreld. Dit is ’n goeie plek om te begin omdat dit pret is, dit bring onmiddellike deelname en gee sigbare uitkomste.

Praktyk #29 help ons om gereeld na bepaalde stemme en groepe uit die gemeente te luister. Hierdie praktyk bring ook onmiddellike deelname van die gemeente en gee dadelik uitkomste. Die belangrikste om hier te onthou, is dat dit nie eenmalige geleenthede moet wees nie, maar gereeld herhaal word sodat ons die gewoonte vestig om na die gemeente te luister.

Praktyk #30 is groot oefening waarin die begeleidingspan luister na die totale gemeente se verstaan van die roeping. **(Hierdie praktyk is ook 'n waardevolle oefening om te doen by Gewoonte 12: *Onderskei roeping en fokus*.)**

Praktyk #31 is 'n omvattende opname wat gemeentes omtrent elke vier jaar kan doen. Gemeentes kan hierdie oefening nie op hulle eie doen nie, en sal hiermee gebruik maak van die hulpmiddele en instrumente wat hiervoor by die kantoor van die Algemene Sinode van die NGK beskikbaar is.

Praktyk #4 (leesvereslag) is ook 'n waardevolle luisteroefening wat elke vier jaar gedoen kan word sodat leiers 'n duidelike prentjie van die heersende kultuur in die gemeente kan kry.



Ten einde eerlik na onsself te kan kyk en te luister, moet leiers twee hindernisse oorkom: die vrees vir eerlike terugvoer, en vooropgestelde idees oor wie ons is en wat ons lidmate dink en voel.

Die eerste hindernis hou daarmee verband dat leiers van gemeentes dikwels dink dat hulle reeds weet wat in die gemeente aangaan, hoe ons lyk en wat die houdings van die gemeentelede is. Waarom moet ons dan nou die moeite doen om spesiale praktyke hiervoor te ontwikkel?

Die realiteit is egter dat ons almal geneig is om ons eie ervarings en perspektiewe op die geheel te projekteer. Ons is ook geneig om net te praat met mense wat soos onsself voel en dink, en ons dink dat ons dan weet wat in die geheel aangaan.

'n Ander hindernis wat oorkom moet word, is die vrees dat leiers of die dominee beskaam mag word as ons werklik uitvind wat mense dink en beleef. Soms is gemeentes of kerkrade onveilige plekke waarin die leiers beleef dat hulle voortdurend geweeg en te lig bevind word. In so 'n kultuur van agterdog en kritiek is dit moeilik om onbevange na onsself te kyk.

Hoe oorkom ons hierdie hindernisse? Die praktyke wat hieronder voorgestel word, werk almal met die uitgangspunt van *waarderende ondersoek*. 'n Waarderende ondersoek skram nie weg van die uitdagings wat die gemeente mag beleef nie, maar werk met die uiters belangrike veronderstelling dat daar in elke gemeente reeds die mense, gawes, geleenthede en wil is om die gemeente vorentoe te neem na God se voorkeurtoekoms. Met hierdie ingesteldheid soek ons eerstens na dinge wat werk, wat waardeer word, na sterkpunte en positiewe eienskappe.

Hierdie is 'n geloofs-uitgangspunt, maar dit word gesteun deur jare se ervaring in ander organisasies: enige organisasie vorder die beste na 'n beter toekoms as ons bewus is van ons gawes en sterkpunte. Hierdie is die dinge waarop ons die toekoms bou.

Praktyk #28. Waar op aarde is ons?

Hierdie is 'n baie lekker oefening waaraan die hele gemeente kan deelneem en wat heeltemal sonder bedreiging is.

Stel 'n lekker groot kaart van die gemeente se grense of dorp saam. Dit moet minstens 1m x 1,5m groot wees. Gebruik Google Maps of koop dit aan by die stadsraad.

Plaas die kaart in die voorportaal van die kerkgebou op 'n aansteekbord (softboard) saam met drie kleure kort kopspelde. Nooi die gemeente om met die drie verskillende kleure spelde aan te dui waar hulle woon, waar hulle werk en waar hulle ontspan. Oor die verloop van 'n maand kom 'n prentjie na vore van die leefgewoontes van die gemeentes, byvoorbeeld of hierdie 'n slaap-dorp is met mense wat ver weg werk en of hulle oorwegend naby die huis werk.

Die begeleidingspan of kerkraad gebruik hierdie bord om leefpatrone te identifiseer. Hierdie insigte is belangrik as ons in geloof onderskei hoe en waar die Here ons wil gebruik in sy koninkryk. Gewoonlik stuur God mense eerstens na waar hulle reeds is: waar hulle woon, werk en ontspan.

Praktyk #29. Vestig luistergeleenthede


Dit is nodig om van die begin af gewoontes te vestig waarmee die gemeente op 'n gereelde basis eerlik en onbevange na onsself kyk. 'n Praktyk wat hierdie gewoonte vestig, is deur gereelde luistergeleenthede te hou.



WENKE OM TE OORWEEG

Hierdie geleenthede werk so:

Identifiseer groepe in die gemeente wat nie goed in die leierskap van die gemeente verteenwoordig word nie. Dit kan byvoorbeeld ouers met klein kinders, jong werkende volwassenes, enkellopende vroue of bejaardes wees.

Vra 8 – 12 van hierdie persone of hulle deel sal wees van 'n fokusgroep met wie die leierskap 2 maal per jaar kan gesels oor die gemeentelewe. Mens vind gewoonlik dat mense baie gewillig is om aan so 'n groep deel te neem.

Nooi hierdie groep na 'n luistergeleentheid. Maak seker dat dit 'n tyd is wat vir hulle sal kan werk: bejaardes op 'n weeksoggend, ouers met klein kinders dalk op 'n Sondagoggend na die erediens (met 'n oppasdiens), jong werkendes op 'n Sondagaand.

Stel 'n duidelike tydsduur vir die gesprek en hou daarby. 90 minute is 'n goeie tyd. Die gesprekke word gevoer deur 2 of 3 lede van die begeleidingspan.

Stel 'n aantal vrae op om die gesprek af te skop. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Vertel ons bietjie hoe lyk julle lewenspatrone. Hoe lyk 'n tipiese week?
- Wat is dinge wat julle lewe moeilik maak en wat gee vir julle vreugde?
- Wat is julle geloofsbehoeftes?
- Hoe verstaan julle julle eie roeping as gelowiges en hoe leef julle dit uit?
- Hoe kan die gemeente julle help om julle roeping uit te leef?

Julle kan sien dat hierdie vrae 'n duidelike strekking het: dit gaan oor lidmate se lewe en roeping en hoe die gemeente daarmee kan help. Dit is ook nie evaluerende vrae oor hoe die gemeente of dominee vaar nie. Die doel van hierdie gesprekke is om aan die gemeente se leierskap 'n prentjie te gee oor wat in mense se lewens aangaan en hoe hulle reeds as gestuurdes leef (of nie leef nie). Dit kweek ook 'n

bewussyn by die deelnemers dat die gemeente besig is om roeping te onderskei en dat hulle individuele roeping belangrik is in die groter kollektiewe roeping.

Vir die tweede en opeenvolgende gesprekke kan die vrae oor meer spesifieke sake gaan, soos oor hoe hulle voel oor die gemeente se roeping en bediening, watter rol die eredienste kan speel in die uitbou van die roeping, watter geleenthede sien hulle om self deel te wees van die kollektiewe roeping.

Hierdie gesprekke moet opgeteken word met terugvoer aan die groeplede self en aan die leierskap van die gemeente. Die terugvoer gaan nie oor individuele stemme nie, maar oor die patrone wat voorkom by die verskillende groepe. Oor tyd ontwikkel daar ’n prentjie van hoe hierdie groepe in die gemeente se lewens lyk en hoe hulle in ’n bepaalde lewensfase of as ’n bepaalde demografiese groep deel kan wees van die gemeente se roeping in die gemeenskap.

Praktyk #30. Ons luister: Waarvoor roep God ons - hier en nou?


Wanneer die begeleidingspan relatief min tyd het om die proses van verhelder en fokus te doen, kan ’n groot luisteroefening in die gemeente gedoen word. Die begeleidingspan kan by die gemeente se eredienste terugvoer vra oor hoe hulle dink oor die gemeente se roeping: waarvoor roep die Here ons nou, hier waar ons is?



WENKE OM TE OORWEEG

Waarsku die gemeente vooraf dat hulle kans gaan kry om hieroor terugvoer te gee en dat hulle hieroor moet nadink en bid. Dit sal goed wees om die gemeente ook voor te berei deur prediking en die materiaal wat by die kleingroepe hanteer word. Gee dan kans by twee of drie eredienste dat die lidmate kan neerskryf hoe hulle die Here se roeping vir die gemeente verstaan.

Die uitdagings rondom hierdie soort oefening is egter groot: lidmate kan maklik die gemeente se roeping reduseer tot hulle eie behoeftes en glad nie die missionale roeping in die gemeenskap in ag neem nie. Om dit te ondervang, kan dit goed wees om twee vrae te vra: (i) Wat is die gemeente se roeping ten opsigte van die huidige gemeentelede? (ii) Wat is God se roeping vir die gemeente in hierdie gemeenskap waarin Hy ons geplaas het?

Onthou dat baie mense nog nooit regtig gedink het oor die gemeente se roeping in die gemeenskap nie. Daarom is dit baie belangrik om die gemeente voor te berei om vanuit God se perspektief na die gemeente se plek in die gemeenskap te kyk.

Die verwerking van die data is harde werk. Dit vra tyd en kundigheid om die patrone in die terugvoer akkuraat te identifiseer. Doen dit soos volg:

Voer die terugvoer in ’n rekenaar in.

Breek paragrawe op sodat daar net een gedagte per lyn is.

As alles getik is, het jy ’n lang lys wat byvoorbeeld so lyk (hierdie is ’n uittreksel uit ’n werklike opname):

Erns maak met die groot gaping tussen ryk en arm
Om die evangelie waardeur en waarvoor ons bestaan weer duidelik te stel en te preek
Bring versoening in ons dorp
Regte gesprekke voer in gemeenskap en lidmate betrek
Sekularisme en morele verval met erns aanspreek
Raak betrokke by die skole
Spreek rassisme aan
Die kinders van ons gemeenskap
Ontwikkel ’n missionale verstaan van kerkwees onder lidmate
Radikale versoening
Wen die jongmense terug
Weerspieël God se liefde teenoor alle mense
Meer samewerking tussen ander kerke
Christus se liefde as fondament te vergestalt
Eenheid, versoening en geregtigheid
Sending en evangelisasie na alle mense
Rasseversoening
Trek weer jong gesinne in
Maak ’n verskil in die plaaslike ekonomie en armoede
Profetiese aanspreek van ongeregtighede
Minder praat en meer doen
Fokus op ons Afrika-konteks
Maak ’n bydrae in proses van grondtransformasie
Bemagtig lidmate om ’n verskil te maak

Druk hierdie lys uit met groot letters (26 pt) en dubbelspasiëring.

Sny elke item uit sodat daar ’n hoop papiertjies met elkeen net een gedagte is.

Die begeleidingspan vat hierdie data en begin dit rangskik. Staan rondom ’n groot tafel en pak bymekaar wat by mekaar pas.

Sommige van die terugvoer is generies: Weerspieël God se liefde teenoor alle mense. Christus se liefde as fondament te vergestalt. Minder praat en meer doen.

Ander is weer spesifiek: Wen die jongmense terug. Maak ’n verskil in die plaaslike ekonomie en armoede.

Soos wat mens die papiertjies uitpak, begin jy temas raaksien. Die generiese en spesifieke terugvoer is alles belangrik. Saam gee dit ’n prentjie van hoe die gemeente dink oor hulle roeping. Dit gee ook ’n idee van belangrikheid vir die gemeente: hoeveel mense hoor God se roeping op ’n bepaalde manier?

Praktyk #31. Die NATIONAL CHURCH LIFE SURVEY (NCLS-opname)



"As jy wil weet, moet jy meet."

Een van die beste instrumente wat tans beskikbaar is om uit te vind hoe die profiel van die gemeente se aktiewe lidmate lyk, is die opname van NCLS-SA (National Church Life Survey South Africa). Dit word deur die Taakspan Navorsing van die Algemene Sinode gefasiliteer. Dit is baie goed nagevors en word in samewerking met NCLS in Australië gedoen.

Die NCLS-opname gee 'n prentjie van die gemeente en sy bediening. Die opname identifiseer nege kernkwaliteite en sterkpunte van elke gemeente. Dit gee gedetailleerde terugvoer wat die leiers van 'n gemeente in staat stel om ingeligte besluite oor die toekoms te maak.

Die **interne kernkwaliteite** fokus op die innerlike lewe van die gemeente. Dit gee 'n aanduiding van die mate waartoe die gemeente sy lidmate help met betrekking tot:

- **Geloof** wat groei as gevolg van die bediening van die gemeente.
- Inspirerende en opbouende **eredienste.**
- **Gemeenskap**: 'n sterk en groeiende verbintenis aan die gemeente.

Die **inspirerende kernkwaliteite** fokus op die leierskap en koers van die gemeente. Dit is die katalisators wat die gemeente inspireer om vorentoe te beweeg. Hierdie uitkomste dui die erediensgangers se gevoel aan oor die volgende aspekte van ons gemeente:

- 'n Helder **roeping (visie)** waarby lidmate inkoop.
- Inspirerende en bemagtigende **leierskap.**
- Openheid vir verbeeldingryke **vernuwing.**

Die **uitwaartse kernkwaliteite** fokus op die uitwaartse gerigtheid van die gemeentelede en die bediening van die gemeente. Dit beskryf die volgende aktiwiteite van die erediensgangers:

- praktiese en diverse **diens.**
- gewillige en effektiewe **geloofsdeling.**
- doelbewuste en verwelkomende **inklusiwiteit.**



WENKE OM TE OORWEEG

Hoe word die opname gedoen?

Die opname in die gemeente behels die invul van vraelyste tydens die erediens(te) op 'n bepaalde Sondag. Die vraelyste is in Afrikaans. Om vraelyste te kry, registreer die gemeente by Ester Steyn in die kantoor van die Algemene Sinode, betaal die fooi en die vraelyste word na die gemeente gestuur. Nadat die gemeente die vraelyste ingevul het, stuur julle dit terug sodat dit verwerk kan word.

Na 'n paar weke ontvang die gemeente die volgende terugvoer:

- Die "Church Life Profile" is die unieke verslag wat voortspruit uit die opname in die gemeente. Dit is in Engels, maar maklik interpreteerbaar. Die resultate gee 'n duidelike evaluering van die gemeente se nege kernkwaliteite. Dit sluit aanlyntoegang in.

- Die “Werkboek NCLS-SA 2018” verduidelik die gemeenteprofiel en gee ook stap vir stap riglyne om die proses in die gemeente te fasiliteer. Dit sluit aan by die prosesse wat in die IN PAS-handleiding gegee word. Die werkboek is in Afrikaans of Engels beskikbaar.
- Die “Enriching Church Life Book” is elektronies beskikbaar. Dit bespreek die kern-kwaliteite en gee ook toegang tot die nasionale resultate van die NCLS-SA 2014 opname.

Die **gemeenteprofiel** is die kern van die terugvoer. Hieronder is voorbeelde van die inligting wat in die profiel vervat is:

Wat waardeer die lidmate van die gemeente en waaraan voel hulle moet aandag gegee word.



Note: Attenders could select up to three options so percentages may not add up to 100%.

'n Uittreksel uit die demografiese profiel van die erediensgangers.



'n Besonder nuttige stuk terugvoer is oor **hoe die gemeentelede hulle eie gawes** sien en watter gawes die meeste voorkom. Dit is onmisbare inligting as ons verder dink oor die roeping wat God vir ons gee.



Die grootste deel van die terugvoer gaan oor die nege kernkwaliteite van die gemeente se bediening. Hierdie is die inligting waarmee die leierskap verder gaan werk. Aan die einde van die gemeenteprofiel word dit in 'n "Circle of Strengths" opgesom:

Inclusion: Attenders certain they would follow up someone drifting from church

Leadership Culture: Agree that leaders encourage attenders to find their gifts and skills to a great extent

Vision: Aware of and strongly committed to the vision of this church



Worship: Always experience inspiration in church worship services

Innovation: Strongly agree this church is always ready to try something new

Faith: Much growth in faith in the past year, through this church

Faith Sharing: Have invited someone in the last 12 months

Die gemeenteprofiel kom ook met 'n Afrikaanse **werkboek** wat die leiers kan gebruik om die resultate te lees en verder te beplan.

KOSTES EN KONTAKNOMMERS.

Die gemeente bestel volgens die onderstaande kategorieë (erediens-bywoners 15 jaar en ouer):
150 vraelyste R2800
300 vraelyste R3800
450 vraelyste R5000
600 vraelyste R5500
Die koste vir meer as 600 is op aanvraag beskikbaar.

Kontak Ester Steyn in die kantoor van die Algemene Sinode. Stuur 'n epos na

esters@ngkerk.org.za of bel haar by 0823254088

GEWOONTE 11:

Ons leer ons gemeenskap ken



Hierdie gewoonte help ons om die geheel van die gemeenskap waarbinne God ons geplaas het, te leer ken, om verskillende stemme te hoor en om inligting oor die gemeenskap te versamel en te interpreteer.

Praktyk #32: Ons luister wat in die gemeenskap aangaan

God roep ons gemeente binne die konteks waarin ons bestaan. Roepingsgetroue gemeentes het 'n sterk bewussyn van die plek waar hulle is (*a sense of place*) en leef hulle roeping uit waar God hulle geplaas het. Om IN PAS met die lewende God te wees, beteken dat ons God volg na die wêreld toe en dat ons weet wat in die gemeenskap aangaan.

Gemeentes bestaan en leef in uiteenlopende landskappe. Gestuurde gemeentes steur hulle aan hierdie landskap en hulle leiers het 'n prentjie in hulle koppe waar die gemeente in die groter prentjie pas.

Gemeentes wat die belangrikheid besef om die gemeenskap te ken, sal gewoontes en praktyke ontwikkel om gereeld oor die volgende na te dink:

1. **Hoe lyk die geheel van die gemeenskap waarbinne God ons plaas?**

   Een van die groot versoekings vir gemeentes is dat ons net kyk na die behoeftes van ons heel naaste omgewing, na die mense wat soos ons lyk, praat en leef. Wanneer ons IN PAS kom met die lewende God, raak ons egter bewus van die hele gemeenskap waarbinne ons geplaas is. Daarom vra ons die vraag: wat is aan die ander kant van die hoofpad, hoe leef die mense wat nie soos ons lyk of praat nie?

2. **Na wie kan ons luister?**

   Deel van die luistersiklus is om na ANDER te luister. Dit is nie altyd so maklik nie, omdat die "ander" meestal nie teenwoordig is wanneer ons bymekaarkom nie. Daarom sal ons intensioneel die vraag vra: wie kan ons innooi of na wie kan ons gaan sodat ons die stemme kan hoor wat die "ander" in hierdie gemeenskap aan ons bekendstel?

3. **Skep geleenthede om te luister.**

   Vra julleself deurlopend af:

   - Watter geleenthede skep die Gees vir ons om ons gemeenskap beter te leer ken?
   - Hoe kan ons seker maak dat die hele gemeente, nie net die leierskorps nie, sensitief raak vir die nood en behoeftes van die gemeenskap?

Talle gemeentes se verstaan van hulle roeping het al dramaties geskuif nadat hulle geluister het wat in die gemeenskap om hulle aangaan. Hulle ontdek nood waarvan hulle nie geweet het nie, maar ook vennote met wie hulle kan handevat. Om dit uit te vind, moet ons bereid wees om te gaan luister.



Gemeentes wat 'n prentjie van die omliggende landskap wil kry, moet twee kernvaardighede ontwikkel: die vermoë om te luister, en die vermoë om dit te waag om oor grense te beweeg. Ons kan nie 'n kaart van die gemeenskap maak deur net met mekaar te praat of net deur die Bybel te lees nie (hoe belangrik hierdie twee ook al mag wees!) Ons moet uitgaan en gaan luister! En só, met die uitbeweeg en luister, sal 'n prentjie na vore kom van die wêreld waarheen God ons roep en hoe om daar te kom.

Ons fokus nie bloot op ons eie behoeftes en die mense wat naby aan ons is nie. Ons stel ons daarvoor oop om stories te hoor oor die hele gemeenskap en laat toe dat hierdie stories en inligting ons harte aanraak.



WENKE OM TE OORWEEG

1. **Identifiseer mense wat 'n breë prentjie het van wat in die gemeenskap aangaan.**

   Dink aan mense in beroepe waar hulle gereeld 'n kykie op bepaalde aspekte van die gemeenskap kry. Verskillende sleutelpersone in die gemeenskap gee vir mens verskillende perspektiewe. Dit is noodsaaklik om hierdie verskillende perspektiewe te hoor om 'n volledige en duidelike prentjie te kry.

   - Die skoolhoof kan nogal baie vertel van wat in die huishoudings van sy/haar leerders aangaan, sonder om vertroulikheid te verbreek.
   - Die polisiebevelvoerder weet van die misdaadtendense.
   - Die maatskaplike werker kan vir julle vertel van die nood en behoeftes in die gemeenskap.
   - Mediese dokters het 'n prentjie van die gesondheid en ook van die geestesgesondheid van die gemeenskap.
   - Dit is natuurlik ook goed om by ander leraars in die gemeenskap te gaan hoor, veral dié in gemeentes van ander tale en rasse.

   En die haarkapper sal kan vertel waaroor skinder die mense.

2. **Met wie moet hierdie mense praat? Hier het julle verskillende opsies:**

   Met die hele gemeente tydens eredienste. Wanneer julle hierdie persone nooi om in die erediens te kom vertel oor die gemeenskap, het dit 'n uitwerking op die hele gemeente. Almal hoor die stories en kry 'n idee van wat in die gemeenskap gebeur. Dit op sigself het al 'n veranderende krag en die gemeente as geheel begin hulleself verstaan as deel van 'n gemeenskap.

   Die nadeel is dat daar nie noodwendig dan ook 'n geleentheid is vir vrae en 'n dieper gesprek met die leierskap van die gemeente nie. Julle moet dan ook seker maak dat julle goeie notas maak van elke optrede sodat julle dit weer later in die proses van roepingsonderskeiding kan gebruik. 'n Ander nadeel is dat hierdie gesprekke nie vertroulik kan wees nie en dat bepaalde inligting weerhou word, bv. oor probleme in 'n skool.

   By verskillende geleenthede met die kerkraad of breër leierskorps

   Die voordeel is langer en dieper gesprekke, geleentheid om vrae te vra en dat meer sensitiewe sake op die tafel kan kom. Een van die groot voordele is dat 'n goeie gesprek kan plaasvind oor hoe hierdie persoon die gemeente se rol in die gemeenskap sien.

Al die sprekers, om die beurt by 'n groot beplanningsgeleentheid.

Die groot voordeel hiervan is dat dit makliker is om patrone en tendense in die gemeenskap raak te sien as mens kort op mekaar 'n klomp perspektiewe kry, en die sprekers kan mekaar ook aanvul. Die nadeel is dat dit noodwendig minder tyd vir elke spreker gee en dat belangrike sake moontlik wegraak omdat te veel goed gelyk op die tafel kom.

3. **Watter riglyne gee julle vir die sprekers?**

   Nie te veel nie, maar maak dit vooraf duidelik dat julle wil verstaan wat in die gemeenskap aangaan. Dit gaan daaroor om patrone en tendense raak te sien. Sprekers sal intuïtief praat oor dinge wat die gemeente raak en waarby die gemeente betrokke kan raak.

4. **Wys iemand aan om notas te neem soos die gesprekke voortgaan**

   Veral wanneer julle mense om die beurt nooi om te kom vertel, is goeie notas noodsaaklik. Hierdie proses vat tyd en gewoonlik het mens al vergeet wat die eerste persoon vertel het teen die tyd wat die laaste een kom praat. Die gevolg is dan dat die een wat laaste aan die beurt kom se stem die grootste rol speel in die proses vorentoe.

Indien die gemeentelike leierspan besig is met 'n proses om die roepingsfokus van die gemeente te onderskei (Praktyk #35), sal dit nodig wees om 'n verslag te genereer wat 'n duidelike prentjie gee van die unieke nood en gawes van die gemeenskap na wie God ons stuur. Vollledige riglyne oor hoe om 'n gemeenskapsanalise te doen en die bevindinge in 'n bruikbare formaat te dokumenteer, kan by www.inpas.co.za afgelaai word

Praktyk #33. Kyk met nuwe oë na data oor die gemeenskap



God maak ons oë oop deur stories, maar ook deur inligting en data. Daar bestaan in SA goeie data oor hoe die gemeenskappe lyk, ons moet dit net gaan haal en bereid wees om eerlik en onbevange daarna te kyk.



In die evangelies staan daar dikwels dat Jesus iemand gesien of gehoor het. Dikwels was dit iemand "onsigbaar", die soort mens wat ander nie raaksien nie. En dan staan daar dat dit Jesus geraak het, dat Hy innig jammer gevoel het vir hierdie mens, dat Hy ingegryp het in die man of vrou se nood.



WENKE OM TE OORWEEG

Data kan maklik koud en onpersoonlik wees: syfers op papier. Agter hierdie syfers is daar egter regte mense. Ons moet daarom oefen om data geloofsonderskeidend te lees, met die vraag: wat voel God oor hierdie syfers en tendense? Gemeenteleiers wat die belangrikheid hiervan besef, sal deurlopend tydens eredienste en by ander gemeentelike byeenkomste geleenthede skep sodat ons kan vertel wat ons sien.

1. **Kyk van bo**
   - Kyk na satellietfoto's van die gemeenskap en omgewing.
   - Mens kan deesdae baie maklik van Google Maps en Google Earth onlangse foto's van die gemeenskap aflaai. As mens mooi na die foto's kyk, kry jy 'n blik van buite op die gemeenskap.

As jy mooi en lank genoeg kyk, kan jy dinge begin raaksien wat jy maklik mis as jy net op die grond bly.

- Gebruik hierdie foto's vir 'n gesprek met die gemeenteleiers. Wat sien ons? Wat verras ons oor die gemeenskap? Wat sien God as Hy so na ons gemeenskap kyk? Wat wil God hê moet ons raaksien?
- Watter insigte kom na vore as ons hierdie foto's bekyk saam met die inligting wat ons gekry het uit die oefening oor waar die gemeentelede woon, werk en ontspan? (Praktyk #28 Waar op aarde is ons?)

2. Lees die syfers

Die vorige volledige Suid-Afrikaanse sensus is ongelukkig reeds in 2011 gehou en die data is dus al bietjie oud. Die Community Survey van 2016 gee egter meer onlangse en gedetailleerde inligting oor die stand van huishoudings per distrik in die verskillende provinsies.

Die beste en maklikste manier om data te kry oor die gemeenskap is met WAZIMAP by https://wazimap.co.za/. Dit gebruik die data van die 2016 Community Survey, die nuutste beskikbare inligting.

Die eenvoudigste manier om by jou dorp, distrik of voorstad se data te kom, is deur op die kaart te kliek en te bly kliek. Jy beweeg van die land na die provinsie na die munisipale distrik na kiesafdelings. Die kleinste gebied waarvoor die data gegee word, is per kiesafdeling.

Dit is baie maklik om die inligting te kry en as julle wil weet hoe lyk julle omgewing, is hierdie die maklikste manier. Dit gee data oor dinge soos die aantal huishoudings, ouderdom en geslag, opvoedingspeil, huishoudelike inkomste en hoe die huishoudings saamgestel is.

Wazimap vergelyk ook deurlopend die data met die res van die provinsie en die land.

Mens kan ook na die Community Survey se eie webblad gaan. Dit gee inligting per munisipale distrik en daar is ook baie waardevolle inligting. Byvoorbeeld, in die munisipale distrik van Drakenstein was daar (in 2016) 614 kinders sonder 'n ma; 2 595 sonder 'n pa en 289 wat geen ouers het nie.

Julle kan ook julle provinsie se inligting aflaai:
2016 Community Survey: Stats SA → Sensus → 2016 CS results → Soek na jou provinsie se Provincial Profile. Laai die pdf-verslag af.

Vir die 2011 Sensusdata: Stats SA → municipality profiles (onderaan die bladsy) → klik op die kaart vir jou provinsie en dan op die munisipaliteit.

3. Lees die koerant

Die koerante maak mense dikwels kwaad of moedeloos. Dit is vol slegte nuus oor korrupsie, misdaad, onbekwaamheid en politieke twis. En dan is daar ook 'n klomp trivialiteite en skindernuus.

Die koerant gee egter 'n spieël op die samelewing en ons kan die koerant ook met geloofsonderskeiding lees. Begin as leiers om gereeld die koerant saam deur te blaai. As julle 'n gemeenskapskoerant het, gebruik dit. Vra Godsvrae oor wat julle lees:

- Hoe voel God oor wat hier staan?
- Hoe voel God oor die mense wat hierdeur geraak word?
- Waar is God in hierdie storie?
- Hoe kan ons langs God staan ten opsigte van hierdie saak?
- Hoe bid ons as ons klaar is met die koerant?

Praktyk #34. Ons leer om na patrone te soek



In die praktyk van luister en kyk na die gemeenskap kom daar gewoonlik 'n magdom inligting na vore en dit kan oorweldigend wees. Soms kom mens agter dat die nood in die gemeenskap so uiteenlopend is, jy weet nie waar om te vat of te los nie.

Wanneer die gemeente se leiers met die inligting werk, gaan dit nie noodwendig daaroor om die grootste probleme te identifiseer nie. Dit gaan eerder daaroor om te sien watter patrone in die gemeenskap aanwesig is.



WENKE OM TE OORWEEG

Om na patrone te soek, is 'n geloofsonderskeidende proses waarin ons vir die Here vra om ons oë oop te maak en om vir ons insig te gee. Vra Godsvrae soos:

- Wat wil God hê ons moet raaksien?
- Hoe raak die Gees ons emosies aan?
- Wat bring God oor en oor onder ons aandag?

Die begeleidingspan vra ook hierdie vrae vir die gemeente en breër leierskorps en teken op wat hulle hoor.

As mens oor tyd met die inligting en die terugvoer van die gemeente besig is, kom daar sake in die gemeenskap na vore waarmee die leierskap verder werk.

GEWOONTE 12:

Onderskei roeping en fokus



Hierdie gewoonte help ons om die ritmes wat ons tot hier aangeleer het, te integreer sodat ons intensioneel kan nadink oor die roeping wat God vir ons gemeente het.

Praktyk #35. Vind die fokus van ons roeping

Vind die fokus. In die boek: *Breakout Churches*, toon Tom Rainer aan dat gemeentes wat effektief uitreik, daarin slaag om drie elemente gelyk in ag te neem: die leiers se verstaan van God se roeping vir die gemeente, die gawes en passie van die gemeentelede en die nood van die gemeenskap.



Waar hierdie drie sirkels oorvleuel, is die gemeente op sy effektiefste en kom die meeste energie los. Mens sou dit die *"sweet spot"* van die gemeente se bediening kon noem. Die gesprekke wat oor die fokus van die gemeente se roeping gaan, gaan oor die vind van hierdie "*sweet spot*".

Ons glo dat ons nie toevallig hier is nie. God het ons, met die gawes, vermoëns en passies van die gemeente, in hierdie gemeenskap geplaas om deel te wees van God se beweging hier. God roep ons om 'n verskil te maak, soos ons is en waar ons is.

Om die roeping van die gemeente te onderskei en 'n fokuspunt te vind, is 'n opwindende proses. Die versoeking is altyd daar om dit vinnig te wil doen sodat ons kan aangaan met die werk. Onthou egter: ons wil nie net die werk afhandel nie, ons wil gewoontes en praktyke vestig sodat dit deel van die kultuur van die gemeente word om onder die Gees se leiding God se roeping te onderskei en te fokus op wat vir God belangrik is.



WENKE OM TE OORWEEG

1. **Ontwikkel ’n insluitende en deelnemende proses**

   Om in ’n klein leierskapgroep die fokuspunt van die gemeente se roeping te onderskei, is relatief eenvoudig. Ons kan ’n beplanningsessie op ’n Saterdag reël en die kanse is goed dat ons daarna ’n taamlik duidelike fokus sal kan formuleer wat ons dan aan die gemeente kan kommunikeer.

   Die moeilikheid met so ’n proses is eienaarskap. As mense nie deelgeneem het aan die proses nie, is die kanse klein dat hulle sal voel hulle is ingesluit by hierdie roeping. Dan word dit ’n groot uitdaging om die fokus op so ’n manier te kommunikeer dat mense daarby sal inkoop. Dikwels vind gemeentes ook dat die entoesiasme gou kwyn en dat al die moeite op niks uitloop nie. Ons hoor nogal dikwels dat gemeentes se leiers sê dat die gemeente ’n visie het, maar dit funksioneer eintlik glad nie in die identiteit of werk van die gemeente nie. Om die waarheid te sê, dikwels kan die leiers self ook nie onthou wat dit is nie!

   Die taak van die begeleidingspan is nie om die roeping te onderskei nie. Dit is eerder om die PROSES te ontwerp en aan die gang te hou as om die INHOUD van die uitkoms te bepaal. Dit vat uit die aard van die saak aanvanklik langer, maar op die lang duur spaar dit tyd. Die kortpad is nie die vinnigste pad nie.

   Hoe kan so ’n deelnemende proses lyk?

   ’n Goeie proses werk soos ’n konsertina: groter konsultasies en gesprekke afgewissel met kleineres wat die insette van die groot gesprekke verwerk, patrone onderskei en insigte formuleer.

   Die werk van die begeleidingspan word in die diagram met die klein sirkeltjies voorgestel. Die begeleidingspan verbind die groter byeenkomste en gesprekke met mekaar, doen die harde werk van konsolidasie en integrasie en gee terugvoer.

   Tussenin is daar dan groter gesprekke met verskillende groepe om die gemeente se stemme te hoor en terugvoer te gee. Hieronder is ’n voorbeeld van hoe so ’n proses sou kon lyk.



2. Wat doen die begeleidingspan wat die proses lei?

Die eerste taak van die span wat die proses lei, is om die kerkraad se instemming te kry om so ''n proses in die gemeente te lei. Dit mag vanselfsprekend klink, maar die mandaat van die kerkraad is uiters noodsaaklik. Uiteindelik het hierdie proses implikasies vir die identiteit van die gemeente, vir die bedieninge, vir die werk van die predikant en die begroting. Die breër leierskap van die gemeente moet van die begin deel wees en met elke tree deel bly van die proses.

- Ontwerp 'n proses vir julle eie gemeente.

  Werk aan gewoontes wat gevestig moet word. Kies wat nou toepaslike praktyke is en doen wat nou toepaslik is. Die voorbeeld bo dui aan waar pas verskillende elemente in die proses, maar uiteraard doen gemeentes wat op 'n bepaalde stadium by hulle pas en vir hulle haalbaar is.

  Mens doen byvoorbeeld nie in die eerste rondte 'n NCLS-opname én 'n leesverslag én fokusgesprekke nie. Dit is net te veel. Doen een van hierdie en los die ander vir volgende jare. Dit gaan immers oor die vestiging van gewoontes om in die spieël te kyk en hierdie is 'n gewoonte wat oor jare gevestig en volgehou moet word.

- Kommunikeer met die gemeente wat van hulle verwag gaan word en dat hulle tree vir tree ingesluit sal word.
- Die begeleidingspan se werk is verder om die verskillende instrumente en praktyke uit te voer: hanteer die bestelling en invul van die vraelyste, voer die gesprekke, stel die aansteekborde met kaarte op, identifiseer en nooi sleutelpersone om oor die gemeenskap te vertel.

- Die begeleidingspan verwerk die inligting, maak die opsommings en gee terugvoer aan die kerkraad, bedieninge en gemeente. Om patrone raak te sien is 'n vaardigheid en kuns wat mens moet ontwikkel en nie almal het aanleg daarvoor nie. Mens kan nie die onverwerkte data (wat na vore gekom het uit die voorleggings van sleutelpersone uit die gemeenskap of uit gesprekke met fokusgroepe) aan die kerkraad of gemeente teruggee nie. Iemand moet met die data werk en lank genoeg daarna kyk om die patrone te begin raaksien.
- Die gesprekke oor die fokus van die gemeente se roeping moenie afgejaag word nie. Voer dit met verskillende groepe en by verskillende geleenthede. Gee vooraf die opsommings van die uitsette van die eerste twee gewoontes ("Ons kyk in die spieël" en "Leer ken die gemeenskap") aan die groepe.
- Lei dan die groep om die vraag te vra: "Waarvoor roep God ons, nou en hier?" Let wel, die vraag is nie: "Wat moet ons nou doen?" nie. Ons spring meestal te gou na die vraag oor wat om te doen. Die roepingsvraag is van 'n hoër orde as die doen-vraag. Dit gaan oor hoe ons God se roeping nou, soos ons is, op hierdie plek, hoor. Dit vloei voort uit nog hoër orde, teologiese vrae: wie is God en wat is God se bedoeling met die kerk?



- Die vraag oor wat om te doen, en veral oor wat om eerste te doen, vloei uit 'n helder prentjie van die fokus van die gemeente.
- Die begeleidingspan som die uitkomste op en gee terugvoer aan die gemeente: "Het ons julle reg gehoor? Is hierdie wat julle van God gehoor het oor die afgelope klompie maande?"
- Uiteindelik is dit die kerkraad wat die laaste tree gee. Die begeleidingspan gee alles terug aan die kerkraad om saam te luister na die verskillende stemme uit die gemeente, uit die gemeenskap en veral hoe die Here helderheid bring oor die gemeente se roeping.

  Die fokus van die gemeente se roeping word hier geformuleer. Die leidende vraag om fokus te onderskei, is: wat het ons herhaaldelik by God gehoor?

- Deur alles is die sentrale taak van die begeleidingspan **om die proses en die geloofwaardigheid daarvan te beskerm.** Dit gaan onder andere oor die volgende sake:

  Om te sorg dat die geloofsonderskeidende karakter van die proses beskerm word. Dit gaan nie oor wat mense wil hê nie, maar wat die Here vir die gemeente wil hê.

  Om te sorg dat almal wat wil deelneem, kans kry.

  Om te sorg dat 'n bepaalde groep uit die gemeente nie die proses kaap nie.

  Om die proses aan die gang te hou. Hierdie proses vat maande en iemand moet sorg dat die momentum behou word.

  Om dit deursigtig te hou – mense moet weet wat aan die gang is.

  Om mense se vrese dat alles nou gaan verander, te besweer.

3. Minder is beter

Een van die grootste foute wat gemeentes maak, is om alles vir almal te wil wees. Die omvang van die nood uit die gemeenskap, die Christelike gewete van leiers en die sagte harte van goeie gelowiges maak dit moeilik om te fokus: "Alles is verdienstelik en belangrik, hoe kan ons kies?" Om egter werklik 'n impak te maak, moet 'n gemeente hierdie werk om te fokus, biddend en geloofsonderskeidend doen.

As ons te veel dinge tegelyk probeer aanpak, kom daar dikwels niks blywend van die grond af nie. Heeltemal te veel beplanningsprosesse se uitkoms is niks meer as 'n lêer met goeie voornemens nie.

Die beperkte bronne en mannekrag van die gemeente maak dit noodsaaklik om te fokus.

Onthou die gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg: 'n klein begin in God se koninkryk maak op die lang duur 'n groter verskil as wat ons in die begin kan voorsien.

Onthou ook dat ons gemeente nie die enigste mense is wat God gebruik nie. Alles hang nie van ons af nie.

FOKUS BRING ENERGIE

Gemeentes is dikwels bang om die fokus sterk af te baken. In die praktyk vind ons egter dat 'n helder fokus meer help as wollerige en breë formulering. Dit gee aan die gemeente 'n sterk bewussyn dat ons fokus op 'n roeping wat van God kom. As ons fokus op werklike nood in die gemeenskap wat die Here aan ons uitgewys en op ons harte gelê het, weet ons dat dit wat ons doen, saak maak.

'n Helder fokus gee ook 'n sterk beginpunt en help ons om vroeë suksesse te behaal. Dit gee weer energie en momentum aan die verdere werk. Boonop groei daar vanself uit so 'n helder fokus ander geleenthede wat die werk van die gemeente verbreed.

Ons is besig om 'n kultuur te skep. Hierdie is 'n proses en soos wat die kultuur vestig, kom al meer mense aan boord en kan die gemeente meer doen.

4. Eenvoudig en helder

Die uitkoms van 'n proses van fokus moet 'n eenvoudige en helder roepingsverklaring wees.

Hopeloos te veel gemeentes se visiestellings is komplekse teologiese formulerings wat niemand kan onthou nie. As dit so ingewikkeld is, sal dit ook nie in mense se harte leef nie.

Van die uitnemendste gestuurde gemeentes het nie eens 'n geformuleerde visie / roepingsverklaring nie. Wat hulle wel het, is 'n roeping wat in die mense se harte leef.

5. Simbole en slagspreuke

Een van die beste dinge wat 'n gemeente kan doen, is om 'n slagspreuk te formuleer. Dit moet kort, *catchy*, konkreet en op die punt af, wees. Hier is 'n paar voorbeelde:

Ons het God se hart vir kinders.

'n Gemeente waar eensames 'n tuiste vind.

Ons bring die goeie nuus vir werkloses en armes.

Pasop vir generiese slagspreuke soos:

'n Kerk wat 'n verskil maak. (Ten opsigte waarvan gaan die gemeente 'n verskil maak?)

'n Gemeente vir die gemeenskap (Watter saak / nood / mense in die gemeenskap?)

Die gemeente wat omgee (Vir wie en hoe?)

6. Bekend en nuut

Die beginsels van waarderende ondersoek leer ons om aan te haak by dinge wat ons reeds doen en waarmee ons reeds goed is. Pas daarom op dat die fokus nie só nuut is dat dit die bestaande bedieninge, kennis en vaardighede in die gemeente ignoreer nie.

- Om IN PAS te wees met die lewende God is nie 'n totale koersverandering nie, ons begin nie van nuuts af asof hier nog nooit tevore enige goeie werk gedoen is nie. Dit is eerder 'n gefokusde voortgaan agter God aan en met 'n duidelike gerigtheid op die gemeenskap.
- As dit alles nuut is en die mense wat die gemeente tot nou toe gedra het, kry die gevoel dat alles wat hulle tot dusver gedoen het, is verkeerd en nutteloos, gaan hierdie proses dramaties skeefloop. Iemand het hieroor gesê: *"It is the art of changing a church without killing it."*
- Aan die ander kant moet daar tog 'n duidelike gevoel wees dat ons vorentoe beweeg, dat al die werk wat ons gedoen het in voorbereiding van die onderskeiding van ons fokus, iets opgelewer het. Dit moet nuut en uitdagend genoeg wees dat dit mense opgewonde maak oor 'n nuwe seisoen.

Te skerp of te breed

'n Gemeente kom onder die indruk dat daar baie vrouens in die gemeenskap is wat op een ander manier swaarkry en gemarginaliseer is. Daar is enkelma's wat lang ure werk en sukkel met die versorging van hulle kinders, weduwees wat in hulle huise gekluister is, oumas wat na kleinkinders kyk, geskeides wat sukkel om die trauma te verwerk, alleenlopendes wat eensaam is. Die statistiek wys ook dat daar in die gemeenskap 'n buitengewone hoë persentasie enkellopende vrouens is. Die gesprekke met die skoolhoof en maatskaplike werker bevestig dat baie van hierdie vrouens dit moeilik het en die bevelvoerder van die polisie vertel dat daar 'n groot klomp prostitute in die middedorp werk om brood op die tafel te sit en dat hulle baie keer slagoffers van geweld is.

Hulle hoor oor en oor dat die Here die gemeente roep om by hierdie vrouens betrokke te raak en dat hulle daarop moet fokus. Hierdie fokus kom uit die nood van die gemeenskap, die Here lê dit op die harte van die gemeente en dit pas by die gemeente se passie. Nou gaan dit daaroor om die fokus goed te formuleer:

Te breed of vaag sou wees: Die Here roep ons om 'n verskil te maak in vroue se lewens.

Té skerp sou so klink: Die Here roep ons om 'n verskil te maak in die lewens van die prostitute op die hoek van Van Riebeeck en Mandela-straat.

'n Duidelike fokus klink so: Die Here roep ons om met deernis betrokke te raak in die lewens van enkellopende vrouens in ons gemeenskap.

7. Kommunikasie met die kerkraad, leierskap en gemeente

Die uiteensetting van die deelnemende proses hierbo behoort dit duidelik te maak: deurlopende en deeglike kommunikasie met die kerkraad en gemeente is uiters noodsaaklik.

- Leiers maak eerder die fout om te min te kommunikeer as te veel. Die beste aanduiding van hoeveel kommunikasie genoeg is, is hierdie: as jy voel jy het nou genoeg gekommunikeer, doen dit dan nog sewe keer soveel.
- Gebruik eerder herhaalde (weeklikse) klein kommunikasies as 'n groot inligtingsessie een maal per kwartaal.
- Kommunikeer ook hoe die proses vorder, nie net uitkomste nie. Een van die grootste foute is om te dink: ons het nog nie finale bevindinge nie en daarom sê ons liewers niks nie. As die begeleidingspan stadiger vorder as wat julle gedink het, sê dit dan. Wys gereeld waar bevind ons ons nou in die groter proses. So bly die saak onder die aandag van die gemeente.
- Kommunikeer en konsulteer by al die verskillende geleenthede: eredienste, Bybelstudies en kleingroepe, vergaderings. Niemand mag die gevoel kry dat hulle buite hierdie proses is nie.

8. Die belang van die erediens en prediking

Hierdie is só voor die hand liggend dat dit eintlik nie nodig moet wees om dit te sê nie: die ritme van *verhelder en fokus* kan onmoontlik slaag as ons dit buite die erediens probeer doen.

- Die prediking is 'n onmisbare bousteen van die proses. In die gereformeerde tradisie skuif mense nie as hulle nie oortuig is dat die verandering in die Woord gefundeer is nie. Die prediking is steeds 'n krities belangrike geleentheid waar kennis oorgedra word en waar God mense se houdings verander.
- Rig die liturgie só in dat dit die groot missionale beweging bevestig:
  - God roep en versamel ons
  - God vorm ons
  - God stuur ons uit.
- Nou en dan kan 'n groot inligtingsessie gehou word, maar beperk dit.

Afkondigings in die erediens kan 'n irritasie vir erediensgangers wees, veral as dit aan die begin plaasvind. Mense beleef soms dat hulle stil word en gereedmaak vir 'n ontmoeting met die Here, maar dan is daar eers 'n klompie "administrasie" wat afgehandel moet word. Oorweeg dit om die afkondigings na die einde van erediens te skuif, met die duidelike tema: "Die gemeente in aksie." Só vorm dit deel van die liturgiese beweging waarin God die gemeente uitstuur na die wêreld.

9. Hou spesiale eredienste

Op bepaalde punte in die proses is dit goed om 'n feestelike diens te hou, op ander punte sal dit gepas wees om eerder saam te treur.

Die NCLS-opname stel voor dat mens met die terugvoer aan die gemeente 'n feestelike erediens hou waarin ons die Here dank vir die mense en die gawes wat Hy gee. Doen dit in elk geval al het julle nie die NCLS-opname gedoen nie.

Aan die einde van die proses om na die gemeenskap te luister, kan dit gepas wees om te treur oor die swaarkry en nood in die gemeenskap.

Wanneer die fokus van die roeping onderskei is, is dit gepas om dit feestelik te vier en geleentheid te skep in die erediens dat mense hulle aan God se roeping kan verbind.

Dit is 'n goeie gewoonte om gereeld, aan die begin van elke kwartaal, met Pinkster en aan die einde van die jaar die roeping van die gemeente 'n prominente plek in die erediens te gee. Gedenk en vier wat God in en deur sy gemeente en mense doen!

God se kerk het nie bloot 'n sending na die wêreld nie. Dit is eerder die geval dat God se sending na die wêreld 'n kerk het.

Gevorm tot 'n sigbare uitdrukking van God se roeping

Anchors of Hope gemeenskapskerk is in die sentrale deel van Port Elizabeth geleë. Nadat die demografie van die omgewing begin verander het, het die leiers van die gemeente al hoe meer bewus geword van die swart immigrante in die sentrale stadsgebied. Dié verandering in die gemeenskap het veroorsaak dat baie van die gemeente se lidmate uit die tradisionele grense van die gemeente getrek het.

Die gemeente se missionale fokus het as 'n bybelverspreidingsprojek onder die immigrante in die omgewing begin. Dié uitreikaksie het die gemeente die geleentheid gegee om in gesprek met die immigrante te tree. Die lidmate was verbaas oor hoe goed hulle deur die immigrante ontvang is. Baie van die immigrante het dwelms verkoop, was betrokke by misdaad en was onwettig in die land. Die gemeente het dit reggekry om kontak met die immigrante in die sentrale stadsgebied op te bou. Die lidmate het die behoefte gehad om die evangelie met die immigrante in die sentrale stadsgebied te deel en het daarom besluit om 'n fliek in die kerkgebou te wys. Na afloop van die fliek het die predikant geroepe gevoel om mense te nooi om op te staan as hulle hul lewe vir die Here wil gee. Daar staan toe 14 mense op. Hulle is aangesê om na die prediker Robert Bagna se dienste in die kerksaal Sondag te gaan. Daardie Sondag daag hulle toe by die NG Kerk op. Hulle sê dat hulle die Here in die NG Kerk gevind het en dat dit is waar hulle wil kerk gaan. Natuurlik kan hulle slegs Engels verstaan. Die gemeente het aanvanklik, om die nuwe lidmate te akkommodeer, van 'n tolk gebruik gemaak in die eredienste, maar later is besluit om die bediening volkome na Engels oor te skakel. Die gevolg daarvan was dat baie lidmate die NG Kerk verlaat het. Maar ten spyte van die teenkanting het die gemeente met Engels in die dienste voortgegaan.

Nadat pastoor Bagna die gemeente verlaat het, het die gemeente 'n pastoor uit die Kongo gekry om van die dienste waar te neem. Die nuwe pastoor is tot ouderling op die kerkraad van die gemeente verkies. Hy het ook 'n tweede oggenddiens waargeneem. Die gemeente het dus twee oggenddienste gehad. Die eerste diens was multi-kultureel en die tweede diens meer 'n tradisionele NG Kerk diens. Die gemeente het egter besef dat hulle nie meer 'n tradisionele NG gemeente kan wees nie. Hulle het hulself afgevra op watter maniere hulle in die behoeftes van die immigrante in die omgewing kan voorsien. Die gemeente het bewus geword van die behoeftes van die immigrante omdat hulle in 'n verhouding met hulle gestaan het. Hulle het bewus geword dat hulle die immigrante kan help om vaardighede te ontwikkel. Dit het teweeggebring dat daar 'n gemeenskapskool by die gemeente gestig is. Die kerkgebou word deur die week vir die doeleindes van die gemeenskapskool aangewend en Sondae vir eredienste. Ds. Gielie Noeth het begin om deur die week rekenaarklasse aan te bied. Die gemeenskapskool het gegroei en bestuurslesse ook tot die program bygevoeg. Tans bied die gemeenskapskool ook matriekvakke aan.

Aan die een kant het die gemeente die gemeenskapskool wat die vaardighede van die immigrante ontwikkel, maar aan die ander kant bied hulle ook dissipelskapskursusse aan. NG Kerk PE-sentraal is na dese 'n multikulturele gemeente. Die leierskap van die gemeente is multi-kultureel sowel as die eredienste.

Na afloop van die sukses van die gemeenskapskool het die gemeente 'n nie-winsgewende organisasie Anchors of Hope gestig. Danie Mouton maak onderskeid tussen 'n gemeente wat onder die vaandel van diakonaat funksioneer eerder as om op gemeenskaplike verhoudings te fokus. Meeste gereformeerde gemeentes funksioneer vanuit 'n diakonale plek. Hulle gee sop uit en deel klere uit, maar dié manier van funksionering het 'n wanbalans van magsverhoudinge en gee groot probleme. Die sleutel is die ontwikkeling van vaardighede deur middel van opleiding.

Ons roeping is ingebed in waarmee God besig is (Uit: Gestuur)

Die kerk se missie is ingebed in God se missie. Ons is reeds die vrug van God se missie; daarom neem ons daaraan deel. God is besig met sy werk op aarde. Ons kan nie God se missie keer nie, al sou ons wou.

Deur Christus is ons aan die Drie-enige God en sy werk op aarde verbind. Ons behoort aan Hom alleen, en ons leef in verbondenheid met Hom.

Ons Roepingsverklaring van 2007 sê: "Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe".

Dit is eintlik eenvoudig: gestuurdheid is kerk-wees. Die kerk is sending, en ons neem deel aan God se sending. Dit is hoekom ons hier is. Dit is waarvoor die kerk gemaak is.

Ons is geroep om 'n teken van God se nuwe wêreld te wees, om 'n voorsmaak van God se genesende heerskappy te gee. As kerk, as gestuurde gemeentes, word ons bymekaargemaak, gevorm en gestuur om die boodskap van God se liefde verder te dra

RITME V

IMPLEMENTEER EN INOEFEN

GEWOONTE 13:

Leiers wat deur voorbeeld lei



Hierdie gewoonte help ons om oor die hele spektrum van die lewe en bediening van die gemeente leiers te kweek wat hulle roepingsgesag as geskenk van God ontvang en dit uitleef.

Praktyk #36. Ontwikkel roepingsgesag

Die vorming van leiers wat *geloofsonderskeidend* en *vanuit persoonlike geestelike gewoontes* lei, is 'n *sleutelfaktor* vir die vorming van 'n missionale gemeentekultuur. Daarom is dit onmoontlik om na te dink oor die vorming van 'n gemeentekultuur wat met die beweginge van God Drie-enig *IN PAS* is, sonder om terselfdertyd na te dink oor die soort leiers wat hiervoor nodig is. Wat is die bron waaruit sulke leiers optree? Hoe tree hulle op en wat doen hulle in die gemeente?

Dit is interessant om te weet dat die missionale beweging in sy aanvanklike fase nie veel aandag aan die omskrywing van missionale leierskap gegee het nie. Min poginge – indien enige – is aangewend om teoreties hieroor na te dink of om 'n omskrywing van missionale leierskap te probeer gee. Die rede hiervoor is voor die hand liggend: die fokus was nie in die eerste plek op die ontwikkeling van 'n bepaalde "model vir leierskap" nie, maar op die onderskeiding van die spesifieke en unieke roeping van 'n plaaslike gemeente binne sy eie konteks. Leierskap was nie op sigself 'n fokuspunt nie, maar het in diens gestaan van die vorming van die gemeente vir deelname aan die *missio Dei* binne sy unieke konteks.

Mettertyd het daar egter binne die beweging 'n herwaardering begin ontstaan vir die belangrike rol wat leiers speel in die vorming van 'n gemeentekultuur wat IN PAS is en bly met God se beweginge in ons gemeentes en omgewing. Uit die talle gesprekke met gemeentes wat hulleself doelbewustelik daarop toelê om met God IN PAS te kom, het die insig mettertyd gegroei dat leierskap 'n sleutelfaktor is vir die vorming van 'n missionale gemeentekultuur. Daarom is die ontwikkeling van leiers op alle vlakke van die gemeente van kritiese belang en deurgaans 'n belangrike fokus binne alle gestuurde gemeentes.

> Darrell Guder vat die konsensus standpunt hieroor saam as hy sê: "The key to the formation of missional communities is their leadership... Leadership is a critical gift, provided by the Spirit because, as the Scriptures demonstrate, fundamental change in any body of people requires leaders capable of transforming its life and being transformed themselves."
>
> (Uit Missional Church)

Die beginpunt vir leierskap wat geloofsonderskeidend en vanuit persoonlike geestelike gewoontes lei, is die doelbewuste aflê van alle mag, die opskorting van eie voorveronderstellings en die opneem van 'n houding van nie-weet-nie. Ons identiteit as leiers word bepaal deur Christus wat Homself vir ander

prysgegee het. Ons omarm selfloosheid, ons skaam ons nie en is nie ongemaklik met ons eie broosheid nie.



WENKE OM TE OORWEEG

Roepingsgesag in praktyk

Die vraag is: Wat leer die praktyk ons oor leiers wat optree binne die raamwerk van die *missio Dei*? Waarin lê ons gesag? Wat doen ons en waarop fokus ons? Hoe leef ons as Christus ons voorbeeld is? Hoe verskil hierdie soort leierskap van die tradisionele verstaan van leierskap?

Praktyknavorsing wat gedoen is, gee vir ons belangrike rigtingwysers. Leiers wat daarop fokus om 'n gemeente te vorm wie se lewe en bediening IN PAS is met God Drie-enig, doen die volgende:

Die navorsing is deur Gert Cordier gedoen. Die volledige tesis kan afgelaai word by http://repository.up.ac.za/handle/2263/40278

1. Ons vind ons identiteit en gesag in Christus

Ons verstaan dat die gesag waarmee ons in 'n gemeente of gemeenskap optree, nie lê in die amp of posisie wat ons binne die kerk of gemeente beklee nie. Ons vind ons identiteit en gesag in die roeping wat ons van Christus ontvang het.

Die Nuwe Testament vertel dat God vir Jesus na ons wêreld toe gestuur het, en dat Jesus op sy beurt mense geroep, gevorm en gestuur het om sy bediening in ons wêreld voort te sit. Jesus ontvang sy gesag van God, en ons ontvang ons gesag van Jesus. Daarom praat ons van ons gesag as *roepingsgesag*. Roepingsgesag setel in ons deelname aan God se sending in Christus in ons wêreld en in ons navolging van Christus in 'n leefstyl van selfprysgawe, diens en onderwerping aan God se wil vir ons en ons gemeenskap.

2. Ons is altyd deel van 'n span

Jesus se verkiesing, roeping, voorbereiding en sending van sy dissipels is 'n sentrale tema in die evangelies. Dit is duidelik dat Hy voorsien het dat die gesag vir die voortsetting van sy bediening by 'n *span* sou berus wat *saam* verantwoordelikheid hiervoor sou opneem. Ons neem dus ons vertrekpunt daarin dat God aan elke gemeente 'n *span leiers* gee wat saam die missionale gesag uitoefen wat nodig is vir die geloofsonderskeidende reis. Leierskap in 'n missionale konteks is *nooit 'n solo-vlug* nie!

"The conversation on leadership is a simple one: if a congregation is to succeed in making change in its culture, in its ways of doing church and being church, it needs to have a leadership team. To put that point negatively, this is not something a pastoral leader, even a most gifted one, can pull off alone."

(Uit Robinson: Changing the conversation)

Daarom verras dit glad nie dat navorsing aandui dat die *verbreding en verdieping van leierskap* 'n *sleutelaspek* is in bediening van gemeentes wat met die beweginge van God Drie-enig IN PAS wil kom. Sulke gemeentes fokus deurlopend daarop om leierspanne op alle vlakke van die gemeentelike lewe te vorm en te bemagtig om saam verantwoordelikheid te neem vir die uitoefening van missionale gesag vir die geloofsonderskeidende reis. Nuwe leiers word deurgaans gementor en bemagtig sodat geestelike gawes regdeur die gemeente en in die gemeenskap vrygestel kan word.

3. Ons vestig geloofonderskeidende gewoontes en praktyke

> "Gemeentes transformeer indien die leierskap slaag met die onderskeiding en verwoording van die gestuurde roeping, ... dit met die bediening van die gemeente integreer, en deurlopend daarop fokus..."
>
> (Navorsingsbevinding: Die predikant as missionale leier)

As ons ons identiteit in die *missio Dei* vind, leef en beweeg ons vanuit die vertrekpunt dat God in die gemeente en gemeenskap (en trouens in sy ganse skepping) aan die werk is. God werk, en ons werk saam met Hom. Daarom is ons *eerste funksie* as leierspan binne die gemeente om *dié gewoontes en praktyke te vestig wat ons in staat stel om saam God se voorkeurtoekoms vir ons gemeente en gemeenskap te onderskei*.

Die aanname dat God vir elke gemeente in sy plaaslike konteks 'n unieke roeping het as deelname aan sy sending, is wesenlik as ons ons identiteit in die *missio Dei* vind. Die fokus val nie op die uitstuur van sendelinge nie, maar op God se sending in die onmiddellike en alledaagse konteks van die gemeente. Die opbou van die gemeente is nie ter wille van die gemeente self nie, maar ter wille van die koninkryk in die konteks waarbinne God sy gemeente roep, versamel, vorm en stuur. Die wêreld is nie die vyand nie, maar die terrein waar God aan die werk is.

Vir Pat Keifert kom die hele proses van geloofsonderskeiding neer op een eenvoudige vraag: Hoe lyk die toekoms wat inpas by God se wil en belofte vir ons gemeente? (Uit *Ons is nou hier*). Ons ontdek die antwoord op hierdie vraag wanneer ons as leiers saam begin droom oor God se alternatiewe toekoms vir ons gemeente en gemeenskap. Ons vra deurgaans geloofsonderskeidende vrae: Hoe is God in ons gemeente en gemeenskap teenwoordig? Waar sien ons God deur sy Gees reeds aan die werk? Wat dink ons is God besig om te doen? Hoe nooi God ons om hiervan deel te word en IN PAS te kom met sy beweginge in ons gemeente en gemeenskap? Wat sien ons as ons eie unieke roeping in ons gemeente en in die onmiddellike gemeenskap rondom ons?

Die gewoontes en praktyke wat ons hiermee help, is reeds op verskillende plekke beskryf. Ons vat hier net saam. Dit beteken ons vestig:

- Gewoontes en praktyke sodat ons *na God kan luister*.

  Die belangrikste hiervan is die praktyk om *in die Woord te wandel*. Wanneer ons die gewoonte kweek om saam in die Woord te wandel, gebeur die wonder en skep God deur sy Woord en Gees 'n nuwe taal en selfverstaan in die gemeente. Ons begin om saam 'n prentjie te kry van God se beloofde en voorkeurtoekoms vir ons. Terselfdertyd word ons as leiers en gemeente deur die Woord gevorm vir deelname aan die *missio Dei*.

- Gewoontes en praktyke sodat ons *na mekaar kan luister*.

  Naas luister na God, is luister na mekaar van kritiese belang. Hierdie luister is tegelykertyd 'n luister *na mekaar* en 'n *saam luister*.

  Ons *luister na mekaar* omdat gestuurde gesag in die gemeente setel en nie in die individu nie. Ons kan slegs God se stem hoor as ons onsself in 'n proses van diep luister in die skoene van die ander plaas en God so deur die ander met ons hoor praat.

  Terselfdertyd *luister ons saam* sodat ons saam die heersende kultuur en identiteit van die gemeente kan ontdek, saam kan onderskei watter gawes God reeds aan ons gegee het vir uitlewing van ons gestuurde roeping, en saam God se voorkeurtoekoms vir ons as gemeente kan onderskei. Ons weet dat God reeds al die gawes wat hiervoor nodig is, aan ons gemeente en gemeenskap gegee het.

Praktyke wat ons hiermee help, is byvoorbeeld die praktyk om te *eggo*, om in die *Woord te wandel*, en *luisterspanne* wat ons help om die *gemeentekultuur* (die leesverslag) en *gawes van die gemeente* (patrone van gestuur-wees) te ontdek.

- Gewoontes en praktyke sodat ons *na ons konteks en wêreld kan luister*.

  Ons onderliggende vertrekpunt is dat God reeds in ons konteks teenwoordig is en besig is om sy koninkryk van vrede, hoop en heling te vestig. Daarom deins ons nie terug van die uitdaging om te luister en te onderskei hoe God reeds in die gemeenskap rondom ons aan die werk is nie. Ons skep doelbewus praktyke wat ons hiermee kan help. Ons leer om te *plons*, te *eksperimenteer*, in die *wêreld te wandel*, en om *Godsvrae* te vra. Al hierdie praktyke help ons om na diegene wat buite die gemeente is, te kan luister en om te onderskei hoe God in ons gemeenskap en in die vreemdeling wat daagliks ons pad kruis, teenwoordig en werksaam is.

Alhoewel die drie luisterprosesse van mekaar onderskei kan word, kan hulle nie van mekaar geskei word nie. Ons luister tegelykertyd na God, na die gemeente en na die gemeenskap in 'n *interaktiewe proses*. So word luister en onderskei gevestig as 'n lewegewende ritme van ons gemeente. Ons kan dan met reg verwag om deur God verras te word en sy stem vir ons in ons situasie te hoor.

4. Ons leef soos dissipels van Christus en rig ander hierin af

> "Die beste manier om 'n beweging vir God se koninkryk aan die gang te kry, is om 'n volgeling te word en ander te wys hoe mens Jesus volg. Volgelingskap ... is die mees onderskatte vorm van leierskap."
>
> (Uit: Nuwe leiers vir nuwe werklikhede)

As leiers binne die raamwerk van die *missio Dei*, is ons in die heel eerste plek self *navolgers van Christus*. Nelus Niemandt praat van die *leier* as die *eerste dissipel*. (Nuwe Leiers vir nuwe Werklikhede) Ons eerste taak as leiers is om sélf 'n voorbeeld te wees van wat navolging van Christus in ons daaglikse lewe en werk beteken. Ons beweeg naby aan Christus. Ons luister na Hom. Ons onderskei sy wil. Ons volg sy stem. Ons kom IN PAS met sy beweginge in ons eie lewe.

Ons verwag niks van ander wat ons nie self glo en doen nie. Ons sê saam met Paulus: "Wees my navolgers, ...en let op die mense wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel." (Fil. 3:17); "Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg." (1 Kor. 11:1) Die vorming van die gemeente as 'n gestuurde geloofsgemeenskap begin altyd by die vorming van die leiers self. Die kultuur van ons gemeente kan net verander indien ons as leiers self die gewoontes, praktyke en waardes van 'n gestuurde gemeente beliggaam en modelleer.

> "The world needs to see what the Christian life looks like. People who think God is unnecessary, or just optional in life, need fresh images of how life is meant to be lived. They need hard evidence that following Jesus really makes a difference."
>
> (Uit: Church next)

Terselfdertyd *rig ons ander hierin af*. Ons vestig *geloofsvormende gewoontes en praktyke* sodat ook ander kan leer wat dit beteken om praktiese navolgers van Christus in ons wêreld te wees. Ons skep ruimte sodat elke lid van die liggaam van Christus sy of haar eie unieke Christusgawes en bediening kan ontdek en so deel word van God se sending in ons wêreld.

Ons beweeg doelbewus weg vanaf *lidmaatskap* na *dissipelskap*. Vir leiers binne tradisionele kerke is hierdie 'n reuse uitdaging. Ons eie opleiding help ons nie veel hiermee nie. En ons kan net hierin slaag as ons 'n sekere taaiheid ontwikkel: ons moet regtig glo dat dit God se wil en plan vir sy gemeente is; ons moet self demonstreer wat dit beteken om 'n navolger van Christus te wees; ons moet ander hierin afrig, en ons moet die weerstand van lidmate in dié verband oorbrug.

In dié proses is daar verkeerde houdings, gewoontes en praktyke wat ons sal moet afleer, en nuwes wat ons sal moet aanleer.

5. Ons skep konkrete aksies om God se roeping vir ons te beliggaam

Ons vind ons identiteit in die *missio Dei*. "Missionaal" verwys dus nie na bepaalde aksies of programme van die gemeente nie, maar na *wie ons as gemeente binne ons eie bepaalde en unieke konteks is*.

Ons kan sê; ons sentrale fokus is die vorming van 'n geloofsgemeenskap wat tegelykertyd *teken* en *instrument* van God se koninkryk is.

Sodra ons 'n prentjie begin kry van God se unieke roeping en voorkeurtoekoms vir ons, begin ons om *konkrete aksies en praktyke* te vestig om hierdie roeping te *beliggaam*. Ons *demonstreer* in ons eie lewe as gemeente hoe God se beloofde en voorkeurtoekoms vir ons en ons gemeenskap in praktyk lyk en werk.

Terselfdertyd vestig ons praktyke en gewoontes wat ons as't ware "oopbreek" vir 'n *bewussyn van God se teenwoordigheid en beweginge* in ons daaglikse lewe en werk. So word alles wat ons is en doen (afsonderlik en gesamentlik) opgeneem in die *missio Dei*. Ons *hele lewe* as gemeente en as gelowiges word nou *roeping* en *bediening*.

Praktyk #37. Aktiveer missionale intelligensie



Indien ons gemeentes wil vorm wat hulle roeping en bediening verstaan as deelname aan die *missio Dei*, is 'n herbesinning oor ons ampsbeskouing (en oor die praktiese funksionering van die ampte soos dit met verloop van tyd in hoofstroomkerke binne 'n Christendomparadigma ontwikkel het), onafwendbaar. Veral drie aspekte is hierin van wesenlike belang:

- 'n Herontdekking van die *vyfvoudige ampsbediening* (Ef. 4:11)
- 'n Herstel van die *amp van gelowige*
- 'n Herwaardering van die *rol van die leraar*

Ons sal hierin rekening moet hou met die verskraling van die ampsbediening in hoofstroomkerke wat verband hou met die ontwikkeling van die Christendomparadigma. Sedert die tweede helfte van die twintigste eeu het die ontwikkeling van 'n kultuur van individualisme en verbruik ook 'n belangrike invloed uitgeoefen ten opsigte van veral die rolverwagting van die leraar.



Ons neem ons vertrekpunt daarin dat God aan elke gemeente 'n span leiers gee wat deur Christus met "gawes" toegerus word en *as span saam* oor die missionale intelligensie beskik wat nodig is vir onderskeiding en uitlewing van die missionale identiteit en roeping van die gemeente.

> "As die gemeente die plek is waar die dominee dink hy of sy in die bediening is, is die gemeente in die moeilikheid!"
>
> (Uit: Die predikant as missionale leier)

As missionale leiers tree ons self uit die middelpunt uit en vestig doelbewus en intensioneel 'n "*permission-giving structure of authority*" (Uit *Treasure in Clay Jars*). Ons soek en bemagtig leiers op alle vlakke van die

gemeentelike lewe en bemagtig hulle om, met die gawes wat Christus aan elkeen gee, saam verantwoordelikheid te neem vir die uitoefening van gestuurde gesag in die gemeente.



WENKE OM TE OORWEEG

Heraktiveer missionale intelligensie

1. Ampsbediening binne die konteks van die *missio Dei*

Ef. 4:1-16 is een van die meer volledige beskrywinge van 'n gemeentelike bediening in die Nuwe Testament. As ons uitgaan van die vertrekpunt dat die hele Nuwe Testament (en trouens die hele Bybel) geskryf is met die oog daarop om gemeentes toe te rus vir deelname aan die bediening van Christus in 'n ongelowige en dikwels vyandige wêreld, beteken dit dat Ef. 4:1-16 vir ons belangrike riglyne neerlê vir die funksionering van die ampte (ingesluit die amp van die gelowige) binne 'n missionale verstaan van kerk-wees.

2. Vyfvoudige Christus-gawe

In Ef. 4:7 verwys Paulus na "gawes" wat Christus aan sy gemeente gee as toerusting vir deelname aan sy bediening in ons wêreld. Paulus omskryf hierdie "gawes" in vers 11: "*En dít is die 'gawes' wat Hy 'gegee het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.*" Volgens verse 12 en 13 gee Christus hierdie gawes aan sy gemeente as *toerusting vir ons bediening*. Enersyds bemagtig Christus ons hierdeur vir ons *dienswerk* binne en buite die gemeente. Terselfdertyd word ons hierdeur bemagtig vir die *vorming van die gemeente* wat as geloofsgemeenskap in sy lewe en bestaan 'n *voorbeeld is van God se bedoeling in Christus met ons wêreld*. Deur die bediening vanuit ons gawes word die gemeente opgebou en groei ons saam tot volmaakte eenheid en volwassenheid in Christus.

Só verstaan, verteenwoordig hierdie vyfvoudige gawe (APEHL) die geestelike toerusting wat Christus aan elke gemeente gee ten einde die geloofsgemeenskap te bemagtig vir ons bediening. Deur die vrystelling van hierdie vyfvoudige gawe in die geloofsgemeenskap word die gemeente gevorm om tegelykertyd 'n teken en werktuig van God se aanbrekende ryk in Christus in ons wêreld te wees.

Dit beteken dat hierdie gawes *nie tydsgebonde* is nie – Christus het nie op 'n gegewe tydstip in die geskiedenis begin om sommige van hierdie gawes aan sy gemeente te weerhou nie. Die vyfvoudige gawe is *in elke gemeente van Christus teenwoordig*.

Dit beteken ook dat hierdie gawes *nie in 'n enkele individu of ampsposisie setel* nie. Christus gee die vyfvoudige gawe *aan sy hele gemeente*. Aan "elkeen van ons" deel Christus "gawes" volgens 'n bepaalde "mate" uit. Die Direkte Vertaling sê: "... soos Christus dit uitgedeel het." Elke gelowige (ingesluit diegene wat in bepaalde ampte of posisies van leierskap geplaas is) word deur hierdie vyfvoudige gawe van Christus toegerus vir sy of haar bediening of amp ooreenkomstig die mate waarin Christus die gawe aan elkeen van ons afsonderlik gegee het.

In een opsig is ons dus *almal dieselfde*: *almal* van ons is deur Christus *toegerus met gawes* vir deelname aan die *missio Dei*. In 'n ander opsig is *elkeen van ons uniek*: elkeen van ons word *uniek toegerus* en so deur Christus gevorm vir ons *eie spesifieke bediening* binne die gemeente en gemeenskap.

3. *Apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (APEHL)*

Hoe lyk die vyfvoudige gawe van Christus aan sy gemeente in praktyk? 'n Kort oorsig oor die spesifieke aard van elkeen van hierdie "gawes" laat ons vinnig ontdek dat hierdie gawes inderdaad reeds in elke gemeente teenwoordig is!

Die vyfvoudige gawe van Christus is 'n eenheid en vul mekaar aan, maar kan terselfdertyd ook van mekaar onderskei word. Die unieke aard van elkeen van die onderskeie gawes kan kortliks só beskryf word:

APOSTELS

Die apostoliese gawe staan nie sonder rede aan die begin van die gawelys nie. Die woord "apostel" beteken: gestuurde. Die apostel is as gestuurde die baanbreker vir die evangelie wat nuwe weë vir die koninkryk van God oopbreek. Daarom skep hierdie gawe die fondament waarop al die ander gawes voortbou.

Aangesien apostels baanbrekers vir die evangelie is, is dit gewoonlik iemand wat nuwe terreine en geleenthede raaksien. Sulke mense is gemaklik daarmee om grense oor te steek. Daarom maak apostels nuwe deurbrake vir die evangelie veral waar die evangelie nog nie gevestig is nie. Oorbrugging van een konteks na 'n ander en van een generasie na die volgende is van die dinge wat 'n apostel goed kan doen. Die uitbreiding van die koninkryk van God is vir hulle hoofsaak.

PROFETE

Vanuit die Ou Testament, waar die wortels van die profetiese bediening lê, sien ons dat profete mense altyd terugroep na die Woord van God toe. 'n Profeet is met ander woorde 'n bewaarder van die kernwaarhede van die geloof.

Omdat profete bewaarders van die kernwaarhede van die geloof is en mense terugroep na die Woord van God toe, is dit mense wat in 'n baie noue verhouding met God leef en daarvan oorloop. Daarom is dit mense wat sensitief is vir God se wil en getrouheid wil handhaaf. Die groter prentjie is vir hulle belangrik. Hulle is nie voorspellers van die toekoms nie, maar eerder visionêr – juis omdat hulle weet wat God vir ons wil hê. Hulle wil die wêreld se fokus na God verskuif. Ons kan sê dat 'n profeet se oog tegelykertyd gerig is op dit wat om hom of haar aangaan én op dit wat God verwag.

EVANGELISTE

Evangeliste is mense wat altyd besig is om 'n positiewe ontmoeting te skep tussen mense en die kernboodskap van die kerk, dit wil sê die goeie boodskap oor Jesus Christus (Evangelie beteken tog Blye Boodskap). Vir hulle is die hoofsaak dat mense deelneem aan die saak van Christus en die groei van die kerk. Hulle is uitdelers van die Blye Boodskap.

Evangeliste kry dit reg of beskik oor die vermoë om mense by 'n saak te betrek. Daarom is 'n evangelis se persoonlikheid aansteeklik; hulle kry dit reg om mense deel te laat voel. Sosialisering is een van die dinge waarmee hulle baie goed is. Hulle nooi mense maklik in!

HERDERS

Herders is in wese bewaarders. Dis tog wat 'n herder doen vir skape… Om op te pas en te versorg!

Herders is mense wat sensitief is vir mense se seer. Hulle is sensitief vir verhoudinge en vir die handhawing van 'n gesonde gemeenskap. Hulle is met ander woorde mense met 'n fyn aanvoeling vir mense. Herders koester geestelike ontwikkeling.

LERAARS

Soos die woord sê, is leraars mense wat kan onderrig. Hulle wil ander vanuit die Woord aanspoor om nuut te ontdek. Die Woord is die kernbron waarmee hulle daagliks besig is.

Leraars is bemiddelaars van wysheid en begrip. Baie keer is dit iemand met 'n filosofiese ingesteldheid wat 'n boodskap met begrip kan oordra. Omdat hulle self hou van leer, oordink hulle dit waarmee hulle besig is en wat die betekenis daarvan vir die kerk is. Hulle spoor ook ander mense aan om dieper te delf en self te leer.

4. Vrystelling van die vyfvoudige gawe in die gemeente

Vir die missionale vorming en bediening van ons gemeente, is die *vrystelling van hierdie vyfvoudige gawe van Christus onontbeerlik!*

Hulpmiddele wat reeds beskikbaar is om ons hiermee te help, is onder andere die volgende:

- *Vind jou hoed ('n Sewe-week-ontdekkingsreis)*

  Vind jou hoed is 'n sewe-week-ontdekkingsreis waarby leiers en lidmate op alle vlakke van die gemeente betrek word. Die reis is ontwerp aan die hand van die materiaal van Alan Hirsch en Tim Catchim (sien bronnelys hier onder). 'n Kleur word aan elke gawe toegeken en lidmate en leiers in die gemeente word uitgedaag om elkeen sy of haar eie unieke en kleurgekodeerde hoed (Christus-gawe) te ontdek as vorming vir deelname aan Christus se bediening in ons wêreld. Die reeks bevat verskeie hulpmiddele wat hiervoor in gemeentes benut kan word.

  

  'n Leiersgids en groepmateriaal is by Bybelmedia beskikbaar. Preke kan ook van hulle webwerf afgelaai word.

- *Aanvullende bronne*

  Gemeentes en leiers wat hulleself verder hieroor wil ingrawe, kan gerus die onderstaande materiaal saam deurwerk:
  Alan Hirsch: The Forgotten Ways: Reactivating Apostolic Movements.
  Alan Hirsch & Tim Catchim: The Permanent Revolution: Apostolic Imagination and Practice for the 21st Century Church.
  Alan Hirsch: 5Q: Reactivating the Original Intelligence and Capacity of the Body of Christ.

  Of besoek Alan Hirsch en sy span se webwerf (5Q Central. Reactivating the original intelligence and capacity of the body of Christ) by https://5qcentral.com

Praktyk #38. Ontwikkel 'n lewensritme (Regula)



Om as 'n dissipel (leerling) van Jesus te groei, veronderstel dat ons 'n spesifieke leefwyse kweek. Hierdie leefwyse is 'n beliggaamde, daaglikse manier van leef wat uit genade uitvloei en oorgaan in gehoorsaamheid. In die vroeë kerk is hierdie manier van lewe beskryf deur die woord "regula" (of "*rhythm of life*"), waarvan ons die Afrikaanse woord reguleer kry. Die skrywer Marjorie Thompson beskryf 'n regula op die volgende manier:

> *"A rule of life is a pattern of spiritual disciplines that provides structure and direction for growth in holiness"*.

Wanneer gemeentes deelneem aan die missio Dei is dit uiters belangrik dat lidmate gevorm word sodat hulle IN PAS met die Drie-Enige God kan leef. Dit is aan die hart van missionale dissipelskap. Hierdie vorming vind nie in die eerste plek plaas deur kennisoordrag in preke en kursusse nie, maar wanneer die leierspan van die gemeente die verantwoordelikheid opneem om saam met die gemeente 'n regula vir hulleself en vir die hele gemeente te ontwikkel. Dit is belangrik dat leiers hierin leiding neem, veral deur self die voorbeeld te stel!



'n Ritme van genade ontwikkel in ons alledaagse lewe. Ons beweeg weg van die dualisme tussen "geestelike" en "sekulêre". Ons volg die Drie-Enige God in ons Maandag tot Sondag, 24-7 en 365 dae 'n jaar lewens. Daarom praat ons van 'n "rhythm of life" en nie van 'n "rhythm of the spiritual life" nie.

Daarom veronderstel die ontwikkeling van 'n regula dat ons gewillig en gereed is om ons hele lewe aan God Drie-enig te onderwerp. Elke aspek van ons lewe word as lewende offer aan die Here gegee (Romeine 12:1).



WENKE OM TE OORWEEG

Die ontwikkeling van 'n regula in praktyk

'n Regula of *"rhythm of life"* ontwikkel wanneer ons die volgende elemente beliggaam:

1. Doen 'n oudit

Almal leef reeds in 'n ritme! Een van die belangrikste stappe tot die ontwikkeling van 'n regula is die besef dat ons elkeen (en as gemeente saam) reeds in spesifieke dissiplines gevorm word en daarom reeds 'n "rhythm of life" het. James KA Smith reken daarom dat dit van kardinale belang vir gemeentes is om 'n oudit te doen oor die ritmes waarin ons reeds leef. Hy gee behulpsame vrae om te help met 'n oudit:

- *What are some of the most significant habits and practices that really shape your actions and attitude — what you think and what you do?*
- *What does your time look like? What practices are you regularly immersed in each week? How much time is spent doing different sorts of activities?*
- *What do you think are the most important ritual forces in your life? And if you were honest with yourself, are these positive (forming you into the kind of person who embodies the kingdom of God) or negative (forming you into someone whose values and desires are antithetical to that kingdom, oriented toward another kingdom)?*

- *What do you think are some of the most potent practices in our culture? Or, if you have kids, what are the cultural forces that you don't want your children shaped by? What are the ritual forces that you do want to shape their desires? And why on both counts?*
- *If you step back and reflect on them, are there some habits and practices that you might have originally thought were neutral or thin, but upon further reflection, you see them as thicker and more significant?*
- *Is there any way in which you see worship as a thick habit? How so? How not? If Christian worship is a thick practice, what do you think are its most significant "competitors"? (Desiring the Kingdom, James KA Smith p.84)*

Daarom is dit belangrik vir 'n gemeente om 'n oudit te doen oor die maniere hoe hulle gemeente reeds in 'n ritme leef. Die jaarprogram en kalender met weeklikse en daaglikse aktiwiteite gee vir ons leidrade oor ons huidige ritmes. Sommige van hierdie ritmes is behulpsaam en bevorder ons missionale kerk-wees, ander is toksies en verhinder ons. Ons doen hierdie oudit saam, maar ook persoonlik. Dit kan baie behulpsaam wees vir 'n kerkraad om hierdie oudit te doen en 'n kerngroep in die gemeente daarby te betrek.

2. Ontwikkel 'n "*Operating System*" (OS)

Missionale dissipelskap verg dat ons 'n "*rule of life*" ontwikkel wat gemeentelede help om individuele en gemeenskaplike dissiplines te beoefen wat die inwaartse en uitwaartse bewegings van 'n gemeente reguleer. Ons fokus dus op deelname met God in ons persoonlike lewens en ook as 'n gemeente saam. Om 'n kultuur hiervoor te skep is dit nodig vir 'n gemeente om 'n eenvoudige "*Operating System*" te ontwikkel. 'n OS kan gemeentelede help om dieselfde taal te ontwikkel wat met spesifieke beelde geassosieer word. Dit is van kardinale belang dat 'n OS deur die leiers van die gemeente beoefen word op so 'n manier dat ander daardeur beïnvloed kan word. Die OS word deel van die storie van die gemeente wanneer ons as leiers Jesus volg.

Hier is 'n voorbeeld van 'n OS uit die boek *Raw spirituality* van Tom Smith. (p. 21) Die OS bestaan uit spesiale ikone wat 'n bepaalde ritme uitbeel. Elke ikoon is 'n uitnodiging tot deelname in 'n avontuur van groei. Deur die vra van spesifieke vrae en beoefening van spesifieke dissiplines op individuele en korporatiewe maniere neem ons deel aan die lewe van God. Gemeentes kan hulle eie ikone ontwikkel om hul spesifieke konteks te pas.



Voorbeelde van vrae wat gemeentes kan help om ritmes te beoefen, is die volgende:

#1 – Wat is jou huidige beeld van God en hoe beïnvloed hierdie beeld jou menswees?
#muurprop – Hoe skakel jy tans by God in en hoe beïnvloed dit jou?
#brood en wyn – Wie is die medereisigers en hoe beïnvloed julle mekaar?
#legkaart – Hoe is jy 'n geskenk aan die mense rondom jou deur jou unieke bydrae?
#skoene – In wie se skoene wat anders as joune is, kan jy leer loop?
#downward mobility – Hoe kan ek ander dien met my hulpmiddele en voorregte?
#horlosie – Hoe kan ek my werk doen tot eer van die Here?

3. Dissiplines en inoefen lei tot gewoontes

'n Regula vereis dat sekere dissiplines ingeoefen word sodat dit outomaties in ons lewens kan plaasvind. Dallas Willard praat van hierdie dissiplines wat geoefen word as die sagte juk van Jesus.

Die doel van die dissiplines is "*routine, easy obedience.*" Eugene Peterson se vertaling van Matteus 11:28-30 is baie behulpsaam:

> *"Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly."*

Hierdie dissiplines of oefeninge help om die spesifieke ritme te internaliseer en bestaan uit die klassieke dissiplines van die kerk, maar kan ook nuutgeskepte oefeninge insluit. In die IN PAS handleiding word 'n hele klomp dissiplines verduidelik wat onder die verskillende ikone ingeoefen kan word. *Lectio Divina* of *Joernaal hou* is voorbeelde van dissiplines wat op persoonlike vlak onder die ikoon van die *Muurprop* beoefen kan word, terwyl *Wandel in die Woord* 'n voorbeeld is van 'n korporatiewe dissipline onder die *Muurprop* ritme.

4. Verantwoordbaarheid in 'n omgewing van genade

Om 'n regula te ontwikkel is dit baie belangrik om groepe te vorm. In hierdie groepe kan lede mekaar aanmoedig om te volhard in die regula. Die ritmes is nie vorme van werke nie, maar 'n manier hoe ons meegee om deur God gevorm te word. Om te kan volhard in 'n *"rhythm of life"* is dit baie behulpsaam om die regula neer te skryf op 'n manier dat dit duidelik en verstaanbaar is sodat dit met reisgenote gedeel kan word. Dan kan ons mekaar aanmoedig, selfs as ons sukkel. St. Benedict verduidelik dit mooi aan die begin van sy Regula:

> *"Do not be daunted immediately by fear and run away from the road that leads to salvation. It is bound to be narrow at the outset. But as we progress in this way of life and in faith, we shall run on the path of God's commandments, our hearts overflowing with the inexpressible delight of love."*

GEWOONTE 14:

Skep konkrete aksies



Hierdie gewoonte help ons om die roeping wat ons van God ontvang het, uit te leef in alle aspekte van die gemeentelewe.

Praktyk #39. Gee die eerste treë

Hierdie praktyk help ons om nie net te droom of te praat nie, maar ook te doen. 'n Roeping wat nie oorgaan tot konkrete aksie nie, bring niks tot stand nie. Gemeentes moet praktyke vestig wat ons help om die roeping wat ons van God ontvang het, uit te leef in alle aspekte van die gemeentelewe.

Praktyke wat ons help om ons roeping in konkrete aksies te beliggaam, vereis 'n sekere *deursettingsvermoë* by die leierspan van die gemeente. Ons moet dóén wat ons glo ons moet doen omdat ons weet dat ons op God se pad vir ons is. Dit beteken dat ons bereid is om sekere ou praktyke en gewoontes toe te laat om te sterf en ruimte te skep vir die geboorte van nuwe praktyke en gewoontes wat ons kan help om in die regte rigting te groei.

WENKE OM TE OORWEEG

Riglyne vir die eerste treë

Neem die volgende in ag met die beplanning van die eerste treë:

1. **Die SMART-aksieplan** (Uit "Ons is nou hier" van Pat Keifert)

   Om ons uiteindelik te help om by ons langtermynplanne uit te kom, is dit belangrik om SMART-aksieplanne op te stel, waarmee ons beplan wat tussen byeenkomste of vergaderinge gebeur.

   Die primêre doelstelling van SMART-aksieplanne is om die fokus te plaas op die dinge wat tussen vergaderings gedoen word, in teenstelling met die uiters slegte gewoonte in kerkkringe om te dink die belangrike werk word slegs tydens vergaderinge verrig.

   SMART-aksieplanne sal julle help om die lys van goeie voornemens te verkort en die lys van besluite wat uitgevoer word, te laat groei.

   Hier volg nou 'n kort verduideliking van hoe die SMART-plan werk.

SMART:

S = **Spesifieke, konkrete mikpunte**

M = **Missionaal gerig**

A = **M(A)gtiging en aanspreeklikheid (accountability)**

R = **B(R)onne (Resources)**

T = **Tydskedules**

S = Spesifieke, konkrete mikpunte

As julle nie duidelik omskryf wat julle tussen die huidige en die volgende vergadering gedaan wil kry nie, is die vooruitsig maar swak dat dit verrig sal word. Die doelstelling moet so spesifiek en so konkreet geformuleer word dat julle dadelik sal kan bepaal of dit bereik is.

M = Missionaal gerig

Onthou alle spesifieke, konkrete doelstellings moet inpas binne die gemeente se roeping van gestuur-wees en julle visie vir die beliggaming van die roeping.

A = M(A)gtiging en aanspreeklikheid (Accountability)

Julle moet iemand spesifiek vir ’n taak magtig. Indien dit ’n komitee is, moet hierdie komitee besluit wie wat sal doen. Wanneer julle iemand vir ’n taak magtig, moet julle dit duidelik stel teenoor wie die persoon aanspreeklik is.

R = B(R)onne (Resources)

Dit lyk dalk voor die hand liggend, maar stel ’n lys op van die hulpbronne wat betrokke is. Wat gaan dit kos? Wie gaan hulle tyd en kragte daarin moet belê?

T = Tydskedules

Voordat julle ’n spesifieke konkrete missionale doelstelling aanpak, werk ’n duidelike tydskedule uit waarvolgens die taak afgehandel moet word.

2. Watter twee of drie dinge ...?

In die beplanning van hoe om die roeping om te sit in aksie, is dit belangrik om te fokus en nie te veel dinge gelyk te probeer doen nie. As ons te veel dinge op ons agenda neem, kom mens maklik by niks daarvan uit nie.

Daarom is een van die belangrikste vrae wat die begeleidingspan moet vra, die volgende:

“Watter twee of drie dinge, as ons dit nou doen, sal ons beduidend vorentoe neem?”

Let wel, nie tien dinge nie, ook nie vyf nie. Twee of drie. Volgende jaar gaan ons dieselfde vraag weer vra: “Watter twee of drie dinge ...?” Ons gaan vir jare besig wees om IN PAS te kom met God se roeping vir ons. Ons hoef nie alles dadelik te doen nie.

Die 80/20 beginsel lê hieragter: 20% van die dinge wat ons doen, sal 80% van die uitsette lewer.

Hierdie is die vraag oor strategie: “Hoe beweeg ons nou vorentoe?” Dit gaan oor die eerste treë en die eerste treë is uiters belangrik. Daarom moet ons goeie aandag hieraan gee en geloofsonderskeidend dink. Ons luister na die Woord, na mekaar, na ander en na die Gees.

3. Beplan vir korttermynsuksesse

John Kotter (skrywer van die boek: *Leading Change*) wys daarop dat dit belangrik is vir die vestiging van 'n nuwe koers om te beplan vir dinge wat op die korttermyn sukses sal bring. Met "korttermyn" bedoel hy "binne die eerste jaar".

Die waarde hiervan op die moraal van die leierskap en gemeente moenie onderskat word nie. Dit wys dat ons ernstig is oor die roeping wat die Here vir ons gee en dat ons dit begin uitvoer. Dit verhoog die kollektiewe vertroue van die gemeente en skep energie om verder te beweeg.

Dit neem baie lank om die kultuur van 'n gemeente te skuif. Korttermyn-suksesse help die gemeentelede en leierskap om nie ontmoedig te raak met die stadige pas van diep verandering nie. Korttermynsuksesse is ook belangrik om diegene wat onseker voel oor die verandering of wat weerstand bied, oor te haal om deel te word daarvan.

'n Korttermynsukses sal die volgende kenmerke vertoon:

- Dit moet duidelik wees dat die projek of aktiwiteit inderdaad suksesvol was.
- Dit moet vir die hele gemeente sigbaar wees.
- Dit moet duidelik verband hou met die bereiking van die roeping en fokus.

4. Projekte en kultuurverandering

Wanneer die gemeente kom by hierdie ritme van *Implementeer en Inoefen*, is daar 'n versoeking waarop ons bedag moet wees. Dit is dat ons kan dink ons het nou uiteindelik gekom by die dinge wat regtig saak maak, naamlik die **projekte** wat ons organiseer.

Ons kerk het oor die algemeen 'n baie sterk doen-spiritualiteit. Ons organiseer projekte en ons doen dit gewoonlik ook baie goed. Ons moet egter verstaan dat die projekte net 'n klein deel van ons totale kultuur as gestuurde gemeente uitmaak. Gestuurdheid gaan oor die geheel van ons kultuur: oor hoe ons die Bybel lees, hoe ons kleingroepe inrig, hoe ons na die wêreld om ons kyk, die verhoudings en vennootskappe wat ons met mense buite die gemeente ontwikkel, hoe ons ons kinders grootmaak en huisgodsdiens hou, gasvryheid by ons byeenkomste, hoe ons ons geboue benut en oor ons begroting dink.

Projekte is belangrik, maar ons sou 'n baie groot fout maak indien ons nie ook na die geheel van die gemeente se bediening en na die spiritualiteit van ons lidmate kyk wanneer ons praat oor strategie en fokus nie. Die eerste treë moet daarom nie net projekte wees nie, dit moet ook die vestiging van kultuur aanspreek. En dit beteken ons moet gewoontes vestig!

Praktyk #40. Belyn die gemeentelike aktiwiteite



Hopelik is ons nou in staat om ons gestuurde roeping in een sin te verwoord. Daarom verskuif die fokus nou na die praktyk van die **lewe** en **bediening** van die gemeente.

Ons verstaan dat om *IN PAS* te wees met die lewende God se beweging in die wêreld, implikasies het vir alles wat ons in die gemeente doen. Die gestuurde roeping wat ons van God ontvang het, word nou die *kompas* vir ons verdere reis en die *maatstaf* waaraan ons alles meet. Ons begin nou om heel nuwe vrae te vra: watter koersaanpassinge is nodig? Hoe integreer ons ons gestuurde roeping in die hele lewe en bediening van ons gemeente? Wat moet sterf en wat moet nuut gebore word? Hoe rig ons tekens van God se beloofde en voorkeurtoekoms op?

Die proses om antwoorde op hierdie vrae te vind, word die ontdekkingsreis waarop ons as gemeente van hier af vertrek. Soos ons op hierdie vrae antwoorde begin vind, word die hele lewe van ons gemeente met verloop van tyd getransformeer en vestig ons mettertyd 'n heel nuwe bedieningspraktyk.

Ons hou steeds in gedagte dat die reis om met God se beweginge IN PAS te kom, 'n maraton is en nie 'n naelloop nie. Ons bly volhardend, geduldig en doelbewus op God se reis met ons. Deur alles heen hou ons vas aan die geloofsonderskeidende aard van ons reis.

In dié proses stel ons onsself oop vir die *ontwrigtende* en *bevestigende* werkinge van die Gees:
- Blindekolle word blootgelê en nuwe insigte groei.
- Verkeerde houdinge word afgelê en nuwes word aangeleer.
- Ou praktyke word begrawe en nuwe geboortes word ontvang en gekoester.



Die belyning van gemeentelike aktiwiteite met ons gestuurde roeping bring ontwrigting en onsekerheid vir sommige van ons lidmate. Aan die een kant beteken dit dat ons respek en deernis sal hê vir mense wat stadiger wil beweeg en wat diep geïnvesteer het in die gemeente soos dit nou is en funksioneer.

Aan die ander kant besef ons ook dat sommige van ons gemeente se praktyke en aktiwiteite nie langer God se roeping vir ons dien nie en daarom tot 'n einde moet kom.

Verder skep ons ruimte dat sommige van ons baanbrekers moet wees wat eksperimenteer met nuwe praktyke wat nie noodwendig die eerste keer gaan slaag nie. Om IN PAS te wees met die lewende God moet ons nuwe danspassies aanleer en niemand kry alles die eerste keer reg nie.



WENKE OM TE OORWEEG

Die praktyk om te integreer en te belyn

In die onderstaande probeer ons oorsigtelike riglyne gee vir die praktyk van herbelyning en integrasie.

1. Volhard met geduld

Die gedagte is nie dat hierdie proses oornag sal plaasvind nie! Elke gemeente bepaal sy eie pas. Onthou: die reis is 'n maraton, nie 'n honderd meter wedloop nie.

Die gedagte is ook nie dat alle aspekte van die bediening tegelykertyd aangespreek word nie. Ons eerste werk is om die eerste en belangrikste treë te onderskei en daarby te begin. *Less is more!*

Die geheim is om koers te bepaal en dan lank genoeg in dieselfde rigting te bly loop. Wanneer dit kom by die verandering van die kultuur van 'n gemeente, is die volgende sonder meer waar:

> *"Most people overestimate what they can do in one year, but they underestimate what they can do in five." (Bill Gates)*

2. Onderskei tussen INTENSIE EN DIMENSIE

Nie alles wat ons doen, is intensioneel gerig op die uitvoer van ons roeping nie. Byna alles kan egter 'n gestuurde dimensie hê. Dink hieroor:

> Die tee wat ons na die erediens saam drink, het nie primêr 'n gestuurde intensie nie. Dit is in die eerste plek sodat die gemeente kan saamkuier.

Dit moet egter 'n gestuurde dimensie hê: besoekers en gaste moenie voel hulle word uitgesluit by 'n gesellige familiekuier nie. Daar moet planne in plek wees om hulle gasvry te ontvang en tuis te laat voel.

3. Evalueer die gemeente se vordering op die pad van gestuurdheid

Dit is belangrik om die gemeente se aktiwiteite en bedieninge gereeld te evalueer aan die hand van ons roeping as gestuurdes. Om dit te doen, kan 'n matriks van die bedieninge en aktiwiteite gebruik word. Dit word dan telkens gemeet teen die volgende:

- Hoe lyk hierdie aktiwiteit / bediening in 'n gemeente wat net gerig is op homself en sy eie voortbestaan?
- Hoe lyk dit in 'n gemeente wat ander mense uitstuur of geld gee vir uitreikprojekte?
- Hoe lyk dit in 'n gemeente wat homself fundamenteel sien as 'n gestuurde gemeente?
- Hoe vorder ons met hierdie bediening of aktiwiteit?

'n Kern-insig: Gestuurdheid en instandhouding

Dit is belangrik om te onthou dat alle gemeente-aktiwiteite nie die hele tyd direk met die gestuurde fokus besig kan wees nie. Daar is ALTYD ook instandhouding wat gedoen moet word. As dit nie gebeur nie, kom die gemeente tot stilstand en verval dit. Gaan kyk maar hoe lyk 'n pad of gebou wat nie in stand gehou word nie.

Aan die einde van die beskrywing van hierdie praktyk is 'n voorbeeld van so 'n matriks vir die evaluering van ons bedieninge aan die hand van ons gestuurde roeping. Dit help ons om te dink hoe die geheel bymekaar pas en hoe ons kan sorg dat ons alles in die gemeente belyn rondom die roeping. Instandhouding en opbou is nie 'n doel opsigself nie, dit is deel van die groter roeping van die gemeente.

Reflekteer, nadat die matriks voltooi is, oor die volgende:

- Hoe vorder ons om ons eie aktiwiteite en bedieninge met ons roeping as gestuurde gemeente te belyn?
- Waarop kan ons volgende fokus?

4. Herbelyn alles wat ons doen

Ons herbelyn ons doenlysies (to do lists) gereeld met ons roepingsfokus.

Hierdie herbelyning raak alle aspekte van ons lewe en bediening. Dit sluit in:

4.1 Ons e*redienste en groepe*

Ons vestig in ons eredienste 'n liturgie, gewoontes en praktyke om uitdrukking te gee aan ons eie en unieke gestuurde identiteit en roeping.

'n Vreemdeling wat in ons erediens instap, behoort in die dekor, in die verwelkoming en aankondiginge, in die liturgie en Woordbediening, in ons gewoontes en praktyke dadelik 'n prentjie te begin kry van God se roeping en voorkeurtoekoms vir hierdie gemeente! Dit is tog ondenkbaar dat die gemeente verklaar dat hulle 'n hart vir kinders het, maar kinders is nêrens in die erediens te sien nie! Of dat ons 'n hart vir gebrokenes het, maar die stukkendheid van mense en ons gemeenskap kom nêrens aan die orde nie! Of dat ons vreemdelinge verwelkom, maar niemand steur hulle aan die mense rondom hulle nie!

Gegewe die belangrikheid van ons eredienste en groepe, behoort 'n *eerste vraag* te wees: Hoe beliggaam ons ons gestuurde roeping in ons eredienste en groepe? Watter konkrete aksies, gewoontes en praktyke kan ons vestig om hieraan uitdrukking te gee?

4.2 *Ons vergaderinge en werkswinkels*

Ons vestig geloofsonderskeidende praktyke en gewoontes in al ons vergaderinge en werkswinkels.

Ons beweeg doelbewus weg vanaf vergaderinge wat fokus op strategie, bestuur en kontrole na vergaderinge wat *onderskei* en *modelleer*. Ons vra onsself af: Watter gewoontes en praktyke is nodig sodat ons besluitneming *geloofsonderskeidende prosesse* sal wees? Hoe word 'n sakelys saamgestel om uitdrukking te gee aan ons gestuurde roeping en identiteit? Hoe modelleer ons as leiers die gestuurde identiteit en roeping van die gemeente?

4.3 *Ons bestaande bedieninge*

Ons daag die leierspanne van alle bestaande bedieninge uit om hulle eie bedieninge te belyn met ons eie unieke gestuurde identiteit en roeping.

In praktyk beteken dit:

- *Dat sommige bedieninge 'n nuwe vorm en identiteit begin aanneem.*

  Die bestaande bedieninge in die gemeente gee uitdrukking aan die gawes wat God reeds aan sy gemeente gegee het. Daarom is en bly hierdie bedieninge belangrike voertuie om demonstrasies te wees van God se bedoeling en voorkeurtoekoms vir ons en ons gemeente.

  Byvoorbeeld: 'n Gemeente het 'n hart en passie vir arm en weerlose mense in hulle gemeenskap. Daarom bedryf hulle reeds jare lank 'n suksesvolle sopkombuis. Op hulle geloofsonderskeidende reis kom hulle tot 'n nuwe ontdekking oor die betekenis van Bybelse gasvryheid. Die sopkombuis word nou omskep in 'n lokaal waar lidmate van die gemeente en brose mense uit die gemeenskap saam aan tafel aansit om te eet!

- *Dat sommige bedieninge mettertyd toegelaat word om te sterf.*

  Geboorte en hergeboorte beteken soms sommer net ook sterwe. As leiers maak ons niks toe nie, maar ons laat toe dat bedieninge wat dalk nie meer in lyn met die gestuurde identiteit en roeping van ons gemeente is nie, op die regte tyd 'n natuurlike dood kan sterf. In dié proses is ons sensitief vir die verlies wat sommige lidmate hieroor mag beleef en begelei ons hulle deur die proses.

> "Ons het 28 Oktober ons dankbaarheid-Sondag gehad. Ek gee vir jou die pamflet. Net die formulering daarvan het alreeds vir my baie gesê van watter skuif in die gemeente gekom het. Ons begin deur te sê: God raak mense aan, ontmoet mense, roep mense, en stuur mense. Ons glo dat ons gemeente 'n netwerk van mense is wat deur God aangeraak is, wat God ontmoet het, wat verstaan dat God ons roep en ons stuur.
>
> Ons gemeente is dus nie 'n plek nie, maar mense wat deel is van God se beweging na mense in 'n wêreld in nood. Nou, vyf jaar gelede, as ek hierdie selfde stuk sou geskryf het, sou ek hom anders geskryf het."
>
> (Uit: Die predikant as missionale leier)

4.4 *Ons gemeentelike kommunikasie*

Ons leiers *vestig intensioneel 'n nuwe taal op alle vlakke van die lewe van die gemeente om uitdrukking te gee aan ons gestuurde roeping en identiteit.*

Taal is 'n integrale bousteen van kultuur. Wanneer ons as gemeente met God op reis gaan, word 'n nuwe taal en woorde in die lewe van die gemeente gebore om uitdrukking te gee aan ons identiteit en deelname aan die *missio Dei*. Daarom is ons as leiers intensioneel om ou taal af te leer

en 'n nuwe taal te vestig op alle vlakke van die lewe van die gemeente: vanaf die kansel, in die weeklikse aankondiginge, in ons nuusbriewe en omsendskrywes, en in ons notules en bewoording van besluite.

4.5 *Ons finansies*

Ons vertrou die Gees dat Hy die bronne vir die realisering van sy voorkeurtoekoms vir ons en ons gemeenskap beskikbaar stel. Ons leer om risiko en waagmoed met gesonde finansiële bestuur in balans te bring.

Die gesegde dat ons beursie dikwels die laaste aspek van ons lewens is wat tot bekering kom, geld ongelukkig ook vir gemeentes! Die jaarlikse begroting is ongelukkig in baie gemeentes die grootste struikelblok op ons reis om IN PAS te kom met die beweginge van God Drie-enig. As die voorsitter van finansies aankondig: "Daar is nie geld nie," het die doodsklok in meeste hoofstroomkerke gelui vir enige poging tot transformasie.

As ons ons identiteit in die *missio Dei* vind, leef ons vanuit die vertrekpunt dat God reeds alle middele vir die realisering van sy voorkeurtoekoms vir ons en ons gemeenskap voorsien het. Ons neem dus nie die vertrekpunt vir ons begroting in die *verlede* nie, maar in die *toekoms* wat God vir ons in gedagte het. Die kernvraag met die opstel van die begroting is nie wat ons inkomste die vorige jaar was nie, maar waarvoor ons glo ons God kan vertrou vir die toekoms wat Hy besig is om te skep. Ons leer om met geloof en waagmoed geloofsonderskeidend te begroot.

Dit beteken uiteraard nie dat die beginsels vir gesonde finansiële beplanning en bestuur oorbodig word nie.

Gert Cordier en Miles Griffiths het vir *Kruisgewys* (12/3 September 2012) 'n artikel geskryf oor die aard en plek van die begroting binne die konteks van 'n missionale gemeente.

Lees dit gerus by www.inpas.co.za.

4.6 *Ons geboue*

Die gebruik van ons geboue moet wys dat ons ons roeping ernstig opneem. As ons sê dat kinders vir ons belangrik is, moet ons dink oor maniere om ons geboue beskikbaar te stel vir die kinders van die gemeenskap.

4.7 *Ons jaarprogram*

Plek op die jaarprogram is nog 'n waardevolle bron wat met wysheid bestuur moet word. As ons die jaarprogram só vol maak met aktiwiteite wat op ons eie opbou gerig is dat daar vir niks anders plek is nie, moet ons weer hierna kyk.

4.8 *Ons personeel*

Ons neem aksie om, met inagneming van hulle eie behoeftes en verwagtinge, die diensooreenkoms met ons personeel te belyn en IN PAS te bring met ons gestuurde roeping en identiteit.

Sodra die gestuurde roeping van die gemeente onderskei is, kan die proses om ons voltydse personeel hiermee te belyn, ook begin word. Die praktyk hiervan (Praktyk #41 Die leierspanverbintenis) word beskryf.

4.9 *Ons leraar of leraarspan*

Ons begelei ons leraar of leraarspan om saam te besin oor hulle eie en unieke bediening binne die konteks van 'n missionale geloofsgemeenskap.

Navorsingsbevindings: Die predikant as missionale leier

Leraars vervul binne 'n missionale verstaan van kerk-wees 'n funksie wat radikaal verskillend is as dié waaraan hy of sy gewoond was binne die Christendom-era. Navorsing onder leraars wat deel was van die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes onderskei 'n viervoudige taak vir die predikant as missionale leier:

- *Die predikant as eerste dissipel*

  In die eerste plek leef en modelleer die predikant (as individu en as span) self die spiritualiteit, waardes, praktyke en gewoontes van 'n gestuurde leefstyl.

- *Die predikant as droom- en taalskepper*

  As opgeleide teoloog en as persoon wat primêr die Woordverkondiging en persoonskommunikasie in die gemeente doen, is die predikant verantwoordelik vir die geboorte van 'n gestuurde taal en droom in die gemeente, op só 'n wyse dat die gemeente daarop inkoop en dit deel word van die identiteit en selfverstaan van die gemeente.

- *Die predikant as kultuurskepper*

  As missionale leier fasiliteer en begelei die predikant die proses van aanpassende kultuurverandering in die gemeente. Hiervoor is insig nodig in die aard van kultuur asook die vaardighede wat nodig is om met kultuur te kan werk.

- *Die predikant as geestelike mentor en afrigter*

  As geestelike mentor en afrigter doen die leraar die volgende:

  Beoefen self die gewoontes en praktyke van geloofsonderskeiding en dissipelskap en rig ander hierin af; en

  Skep ruimte sodat lidmate in die gemeente bemagtig word om hulle eie Christus-gawes te kan ontdek en te gebruik in diens van die gestuurde roeping van die gemeente.

Na die mate waarin leraars daarin slaag om hierdie nuwe rol te omarm, word hulle self getransformeer en word hulle medeskeppers van 'n missionale gemeentekultuur en bedieningspraktyk.

5. Deurlopende gesprek met die leiers van bedieninge of voorsitters van kommissies

Moet nooit die waarde van gereelde gesprekke met leiers van die bedieninge in die gemeente onderskat nie. Probeer om ten minste een maal per kwartaal 'n geleentheid te hou waar bedieninge kan kom vertel wat hulle doen, watter suksesse hulle beleef en waarmee hulle sukkel.

Die sleutel tot hierdie gesprekke is om dit gefokus te hou:

- Hoe maak hierdie bediening deel uit van die roeping van die gemeente – direk of indirek?
- Hoe beleef julle dat die Here julle gebruik?
- Wat sal julle kan doen om duideliker in lyn te wees met die roeping en fokus van die gemeente?

Een van die gesprekke in die jaar behoort ook te gaan oor die beplanning vir die volgende jaar, die begroting en die jaarprogram.

Daniel Goleman se 6 style van leierskap en die impak daarvan op die emosionele klimaat van 'n organisasie, kan by hierdie gesprekke in gedagte gehou word. Hy onderskei tussen leierskapstyle wat mense motiveer en energie losmaak en dié wat 'n slegte, negatiewe atmosfeer skep.

Die positiewe style is, in volgorde van effektiwiteit

- Visie / roeping: om vir mense die belewenis te gee dat ons 'n roeping het en dat hulle deel kan wees daarvan.
- Bou van spanne waarin mense voel dat hulle deel is en saamwerk aan die roeping.
- Persoonlike ontwikkeling: om mense se gawes te ontwikkel sodat hulle persoonlik kan groei en ontwikkel. Die gevolg hiervan is dat hulle ook hulle beste kan gee.
- Demokrasie: om vir mense die kans te gee om hulle insette te maak. Mense wil nie noodwendig altyd hulle sin hê nie, maar hulle wil gehoor word.

Die negatiewe style

- Pas aangee: om mense onder druk te plaas om te presteer. "Meer, vinniger, verder, hoër!" Dit werk net met hoogs gemotiveerde en uiters bekwame spanne, maar dan ook net vir 'n kort tydjie. (Soos die week voor die basaar.) As mens te lank hiermee aanhou, veral in 'n gemeente wat met vrywilligers werk, demotiveer dit mense.
- Opdragte gee, beheer en kontrole. Die emosionele effek hiervan op 'n organisasie is só negatief, mens moet dit nooit doen nie. Al wanneer dit geregverdig is, is in 'n krisis of 'n oorlog.

6. Begin, aanhou, minder en ophou doen

Die volgende matriks is baie eenvoudig om te verstaan, maar moeilik om toe te pas.

Dinge wat ons NUUT MOET BEGIN doen	Dinge waarvan ons MINDER moet doen
Dinge wat ons moet AANHOU doen	Dinge wat ons moet OPHOU doen.

Dit toepassing hiervan is nie moeilik wanneer dit gaan oor nuwe dinge wat ons moet begin doen nie, dit is die maklike deel. Die meeste mense is gewoonlik opgewonde oor nuwe dinge wat ons sal help op weg na ons roeping en om *IN PAS* te wees met wat God doen, veral as dit voldoen aan die drie vereistes: (i) dit is IN PAS met wie die gemeente is en die gawes wat God vir ons gee, (ii) dit spreek 'n nood in die gemeenskap aan, en (iii) dit pas by hoe ons ons roeping van God verstaan.

Die moeilike ding is om OP TE HOU met dinge wat ons al vir jare doen en wat vir dierbare mense in die gemeente kosbaar is.

Die volgende wenke kan ons moontlik daarmee help:

- Die besluit om met sekere dinge op te hou moet nooit agter die betrokkenes se rug gebeur nie. Fasiliteer prosesse waarvan die betrokke mense deel is.
- Gebruik die normale prosesse waar die gemeente se aktiwiteite geëvalueer word deur te praat oor begin, aanhou, minder en ophou doen. Dit moet deel wees van die gemeente se gewoonte om aksies en bedieninge te belyn.
- Gebruik die matriks hierbo om struktuur aan die gesprek te gee.
- Indien die leiersgroep van die gemeente besluit dat iets moet ophou bestaan, vra dadelik die vraag: watter leemte gaan dit laat? Soms besluit mens om iets toe te maak wat dalk nie so 'n sigbare funksie het nie, maar wat tog belangrik is. Neem byvoorbeeld 'n kwartaallikse oggendfunksie vir bejaardes. Dit mag dalk nie meer direk inpas by die gemeente se fokus nie, maar dit het die funksie dat dit bejaardes erken as belangrik vir die gemeente. Nou is die

vraag: hoe kan daardie selfde funksie op ’n manier uitgevoer word wat méér in lyn is met die fokus en roeping van die gemeente?

- Vind ’n nuwe plek vir diens deur die mense wat hierby betrokke was. Hierdie is uiters belangrik: daar is min dinge wat sulke negatiewe emosies skep as wanneer iemand die boodskap kry: “Wat jy kan doen, is nie vir ons belangrik nie.” Aan die ander kant is die grootste enkele faktor wat mense verbonde laat voel aan die gemeente, dat hulle beleef: “In hierdie gemeente het ek die geleentheid om te doen wat ek die beste kan doen.”
  Moet nooit toegewyde mense se gawes en gesindheid mors nie.
- Vier en sê dankie. Moenie ’n aktiwiteit in die sand laat uitloop nie. Sluit dit formeel af, sê dankie vir die mense, doen dit in die openbaar (wat normaalweg beteken – in die erediens), gee ‘n dankie-sê sertifikaat of item met die woorde: “Die gemeente sê dankie” (nie net ’n boks sjokolade nie).

7. Nuwe bedieninge

Die proses van aanpassende verandering sal uiteraard ook meebring dat geboorte geskenk word aan nuwe bedieninge in ons gemeente en gemeenskap. Ons maak hierin onderskeid tussen gemeentebeheerde bedieninge en gemeenskapsbeheerde bedieninge.

- *Gemeentebeheerde bedieninge*

  In sommige gevalle kom nuwe bedieninge *binne die gemeente* tot stand ten einde mense in die gemeente en gemeenskap te bedien.

  Byvoorbeeld: ’n Gemeente onderskei dat God hulle roep en stuur na die gebrokenes in hulle gemeente en gemeenskap. Só kom ’n verskeidenheid bedieninge tot stand waardeur lidmate, vanuit ’n dienssentrum in die gemeente, persone binne en buite gemeente ondersteun in tye van verlies en trauma.

- Gemeenskapsbeheerde bedieninge

  Hierdie bedieninge kom tot stand as ’n *vennootskap tussen lede van die gemeente en lede vanuit die gemeenskap*. Die beheer van hierdie bedieninge word oorgelaat aan die gemeenskap waarbinne die bediening setel, terwyl die gemeente as deelnemende vennoot deurentyd hierby teenwoordig en betrokke is en bly.

  Byvoorbeeld: ’n Gemeente onderskei dat God hulle roep en stuur na kinders in die gemeente en gemeenskap. Verskeie kleuterskole word mettertyd in vennootskap met verskillende rolspelers in die gemeente en gemeenskap gevestig. Die oogmerk is om ’n ruimte te skep waarbinne voorskoolse kinders veilig is en tot skoolgereedheid gebring kan word. Die kleuterskole word deur die gemeenskap bestuur, maar die gemeente bly betrokke en help met ondersteuning, fondsinsamelinge, instandhouding, opleiding en materiaal vir die skole.

Dis van kritiese belang dat die gemeentelike leierskap hulle eie rol in die totstandkoming van nuwe bedieninge reg verstaan en opneem. Van Kooten & Barrett (*Treasure in clay jars*) praat van “*a permission-giving structure of authority*.” Die rol van die kerkraad is om ruimte te skep vir nuwe bedieninge om gebore te word en om nuwe leiers wat na vore tree, hiervoor te bemagtig. Nuwe bedieninge kom met toestemming van die kerkraad tot stand wanneer: 1. daar in die gemeente of gemeenskap behoefte bestaan aan ’n sodanige bediening; 2. daar genoegsame bronne en persone is om die bediening volhoubaar te kan doen; en 3. die leiers na vore tree om verantwoordelikheid vir die bediening te aanvaar.

’n Praktiese wenk: Gee aan lidmate wat die behoefte vir ’n nuwe bediening aanvoel, ruimte om hierdie behoefte in die gemeente bekend te stel en ander uit te nooi om hiervan deel te word. As die groep na vyf byeenkomste nog nie in staat is om die bediening te begin nie, is die tyd hiervoor

waarskynlik nog nie reg nie. Moenie in die slaggat trap om dan die verantwoordelikheid vir die nuwe bedieninge te wil opneem nie.

8. Nuwe geloofsgemeenskappe

Die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe is in hoofstroomkerke 'n reuse uitdaging. Daar is egter reeds talle voorbeelde uit die praktyk waaruit ons kan leer. Nuwe geloofsgemeenskappe het die beste kans op volhoubaarheid indien hulle ontstaan binne die ruimte van die plaaslike gemeente.

Die Echo Jeugontwikkeling is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie wat ondersteuning bied vir Suid-Afrikaanse jongmense in nood. In 2018 bestaan dié geloofsgemeenskap uit dertien huise en bied by elf skole gratis berading aan. Die dertien Echo geloofsgemeenskappe bestaan uit twee groepe mense. Eerstens 'n groep kinders in nood wat nie 'n huis of familie het nie. Tweedens die jong volwassenes, byvoorbeeld bourekenaars, bedryfsingenieurs, grafiese ontwerpers en geöktrooieerde rekenmeesters, wat sáám met die kinders in die huise woon en lééf.

9. Sirkels, lyne en spirale: Die voortgaande werk van die gemeente

Een van die dinge wat gebeur wanneer ons begin om met 'n duidelike roeping en fokus te werk, is dat die gemeente se werksaamhede minder siklies word. Die een jaar lyk nie meer soos die vorige nie. Daar is vooruitgang en ontwikkeling soos wat ons groei in roepingsgetrouheid. Hierdie prentjie stel dit voor.



- Die sirkels stel die sikliese aktiwiteite voor wat gekoppel is aan die ritmes van die gemeente en aan die kerkjaar. Dit is dinge wat van jaar tot jaar baie dieselfde bly.
- Dan is daar ook lyne wat projekte of aksies voorstel wat vir 'n tyd loop en wat dan ophou.
- Laastens is daar die groot spiraal wat groei. Dit gaan oor die missionale gewoontes wat aanvanklik klein begin, maar wat groei in betekenis en impak.

Die waarde van hierdie skets lê daarin dat dit ons help om spesiale aandag te gee aan die gewoontes wat groei in omvang en impak (die spiraal). Dit is die belangrikste in kultuurverandering.

Dit herinner ons ook dat gewoontes oordraagbaar is en dat ons moet dink hoe om dit op ander plekke toe te pas.

Dit help verder ook om nie te veel te tob en treur oor aksies en projekte wat vir 'n tyd lank bloei en dan tot 'n einde kom nie. Dit was goed en waardevol, maar het die einde van hulle leeftyd bereik en word weer vervang met nuwe aksies. Die beste ding om met 'n dooie perd te doen, is om af te klim.

MATRIKS VIR EVALUERING VAN AKTIWITEITE EN BEDIENINGE

Hoe lyk die volgende aktiwiteite / bedieningsareas en benadering in elk van die volgende soorte gemeentes?				
Bediening of Aktiwiteit	'n Gemeente gerig op homself en oorlewing	'n Gemeente wat ander mense uitstuur of uitreik projekte het	'n Gestuurde gemeente	Hoe lyk dit by ons?
Hoe lyk die begroting, waarop word geld gespandeer?				
Inhoud en styl van prediking, musiek en liturgie in die eredienste				
Gasvryheid by die eredienste				
Waarvoor word die geboue gebruik?				
Wat verwag ons van die dominee(s)?				
Hoe lyk die uitreik/ sending van die gemeente?				
Watter persentasie mense is by uitreik betrokke?				
Hoe lyk die diakonie / diens van barmhartigheid?				
Wat doen die kleingroepe?				
Wat gaan in die jeugbediening aan?				
Wat gebeur in die kategese?				
Wanneer is iemand 'n meelewende lidmaat?				
Waar kom nuwe lidmate vandaan?				
Met wie kommunikeer die gemeente?				
Wat doen die administratiewe en ander personeel?				
Hoe hou die gemeente basaar?				

Praktyk #41. Die leierspanverbintenis (staff covenant)



Die leierspanverbintenis behels dat ŉ konsultant ŉ afspraak vir twee opeenvolgende dae maak met die leierskap van die gemeente, wat dalk binne twee maande opgevolg kan word met ŉ verdere twee dae.

Die leierspanverbintenis is daarop gerig om met leiers in gesprek te tree ten einde nuwe rolle uit te klaar. ŉ Nuwe toekoms vir die gemeente beteken immers dat dinge in sekere areas van die bediening vorentoe anders gedoen gaan word.

Terselfdertyd dra die leierspanverbintenis by tot die vestiging van ŉ ooreenkoms van verantwoordbaarheid binne ŉ sisteem van genade. Vele gemeentes funksioneer nie binne ŉ sisteem van verantwoordbaarheid nie. Wanneer iemand sy of haar werk swak doen of glad nie doen nie, word dit dikwels oorgesien sonder om dit te hanteer. Dit laat die persoon "skuldig" voel, en daar is nie ŉ sisteem om te bepaal of die persoon dalk net hopeloos te veel werk het of dalk nie die vermoë het om die werk te kan doen nie. Verantwoordbaarheid binne ŉ sisteem van genade beteken dat rolle uitgeklaar word — elkeen se taak is vir almal deursigtig en amptenare hou mekaar verantwoordbaar om die werk teen die regte tyd met die nodige kwaliteit af te handel.

ŉ Leierspanverbintenis kan eers gedoen word nadat gemeentes hul eie gestuurde roeping onderskei het en reeds ŉ langtermynbedieningsplan opgestel het vir die beliggaming hiervan.

Die *Church Innovations Institute* se riglyne vir die opstel van ŉ leierskapverbintenis is die volgende:

SKEP VYF DOKUMENTE:



WAT IS 'N VERBOND?

Verbond met God

bilateraal (Eksodus 20: 1-21)

unilateraal (Genesis 15:5-21)

saam (Galasiërs 3:15-29)

Ons sluit 'n verbond met mekaar op grond van God se verbond met ons.



Die "geen-foute God" maak dood. Hierteenoor staan: Evangelie ➔ Wet ➔ Verantwoordbaarheid ➔ Vryheid

VERANTWOORDBAARHEID BINNE 'N KULTUUR VAN GENADE

Voltooi die lys met drie kolomme op die volgende blad:

Waarvoor ek verantwoordelik is om gedoen te kry. Daar word van my verwag om hierdie dinge as deel van my werk te doen.	Wat ek voel ek nou gemagtig is om te doen. Ek het genoeg tyd daarvoor, die begroting is reg daarvoor en ek het die magtiging om seker te maak die dinge word gedoen.	Waarvan ek sal hou om eendag gemagtig te wees om te doen.

Hoe sluit ons 'n personeelverbintenis?

Verbondsluiting is deel van 'n proses wat sowel (i) uitklaring van behoeftes en verwagtings, as (ii) ooreenkoms tot gemeenskaplike doelwitte, behels. As kinders van God en as personeel, verbind ons onsself daartoe om:

1. te glo in die hoop en vergifnis van Christus;
2. te onthou dat ons heilig is;
3. na mekaar te luister;
4. verwagtings van individue en van die groep te bespreek;
5. gemeenskaplike doelwitte te bespreek en op te stel;
6. intensioneel met mekaar kontak te behou; en
7. eerlike en oop kommunikasie te bevorder.

Wanneer ons met mekaar in 'n verbond tree, sal dit help om geloofwaardigheid tussen personeellede te bou en verantwoordbaar te bly in ons gemeenskaplike take, doelwitte en standaarde. Hierdie geloofwaardigheid sal lei tot vertroue en hoop.

Plaas die personeelooreenkoms op skrif

Bemagtig deur God, het die personeelooreenkoms die potensiaal om personeellede bymekaar te bring in 'n opwindende verbintenis van wedersydse vertroue, opregte omgee en getrouheid. Hiervoor moet die ooreenkoms op skrif gestel word. 'n Skriftelike ooreenkoms fasiliteer groter begrip van die verwagtings en doelwitte van die personeellede en dit stel personeel in staat om hulself te sien as vergeefde, heilige kinders van God.

Hoe om die ooreenkoms te skryf:

Stel eers 'n konsepdokument op waarin

1. elke personeellid se konsep-idees daaroor verskyn;
2. elkeen se areas van verantwoordelikheid beskryf word; en
3. personeeldoelwitte spesifiek, bereikbaar en meetbaar is.

Die Terry-wiel



Robert Terry noem in *Authentic Leadership: Courage in Action* (Jossey-Bass 1993) ses generiese kenmerke van aksie. Ons gebruik hierdie generiese kenmerke beide om te analiseer en om moontlike stappe vorentoe te verskaf vir leierskap in organisasies saam met wie ons werk. Hier volg kortliks die ses generiese eienskappe van aksie, in Terry se woorde:

BETEKENIS

is ’n belangrike term, wat aandui waarom menslike optrede beweeg.

Betekenis is die *waarom* van optrede – die rede waarom ons optree. Die spesifieke waardes en rasionalisasies wat ’n spesifieke optrede regverdig, maak die betekenis uit.

Enige algemene lys waardes is egter bloot ’n hulpbron. ’n Waarde of ’n rede moet spesifiek tot ’n aksie wees om betekenis te hê. Betekenis evalueer, beveel aan, regverdig en maak sin van die lewe. Betekenis is vir etiese leierskapkenners primêr waaroor alles gaan. Spiritualiteit is deel van betekenis, maar dit oortref betekenis. Wanneer die moontlikheid ontstaan van dood, geboorte of lyding, is spiritualiteit tussen betekenis en bestaan. Dit bring ons by die werklike uitdaging van die lewe en vra van individue om betrokke te wees by die lewe, sonder enige klinkklare antwoorde.

MISSIE

is ’n rigtingterm en identifiseer dit waarna menslike optrede beweeg. Enige aspek van ’n optrede wat verwys na die rigting waarin beweeg word, betrek die missie. Alle sodanige terme, soos doel, verwagtings, mikpunt, visie, intensie en begeerte, dui op die aksie se missie

MAG

is ’n energieterm, wat aandui waarmee menslike optrede beweeg. Mag is die werklike uitkoms van energie. Mag is die besluit, verbintenis, passie en wilskrag wat aan die missie energie verskaf. Mag is waaroor dit vir die politieke leierskapkenner gaan.

STRUKTUUR

is ’n organiseringsterm, wat aandui waardeur menslike optrede beweeg. Struktuur is waardeur aksieplanne, institusionele reëlings, kaarte, vorms en prosesse beweeg, wat krag dryf en organiseer na verwesenliking van die missie. Sonder struktuur, het die missie met energie, nêrens heen om te gaan nie. Posisionele/funksionele leierskapkenners fokus op strukturele kwessies.

HULPBRONNE

is ’n materiële term, wat dui op dit wat gebruik word om menslike optrede te beweeg. Enigiets wat nuttig, meetbaar en nodig is om die missie te verwesenlik, kan ’n hulpbron wees. Gebrek aan hulpbronne verswak aksie. Spanleierskapkenners fokus op die hulpbron aspek van aksie.

BESTAAN

is ’n beperkende en moontlikheidsterm, wat dít beskryf van waaruit menslike optrede beweeg. Bestaan is die basis van aksie en dit kan aksie beperk of moontlik maak. Hulpbronne is ’n produk van bestaan, maar bestaan is ook die ekologiese en historiese agtergrond van aksie. Sonder bestaan is optrede verwyderd van die spesifieke en unieke verlede daarvan. Bestaan is die aspek van optrede waarop persoonlike leierskapkenners fokus.

Skep ‘n Venn-diagram

Wat leer ons lysies ons?



Vier strukture van personeel



AFHANKLIK:

Hierdie struktuur is met hiërargie geskep en die senior predikant sal die doelwitte en besluite van die personeel en die gemeente bepaal.



ONAFHANKLIK:

Personeellede doen hulle eie ding en het hul eie, aparte, duidelik afgebakende areas van verantwoordelikheid. Hulle hou nie gereeld vergaderings of praat gereeld met mekaar nie en hulle funksioneer onafhanklik van mekaar.



INTERAFHANKLIK:

Personeellede ontmoet gereeld vir gesprekke, ondersteuning en bespreking van hul bediening. Doelstellings, besluitneming, leierskap en bedieningstake word deur die personeel gedeel. Hulle praat openlik met mekaar oor waarmee hulle sukkel, die konflik wat hulle ervaar en dit waarop hulle hoop en hulle deel hul ervarings in die bediening met mekaar.



SAMEWERKEND:

Personeel word georganiseer in relatief outonome spanne met betrekking tot die funksies van die bediening. Hierdie spanne funksioneer interafhanklik maar die personeel as geheel werk van tyd tot tyd saam, hoofsaaklik deur ’n klein aantal sleutelleiers wat saam met die senior predikant werk.

DOEN, DELEGEER EN HOSPICE WERK

DOEN	DELEGEER	HOSPICE

Hoe om te delegeer: Plaas take in V.V.O.V.V.

Om doeltreffend te delegeer, kies die take en plaas dit in V.V.O.V.V.

artikuleer die	VISIE
skep ’n ware	VAKUUM
verskaf	ONDERRIG
verseker	VERANTWOORDBAARHEID
wees dankbaar en	VIER

Praktyk #42. Hanteer polariteit en konflik


Polariteit en konflik is wesenlike en onvermybare aspekte van enige proses van aanpassende verandering. Mense voel onseker en word ontwrig, ou gevestigde belange kom in gedrang en word bedreig, die onbekende en ontluikende toekoms skep angs en onsekerheid. Omdat ons hiervan bewus is, vestig ons doelbewus in ons gemeente praktyke om polariteit en konflik te ontvang as deel van ons reis met God en met mekaar. Ons ontwikkel die vermoë om konflik en polariteit betyds raak te sien, en om met insig, liefde en deernis daarmee te handel.


Ons hanteer ons eie onsekerheid en vrees wanneer polariteit en konflik in ons gemeente na vore tree. Ons anker ons identiteit in Christus en in die onderskeiding van sy voorkeurtoekoms vir ons. Ons weet dat konflik en polariteit God-gegewe geleenthede vir ons skep om ander te begelei en om in die proses self deur die Gees verras en getransformeer te word.


WENKE OM TE OORWEEG

Bestuur van polariteit en konflik

Hou gerus die volgende in gedagte wanneer polariteit en konflik as deel van die proses van aanpassende verandering na vore tree:

1. Verstaan polariteit en konflik

Ons vermoë om polariteit en konflik te hanteer, verbeter met insig in die aard hiervan:

Polariteit ontstaan wanneer twee interafhanklike en oënskynlik teenstrydige standpunte of belange na vore kom oor hoe 'n bepaalde saak hanteer behoort te word. Polariteit word soms verwar met konflik, maar hoef nie noodwendig tot konflik te lei nie.

Konflik onstaan wanneer polariteit nie hanteer word nie. Botsende en konflikterende idees tree na vore oor hoe 'n bepaalde situasie hanteer moet word, of diepliggende waardes en belange word bedreig. *Konflik* is wesenlik energie wat begelei moet word.

2. Aanleidende faktore

Polariteit en konflik hou binne 'n proses van aanpassende kultuurverandering verband met 'n verskeidenheid van faktore. In die proses van missionale transformasie is die belangrikste hiervan onder andere:

- *Die tradisionele rolverwagting van die leraar en kerkraad*

  Binne die Christendomparadigma van kerkwees het oor tyd heen 'n bepaalde verwagting ontstaan oor die rol van die leraar en kerkraad in die gemeente. Die verwagting is dat die leraar en kerkraad uitsluitlik verantwoordelik is vir die geestelike en fisiese versorging van die gemeente (die sogenaamde herder-kudde model). In ons huidige kultuur van individualisme en verbruik word hierdie verwagtinge en eise wat aan die leraars en kerkraad gestel word, selfs nog groter. In vele gevalle word hierdie rolverwagting boonop onbewustelik deur die predikante en kerkraad self geïnternaliseer.

  'n Proses van aanpassende verandering beteken onvermydelik dat hierdie tradisionele rolverwagtinge in gedrang kom. Nuwe inhoude word aan die rolle van die leraar, kerkraad en lidmate toegeken. So word gevestigde waardes bedreig wat dikwels lei tot polariteit en konflik. Veral predikante beland in die spervuur en worstel dikwels met gevoelens van verwerping en mislukking wat giftig kan inwerk op die onderlinge verhoudinge en geestelike welsyn van almal in die gemeente.

- *Die aandrang op strategie, bestuur en vinnige resultate*

  Die proses van strategies-teologiese beplanning het diep in hoofstroomkerke wortel geskiet en in baie gevalle gelei tot herstruktureringsprosesse. Kerkrade is omvorm tot verkleinde bestuursrade waarop veral lede met ervaring van bestuur uit die korporatiewe wêreld, betrek word. Dikwels het hierdie rade nie 'n aanvoeling vir die tydsame proses van diepliggende aanpassende verandering nie en ontstaan konflik hieroor binne die leierskap van die gemeente.

- *Veranderinge in die gemeentekultuur en bedieningspraktyk*

  Wanneer gemeentes nuwe gewoontes en praktyke begin vestig (vreemdelinge word verwelkom en bestaande bedieninge en praktyke word omskep) word die gevestigde belange en waardes van bestaande groepe in die gemeente dikwels bedreig en word 'n situasie van polariteit en potensiële konflik geskep. Indien die polariteit nie betyds hanteer word nie, eskaleer konflik met aansienlike potensiële skade vir die gemeente.

3. "Moenies" in die hantering van polariteit en konflik

Onsekerheid en angs styg in situasies van polariteit en konflik. Hou die volgende "moenies" in gedagte:

- Moenie 'n situasie van polariteit en konflik *ontken* of *vermy* nie. Dit sal ongelukkig nie vanself weggaan nie.
- Moenie *gesag afdwing* nie. Die klassieke manier is met 'n aanhaling uit die besluiteregister of kerkorde.

- Moenie *bedreig* voel nie. Dit gaan nie oor my nie. Hou vas aan die onderskeid tussen saak en persoon.

4. 'n Gesonde benadering

Hou die volgende riglyne in gedagte in die hantering van polariteit en konflik:

- *Skep ruimte vir luister*

  Hopelik is die gewoonte en praktyke van geloofsonderskeidende luister reeds in die gemeente gevestig. Skep ruimte vir persone wat die verskillende polariteite verteenwoordig om na mekaar te luister. Gebruik die praktyk om dit wat die ander sê, te eggo. Hou aan luister totdat egte begrip vir mekaar se waardes, verwagtinge en belange na vore tree.

- *Kommunikeer deurlopend*

  Herinner almal deurlopend aan ons gestuurde identiteit en aan God se roeping en voorkeurtoekoms vir ons. Wie is ons in Christus? Wat is God se gestuurde roeping vir ons? Waarom het ons besluit om te doen wat ons doen?

  Hou hiermee vol. Dis nie moontlik om in dié verband te oorkommunikeer nie.

- *Sorg vir balans en integrasie*

  "Balans" beteken dat 'n weg gesoek word sodat die ruimte wat vir nuwe persone en bedieninge in die gemeente geskep word, nie die bestaande waardes, belange en tradisies van gevestigde lede binne die gemeente bedreig nie. Kommunikeer deurlopend dat ou waardes en tradisies belangrik is en steeds gerespekteer word.

  "Integrasie" beteken dat ons seker maak dat alles wat ons doen, só gedoen word dat ons gestuurde identiteit en roeping daardeur gedien word. Die saak wat ons aan mekaar bind, is groter as onsself. Al is die proses soms ontwrigtend, weet ons dat ons as gemeente steeds besig is om die regte goed te doen. Ons is binne God se wil en plan vir ons.

- *Skep ruimte vir aanpassende verandering*

  Aanpassende verandering is altyd 'n wedersydse proses. Ons verander ander, en ons word self deur die ander verander. Daarom skep ons veilige ruimtes sodat ons almal deur die Gees verras en gevorm kan word. Ons hou aan mekaar vas sodat God se beloofde voorkeurtoekoms kan ontluik en nuwe gedeelde waardes en belange mettertyd gebore kan word.

'n Gemeente se besluit om kinders terug te bring na die erediens as praktiese demonstrasie van hulle gestuurde roeping, lei tot hewige konflik met 'n groep volwasse lidmate in die gemeente. As hierdie groep dreig om die gemeente te verlaat, skep die leierskap op verskillende vlakke luisterprosesse sodat almal in die gemeente na mekaar kan luister. Die gestuurde roeping en rede vir die besluit word deurgaans gekommunikeer. Terselfdertyd word lidmate verseker dat gevestigde waardes gerespekteer sal word.

Uit hierdie luisterproses ontdek leierskap dat diep gewortelde waardes oor die aard van 'n gereformeerde erediensdie konflik veroorsaak. As hierdie waardes bevestig word en met die praktiese integrasie van kinders in die erediens in ag geneem word, is almal tevrede. 'n Nuwe kindervriendelike bedieningspraktyk vestig in die gemeente en nuwe gesinne sluit weekliks by die gemeente aan.

GEWOONTE 15:

Begeleiding



Hierdie gewoonte help ons om mense te ontwikkel deur hulle doelgerig te begelei en af te rig.

Praktyk #43. Ontwikkel geloofsgewoontes

Ten einde die lewe en bediening van ons hele gemeente met God se voorkeurtoekoms vir ons IN PAS te bring, ontwikkel ons geloofsvormende gewoontes op twee vlakke:

Op 'n *korporatiewe vlak* vestig ons geloofsgewoontes wat ons saam inoefen sodat die hele lewe en bediening van ons gemeente 'n teken word van God se beloofde en voorkeurtoekoms vir ons. Met ander woorde, hierdie geloofsgewoontes help ons om ons hele lewe as gemeente *IN PAS* te bring met God se roeping vir ons.

Terselfdertyd begelei ons gelowiges op *persoonlike en individuele vlak* om geloofsgewoontes in te oefen wat ons help om God se teenwoordigheid en beweginge in ons daaglikse lewe en werk te onderskei en om hiermee *IN PAS* te kom. Hoe is God elke dag teenwoordig in my lewe? In my gesin? In my beroep? Hoe ontmoet ek God in die lewens van mense wat elke dag oor my pad kom? Wat is God besig om in hulle lewens te doen? Hoe kan ek hierby aansluit?

Dit is belangrik dat ons op ons reis om met God *IN PAS* te wees, hierdie twee beweginge deurentyd met mekaar in balans hou. Die een kan nie sonder die ander nie. Die vorming van 'n missionale *gemeentekultuur* bou op 'n verandering wat in die *harte en leefstyl van die lidmate* van die gemeente plaasvind. Missionale *kultuur* en missionale *spiritualiteit* is die twee kante van dieselfde munt.

In 'n konteks van individualisme en 'n verbruikersmentaliteit by gelowiges in hoofstroomkerke, is die Bybelse vorming van gelowiges as dissipels 'n reuse uitdaging. Ons het hiervoor 'n sekere taaiheid en determinasie nodig. Ons moet regtig glo dat dit God se wil en plan vir ons is. Ons moet self demonstreer wat dit beteken om 'n navolger van Christus te wees en leer hoe om ander hierin af te rig.

En ons sal die Gees moet vertrou om vir ons 'n heel nuwe verbeelding vir die bediening te gee. Ons moet leer om te skuif vanaf 'n fokus op *beplanning en bestuur* na 'n fokus of *geestelike begeleiding en afrigting*; en vanaf 'n fokus op *lidmaatskap* na 'n fokus op *dissipelskap*.

> "Die gróótste skuif wat in die hele proses in my gekom het, is: ék is een van die dominees wat binne die instandhoudingsmodel verstaan het ék moet mense help om goeie lidmate van die gemeente te wees. My denke het hééltemal geskuif. Ek wil níks anders wees en níks anders doen as om mense te help om werklike dissipels van die Here Jesus Christus te wees en dissipels-makers te wees nie. Dís my job. En dís waarvoor ek met my hele wese "ja!" sê. My eie kop het geskuif rondom hierdie goed. Om nie meer te dink in terme van lidmaatskap nie, maar te dink in terme van dissipelskap en Bybelse vorming.""
>
> (Uit: Die predikant as missionale leier)

WENKE OM TE OORWEEG

Ontwikkel gemeenskaplike en persoonlike geloofsgewoontes

Die inoefening van geloofsgewoontes ten einde die gestuurde identiteit en roeping van die gemeente in die lewe van elke gelowige en van die hele gemeente te laat grondvat, is en bly een van die grootste uitdaginge vir gestuurde leiers. Die groot vraag is: watter geloofsgewoontes kan ons inoefen wat sal help dat ons roeping nie net lippetaal is nie, maar dat ons dit elke dag regtig lééf?

Gelukkig is daar in dié verband ook reeds verskillende inisiatiewe van stapel gestuur by wie ons kan aanhaak en van wie ons kan leer.

1. Die Leef Anders-program, Doornpoortgemeente

In 2010 ontwikkel Doornpoortgemeente hulle Leef Anders-program. Die oogmerk was om geloofsgewoontes te ontwikkel wat lidmate in staat kan stel om die gemeentelike roeping elke dag daadwerklik uit te leef.

Lidmate word gehelp om hulle geloof of twee wyses uit te leef: (1) *georganiseerd* as deel van 'n gemeenskap van gelowiges (d.w.s. deur die byeenkomste en bedieninge van die gemeente); en (2) *spontaan* as individue en gelowiges waar hulle ook al leef en werk.

Terselfdertyd word lidmate ook gehelp om hulle geloof uit te leef in al die verskillende verhoudinge waarin God ons plaas: (1) met God; (2) met die omgewing; (3) met onsself; (4) met ander – ons naaste; en (5) met ander - *vreemdelinge*.

Vyf beelde (elk met 'n eie ikon) word geskep vir elk van hierdie verhoudinge waarin ons elke dag leef:



Elkeen van hierdie beelde poog om te verwoord hoe die lewe van 'n Christen vandag anders behoort te wees in terme van die verskillende verhoudinge waarin ons staan. By elkeen van hierdie verhoudings word dan verskillende *geloofsgewoontes* gegee wat ons kan inoefen om ons te help om te groei in die uitleef van ons geloof, asook enkele *mylpale* wat ons help om ons groei te beoordeel.

Byvoorbeeld:

1. **Met God - *Skop jou skoene uit by God***



Matteus 11:28-30 - *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."*

Omskrywing: Dink vir 'n oomblik na oor die vraag: Wanneer skop ek my skoene uit? Is dit nie wanneer ons regtig ontspanne is en tot rus kom nie?

Hierdie beeld herinner ons daaraan dat God ons uitnooi om by Hom te kom rus, van sy teenwoordigheid bewus te word en dan te ontvang wat Hy vir ons wil gee. Om ons skoene by God uit te skop is om veilig en welkom te voel by die Here, omdat Hy ons vergewe en ons uitnooi om by sy voete te kom sit (te leef soos vergeefdes wat versoen is met God). Om in sy teenwoordigheid stil te raak en rus te vind.

Geloofsonderskeidende vrae: Wie is God? Hoe is Hy nou by my/ons teenwoordig?

Geloofsgewoontes: (i) Gebed van die hart (*centering prayer*), (ii) Betree jou *binnekamer*, (iii) Om joernaal te hou, en (iv) *Lectio Divina.*

Mylpaal: Om vier dae 'n week vir 15+ minute stil te word in God se teenwoordigheid.

'n Doelgerigte program is voorts ontwikkel om lidmate hierin te begelei en af te rig:

- Die program is afgeskop met 'n *gemeentekamp* waartydens 'n kerngroep van die gemeente blootgestel is aan die program en geleentheid gegee is om van die geloofsgewoontes in te oefen. Na afloop van die kamp is diegene wat die kamp bygewoon het, gevra om hulle vir *100 dae* te verbind aan 'n proses van doelgerigte inoefening van die geloofsgewoontes. In hierdie tyd is daar twee-weekliks bymekaar gekom om te reflekteer.
- Die program is deur 'n *preekreeks* bekendgestel en 'n *tweede groep* gemeentelede is uitgenooi om in te skakel by 'n 100 dae program van inoefening.
- In die derde fase is die program (spesifiek die verskillende geloofsgewoontes) *geïntegreer met die gemeente se bestaande bedieninge.* Leef Anders is dus nie meer 'n aparte program nie, maar eerder die manier waarop ons as gemeente in die reël ons geloof uitleef.

Met die implementering van die *Leef Anders-program* is daar klem gelê op *wedersydse verantwoordbaarheid.* Gelowiges is naamlik aan mekaar verantwoordbaar vir hulle geloofslewe. In die program leef die leraars dan ook as medereisigers mee deurdat hulle saam met gemeentelede soek na wyses om God se genade op 'n ongeforseerde wyse uit te leef. Daar is ook klem gelê op die neem van eie inisiatief om op 'n kreatiewe wyse anders te leef.

Die Leef Anders-program is 'n goeie voorbeeld van 'n gemeente wat erns daarmee maak om die gestuurde roeping van die gemeente in die lewe van die hele gemeente en van elke lidmaat te laat grondvat. Natuurlik sal so 'n program of inisiatief in elke gemeente anders kan lyk, maar die intensie om geloofsgewoontes te identifiseer wat ons help om ons gestuurde roeping te beliggaam, is uiters belangrik. Elke gemeentelike leierspan behoort hulleself twee vrae af te vra:

- Watter geloofsgewoontes kan ons in die lewe van ons gemeente vestig om uitdrukking te gee aan ons eie unieke gestuurde roeping? (Begin by een of twee.)
- Hoe kan ons mekaar deurlopend binne 'n sisteem van verantwoordbaarheid hierin begelei en afrig?

2. *Spiritualiteitsentrums*, *retraites* en *reise*

In die jongste tyd het verskeie *spiritualiteitsentrums*, *retraites* en *reise* tot stand gekom met die oog daarop om leiers en gelowiges as groepe en as individue te begelei en af te rig in geloofsgewoontes en -praktyke:

- *Willem Nicol* het baanbrekerswerk gedoen op die terrein van die inoefening van geestelike dissiplines in die konteks van hoofstroomkerke. Hy bied gereeld werkswinkels en retraites aan waartydens afrigting en inoefening gedoen word. Boeke uit sy pen in dié verband is onder andere: *Rykdom in Eenvoud* (Lux Verbi), *Stem in die Stilte* (Orion), en *Gebed van die Hart* (Lux Verbi).
- *Gys van Schoor* doen 'n twee-jaar reis (*Die Reis. Dissipelskap as 'n nuwe manier van lewe*) waarin hy veral fokus op die geestelike afrigting en vorming van leraars en leiers in gemeentes. Sy reis kan ook aangepas word vir gemeentes. Individue kan ook by sy retraite-sentrum inwoon vir geestelike vorming onder leiding van 'n mentor.
- Die *Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit* word bestuur deur Communitas en het in 2018 in Wellington sy deure oopgemaak in die historiese geboue wat deur Andrew Murray opgerig is vir die opleiding van sendingwerkers. Persone wat hier aanmeld, skakel in by die ritme om drie maal per dag in die kapel byeen te kom. Geestelike afrigters is ook beskikbaar vir diegene wat dit versoek.
- *Tom Smith* het heelwat werk gedoen om die ritmes te onderskei vir 'n Jesus-manier van lewe. Sy ritmes kan as deel van 'n reis in gemeentes ingeoefen word. Lees gerus sy *Raw Spirituality*. (InterVarsity Press)
- Die materiaal wat ontwerp is as deel van die *Luisterseisoen* binne die NG Kerk bied ook belangrike hulpmiddels en materiaal waarvan gemeentes met vrug gebruik kan maak. Besoek gerus hulle webwerf by www.seisoenvanluister.co.za/

Gemeenteleiers kan met vrug van bogenoemde materiaal gebruik maak. Of reël 'n retraite vir 'n groep lidmate by een van die sentrums. Of nooi een van die geestelike begeleiers om die gemeente te help met die onderskeiding van 'n eie reis vir die gemeente.

Praktyk #44. Ontwikkel vaardighede



As missionale leiers ontwikkel ons die vermoë om ons rol as geestelike begeleiers en mentors op te neem ten einde lidmate vanuit 'n nuwe posisie van gesag vir die bediening te bemagtig sonder om hulle te ontnugter. Ons verstaan dat die feit dat ons lidmate bemagtig om leiding te neem ten opsigte van verskillende bedieninge in die gemeente en gemeenskap, nie beteken dat ons nou ons roepingsgesag aflê nie. Dit beteken wel dat ons leer om saam met die gemeente te groei na 'n nuwe styl van gesagsuit-oefening. Ons tree op vanuit 'n posisie van die "desentralisasie" van gesag.

Dis soos 'n muntstuk met twee kante:

Die een kant van die munt is die vermoë om te "*let go*", om beheer af te gee om die ánder in die gemeente te bemagtig, om afstand te doen van mag en toe te laat dat lidmate se soms gebrekkige interpretasie

Navorsingsbevinding: Die predikant as missionale leier

vir jou belangrik raak, om te delegeer met die oog op groter betrokkenheid van lidmate.

Die ander kant van die munt is om juis die gesag op te neem om vanuit 'n nuwe rol as begeleier en afrigter of bemagtiger lidmate te bemagtig, te ondersteun en te "*affirm*" vir die nuwe rol wat hulle in die geloofsgemeenskap begin opneem.



As ons ons roepingsgesag wil opneem om te begelei en te bemagtig, is daar sekere houdinge wat ons moet afleer. Terselfdertyd vertrou ons die Gees om by ons nuwe houdinge en gesindhede te skep.

Ons moet afleer:

- Om die kundige te wees wat al die antwoorde het
- Om alles te wil beplan, bestuur en beheer
- Om te dink dis mý kerk waar ék in die bediening is

Ons moet aanleer:

- Om terug te staan, te vertrou en ruimte te skep
- Om te begelei, te vorm en te bemagtig

"Ek dink dit is om as dominees te weet: dit gaan nie oor my nie, maar oor wat in lidmate se lewens gebeur. Om iets te kan *embrace* wat ek nie uitgedink het nie; iets te kan *support* wat as 'n geskenk na my toe kom, wat nie deel van my beplanning is nie. Om ander te laat *shine* deur *coaching* en *mentoring*, en nie net ék wat op die kansel staan nie. Daai is 'n *massive* skuif. En daar is maar baie sterk narsisme in ons."

Uit: Die predikant as missionale leier



WENKE OM TE OORWEEG

Die volgende riglyne kan help as ons mense binne 'n gesonde klimaat wil inspireer en afrig vir verskillende bedieninge binne die gemeente en gemeenskap.

1. Die inspirerende krag van roeping

Navorsing wat gedoen is met die oog daarop om dié leierskapstyle te identifiseer wat die beste daarin slaag om mense te inspireer, bevestig die belangrikheid van *visie* of *roeping*. Mense is oor die algemeen geneig om tyd, bronne en energie te gee indien hulle oortuig is dat hulle deel is van 'n proses of program wat 'n verskil maak en blywende waarde het.

As missionale leiers doen ons, om mee te begin, twee dinge:

- *Ons kommunikeer die droom*. Ons skep 'n nuwe verbeelding en begin saam met ander droom oor God se alternatiewe en voorkeurtoekoms vir ons.
- *Ons rig die uitdaging*. Ons nooi mense op 'n baie konkrete en praktiese manier uit om deel te word van die realisering hiervan. Ons is baie duidelik oor presies wat ons van hulle vra.

En dan verwag ons om deur God verras te word en ons ontvang wat Hy vir ons gee!

2. Ons vestig spanne

Die meeste mense hou nie daarvan om alleen te werk nie. Moeilike werk word lekker werk as ons dit saam met ander doen. Omdat ons dit weet, help ons mense om tuis te kom in effektiewe spanne wat mekaar help en mekaar aanmoedig.

3. Ons fokus op ontwikkeling en groei

Mense gee hulleself graag vir enige saak indien hulle beleef dat hulle hierdeur in hulle eie geloof en mens-wees groei en ontwikkel. Daarom vra ons onsself deurentyd af hoe ons mense deur hulle betrokkenheid in die bediening in hulle persoonlike geloof en aspirasies kan ontwikkel.

4. Ons skep 'n kultuur van waarderende luister

Mense het 'n behoefte om gehoor te word en wil weet dat hulle opinies oorweeg word. Dan voel hulle deel van die bediening en weet hulle word gewaardeer. Mense wil nie noodwendig onder alle omstandighede hulle sin kry nie, maar wil onder alle omstandighede weet dat hulle gehoor word. *"People do not always want their way, but they want to have their way considered."* Daarom vestig ons geloofsonderskeidende prosesse van diep-luister ook in ons taakspanne en werksgroepe. Ons luister na mekaar, leer by mekaar, en ontdek saam wat die beste weg is vorentoe.

5. Ons skep 'n kultuur van verbondenheid *("engagement")*

Die Gallup Institute het goeie navorsing gedoen oor faktore wat daartoe bydra dat mense op 'n positiewe manier aan 'n gemeente bind. Hulle gebruik die term "*engagement*":

- As lidmaat van die gemeente weet ek wat van my verwag word.
- In hierdie gemeente word my geestelike behoeftes aangespreek.
- In my gemeente het ek gereeld die geleentheid om te doen wat ek die beste doen.
- In die laaste maand het ek erkenning en waardering gekry van iemand in die gemeente.
- Die geestelike leiers van die gemeente gee om vir my as mens.
- Daar is iemand in die gemeente wat my geestelike groei en ontwikkeling aanmoedig.

Saam skep bogenoemde lys 'n gevoel van: ek hoort hier, ek is waardevol, my groei maak saak en my bydrae is belangrik. Die enkele faktor op die lys wat die grootste verskil maak, is die wete: hier is vir my ruimte en geleentheid om te doen wat ek die beste doen!

6. Ons rig mense doelbewus en intensioneel af

Neem die volgende in ag:

- Dra *spesifieke vaardighede* oor, nie algemeen of generies nie. Byvoorbeeld: Hoe begin jy 'n vroeë kind ontwikkelingsprojek? Hoe reël jy 'n mini-uitreik vir kinders? Hoe lei jy 'n kleingroep waarin julle saam ontdek om die Here se stem te hoor?
- *Verlaag die toelatingsvereistes* vir nuwe leiers. Nuwe leiers leer deur te doen. Skep dus ruimtes sodat hulle op eenvoudige maniere nuwe vaardighede kan leer.
- Laer toelatingsvereistes beteken nie 'n kompromie wat betref *karakter en integriteit* nie. Vaardighede kan in die praktyk aangeleer word, maar karakter en integriteit is onontbeerlik.
- Moet nooit iemand *opstel vir mislukking* nie. Dit gebeur wanneer:

  Iemand *te vinnig aan die diep kant ingegooi* word. Om iemand uit te stuur met te min toerusting, is wreed.

  Te veel en rigiede vereistes gestel word. Moenie leiers en medewerkers dwing om volgens 'n vaste en rigiede resep te moet werk nie. Skep genoeg ruimte sodat iemand binne 'n breër raamwerk volgens sy of haar eie styl kan werk.

  Te min riglyne gegee word. Mense moet weet wat die belangrike merkers is ten einde die doel te kan dien.

Met dank aan Lourens Bosman.

Klaar die *volgorde* uit waarvolgens dinge gedoen gaan word. Byvoorbeeld: Ons moet eers die breë raamwerk vir die kurrikulum uitklaar voordat ons die persone wat in die crèche gaan werk, kan werf.

"Don't major on minors". Hierdie uitdrukking kom uit die Amerikaanse universiteitsomgewing. Dit beteken: moenie van 'n klein vakkie jou hoofvak maak nie. Vir mentors beteken dit dat jy self duidelikheid sal hê oor wat die hoofsaak is wat gedien moet word en ander daarvoor mentor.

- *"Stop trying, start training."* Die verwagting binne 'n kultuur van "*trying*" is dat iemand deur hard te probeer, iets gaan regkry. In 'n kultuur van "*training*" is die verwagting nie dat jy alles van die begin af gaan regkry nie, maar dit is 'n aanvaarbare deel van die oefen en leerproses. So skep jy 'n kultuur van groei en verbetering soos jy vorder.
- Skep 'n kultuur van *saam leer*. Om byvoorbeeld 'n vroeë kind ontwikkelingsprojek te begin, vereis allerlei vaardighede wat die huidige leierskap in die gemeente nie noodwendig nou sal hê nie. Dit keer ons egter nie om te begin en om saam te leer nie. Deel die studiewerk aan die span uit (dis nie vir die dominee nodig om alles te weet en te modelleer nie). Skep 'n kultuur van medeverantwoordelikheid deur mense te vra om te gaan oplees en om navraag te doen en die kundigheid met mekaar te deel.
- Leer deur te *reflekteer*. Kom gereeld saam om oor die volgende na te dink: Wat het ons reggekry? Waar vorder ons? Waar sukkel ons? Waarom vorder ons op een plek maar sukkel op die ander? Waar het ons beleef dat God ons gebruik? Waar het ons God sien werk in dit wat ander doen? Watter aanpassings moet ons maak en hoe?
- Die *"wys-hoe"* manier van leer. Jesus self demonstreer in vele opsigte vir ons hierdie manier vir die oordrag van kennis, houdinge en vaardighede.

Identifiseer die persoon vir wie jy wil toerus en gaan met hom of haar 'n ooreenkoms aan. Dit is belangrik. Jesus het elkeen van sy dissipels persoonlik geroep. Hulle het geweet wat dit beteken om deel van Jesus se groep van dissipels te wees. Volwassenes het nodig om te weet wat die opdrag inhou.

Volg dan die volgende patroon:

Ek doen – jy kyk

Ek doen – jy help

Jy doen – ek help

Jy doen – ek kyk

Jy doen – iemand anders kyk!

Praktyk #45. Ontwikkel nuwe oefeninge



Om te groei as dissipels verg dat ons gemeentes as oefenruimtes sal ontwikkel en sodoende nuwe vaardighede aanleer. Die woord "dissipel" beteken immers "leerling". Oefening impliseer dat ons begin waar ons tans is, en dat ons oor tyd iets onder die knie kry. Dit is 'n proses van beliggaming.

Om 'n gemeente te help om IN PAS met die lewende God te leef, vra dat ons die proses van oefen in ons gemeentes normaliseer. Dink maar aan die raad wat in 1 Timoteus 4:7-8 gegee word:

"Maar van onheilige en sinlose verdigsels moet jy wegbly. Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe. Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms."



WENKE OM TE OORWEEG

Hoe om nuwe oefeninge te ontwikkel

1. Onthou die VIM

Dallas Willard het in *Renovation of the Heart (*Hoofstuk 5) uitgewys dat lewensverandering op die beginsel van VIM gebaseer kan word. Hierdie beginsel kan ons help wanneer ons dink aan gemeentes as oefenruimtes.

- Die V staan vir **Visie**. As gemeenteleiers maak ons seker dat ons prediking en Bybelstudies en ons informele praatjies (of taalhuis) die visie skep van die wonderlike uitnodiging om deel te neem as dissipels aan die avonture van die Drie-Enige God.
- Die I staan vir **Intensie**. Hierdie visie help gemeentelede om te kies, om te sê "ek wil deel wees". Dit is hier waar doelbewus besluit word om as dissipel deel te neem aan die uitnodiging om die koninkryk te soek. Gemeentelede word aktiewe deelnemers en nie meer passiewe verbruikers nie. Gemeentelede begin leef as mense wat geroep is, as gestuurdes.
- Die M staan vir **Metode**. Dit help ons met die hóé van die visie en die intensie.

Willard meen dat meeste gemeentes goed vaar met die Visie en Intensie deel. Ons verduidelik die teologie van missionaal wees in ons prediking, Bybelstudies en kursusse op 'n behulpsame manier van die kansel af. Dit maak mense opgewonde en help hulle om goeie voornemes te hê. Ongelukkig val dinge volgens Willard baie keer hier plat. Predikers hou aan om die visie te verkondig maar gaan nooit oor na die "hoe" toe nie. Gemeentelede is reeds oortuig maar kom nie tot beweging nie. Trevor Hudson verduidelik dat hy 'n vriend het wat gereeld die Engelse akroniem YBH in die kantlyn van boeke skryf, "*Yes, But How?"* Die M (Metode) van VIM help ons met die *"Yes, But How?"*

Dit is hier waar *oefeninge* baie belangrik word. Gewoontes word ingeoefen deur spesifieke praktyke. En dit verg dissipline. Ons besluit nie ons lewens in nuwe gewoontes in nie. Ons preek ook nie ons gemeentes in nuwe gewoontes in nie. Ons oefen nuwe gewoontes in.

Daarom is een van ons belangrikste werke om ons geloofsgemeenskappe te help om op praktiese maniere te oefen en om op eenvoudige maniere en metodes gemeentelede te begelei.

2. Ou en nuwe oefeninge

In die geskiedenis van die kerk is daar 'n groot skatkis van dissiplines. Die uitnodiging aan gemeentes is om onsself met hierdie verskillende dissiplines vertroud te maak en dit dan vir ons gemeentes te moduleer. In die klassieke boek "*Celebration of Discipline*" beskryf Foster verskillende tipe dissiplines (sien ook Adele Calhoun se "*Spiritual disciplines handbook*"). Onder die **innerlike dissiplines** beskryf Foster meditasie, gebed, vas en studie. Die **uiterlike dissiplines** is eenvoud, afsondering, onderdanigheid en diens. Die **gesamentlike dissiplines** nooi ons uit na belydenis, aanbidding, onderskeiding en feesviering. Hierdie skatkis gee wonderlike moontlikhede vir oefeninge.

Soms is dit egter behulpsaam om nuwe en eietydse oefeninge te ontwikkel. Hier is twee voorbeelde en 'n beskrywing van die proses wat gebruik is om hulle te ontwikkel. Ons glo dat dit gemeentes kan inspireer om hulle eie oefeninge te ontwikkel.

Voorbeeld 1

'n Gemeente onderskei *gasvryheid* as 'n belangrike aspek van hulle lewe wat verder ontwikkel moet word. As ons missionale kerk wil wees, is gasvryheid van kardinale belang. 'n Preekreeks of Bybelstudie kan ontwikkel word met gasvryheid as tema. So 'n reeks kan baie doen om 'n visie vir gasvryheid in die gemeente te ontwikkel.

Die volgende tree sal wees om aan 'n *oefening* te dink wat die gemeente in hierdie wonderlike visie kan innooi. Oefeninge moet voldoen aan die akroniem SMART:

S **Spesifiek:** "Ons gaan in ons gemeente leer om gasvry te wees teenoor vreemdelinge deur mense uit te nooi na jou huis."

M **Meetbaar:** "Ons gaan dit op die volgende manier doen: as jy deel wil wees van hierdie avontuur kom haal jy 'n paplepel by die kerkkantoor af."

A "***Attainable***" Almal kan dit doen: "Wat beteken dat jy bereid is om 'n ete of 'n koffieafspraak met iemand te reel met wie jy nog nie saam geëet het nie."

R **Relevant:** "Want ons almal moet eet en drink om aan die lewe te bly."

T **Tyd:** "So kies 'n ontbyt, middagete of aandete om iemand oor te nooi vir 'n ete of vir koffie. As julle klaar is met die ontmoeting, gee vir die persoon die paplepel en nooi hulle om dan weer iemand uit te nooi. As die gemeente 'n *Facebook* blad of *Instagram* rekening het, kan 'n foto saam geneem word met die hutsmerk *#paplepelavontuur*.

Bogenoemde oefening kom uit 'n gemeente wat op hulle reis na missionale kerk-wees hulle ouderlinge uitgenooi het om voorbeelde te wees en gasvryheid in hulle daaglikse lewe te beliggaam. Toe die ouderlinge uitgenooi is om hulle paplepels by die kantoor te kom haal, het 'n paar ouderlinge bedank. Hulle het hulself nie geroepe voel om gasvry te wees nie, hulle wil eerder strategies dink! Hulle reaksie het vir die hele gemeente geleentheid gegee om gesprek te voer oor wat dit beteken om 'n missionale leier en gemeente te wees (visie), maar ook oor die belangrikheid daarvan om mense te help met 'n praktiese oefening!

Voorbeeld 2

In 'n ander gemeente is daar gepreek oor die missionale deug van *liefde vir ons naaste*. Daar is toe 'n SMART oefening ontwikkel om die gemeente te help om selfs taxibestuurders lief te hê.

Hierdie spesifieke oefening het behels dat gemeentelede 'n plakker of 'n magneet met die woorde "MAAK PLEK VIR TAXIS" huis toe neem. Dié wat net die plakker gevat het, is nog nie reg om die magneet op hulle voertuie te plak nie, hulle oefen nog aan hulle gesindheid. Die plakker word eers in hulle Bybel geplaas met 'n gebed om 'n hartsverandering teenoor taxi's te ondergaan.

Daarna word die plakker op die voertuig se paneelbord geplaas. As die persoon reg is vir groter verantwoordbaarheid kan die plakker op die buitekant van die voertuig geplaas word of die magneet kan gebruik word om aan te dui dat die persoon nou gereed is om regtig in die verkeer plek te maak vir taxi's en om hierdie oefening te gebruik as 'n geleentheid om te groei in liefde.

Hier is die missionale teologie agter hierdie oefening:

Maak plek vir taxi's

Op die pad en in jou hart. Ons land het nie 'n eerste-wêreld publieke vervoerstelsel nie, en met al hul tekortkominge hou taxi's ons ekonomie aan die gang. Afgesien van die taxibestuurder wat ook 'n mens is met 'n storie, vervoer 'n taxi 'n klomp mammas, pappas, boeties, sussies, oumas en oupas. Almal mense wat waarskynlik vir 'n klein salaris werk en al 5:00 in die oggend hulle tog werk toe aanpak, om weer 19:00 saans tuis te kom. As ons dus sê ons maak plek vir taxi's, is dit om die bestuurder te help, maar veral ter wille van die mense, ons naaste, wat binne daardie taxi ry. Ons keur nie roekelose bestuur of wetsoortreding goed nie, ons probeer wel buigsaam, inskiklik en geduldig wees. (Vir verdere nadenke lees Matt 5:44)

As jy die plakkertjie plak, label jy jouself as iemand wat in solidariteit met al ons landsburgers is, as iemand wat mooi dink, mooi bestuur en mooi praat.

Mense wat die groot prentjie raaksien en ophou kla, goeie goed doen en saam met almal werk, noem ons Betereinders. Wees een. (www.betereinders.co.za)

---

3. Reflekteer gereeld

Wanneer ons 'n ekosisteem van oefen ontwikkel, is dit baie goed om gereeld op die ervarings van die oefening te reflekteer. Hierdie refleksies kan die vorm van getuienisse inneem om die eerlikheid van ons sukkel en suksesse te vertel.

Missionale gemeentes kan leer uit mekaar se oefeninge en sodoende die opdrag van Hebreërs 10:24 beoefen: "Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade."